
# SENDINGUITDAGINGS IN JAPAN

**BEMOEDIGENDE GETUIENISSE**
**BYBELS NA SJINA EN NOORD-KOREA**
**AANGRYPENDE STORIES VAN BYBELKOERIERS**



**Dawid Verwey**

Dawid en Sue Verwey werk sedert 1987 as sendelinge in Japan. Hulle is uitgedaag om die boodskap van hoop en God se liefde met die massas van Japan te deel.

Die taak is aansienlik! Meeste van die 126 miljoen Japannese het nog nooit die Evangelie gehoor nie, en daar is ’n geweldige tekort aan Christenwerkers.

Die boek gaan oor die werk van Japansending en wat ’n toegewyde span werkers doen om uitdagings te bowe te kom, terwyl hulle die Evangelie verkondig.

Dit bevat ook vele bemoedigende getuienisse van hoe die Heilige Gees ingegryp en harte verander het.

Treffende stories van Bybelkoeriers en Bybelverspreiding in Sjina en Noord-Korea is ook ingesluit.



Dawid en Sue Verwey

JAPAN MISSION
CALLED TO SERVE

ISBN 978-489060-105-9
9784890601059

# Sendinguitdagings in Japan

## Ander Japansending Boeke

'n Halwe Eeu in Verre Japan
Uit Die Ooste Sal Baie Kom
Op Droë Grond
Die Grootste Liefde
Sterk Skoene vir Rowwe Paaie
The Voice of Joy
No Greater Love
On All Bare Heights
On Eagles' Wings
Even Unto Death
On Dry Ground
Half a Century in Japan
The Lame Take the Prey
Strong Shoes for Rough Roads
Meeting the Challenge in Japan

## Ander Boeke Aanlyn Beskikbaar

Hierdie boek en ander publikasies
is beskikbaar by: **japanmission.org**

# Sendinguitdagings in Japan

Dawid Verwey

Afrikaanse vertaling van die Engelse weergawe
*Meeting the Challenge in Japan* (2nd Edition)
deur Marie Smit en medewerkers

© 2021 Sendinguitdagings in Japan
deur Dawid Verwey

Alle regte voorbehou
Gedruk in Suid-Afrika

ISBN 978-4-89060-105-9

Gepubliseer deur Japan Mission
7-40 Monzen Cho, Ikoma, Nara, Japan 630-0266
Tel: +81(0)743-73-1754
Fax: +81(0)743-73-1681
E-pos: jm@japanmission.org
Webwerf: japanmission.org

Buiteblad ontwerp deur SonShine Works

Beeld Bron: https://pixabay.com/photos/mt-fuji-fuji-lake-tanuki-japan-2090957/

Lisensie: CC Public Domain

Die 1933/1953-vertaling & 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel is gebruik vir die aanhalings.

## OPGEDRA AAN DIE BEDIENINGSVENNOTE

Hierdie boek is opgedra aan die ontelbare hoeveelheid mense wat oor dekades heen saam met ons in vennootskap gestaan het, en gehelp het om die stories in hierdie boek moontlik te maak. Sommige het anoniem gebly. Ander is by die Here en mag vergete wees, maar die Here sal elkeen beloon! Dankie vir julle hulp om 'n verskil in die lewens van so baie mense te maak!

## WOORDE VAN WAARDERING

Ek waardeer werklik die vele getroue vriende en familielede wat hierdie boek moontlik gemaak het. Die nougesette proses van skryf, vertaling, redigering, proeflees, uitleg en publisering van hierdie boek is net moontlik gemaak deur die harde werk van baie vrywilligers. Baie dankie!

Dawid Verwey

# Japansending

*Geroep om te Dien*

Japansending se roeping is om die ongereddes te evangeliseer en die kerke van Japan te ondersteun. Meeste kerke is klein en het 'n behoefte aan leesstof, evangeliese programme, media-ontwikkeling en hulp van goed gekwalifiseerde werkers.

Die bediening werk interkerklik en stig nie kerke nie, maar verwys eerder diegene wat op verskeie maniere na Jesus gelei is na reeds bestaande kerke.

Japansending het omtrent 50 mense in sy familie van werkers, waarvan 30 in Japan dien. Daar is omtrent 20 verteenwoordigers in verskeie lande wat 'n belangrike rol speel om Japansending te help om in aanraking te bly met die gebedsvennote en ondersteuners in Australië, Kanada, Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk en die VSA.

Getroue medewerkers speel 'n belangrike rol deur onderrig, prediking, evangelisasie, berading, Bybelstudie, korrespondensie en die publikasie van Christelike leesstof. Japansending werk ook in vennootskap met sleutel medewerkers wat 'n groot impak het op baie lewens vir die Evangelie in Indië en Oos-Asië.

**Uitreike van die Sending**

- Bybels & Literatuur
- Engelse Evangelisasie
- Media & Kreatiewe Bediening
- Internasionale Christen Skole
- Uitreik na Hospitale & Bejaardes
- Evangeliese Byeenkomste & Berading
- Ramphulp & Korttermyn Uitreik

# Inhoudsopgawe


| | | |
|---|---|---|
| | Voorwoord | 9 |
| 1 | Hoekom Japan? | 15 |
| 2 | God se Getrouheid | 21 |
| 3 | Die Groot Nood | 39 |
| 4 | Die Oes | 55 |
| 5 | Ramphulp | 73 |
| 6 | Engelse Evangelisasie | 89 |
| 7 | Internasionale Christen Skole | 111 |
| 8 | Kreatiewe Bediening | 121 |
| 9 | Bybelverspreiding | 149 |
| 10 | Bybelkoeriers | 167 |
| 11 | Sendingvennote | 185 |
| 12 | Uitreik na Noord-Korea | 209 |
| 13 | Word Ons Vennoot | 233 |

# Voorwoord

## Koronavirus-Pandemie-Geleenthede

Hierdie gedeelte word heel voor in dié boek ingesluit, want dit bied ’n beeld van hoe God te werk gaan, en hoe Hy ’n span toegewyde werkers in staat gestel het om probleme wat onoorkomelik was, te oorkom.

Japansending het deur die jare baie uitdagings ervaar, maar die wêreldwye koronavirus-pandemie gedurende 2020 het buitengewone uitdagings aan ons gebied.

Baie van die metodes wat ons gebruik het om mense deur sosiale interaksie te bereik, het skielik tot stilstand gekom toe die regering ’n noodtoestand verklaar het en die hele bevolking van Japan aangemoedig is om hulself af te sonder.

Die pogings om ongereddes deur middel van byeenkomste, Engels klasse en die Kafeebediening te bereik was almal geraak. Die *Fontein van Vreugde-traktaatjie* was egter steeds elke maand gedruk en aan duisende versprei.

Die nood rondom ons was groot. Telefoonberaders is oorweldig met oproepe. Baie mense het gedreig om selfmoord te pleeg, omdat hulle hul werk verloor het en nie hul rekeninge kon betaal nie. Sommige het selfs van gesinsmoord gepraat.

Mense het bewus geraak van hoe broos die lewe is, omdat hulle kon sien hoe hul aardse besittings, waarop hulle al hul hoop plaas, ineenstort. Ons het gesien hoe God in die harte van mense werk, soos hulle gedwing is om die dinge waarop hulle hul vertroue geplaas het, te herevalueer. As hiervan gevolg het sommige besluit om die Here Jesus as hul Redder aan te neem en ander het hul lewens opnuut aan Hom toegewy!

God het ons gewys dat Hy almagtig is en Sy werk, ten spyte van moeilike omstandighede, kan uitvoer. Toe dit onmoontlik was om bymekaar te kom omdat mense hulself in hul huise moes afsonder, het die Here ons werkers gelei om met baie mense in kontak te bly deur aanlyn Bybellesse en Engelse klasse te gee.

Baie ongeredde studente het hul rekenaars en ander toestelle gebruik om met mekaar te verkeer. Die predikant van die kerk in hul gemeenskap het ook ingeskakel om ’n kort Bybelboodskap te gee. Hierdie aanlynklasse het die predikant in staat gestel om in kontak te bly met die studente gedurende die maande wat hulle in afsondering was.

Een bemoedigende uitkoms van hierdie tydperk was dat baie kerke hul boodskappe op die internet begin aanbied het. Dit het mense in staat gestel om in die privaatheid van hul eie huis daarna te luister en ook deel te neem. Sodoende is baie mense bereik wat andersins nie kerk sou bywoon nie.

’n Sekere student het vir meer as tien jaar die Engelse klasse by ’n kerk bygewoon, maar het slegs een kerkdiens gedurende al daardie jare bygewoon. As gevolg van COVID-19 het hierdie kerk begin om die kerkdienste aanlyn aan te bied. Hy het elke week begin luister! Hierdie bejaarde man het later aan een van ons werkers gesê, “Ek is ’n Boeddhis, maar sedert ek aanlyn na die dienste begin luister het, het dit my regtig laat dink . . . ”

’n Ander bejaarde Christendame was bedlêend en kon vir baie jare nie kerk bywoon nie. Sy was oorstelp van vreugde toe die dienste aanlyn aangebied word en sy aan die dienste self kon deelneem.

## TOEGEWYDE WERKERS

Die volgende sleutelfaktore het gedurende die pandemie saamgekom om dit vir Japansending moontlik te maak om die behoeftes van die omliggende gemeenskappe aan te spreek. Diegene wat gedurende hierdie kritieke tyd getrou gebid het en finansiële bydraes gelewer het, was vir ons ’n groot aanmoediging.

Die Heilige Gees het ook ons toegewyde personeel toegerus met wysheid en 'n onwrikbare vasberadenheid toe hulle buitengewone besluite in die gesig gestaar het.

Toe baie van die ambassades hul burgers aangemoedig het om na hul tuislande terug te keer en lugdienste op die punt was om te sluit, het ons vir ons werkers gevra of hulle die behoefte gevoel het om terug te keer.

Ons het hulle gewaarsku dat ons ongekende tye beleef en dat Japansending selfs 'n ernstige tekort aan fondse gedurende die volgende maande kon ervaar, aangesien bank- en posdienste waarskynlik onderbreek kon word.

Nadat die werkers hierdie omstandighede biddend oorweeg het, het almal besluit om te bly, ten spyte van die moontlike tekort aan fondse om salarisse te betaal. Die Here het sedertdien getrou finansies voorsien en die werk gaan voort! Ons loof die Here vir toegewyde werkers en ons getroue ondersteuners.

Aanvanklik het COVID-19 dit moeilik gemaak om enige soort byeenkomste te hou. Beperkings het die gewone Paasfeesvierings erg belemmer. Paasfees was vir ons 'n waardevolle tyd om om in stilte te besin oor God se werk in die harte van die mense rondom ons. ***Wees stil en weet dat Ek God is*** (Psalm 46:10).

Terwyl ons biddend die Here vir leiding gevra het, het Hy in die harte van ons werkers gewerk om hul pogings te kombineer om 'n nuwe manier van uitreik te ontwikkel.

Ons mediaspan het hul tegniese kennis gebruik om rekenaars en kameras op te stel, en het onderwysers, predikante en studente geleer hoe om aanlyn met mekaar te skakel. Ons Engelse onderwysers het ook hul lesplanne en onderwysmetodes by die nuwe omstandighede aangepas.

So het die Here ons saam in staat gestel om hierdie geleentheid aan te gryp. Dit het unieke kanse gebied om diegene wat eensaam en oorweldig gevoel het, weens al die onsekerhede, te beïnvloed en aan te moedig.

Mense mag miskien vra, "Hoekom is Japansending betrokke by so 'n verskeidenheid uitreike?" Elke uitreik ontstaan omdat 'n behoefte oor ons pad gekom het, en ons biddend die leiding van die Here gevolg het oor hoe om op die beste manier in dié behoefte te voorsien.

In die geval van COVID-19 was dit aangrypend om te sien hoe die Here ons werkers in die media- en Engelse bediening toegerus het om 'n nuwe manier te ontwikkel om die ongereddes te bereik.

Aan die begin van die pandemie was ons verward en kon net bid. Noudat ons terugkyk, staan ons in verwondering oor hoe getrou God was en hoe Hy die pad voor ons oopgemaak het!

God het getrou gebly aan sy belofte om vrede aan sy diensknegte gedurende moeilike tye te gee. ***U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U*** (Jesaja 26:3).

## LANGTERMYN-TEENWOORDIGHEID

Japansending is geroep om die Evangelie op verskeie maniere te verkondig, terwyl 'n langtermyn-teenwoordigheid gevestig is — in 'n land waar die mense se verstand verblind is. ***Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is*** (2 Korintiërs 4:4).

Sommige vra, "Aangesien Japan 'n moeilike sendingveld is waar resultate so min is, hoekom werk julle nie iewers anders waar die mense meer ontvanklik vir die Evangelie is nie?"

Ons vereenselwig ons met Paulus wat baie beproewings verduur het toe hy gesê het, ***God het Hom oor ons ontferm en hierdie bediening aan ons opgedra. Daarom word ons nie moedeloos nie*** (2 Korintiërs 4:1).

Ons streef daarna om Paulus na te volg wanneer hy sê, ***Ons maak die waarheid openlik bekend en beveel onsself so aan by elkeen wat voor God 'n eerlike gewete het*** (2 Korintiërs 4:2).

Baie mense is gered en daar is vrug op ons arbeid as gevolg van ons visie om 'n langtermyn-teenwoordigheid in Japan te vestig. Nog 'n voordeel hiervan is dat ons 'n goeie verhouding met talle kerke regoor Japan opgebou het. Daarom is dit maklik vir Japansending se werkers om na meeste streke te gaan om evangelisasiewerk te doen en ramphulp te bied, terwyl ons in vennootskap met die plaaslike kerke werk.

Soos die koronavirus-pandemie ontvou het, het die Here ons weereens daaraan herinner hoe belangrik dit is dat ons met hierdie langtermyn-teenwoordigheid in Japan voortgaan.

COVID-19 was nie die soort ramp waar Christen-hulporganisasies gemobiliseer kon word om na Japan te reis en hulp aan te bied nie. Meeste van hulle was ingeperk en internasionale reise het byna onmoontlik geword.

Dit was gedurende hierdie tyd dat Japansendingwerkers die geleentheid gehad het om honderde ongeredde studente, met wie ons reeds 'n goeie verhouding opgebou het, te bemoedig. Predikante is ook verheug toe hulle kon deelneem aan die proses om die Evangelie te deel en studente in hul gemeenskappe te inspireer.

Baie wat afgesonder en eensaam was, is vir die Here beïnvloed. Bid asseblief saam met ons vir die saad wat gesaai is en die redding van siele!

# 1

## Waarom Japan?
### Waarom Japansending?

God is steeds besig om Japansending te gebruik om baie lewens deur die Evangelie aan te raak. Alhoewel die statistieke van die kerkgroei in Japan onstellend is, word ons bemoedig deur te sien hoedat God werk in die harte van diegene met wie ons in aanraking kom. ***"By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik"*** (Matteus 19:26).

Ons begeerte is dat die lesers geseënd en bemoedig sal wees deur die getuienisse wat voorbeelde is van beantwoorde gebede en die oortuigende krag van die Heilige Gees.

Mense vra dikwels die volgende vrae wanneer hulle oorweeg om saam met ons in die werk van Japansending te staan:

1. Hoe kan ek met my beperkte tyd en vermoëns, 'n verskil maak in die lewens van baie mense in samewerking met Japansending?
2. Wat is Japansending se hoofdoel, en hoe voer hulle dit uit?
3. Hoe gebruik hulle hul voorrade en hulpbronne en wat is die uitkomste?
4. Hoe pas die sending aan by die veranderende tye en hoe beplan hulle vir sukses in die toekoms?

Hierdie boek beantwoord hierdie belangrike vrae en nog meer. Hoe verder jy lees, sal jy ontdek dat God wonderlike dinge doen om dit vir ons moontlik te maak om verstommende eindresultate te verkry.

## DIE GROOT NOOD

Dit is 'n geweldige groot taak om die 125 miljoen inwoners van Japan met die Evangelie van Jesus Christus te bereik. Een rede vir die skryf van dié boek is om Christene bewus te maak van die ongelooflike groot nood. Meeste Christene is onbewus van tot watter mate Japan nog nie deur die Evangelie bereik is nie.

Die statistieke bevestig die groot nood:

- Minder as die helfte van 1% van die 125 miljoen Japannese is Christene
- 600 000 mense maak daarop aanspraak dat hulle Evangeliese Protestantse Christene is
- 300 000 Christene woon kerkdienste op Sondae by
- Daar is een kerk vir elke 16 000 mense
- 22 stede en 522 dorpe is sonder 'n enkele kerk
- Daar is een sendeling vir elke 64 000 mense
- In vergelyking met die1980's is daar nou 34% minder sendelinge werksaam in Japan
- Die 125 miljoen Japannese is die tweede grootste groep onbereikte mense ter wêreld (Bron: Joshua Project)

Met so veel sendingbelange wêreldwyd, lyk dit amper asof Japan 'n vergete sendingveld is. Afgetrede sendelinge word nie vervang nie — dit veroorsaak dat die aantal sendelinge in Japan drasties verminder. Daar is 'n dringende behoefte dat Christene oral in die wêreld saamspan om te bid en om werkers na Japan te stuur, sodat 'n sinvolle deurbraak gemaak kan word om die Evangelie dwarsdeur Japan te verkondig.

## JAPANSENDING

Japansending is in 1957 deur wyle Neil en Peggy Verwey gestig. Dawid en Sue Verwey sit nou hierdie werk voort saam met 'n talentvolle en toegewyde span werkers. Hul seun, Alex, en sy vrou, Eri, is ook 'n belangrike deel van hierdie span.

Gedurende die afgelope jare het God baie wonderwerke verrig om die werk van die Japansending op die volgende wyse te seën en te onderhou:

1. God voorsien steeds 'n toegewyde span talentevolle werkers. Hulle leef hul roeping uit om die Evangelie te verkondig deur hul opofferende werk.

2. Japansending is geseën met 'n ryk geskiedenis van ontelbare lewens wat oor ses dekades heen aangeraak is. Die diep verhoudings wat ons tussen die Japannese Christene regoor Japan opgebou het, beteken vir ons baie. Daar is verskeie merkwaardige getuienisse van redding en 'n toegewydheid van bekeerdes om deel te wees van die werk.

3. Die werksaamhede van Japansending word moontlik gemaak deur die gereelde geldelike bydrae van vele. God het ons genadiglik geseën met talle vriende wat getrou vir ons bid, en voortgaan om deur opofferende skenkings God se werk te bevorder. Sommige is reeds die tweede en derde geslag van diegene wat voortgaan om die werk te ondersteun!

Japansending is 'n *geloofsending*, en maak nie 'n direkte oproep vir fondse nie. Soos God ons in ons bediening lei, vertrou ons op Hom om in die harte van Sy kinders te werk, en hulle aan te spoor om tot Sy werk by te dra — volgens Sy volmaakte tydsberekening. Ons loof God vir die mense wat Hy geroep het om op hierdie wyse saam met ons te staan!

## SENDINGUITDAGINGS

Japansending se slagspreuk is, "Geroep om te Dien". Ons is geroep om die Japannese op verskeie maniere te dien ***sodat sommige van hulle gered kan word*** (1 Korintiërs 9:22). Die tweevoudige fokus van ons bediening is om die Evangelie aan die ongereddes te verkondig, en die klein Bybelgelowige kerke in Japan by te staan.

Daar word gesê, "Moenie elke dag oordeel volgens die oes wat jy insamel nie, maar eerder volgens die saad wat jy saai." Een

fokuspunt van hierdie werk is om die Evangelie te verkondig en die Saad onvermoeid te saai.

Die tweede fokuspunt van dié bediening is om die Japannese kerke te help. Meeste kerke is klein en het 'n behoefte aan leesstof, evangeliese programme, media-ontwikkeling en hulp van goed gekwalifiseerde werkers.

Japan het 'n dringende nood aan kerke wat geestelik-groeiende plekke van hoop is en wat die behoeftes van diegene wat rondom hulle woon, vervul. Japansending verskaf werkers en hulpbronne om die kerke op te bou en te bemagtig sodat hulle as die liggaam van Christus kan groei en na die ongereddes kan uitreik.

Ons is diep bewus daarvan dat kerkgroei nie die werk van mense is nie. Paulus wys daarop, ***Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het*** (1 Korintiërs 3:6). Dit is God alleen wat die kerk laat groei. Slegs die Heilige Gees kan mense oortuig van hul volkome verdorwenheid as gevolg van hul sondes, sodat hulle tot die ware kennis van Jesus Christus kan kom. Net God kan groei, herlewing en geestelike ontvanklikheid in die harte van mense wie ons bedien, bewerk. Dit is die rede waarom ons in ons werk volkome afhanklik is van die leiding van die Heilige Gees.

'n Wyse man het gesê, "We must adjust to changing times and still hold to unchanging principles." Japansending word uitgedaag om steeds aan sy oorspronklike doel getrou te bly — in 'n immerveranderende wêreld. Met veranderende tye het God ons by Japansending gelei om ook ons metodes en strategieë te verander. Ons kan nie die wind se rigting bepaal nie, maar ons kan die seile verstel. Ons het geen beheer oor die golwe nie, maar ons kan die uitdaging aanvaar en leer om saam met die stroom te swem.

Soos die wêreld vinnig verander, veroorsaak dit dat ons met nuwe uitdagings en geleenthede gekonfronteer word, soos byvoorbeeld veranderende maatskaplike nood en vinnig-

ontwikkelende tegnologiese vooruitgang. Merkwaardige veranderinge gedurende die afgelope paar dekades sluit die slimfoon en sosiale media in. Die wêreld het van geen tot meer as drie biljoen Internetgebruikers beweeg!

Soos wat ons voortgaan met ons bediening is ons bemoedig in die wete dat die Here baie Christene geroep het om saam met ons in hierdie werk te staan. Hul getroue gebede en ondersteuning help ons om ’n verskil in die lewens van baie mense te maak. Ons loof God vir hernieude lewens, die leiding van die Heilige Gees en Sy getroue voorsiening!

Lees ***Hoofstuk 13*** om te weet hoe jy deel kan wees van ons sendingbediening!

# 2

## God se Getrouheid
### Tot die Dood toe


Neil & Peggy Verwey

Neil en Peggy Verwey het Japansending in 1957 gestig. Neil het in 1951 van Suid-Afrika en Peggy in 1952 vanuit Engeland, in Japan aangekom. Hulle het mekaar vir die eerste keer ontmoet toe hulle albei by die sendingorganisasie, Japan Evangelistic Band, begin werk het. Nadat hulle 'n twee-jaar-lange studie van die Japannese taal voltooi het, het hulle in die huwelik getree.

Na die Tweede Wêreldoorlog was daar baie armoede en ondervoeding. Met Neil en Peggy se bediening onder die Japannese, het hulle gesien dat daar 'n groot behoefte was, veral onder die tuberkulose (TB) pasiënte, onder wie die meeste van hulle deur die Evangelie onbereik was. Die hospitale het Christenwerkers verwelkom, om dié wat siek is en besig was om te sterf, te troos. Maar baie van die sendingorganisasies was teësinnig om hul sendelinge aan TB bloot te stel, aangesien daar toe geen algemeen bekende geneesmiddels voor beskikbaar was nie.

Neil en Peggy het ernstig oor hierdie saak gebid, en die Here het hulle gelei om die werk van *Japansending vir Hospitaal Evangelisasie* in 1957 te stig. Hulle tuiste was in die digbevolkte stad, Osaka, waar daar omtrent 1 000 TB hospitale binne 'n omtrek van 100 kilometer was. Die Here het die jong Verweys 'n visie gegee om 100 Japannese evangeliste op te lei om hierdie pasiënte met die Evangelie te bereik.

’n Radio-uitsending, *Stem van Vreugde* is begin en ’n blaadjie, *Fontein van Vreugde* met ’n bekeringsgetuienis is elke maand gepubliseer.

Duisende mense het ingeskryf vir ’n gratis Nuwe Testament en om geestelike hulp te kry. Baie siele is gered en ’n aantal kerke is gestig vanweë die nuwe bekeerlinge wat saamgekom het ná hul ontslag uit die hospitaal.

## ’n NEDERIGE BEGIN

Die Here het vir Neil op kragtige wyse gebruik om vele lewens vir die Evangelie te bereik. Min mense het besef hoe die Here hierdie jongman met so ’n nederige begin sou gebruik om soveel vir die Koninkryk te verrig.

Neil is in 1927 gebore en het in tente in die Kalahariwoestyn van Suid-Afrika grootgeword. Sy vader het vir die Staat gewerk en het vir water geboor om te help om plase te vestig. Neil het as kind baie min reën of water gesien. Van sy geliefde herinneringe as kind, was van daardie buitengewone dae wat hulle geboor en water gekry het. Water het in die lug opgespuit terwyl almal juig. Die kinders het deur die water gehardloop en vir ure daarin gespeel.

Neil se moeder was ’n Godvresende vrou wat getrou vir haar kinders gebid het. Neil het dikwels op haar afgekom waar sy op haar knieë in die tent gebid het.

As kind het Neil kaalvoet geloop. Hy het net een paar skoene gehad, en dit het hy Sondae aangetrek net voor hy in die kerk ingestap het. Na kerk het hy met die skoene oor sy skouer huis toe geloop. So was die lewe van hierdie eenvoudige seun wat in die Kalahari grootgeword het.

## HOE NEIL DIE HERE GEVIND HET

Die Here het ’n paar baie besonderse mense in Neil se lewe gebring om hom aan te moedig. Kosie Pienaar, ’n geestelike pa vir Neil, was die een wat Neil gehelp het om die Here te vind

terwyl hulle in 1946 byeenkomste vir die Afrika Evangeliese Bond gehou het in die verlate stowwerige dorpie, Kuruman.

"Ek onthou daardie tent wat ons in Kuruman opgeslaan het," het Kosie gesê. "Ek en Pieter Scholtz ('n medewerker) het van die tent af weggestap om te bid. Toe ek na daardie tent kyk, sê ek vir hom, 'As ek van Kuruman was en daardie verslonste tent gesien het, weet ek nie of ek sou wou kom nie.' Ons was verras toe 25 mense daardie aand opdaag!"

Baie mense is ontmoedig om die tentbyeenkomste, wat bekend was om radikale idees en betwisbare menings te bevorder, by te woon. Ten spyte van hierdie waarskuwings, het Neil vir sy meisie vertel dat hy dit miskien gaan bywoon.

"Jy is mal!" was haar reaksie. Dit het hom nog meer aangespoor om te gaan. Neil het later erken dat, "Een rede hoekom ek na die eerste byeenkoms toe gegaan het was om my meisie te terg."

"Gedurende een van die byeenkomste, het 'n sterk wind opgekom en groot lawaai veroorsaak omdat gedeeltes van die tent woes deur die wind gewaai is," het Pieter meegedeel. "Kosie het opgehou met praat en gebid. Nadat hy gebid het, het die wind bedaar — wat 'n geweldige indruk op die mense gemaak het."

"Aan die einde van die byeenkoms, het ek dié wat Jesus wou aanneem genooi om vorentoe toe te kom," sê Kosie. "Omtrent tien mense het vorentoe gekom. Ek het Pieter gevra om met vyf van hulle te bid en ek het met die ander vyf gebid.

"Die tweede aand het die Here my weer gelei om nog 'n uitnodiging te gee. Ses mense het daardie aand vorentoe gekom. Ek het vir Pieter gevra om met drie te bid en ek het met die ander drie gebid. Dit is toe dat ek die skralerige jongman, Neil, opgemerk het. 'Jy het gisteraand vorentoe gekom. Hoekom is jy alweer hier?'" het Kosie gevra.

"Ek het weer vorentoe gekom want ek dink nie enigiets het in my hart gebeur nie," het Neil geantwoord. "Ek voel nog dieselfde."

Toe het Kosie 'n voorbeeld gebruik. "As ek vir jou sê dat ek geld het om môre vir jou te gee, sou jy na my huis toe kom?"

"Ja, natuurlik," antwoord Neil.

"Hoekom?" vra Kosie.

"Omdat ek weet jy het geld," het Neil geantwoord.

"Dit is dieselfde met die Evangelie," sê Kosie. "Jou gevoelens verander nie die sekerheid dat God iets in jou hart gedoen het nie. Jy moet glo wat die Bybel sê en erken dat dit waar is."

***As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered*** (Romeine 10:9-10).

"Nadat ek hierdie voorbeeld met Neil gedeel het, kon ek sien dat hy dit werklik verstaan," het Kosie gesê.

Neil se jonger sussie, Annatjie, het ook daardie aand haar hart aan die Here Jesus gegee. Sy het later as sendingverpleegster na die Demokratiese Republiek van die Kongo gegaan en vele mense vir die Koninkryk beïnvloed.

Later daardie aand, het Neil by 'n groot klip naby sy huis gaan kniel en gebid, "Here, my hart voel so koud soos hierdie klip, maar ek glo!" Dit is toe – op 11 November 1946 – dat hy sy hart aan die Here gegee het en waar die reis begin het wat hom in 1951 na Japan toe sou lei.

Dekades gelede, het twee evangeliste getrou die Woord in daardie klein stowwerige dorpie, Kuruman, gepreek en het die Heilige Gees 'n werk begin in die lewens van twee jongmense — wat tot die redding van baie mense gelei het. Loof die Here!

## BESOEK AAN KURUMAN

In 1998 het Neil en Peggy weer teruggekeer na daardie selfde plek waar Neil daardie uitsonderlike gebed gebid het. Hulle het hul seun Dawid en sy vrou Sue, sowel as hul drie kleinseuns, Jesse, Alex en Chris, saamgeneem.



Die Verwey Familie
Neil, Peggy, Dawid, Sue, Jesse, Alex & Chris

Neil het oor hierdie ervaring as volg geskryf:

*Dit was een van my teerste begeertes om my drie kleinseuns na Kuruman toe te neem en saam met hulle te kniel langs die rotsklip waar ek die aand vir Christus gevind het. Ek wou saam met hulle na die plekke waar ek my eerste babatreetjies gegee het, loop. Bo alles wou ek hê dat hulle mnr. en mev. Collen, my geestelike mentors, wat nou al in hul negentigs was, ontmoet.*

*Ek het mev. Collen gebel en sy het my vertel dat mnr. Collen 'n beroerte gehad het en hy nie meer kon praat nie. "Sê asseblief vir oom Johnny dat hy tog nog 'n rukkie moet uithou!" was my versoek. "Dit is my innige begeerte dat hy sy hande op my kleinkinders se koppe moet lê en hulle seën, voor hy na sy hemelse woning gaan."*

*Toe ons daar aankom, het mnr. Collen sy regterhand op die koppe van my kleinseuns gelê en hulle geseën. Hy kon nie meer enige woorde uitspreek nie, maar die emosies van daardie oomblik het vir ons heilig geword. Die trane in sy oë het gespreek van die opregtheid waarmee hy Jesse, Alex en Chris geseën het. In daardie kamer met die Collen-familie, en later by die plek waar ek die Here gevind het, het ons met trane, ons verbond met God hernu.*

Neil het toe dié wonderlike verhaal van mev. Collen met sy kleinkinders gedeel: *Dit was in Japan in September 1965, dat*

*ek een oggend baie siek wakker geword het. Peggy het 'n dokter laat kom en ek is dadelik in die hospitaal opgeneem. Omdat ek gereeld TB hospitale besoek, het hy aangedring op 'n onmiddellike X-straal.*

*Die dokter het my die X-straal, met 'n groot onverklaarbare wit massa wat in my linkerlong uitgestaan het, gewys. "Dit kan moontlik longkanker, 'n soort aggressiewe TB of longontsteking wees," het hy verduidelik.*

*"Ek voel so siek soos 'n hond!" kla ek by Peggy toe sy my die volgende dag besoek. Drie dae later het ek skielik gevoel asof die Here my aanraak. Ek het vir die verpleegster gesê, "Ek glo dat die Here my genees het." Die verpleegster het bekommerd gedink dat ek hallusineer. Sy het gehardloop en die dokter geroep.*

*"Dokter, ek glo die Here het my aangeraak en dat ek gesond genoeg is om huis toe te gaan," het ek gesê. Die dokter het my koors geneem, en nadat hy my ondersoek het, het hy gesê, "Gee my nog drie dae en ons sal sien wat die nuwe bevindinge is." Drie dae later toon die nuwe uitslae dat ek inderdaad gesond is en ontslaan die dokter my.*

*Omtrent tien dae later het ek 'n brief van mev. Collen uit Suid-Afrika ontvang. Baie jare tevore het sy die Here belowe, "Wanneer Neil ooit enige besondere behoefte het Here, vra ek U om my asseblief te laat weet; dan sal ek dadelik alles los waarmee ek besig is en vir hom bid."*

*Toe ek baie siek in daardie hospitaal was, het die Here haar daaraan herinner om vir my te bid. "Vandag sal julle jul eie kos moet maak," het sy vir haar kinders gesê, en na haar gebedshoekie gegaan.*

*Daarna het sy aan my 'n brief geskryf. "Ek weet nie wat verkeerd was met jou nie, maar laat my asseblief weet. Was jy in enige gevaar?" Haar gebede het in die presiese tyd gekom toe ek so siek was dat ek nie vir myself kon bid nie!*

Terwyl ons luister na Neil se storie, het ons nagedink oor God se getrouheid deur al die jare. Ons staan verbaas oor die tapisserie van God se plan en hoe Hy aanhou om die merkwaardige verhaal van die Verwey-familie te weef.

## 'n NUWE LEWENSWYSE

Toe Neil en Peggy vir die eerste keer in Japan aankom, moes hulle by vele vreemde gewoontes aanpas. In plaas daarvan om mekaar met die hand te groet, het almal gebuig. Neil moes gewoond raak om skoene kerk toe te dra en hulle dan uit te trek, voor hy instap.

Eetstokkies het 'n rukkie geneem om baas te raak, en rou vis, rou eiers en seegras was 'n uitdaging. Neil het partykeer gebid, "Here ek sal dit eet, maar help my asseblief om dit in te hou."

Vanweë die skaarsheid aan water in die Kalahariwoestyn, het Neil geleer om sy hele liggaam met net 'n paar koppies water te was. Wanneer jy in Japan bad, word daar verwag dat jy baie water gebruik om jouself eers buitekant die bad behoorlik te was en af te spoel, en dan daarna lekker in die skoon water te week. Die water in die bad word dan gelos vir die volgende persoon wat kom bad.

Die Kalahari is 'n plek met uitgestrekte oop ruimtes en baie min mense. Alles in Japan is egter opmekaar gebou en baie oorbevolk. Neil het soms erge engtevrees ervaar toe hy gedurende spitstyd deur treinpersoneel in 'n trein ingedruk word, sodat die deure toegemaak kan word. Soos wat die mense teenmekaar gedruk is en die lugkwaliteit benoud raak, was daar ook mense wat gerook het, sodat die hele treinwa met blou rook gevul is, terwyl dit vir die 30 minute-rit na die middestad op die spore voortjaag.

'n Bestuurslisensie in die Kalahari was gedurende die 1940's maklik verkrygbaar. Toe Neil 16 word, het hy na die staatskantoor toe gegaan en hulle vertel dat hy 'n lisensie wil hê. Die man het gevra, "Wil jy een vir 'n vragmotor hê? Dan kan jy enigiets bestuur." Die lisensie is net daar en dan uitgereik, sonder om 'n toets af te lê. Om 'n lisensie in Japan te bekom was baie moeiliker.

So was die vele aanpassings wat Neil en Peggy moes maak, toe hulle as sendelinge in Japan begin het.

## DIE SKEMER JARE

Die Verweys se bediening was baie vrugbaar en het hul verwagtinge oortref. Die Here het Peggy gedurende haar 56 jaar van sendingbediening gebruik om tallose mense vir Hom te bereik.

Haar hele lewe lank, oral waar sy gegaan het, het Peggy traktaatjies uitgegee en met mense gepraat. Tot op die ouderdom van 87 het sy nooit die huis verlaat sonder Christelike leesstof vir hulle wat miskien oor haar pad sou kom.

Die Here het Peggy in 2008 huis toe geroep en Neil is in 2013 hemel toe. Die Here self het vir albei van hulle tot en met hul laaste asemteug op wonderlike wyse gesorg. ***Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red*** (Jesaja 46:4).

In plaas van 'n begrafnis, is daar 'n dankdiens gehou om Peggy se lewe te vier. Dit was maklik om haar vertrek te beplan omdat sy instruksies oor alles gelos het. Sy het die Bybelverse en gesange gekies. Sy wou hê dat dit 'n tyd van feesviering moes wees en het versoek dat niemand droefgeestige swart klere moes dra nie.

Op 'n gewone werksdag het 180 mense van oral uit Japan in 'n kerk in Osaka vir dié geleentheid bymekaargekom. Baie van haar vriende het bemoedigende woorde ter nagedagtenis gedeel.

Mnr. Nakajima, 'n intieme vriend van oor die 50 jaar, het vertel hoe hy Peggy ontmoet het toe hy 'n TB pasiënt in die hospitaal was. Hy het gedink dat Peggy pragtig was. Hy en sy vriende het na haar verwys as Ingrid Bergman — 'n gewilde, innemende aktrise in daardie jare.

"Omdat Neil en Peggy hul lewens vir Japan gegee het, het hulle 28 bekeerlinge na my kerk toe gebring," sê mnr. Nakajima. "Ek was een van daardie mense, en nou gaan ek, my vrou, 4 kinders en 9 kleinkinders almal saam kerk toe!"

Met trane in sy oë het mnr. Nakajima vertel hoe een van sy dogters die geleentheid gehad het om 'n baie invloedryke dame vir Jesus te bereik en haar aan 'n kerk voor te stel. Dit was bemoedigend om te hoor hoe die werk wat deur Neil en Peggy begin is, nou verder deur die jonger geslag voortgesit word!



Neil & Peggy Verwey

Mev. Hayashi was 'n skrywer vir die Japansending. Toe sy hoor dat Peggy hemel toe is, het sy gesê, ***"Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou Here"*** (Matteus 25:21).

"Ek het die geheim van Peggy se vrugbaarheid baie jare gelede ontdek toe ek in die Japansending se hoofkwartiere gewoon het," het mev. Hayashi meegedeel. "My kamer was oorkant die kamer wat Peggy vir haar stiltetyd gebruik het. Warm bedompige someraande, asook ysige winterdae het nie haar patroon verander nie. Om 05:30 het ek die lig in haar venster sonder versuim sien aangaan." Gedurende die bitter koue winters, met geen hitte beskikbaar nie, het Peggy 'n koper warmwaterhouer op haar skoot gehou en haarself in 'n dik kombers toegedraai voordat sy met God begin verkeer het.

"Ek het geweet dat haar geheime lewe met die Here haar innerlike krag was, wat saam met haar gegaan het wanneer sy die kamer verlaat het om mense te ontmoet," vertel mev. Hayashi. "Wanneer uitsonderlike probleme kop uitgesteek het, en Neil gedink het dat dit tyd was om te vas en te bid, het Peggy met vreugde by hom aangesluit."

## NA PEGGY SE DOOD

Toe Peggy op 5 Desember 2008 oorlede is, het Neil op sy knieë voor die Here gegaan en Hom gevra, "Here, hoe kan ek sonder Peggy aangaan? Sy was so 'n onmisbare deel van my lewe!" Terwyl Neil nog na 'n antwoord soek, het hy die dagstukboek, *The Lame Take the Prey*, wat Peggy geskryf het, opgetel. Hy het die dagstukkie vir 6 Desember begin lees. Tot sy uiterste verbasing, was die opskrif daarvan, *"How Can We Face Death?"*

Neil het die volgende oor hierdie bemoedigende ondervinding geskryf:

*Ek het gelees wat Peggy geskryf het en dit was oor swaarkry en die dood. Dit was asof sy aan my persoonlik skryf:*

> "Dit is nie God se bedoeling dat jy moet afkyk na die graf of die leegheid van jou gebroke hart nie, maar om liewer op te kyk na die aangesig van God om daar Sy liefde en doel vir jou lewe te sien. Moet nooit toelaat dat God se werk ly terwyl jy jammer voel vir jouself nie, maar sit jou hartseer om in 'n nuwe ywer vir Sy diens. Daar is te veel mense rondom ons wat ook ly en ons hulp nodig het."

*Toe ek aan die slaap raak, was hierdie woorde van troos nog vars in my gedagte en het 'n vreemde droom tot gevolg gehad! In my droom was ek en Peggy nog jonk, mooi en vol energie. Ons het twee baie besonderse mense oorgenooi vir 'n laat ontbyt en wou vir hulle net die beste voorsit.*

*Peggy en ek het ons belangrike gaste met pannekoek en goue stroop bedien. Een van ons gaste het alreeds voor hy gekom het 'n groot ontbyt geëet. Terwyl hy sy maag vashou, het hy laat weet dat hy nie eers 'n enkele happie van ons pannekoek kon eet nie! Die ander gas het dit baie geniet en kon nie ophou praat oor die wonderlike ete wat ons voorberei het nie!*

*Skielik het die gaste en Peggy uit my droom verdwyn en ek was heeltemal alleen en so hartseer dat ek trane in my oë gekry het! Ek het na die pannekoeke en die goue stroop gestaar en baie jammer vir myself gevoel!*

*Toe is daar onverwags 'n groot geraas by die deur. Mense wou inkom en toe het ek nog oorgenoeg pannekoeke en goue stroop gehad waarmee ek hulle kon bedien!*

*Toe ek wakker word, het ek bietjie bly lê en dink oor die betekenis van die droom en besef dat ek nog nodig het om baie honger mense met hemelse pannekoeke en goue stroop te bedien!*

*Party mense sou so oorvol wees met wat die wêreld hulle aanbied, dat hulle nie plek sou hê vir my hemelse pannekoeke nie, maar van hulle sou honger wees daarvoor!*

Die Here het baie duidelik vir Neil gewys dat Hy nog werk vir hom het om te doen. Min het Neil geweet dat hy drie jaar later 'n baie belangrike rol sou speel tydens Japan se herstel van die driedubbele ramp op 11 Maart 2011, toe aardbewings, 'n tsoenami en kernreaktorsmelting die Noord-Oostelike kus vernietig het. Op die ouderdom van 84, het Neil uitgebreid deur daardie gebied gereis om die Christene te bemoedig en teenoor die ongereddes te getuig.

## WAAROM KANKER?

Neil is in November 2010 met kanker gediagnoseer. Hy het sy take heelwat verminder, maar het nog steeds geskryf en gereeld gepreek. Neil het bo alles begeer om die Here te verheerlik tot die bitter einde toe. 2 Korintiërs 12:9 het meer kosbaar vir hom geword. ***"My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."***

Kort voor Neil sterf, het hy gepreek oor hoe die Here hom vrede oor sy siekte gegee het, en hoe hy daarna uitgesien het om die Here Jesus te sien. Hy het 'n kopié van hierdie boodskap op 'n CD vir talle mense gegee, asook vir 'n paartjie wat 'n petrolstasie besit.

'n Rukkie later het die eienaar se vrou Neil genader en meegedeel, "My man het kanker en moet geopereer word. Ons is vreesbevange! Ons het nie die soort vrede waarvan jy op die CD praat nie. Wat moet ons doen om die vrede te kry wat jy gevind het?"

Kort daarna het hulle Neil en Dawid by Japansending besoek en albei het die Here as hul Verlosser aangeneem! Die Heilige Gees het daardie boodskap-CD op 'n kragtige manier gebruik om hul harte te verander!

Neil het later 'n bemoedigende brief van die eienaar se vrou ontvang:

*Voorheen sou ek nie die woord 'Jesus' genoem of gebid het nie. Jy het ons soveel geleer! Dis asof ek 'n kosbare skat gevind het.*

*Ek dink terug aan die tye toe jy en Peggy na ons petrolstasie toe gekom het. My hart het soveel keer opgewonde geraak met die verwagting van die wonderlike gesprekke wat ons sou hê!*

*Ongelukkig was ons plek altyd so besig en kon ons nooit die tyd afstaan om baie lank te praat nie.*

*Woorde kan nie die vreugde beskryf wat ek in my hart gevoel het, toe jy en Dawid ons na jul huis toe genooi het om te kuier en te gesels nie. Dit was soos 'n droom wat werklikheid geword het! Dit was op daardie geleentheid dat ek besluit het om die Here aan te neem en die Bybel te lees.*

*Dankie dat jy ons gehelp het om die vrede, wat jy in jou hart het, te vind!*

Neil het werklik baie mense aangespoor. Daar word gesê dat 'n ware groot man gemeet kan word aan die mate waartoe hy ander mense na roem inspireer en aanspoor. Neil se geesdrif en hoofdoel in die lewe was om mense aan te moedig om 'n meer intieme verhouding met die Here Jesus te hê.

Neil se laaste maande hier op aarde was soms baie moeilik. Hy was ondersteun deur tallose getroue gebede, terwyl hy aan 'n aggressiewe vorm van longkanker gely het. Baie mense het vir genesing gebid, maar dit het nie gebeur nie.

Omtrent 'n maand voor sy dood het hy die volgende aan sy vriende geskryf:

*Met die deurdringende pyn van kanker wat regdeur my liggaam versprei, is ek in 'n eindelose geveg vir elke kosbare oomblik van slaap. Toe ek jonger was, het ek my verbeel dat die dood 'n eenvoudige oorgang van hierdie lewe na die volgende sou wees, maar hierdie laaste stadium ervaar ek as baie erg.*

*Dikwels bedwelmd, dryf ek in en uit die slaap en moet ek my gedagtes gedurig beskerm. Soos wat ek verouder, word die grootste geestelike oorlog oor my denke gevoer. As Christene, word ons beveel,* ***neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak*** *(2 Korintiërs 10:5). Bid asseblief dat die Here sal aanhou om my die krag te gee om elke gedagte aan Christus gehoorsaam te maak, totdat Hy my huis toe neem.*

Party mense vra, "Waarom kanker? Waarom so baie pyn?" In Neil se geval was dit duidelik waarom die Here hierdie dinge in

sy lewe toegelaat het. Hierdeur kon hy Jesus met ander mense, wat ook met kanker sukkel, deel.

Een pasiënt wat in die hospitaal in die bed langs hom was, het ‘n gevorderde stadium van kanker gehad wat onopereerbaar was. Neil het Psalm 23 met hom gedeel en saam met hom gebid.

God het Neil as jongman geroep om ’n hospitaal-evangelis te wees, en Hy het hom gehelp om sy roeping tot die einde toe uit te voer!

Neil het ook met die vele dokters, verpleegsters en welsynwerkers wat hom versorg het die Blye Boodskap gedeel. Een van die dokters het Neil gevra wat hy vir hom kon doen? “Ek is nou haastig om hemel toe te gaan sodat ek Jesus en my vrou Peggy kan sien,” was sy antwoord terwyl hy die dokter se hand skud. “As jy in Jesus glo, kan jy ook hierdie hoop hê!”

## NEIL HUIS TOE GEROEP

Dae voordat Neil sy laaste asem uitgeblaas het, het hy vir sy enigste seun Dawid, gesê, “Bid asseblief dat die Here my nou huis toe sal neem. Ek sien so daarna uit om Jesus te sien!”

Neil Verwey was 86 toe die Here hom op 5 Augustus, 2013, huis toe roep — presies vier jaar en agt maande nadat Peggy op 5 Desember, 2008 oorlede is.

Meer as 200 mense het ’n gedenkdiens om sy lewe te vier bygewoon. ’n Evangeliese boodskap is gelewer omdat vele nie-Christene, wat Neil mee bevriend was, ook daar was.

Harte is geroer toe mnr. Nakajima, ’n Christen besigheidsman, ’n kort getuienis lewer en vertel wat Neil vir hom en sy besigheid beteken het. “Ek het Neil vir die eerste keer in 1955 ontmoet toe ek met TB in die hospitaal opgeneem is. Ek het besluit om Jesus te volg tydens een van die byeenkomste wat Japansending in die hospitaal gehou het. Nadat ek die hospitaal verlaat het, het ek Neil in Osaka ontmoet en hom teësinnig na my besigheidsplek toe genooi.

“Die rede vir my huiwering was omdat my vader die hoof van die besigheid was, en hy ’n klomp afgode en godsdienstige toebehoorsels in verskeie dele van die kantoor gehad het. Ek

was sy enigste seun en my pa het gevoel hy moet alles doen wat hy kan om die gode tevrede te stel, met die hoop dat ek van TB genees sou word.

"Aangesien ek 'n nuwe Christen was en ook tog dankbaar vir my vader se liefde en bekommernis, het ek nie die moed gehad om hom te vertel dat ek nie sulke soort godsdienstige tekens waardeer nie.

"Toe Neil vertrek, het hy my verseker van sy gebede. Ek het gedink dat sy aanbod om vir my te bid net 'n beleefde groet was, maar tot my verbasing het Neil ons kantoor elke maand besoek en saam met my gebid.

"Toe let ek op dat die afgode en godsdienstige toebehoorsels in die kantoor begin verdwyn! Dit het voorgekom asof die Heilige Gees na baie maande in my vader se hart begin werk het, omdat hy uiteindelik al die godsdienstige voorwerpe verwyder het! Ek was so verras omdat ek nie kon onthou dat Neil ooit my vader ontmoet het wanneer hy my besoek het nie. Wat 'n wonderwerk!

"Soos wat my geloof versterk het, het ek my pa kerk toe genooi en 'n paar jaar later het hy besluit om Jesus te volg. Toe hy toestemming gee, het ons die familie-Boeddhiste-altaar verbrand en het hy geheel en al afstand van die Boeddhistiese geloof gedoen.

"As gevolg daarvan het die Here ons maatskappy geseën en is dit nou openlik 'n Christen-maatskappy wat daarna streef om mense vir die Here aan te raak," vertel mnr. Nakajima. Wat 'n wonderlike getuienis van hernieude lewens en die krag van gebed!

Die Heilige Gees het baie mense se harte aangeraak. Na die diens, het 'n goeie vriend en suksesvolle besigheidsman vir Dawid gesê dat die gedenkdiens baie dinge uit sy verlede teruggeroep het. "Ek onthou toe ek 'n kind was en my ma nie my weeklikse sakgeld vir my gegee het, totdat ek Sondagskool bygewoon het nie. Die gedenkdiens vandag het baie herinneringe teruggebring en my laat dink dat ek moet bely en meer ernstig word oor my toewyding aan God."

Gedurende die laaste maand van Neil se lewe het 'n verpleegster, Yuki, hom vir 'n paar ure per week versorg. Die nag wat hy by die huis gesterf het, het sy ons kom help om hom te was en te klee. Terwyl ons stilletjies gesels, het sy uitgevra na Neil se lewe en werk. Dawid en Sue het haar na die kamer langsaan geneem en haar die vier rekenaarskerms gewys waar hy gewerk het tot einde Mei 2013. Sy was verbaas toe ons noem dat Neil in aanraking was met duisende mense deur sy prediking, skrywe en e-pos bediening. Sy het gesê dat sy graag iets wat hy geskryf het sou wou lees. Toe gee ons vir haar Japannese leesstof en 'n boek gevul met getuienisse.

Maande later het Yuki die volgende poskaart aan ons gestuur:

*Dis nou al drie maande wat Neil by die Here is. Ek lees die boek wat julle my gegee het toe Neil oorlede is, stadig maar seker. Deur hierdie boek het ek die skoonheid, reinheid en opregtheid van Neil se hart leer ken.*

*Dit was net 'n klein rukkie, maar dit was 'n inspirasie om julle kosbare familieverbintenisse, en die liefde wat julle vir mekaar het, te sien. Ons harte is verfris en genees soos wat ons met Neil tyd deurgebring het.*

*Ek stel my voor dat Neil nou getrou ander werk vir die Here in die hemel doen. Pas julself op.*

*Goeie wense, Yuki.*

Baie mense is deur Neil se lewe en dood aangespoor. Gedurende sy laaste maande het hy die volgende geskryf:

*Baie keer bid ons dat die Here deur ons lewens verheerlik sal word. Miskien moet ons ook bid dat Hy ook met ons afsterwe verheerlik sal word.* ***Dat hierdie God onse God is, vir ewig en altyd; Hý sal ons lei tot die dood toe*** (Psalm 48:15).

*Dit is wonderlik om te weet dat die Here ons troos sal wees en ons liefdevol sal lei — ook tot die dood toe. Hierdie vers bemoedig ons om op die Here te vertrou en nie oor die toekoms te bekommer nie.* ***Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle*** (1 Petrus 5:7).

## DIE VOLGENDE GESLAG

Soos sy oupa, glo Alex ook in die krag van gebed. Hy het dikwels saam met sy oupa gebid voor hy soggens werk toe gegaan het, en het aangehou om dit te doen totdat Neil oorlede is.

Neil het die volgende oor Alex geskryf toe sy kleinseun net sewentien jaar oud was:

*Op 9 September, 2003, was ek en Peggy op pad om ons 50ste huweliksherdenking te vier. Toe ons na die motor stap let ek op dat Alex die sweet van sy voorkop afvee terwyl hy besig is om die vuil aanpaksels uit 'n lugverkoeler te verwyder.*

*"Alex, weet jy wat die werklike doel van jou lewe is?" vra ek terloops. 'Om God te verheerlik!' kom hy vorendag met die sinvolle antwoord, en dit terwyl hy besmeer is met ghries en aanpaksels! Toe ek ewe ongeërg die vraag in sy rigting gooi, het ek nie besef dat hy op sý ouderdom so vinnig en presies reg vir my die rede sou gee waarom hy hier op aarde is nie!*

*Terwyl ons wegry, en ek in die truspieël sien hoe hy met die vuil werk swoeg, het die volgende vers by my opgekom:* ***Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God*** *(1 Korintiërs 10:31).*



Die Vier Geslagte
Neil, Dawid, Alex & William, gebore in Julie 2012

Nadat Alex en Eri in Julie 2008 getroud is, is hulle na die VSA om verder te studeer. Met hul terugkeer het Eri deeltyds by Japansending begin werk.

Hul eerste kind, William, is in Julie 2012 gebore. Neil se hart was vol vreugde om vir die eerste keer 'n oupagrootjie te word. Alex en Eri het hom grootliks ondersteun terwyl hy aan kanker gely het.

Neil het dikwels vir die tweede en derde geslag gebid, "Here gee tog asseblief dat daar altyd 'n geslag Verweys sendingwerk in Japan sal doen!" Dieselfde maand wat Neil hemel toe is, het die Here hierdie gebed beantwoord deurdat Hy Alex en Eri gelei het om by Japansending aan te sluit as voltydse werkers.

Die Here het Alex en Eri later geseën met nog twee kinders, Joseph, gebore in Augustus 2014, en 'n dogtertjie, Naoko, gebore in Julie 2017. Die Here het baie bedieningsgeleenthede vir Alex en Eri oopgemaak deur hulle kinders.

Alex het 'n ware begeerte om in sy oupa se voetspore te volg. Dawid en Sue werk nou saam met Alex en Eri, wat deel is van 'n jonger geslag sendelinge wat vol entoesiasme is en met nuwe idees die werk aanpak.

Hul hartsbegeerte is om die werk wat deur Neil en Peggy begin is voort te sit, sodat siele gered sal word!



Alex, Eri, Will (7), Joey (5) & Nao (2)



Dawid, Sue, Alex & Eri

# 3

## Die Groot Nood
en Geleentheid om te Dien

Sjinto en Boeddhisme is die twee hoofgodsdienste van Japan. 84% van die Japannese sal sê dat hulle beide godsdienste navolg, maar die meeste is nie seker van hul geloof nie en aanbid nie gereeld nie.

Sjinto is ’n vorm van afgodediens waar enigiets van betekenis aanbid word. Dit sluit ook die son, maan, berge, rotse, bome en selfs mense in. Japannese Boeddhisme se fokus is op die lewe na die dood, wat die toewyding en die aanbidding van die voorvadergeeste beteken.

Gedurende die Nuwejaar-vakansiedae besoek ongeveer 70 miljoen Japannese, tempels en Shinto-bedeplekke om vir gesondheid, voorspoed en ’n lang en gelukkige lewe te bid. Daar word geglo dat die eerste gebed in die Nuwejaar van besondere betekenis is en beantwoord sal word. Elke bedeplek spesialiseer in een of ander vorm van seëning. Daar is selfs ’n bedeplek vir bendelede en diewe waar hulle vir voorspoed in hul aktiwiteite kan bid.

Een buitengewone bedeplek, opgedra aan die voorspoed van duikers, is 18 meter onderwater aan die kus naby Tokio. Dit word dikwels deur duikers besoek, wat dit in die ysige waters waag, om vir veiligheid en seën vir die komende jaar te gaan bid.

Hierteenoor lê Christene se sekerheid in die wete dat ons bron van seën en hoop ons dierbare Verlosser is by wie alles moontlik is — te midde van ’n verwarde wêreld. ***Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle ’n toekoms gee, ’n verwagting!*** (Jeremia 29:11)

## DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

Daar was tydperke in die Japannese geskiedenis toe mense buitengewoon gehoor gegee het aan die Evangelie. Hierdie tydperke is gekenmerk deur tye van omwenteling en onsekerheid.

Een so 'n tydperk was onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog, toe die verwoestende krag van twee atoombomme op hul stede ontketen is. Ongeveer 5 miljoen Japannese het gedurende die oorlog gesterf, en die oorlewendes is platgeslaan deur die verlies van familielede en hul doel in die lewe.

Generaal Douglas MacArthur van die Verenigde State se Weermag, het 'n dringende versoek aan Christen-sendelinge gerig om na Japan te gaan. Hy het ingesien dat dit baie meer doeltreffend sou wees om verwysings na God te hê in die nuwe grondwet, wat die Keiser van alle mag onthef het en politieke beheer aan die mense toegestaan het.

Neil en Peggy het albei op dié oproep reageer. Die gevolg was dat baie Japannese tot bekering gekom het.

## ERGE GROEPSDRUK

Soos wat Japan begin herstel het en die Japannese meer voorspoedig geraak het, kon Christenskap net nie in die gemeenskap wortel skiet nie en die erge groepsdruk het gedreig om die geloof wat nog daar was te vernietig — soos dit geskryf is in Matteus 13:7, ***'n Ander deel (van die saad) het tussen die onkruid geval en die onkruid het opgekom en dit laat verstik.***

Die Evangelie kan vrylik in Japan verkondig word, sonder enige beperking, maar die groot sosiale druk het die verspreiding van Christenskap baie belemmer. Lojaliteit aan die groep word as die belangrikste geag, of dit nou die familie of 'n maatskappy is.

Versaking van hierdie groep vanweë persoonlike geloof lei tot baie vervolging. Japannese Christene staar uitdrywing in die gesig as hulle nie volgens die kulturele norme, soos die druk om op Sondae te werk, aanbidding en versorging van afgode, kul

met belasting en deelneem aan sosiale drinkpartytjies, leef nie.

By een geleentheid het 'n sestienjarige meisie, wat toe kort vantevore haar hart aan die Here gegee het, by die huis gekom. Haar vader het haar opdrag gegee om na die bure se huis te gaan om respek teenoor die afgestorwe ouma, soos dit die gebruik was na iemand se dood, te betoon. Dit het die offer van wierook en om tot die dooie se gees te bid behels.

Toe die dogter weier om dit te doen, was haar pa woedend, en het vir haar gesê dat haar selfsugtige toegewydheid aan Christenskap skande oor hulle huishouding sal bring en sy daarom nie langer welkom in die huis is nie!

Sulke omstandighede is algemeen. In hierdie geval kon ons dié meisie emosioneel ondersteun en haar tydelike huisvesting aanbied totdat sy met haar ouers kon versoen.

Japan het 'n groot behoefte aan meer Christelike werkers wat bereid is om hierdie soort ondersteuning en liefde aan nuwe Christene te bied.

## STATISTIEKE

Die teenswoordige stand van die Christendom in Japan is ellendig. Meeste van die kerke is klein en sukkel. Die lidmate is hoofsaaklik ouer mense en die bywoningtal op 'n Sondag is minder as 30 mense.

89% van die predikante in Japan is ouer as 50 jaar en 71% is oor die 60. As niks verander nie, sal daar 'n erge tekort aan predikante in die toekoms wees.

Vanuit 'n bevolking van 125 miljoen is slegs 0.5% Protestantse Christene — dit beloop ongeveer 600 000 kerklidmate. Op die meeste Sondae woon slegs 300 000 mense in die hele Japan Evangeliese kerke by! Daar is 22 stede en 522 dorpe sonder 'n enkele kerk. Daar is slegs een kerk vir elke 16 000 mense. Daar is ongeveer 7 900 Protestantse kerke in Japan, in vergelyking met die 81 000 Shinto-bedeplekke wat oral in die land is.

Japan bly een van die lande wat die minste in die wêreld

geëvangeliseer is. Die meerderheid het nog nooit die Goeie Nuus gehoor nie en Christenwerkers is min.

Ongelukkig lyk dit asof Japan ’n vergete sendingveld is. Daar is 34% minder Protestantse Christen-sendelinge in Japan as gedurende die 1980’s. Dit beteken dat daar een sendeling vir elke 64 000 Japannese is! Sendelinge wat aftree, word nie vervang nie. Gevolglik is daar ’n drastiese daling in die aantal sendelinge.

Bybels is geredelik beskikbaar, maar die hartseer werklikheid is dat die meeste Japannese nog nooit die Evangelieboodskap gehoor het nie. Die rede hiervoor blyk te wees, rykdom, sosiale druk om aan te pas, die teësinnigheid van Christene om oor hul geloof te praat en ’n tekort aan Christenwerkers.

Volgens een sendingorganisasie, Global Church Planting Network, is Japan een van die mees onbereikte nasies ter wêreld. ’n Studie gedurende 2015, oor stede en dorpe wat nie ’n kerk het nie, het bevind dat van 29 van Japan se 47 prefekture, ten minste 50% van die dorpe nie ’n enkele kerk het nie. Twee prefekture het geen kerk nie, en slegs een prefektuur het een kerk in elke dorp.

Hulle het dus tot die gevolgtrekking gekom, dat nie net ’n groot meerderheid van die mense in Japan nog nie die Goeie Nuus gehoor het nie, maar dat hulle ook min geleentheid gehad het om dit te hoor, aangesien daar so baie dorpe is wat nie eens ‘n kerk het nie!

Hierdie ongelooflike groot nood beklemtoon wat Paulus geskryf het. ***Maar hoe kan ’n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? EN HOE KAN JY VAN HOM HOOR SONDER IEMAND WAT PREEK? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring”*** (Romeine 10:14-15).

Die meeste Christene is nie bewus van tot watter mate Japan nog nie geëvangeliseer is nie. Christene van oor die hele wêreld

behoort hierdie ongelooflike nood raak te sien, en saam aan hierdie lewensbelangrike taak om die Evangelie deur Japan te versprei, deel te neem. ’n Beweging van die Heilige Gees en baie werk is nog nodig vir die kerk om ’n lewende teenwoordigheid te wees.

## WANHOPIGHEID

’n Ernstige probleem wat alle ouderdomsgroepe in Japan beleef, is om sonder hoop te wees. Baie voel hulpeloos en het geen idee van hul doel in die lewe nie. Daar is bevind dat 11% van die Japannese wens dat hulle nooit gebore is nie en 85% van die jongmense wonder hoekom hulle selfs bestaan.

Nadat die Japannese die verskriklikhede van die Tweede Wêreldoorlog en Staatkundige Sjinto ervaar het, het keiser Hirohito ’n openbare verklaring uitgereik dat hy nie ’n god is nie. Dit het ’n diepgaande gevoel van verlies en verraad tot gevolg gehad en diep wonde op die psige van die Japannese gelaat. Dit het ’n algehele gevoel van wanhopigheid veroorsaak. Die Japannese is nou nog baie skepties en vertrou vandag steeds nie maklik georganiseerde godsdiens en die regering nie.

Die evolusieleer, wat deurlopend onderrig word en verklaar dat die mens niks meer as net toevallig deel van die diereryk is nie, het ’n gevoel van hopeloosheid tot gevolg — veral onder die jeug.

Hierdie gevoel van wanhopigheid en afsondering veroorsaak dat baie mense selfmoord pleeg. Meer as 22 000 persone pleeg jaarliks selfmoord, wat 60 mense per dag beloop!

Baie mense voel leeg en is op soek na ’n doel en betekenis in die lewe. Japan het ongeveer 183 000 geregistreerde kultusgroepe en is bekend as die kultushoofstad van die wêreld.

’n Gemis aan morele waardes veroorsaak dat baie mense net vir die oomblik leef en hulle in wellustige plesier bevredig, om sodoende te ontvlug. Alkoholisme, dwelmverslawing, asook verslawing aan videospeletjies en sosiale media veroorsaak erge maatskaplike probleme. Pornografie is gewild, terwyl aborsie oor die algemeen gebruik word as ’n wyse van geboortebeperking.

Ontrouheid in die huwelik is ook 'n groot probleem.

Gesinne is verbrokkel as gevolg van vaders wat sulke lang ure werk dat hul kinders hulle slegs vir een uur per week sien.

Wat is die antwoord vir hierdie wanhopigheid? Die oplossing kan slegs gevind word in ons Skepper God. ***En mag die God van die hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!*** (Romeine 15:13).

## VOLOP GELEENTHEDE

Te midde van al hierdie duisternis is daar baie geleenthede en Japan is ryp vir die Evangelie. Toe die mense in Japan gevra is watter godsdiens hulle sou kies, het 79% van hulle gesê dat hulle in die Christendom geïnteresseerd is.

Daar is 'n dringende behoefte in Japan vir Christenwerkers wat onderwysers, predikers, musikante, kunstenaars, atlete, storievertellers, marionette-spelers en goedgekwalifiseerde professionele persone op alle vakgebiede insluit. Hierdie persone kan 'n noodsaaklike rol speel om mense te lei na die hoop wat ons in Jesus het.

Jesus het gesê, ***"Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes"*** (Matteus 9:37-38). Sluit asseblief by ons aan in hierdie gebed!

Ons glo dat daar tussen die 125 miljoen inwoners diegene is – wie se harte deur die Heilige Gees voorberei is – wat die Evangelie moet hoor. ***So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees*** (Efesiërs 1:4-5).

Dit is om hierdie rede dat ons met vertroue die Here kan vra, "Lei ons asseblief na die soekendes tussen die massas — hulle wie se harte deur die Heilige Gees voorberei is."

Ons kan getuig hoe ons genadige God wonderwerke verrig het om ons juis in aanraking te bring met diegene wat die Evangelie moet hoor.

Een so 'n dame het op 'n koerantadvertensie, waarin ons 'n gratis Nuwe Testament aanbied, gereageer. Sy het aan ons geskryf en vertel hoe sy vertroue verloor het in die *nabye gode*. "Nou gaan ek elke oggend op my stoep uit en bid tot die *ver-af God*."

Dit was so wonderlik toe een van ons werkers aan haar kon skryf, "Ons ken hierdie *ver-af God* en kan jou help om Hom beter te leer ken!" Ons het vir haar leesstof gestuur en haar bekend gestel aan 'n kerk waar sy die Here gevind het.

Een keer het God 'n hele klomp mense wat bedoel was om die Goeie Nuus te hoor na ons plek toe gestuur deur 'n buitengewone gebeurtenis. Een middag is ons werk skielik onderbreek deur 'n reeks donderende ontploffings wat ons geboue geskud het. Toe ons uithardloop, sien ons 'n voertuig, heeltemal in vlamme gehul, wat in ons parkeerplek teen 'n groot rots gebots het.

Ons het later gehoor dat die bestuurder besig was om suurstofhouers net bokant Japansending af te lewer, toe hy opmerk dat die onderstel van sy voertuig in vlamme is. Hy het na die hoofpad gery omdat dit die enigste plek weg van enige geboue was wat hy kon vind.

Hy het die enjin afgeskakel en die noodrem geaktiveer. Hy het toe die brandweer gebel en probeer om die vlamme te blus. Toe die vlamme die voertuig verswelg, het die bestuurder gevlug. Sirenes kon in die verte gehoor word.

Toe was daar verskeie oorverdowende ontploffings soos wat die suurstofhouers en dele van die voertuig uitmekaar geskiet het. Dit was toe dat die voertuig stadig teen die heuwel begin af beweeg, spoed vermeerder en teen 'n rotswal in ons parkeerplek bots!

'n Paar brandweerwaens het kort daarna aangekom en amper 'n uur geneem om die vuur te blus. Gelukkig is niemand beseer nie, en ons eiendom het min skade gehad.

Verteenwoordigers van die maatskappy wat die mediese

voorrade versprei het, het hulle na die toneel gehaas om om verskoning te vra. Hulle was verbysterd en verstom oor wat na 'n fratsongeluk gelyk het.

Dit het ons die geleentheid gegee om ons goedgesindheid te toon en ook om te getuig teenoor diegene wat die volgende paar dae opruimingswerk kom doen het. Ons het 'n hele paar traktaatjies uitgedeel en met hulle gepraat oor hoe wonderlik God ons beskerm het.

Ons het gehoop dat hulle Jesus in ons positiewe gesindheid sou kon sien. Ons was uiters bewus daarvan dat *ons* dalk die enigste *Bybel* sal wees wat sommige van hulle ooit sou *lees*. Dae later het ons ons ongeredde bure hoor sê, "Ten spyte van die afgryslike ongeluk is niemand beseer nie, want hul God het hulle beskerm!"

Nieteenstaande die ellendige statistieke is ons vol hoop en staan verbaas oor die verskeie maniere waarop God voortgaan om baie mense van alle lewensterreine te gebruik om Sy uitsonderlike werk te doen.

Mark Bercero het in Februarie 2018 vanaf die Filippyne by Japansending aangesluit. Hy besoek nou 'n hele paar kerke en werk as 'n Engelse evangelisasie-onderwyser om daardie kerke te help om die mense in hul omgewing vir Christus te bereik.

God gebruik Mark ook op 'n ander merkwaardige wyse. Hy is 'n opgeleide mediese verpleër en het Mediese Engels vir die dokters in die Osaka-gebied via die Internet geleer, terwyl hy nog steeds in die Filippyne gewoon het. Noudat Mark in hierdie omgewing woon, het dieselfde dokters hom weer genader om verder Mediese Engels te leer.

Wanneer Mark praat oor sy hart vir hierdie bediening, sê hy dikwels dat hy voel *hy is geroep om diegene wat die samelewing beïnvloed, te beïnvloed*. God self het Mark na Japan gestuur sodat hy sy unieke gawe kan gebruik om hierdie dokters van Jesus te vertel!

God gebruik soms die mees onwaarskynlike mense om die saad te saai en Sy werk te doen.

Japansending se werkers het vir 'n Engelse student met die naam, Yoko, gebid omdat haar volwasse seun 'n breinoperasie moes ondergaan. Vir die familielede om bymekaar te wees, het haar ander seun wat in die VSA werk, saam met sy gesin ingevlieg en in 'n nabye hotel gebly.

Dit was gedurende hierdie tyd dat Yoko se vier-jaar-oue kleinseun, wat Sondagskool in die VSA bywoon, die Gideonsbybel uit die laai in die hotelkamer gehaal het, dit in sy ouma se hande gesit en gesê het, "Ouma, ons moet op Jesus vertrou!"

Die volgende week het Yoko met groot verligting met ons gedeel dat die operasie 'n sukses was, en dat haar seun besig was om te herstel. Sy het toe ook vir ons vertel wat 'n groot bemoediging haar kleinseun vir haar was. Ons werkers was verbaas om te hoor hoe God hierdie klein seuntjie gebruik het om sy ouma te troos en 'n saadjie in haar hart te saai!

## DIE JAPANNESE WÊRELDBESKOUING

Die Japannese nasie het 'n unieke wyse waarop hulle die lewe in kompartemente indeel. Die rede hiervoor is dat hulle meer waarde heg aan verhoudings en lojaliteit teenoor hul sosiale groep, as aan logiese begrippe en insigte wat hulle deur onderwysinstellings geleer is.

Aan die een kant, is Japannese hoogs opgeleide en ywerige studente in die wetenskap. Hulle is tegnologies gevorderd en die evolusieleer word in die meeste skole onderrig. Op intellektuele vlak het dit hul geloof in die geesteswêreld en die hiernamaals ondermyn. Dit het veroorsaak dat die meeste Japannese glo dat die mens maar net 'n deel van die diereryk is.

Andersyds, is hierdie intellektuele begrip ondergeskik aan die belangrikheid van verhoudings. Japannese is groepsgeoriënteerd en onderhou voortdurend die tradisies wat hulle bymekaar bring, al glo hulle nie werklik daarin nie.

Dit kom veral na vore gedurende die Nuwejaarseisoen wanneer die meeste families huis toe gaan om vir die vakansie bymekaar te kom. ’n Algemene familietradisie gedurende hierdie tyd is besoeke aan tempels en bedeplekke om vir geluk te bid.

In Japan word dit dikwels as onbedagsaam beskou om ’n vriend op Nuwejaarsdag te bel, want normaalweg word hierdie dag aan die familie gewy — amper soos Kersdag in die Westerse lande.

Daar is ’n groot samehorigheid in die Japannese gemeenskap, omdat die belangrikste waarde vir hulle, lojaliteit aan ’n groep is. Die meeste hou nie by Shinto- en Boeddhistiese gelowe omdat hulle toegewyde gelowiges is nie. Die hoofrede waarom hulle die rituele en plegtighede onderhou, is omdat die onderhouding van die ou tradisies hul sosiale band versterk.

Boeddhistiese begrafnisse is sosiale geleenthede, waar daar van die lede van die uitgebreide familie verwag word om bymekaar te kom vir ete en om wierook te brand vir die gees van die afgestorwene.

Die meeste Japannese word vanaf ’n jong ouderdom geleer dat alles wat betekenis het, ’n gees het. Hierdie geloof word deurlopend toegepas. In die geval van ’n aborsie praat die Japannese nie juis daaroor of die baba ’n persoon of slegs ’n fetus is nie. Hulle erken die voldonge feit dat ’n lewe geneem word en dat hierdie lewe ’n gees het wat in die hiernamaals sal voortleef. Skuldbelaaide vroue besoek dikwels tempels na hul aborsie om offerandes aan die gees van die baba te bring. Daarmee hoop hulle om hul skuld te versag en die baba te help om na die Boeddhistiese paradys te gaan.

Omdat die Japannese ’n uitsonderlike wêreldbeskouing het, het ons doeltreffende maniere gevind om hulle te help om Christelike beginsels te verstaan. Die volgende is *vyf maniere*, gebaseer op hul uitsonderlike wêreldbeskouing, *waarop die Japannese vir die Koninkryk van God beïnvloed kan word*:

**1. Die Skepper God** – Die Japannese is groot bewonderaars van die natuur. Hul hoogagting vir die wonder van die natuur stel hulle dikwels oop vir die idee van 'n hoër Wese wat alles op 'n volmaakte en orderlike manier geskep het.

Om die Skepper God aan 'n Japannees bekend te stel — as die enigste God wat ons aanbid — is 'n goeie manier om oor Hom te begin praat. ***Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie*** (Romeine 1:20).

**2. 'n Saggeaarde God Wat Omgee** – 'n Baie gewilde teks wat harte roer is Matteus 11:28-29. ***"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed."***

Wanneer Japannese vir die eerste keer hierdie vers hoor, is hulle dikwels verbaas en verward. Dit is moeilik vir hulle om te begryp dat hulle rus vir hul siele in 'n liefdevolle en genadige God kan vind. Hulle hele lewe lank is hulle geleer om bang te wees vir die gode en hulle kalm te hou, uit vrees vir vergelding en dat 'n slegte lot hulle sal tref. Net een kyk na hul afskuwelike en skrikwekkende afgode toon hul wraaksugtige karakter. Baie vind vrede wanneer hulle die ware betekenis van hierdie teksverse en die diepte en sagmoedigheid van God se liefde verstaan.

**3. Die Groot Hoëpriester** – Dit kan moeilik vir die Japannese wees om die Evangelies en verse soos Johannes 3:16 te verstaan. Hul wêreldbeskouing is meer in ooreenstemming met tempels en priesters. Hebreërs praat van Jesus as ons *Groot Hoëpriester*. Sulke aanhalings kan nuttig wees om die Japannese te help om die ware karakter van God te verstaan.

Daar is baie ooreenkomste tussen die Joodse en Shinto-godsdienste. In die Shinto-bedeplek gee die priester 'n

besondere seën deur ’n wit stok met dosyne wolagtige tossels oor die aanbidders te swaai om hulle te reinig. Dit word gedoen amper nes die Joodse priesters wat die hisop oor die offerandes geswaai het.

Om Jesus Christus as ons *Groot Hoëpriester* met hulle te deel, kan ’n doeltreffende manier wees om die Japannese te help om te verstaan dat ons slegs gereinig en geseën kan word deur ons vertroue in die *Groot Bemiddelaar* te plaas.

**4. Reiniging van Sonde** – Die beginsel van om jouself te reinig deur in gewyde water te was voordat jy ’n bedeplek binnegaan om te aanbid, is ’n basiese Shinto-lering. Japannese mense ervaar dikwels ’n oorweldigende behoefte om van sonde gereinig te word, en om hulself te verbeter sodat hulle ’n goeie lewe kan lei. Baie van hulle is gefrustreerd omdat hulle weet dat hulle dit nie in hul eie krag kan doen nie.

Hulle voel dikwels aangetrokke tot die idee dat Jesus hul hart van sonde kan reinig en hulle die krag gee om ’n goeie lewe te lei. Dit is ’n verligting en ’n troos wanneer hulle ontdek dat Jesus die versekering gee dat die Heilige Gees hulle sal bekragtig, sodat hulle nie hoef te strewe om in hul eie krag goed te wees nie.

***Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het*** (Johannes 14:26).

**5. Woonagtig in ’n Vreemde Land** – Terwyl hulle in ’n vreemde land woon, lyk dit asof die Japannese meer oop is vir die Evangelie en bereid is om ’n nuwe wêreldbeskouing te aanvaar. Hulle is vry van die geestelike en sosiale beperkings, wat hulle verhoed om weetgierig hul belangstelling in Christenskap na te volg. Baie het hul harte vir die Here gegee terwyl hulle oorsee studeer of gewerk het.

Die hernieude lewe deur die wedergeboorte van die Heilige Gees speel ’n beslissende rol in die verandering van ’n persoon se wêreldbeskouing. Die Japannese is dikwels hoflik en mag uiterlike tekens toon dat hulle saamstem met dit wat ons aan

hulle meedeel. Dit mag veroorsaak dat ons die fout maak om te dink dat hulle regtig ons geloof aanvaar het.

Baie sulke mense keer terug na Japan en gaan weer voort met hul ou manier van afgodsaanbidding, omdat hulle nie 'n werklike begrip gehad het en weggekeer het van hul sondige weë nie. Wanneer ons dit vermoed, help dit om hulle te vra, "Glo jy dat God op hierdie aarde gewandel het in die liggaam van Jesus Christus en aan die kruis gesterf het vir jou sondes?"

Om 'n Christen te word, beteken nie om 'n lid van 'n geloof te word nie. Dit beteken wedergeboorte deur die herskeppende werking van die Heilige Gees. Bewys van herskepping is die oortuiging van sonde, om dit te bely en om vrug te dra — die gevolg is geestelike groei, wat dikwels lei tot 'n begeerte om ander van Jesus te vertel.

Wanneer sulke mense terugkeer na Japan, vind hulle dit dikwels moeilik om weer deel van die gemeenskap te word en het hulle baie hulp nodig om aan te pas. Japansending het baie sulke nuwe Christene gehelp.

## DIE GETROUE OORSKOT

Terwyl Japan 'n ernstige vermindering in die aantal Christelike werkers ervaar, is ons daarvan oortuig dat God altyd 'n getroue oorskot laat bly om voort te gaan om hoop te gee aan dié wat sonder hoop is. Dit is dwarsdeur 'n groot deel van die geskiedenis merkbaar — ook in die tyd van Koningin Ester (Ester 4:14).

Japan het een van sy donkerste tye gedurende die Tweede Wêreldoorlog beleef toe Christenskap onderdruk is en Christene in die tronk gegooi is. Gedurende daardie tyd was daar 'n man wat God gekies het om openlik die Woord van God in Japan te verkondig.

Sy naam was mnr. Izawa. Hy is om en by 1900 gebore. Toe hy gebore is, was hy so misvormd dat die dokter vir sy moeder gesê het, "Dit is nie 'n mens nie. Laat ek sy lewe beëindig."

"Nee, die gode het 'n doel daarmee om so 'n lewe in die wêreld te bring," het sy ongeredde moeder gepleit.

Toe hy 12 jaar oud was, kon hy nog steeds nie loop nie. Op 18 het hy by 'n beroemde Boeddhistiese priester uitgekom en gevra, "Hoekom is ek so gebore?"

Die priester het geantwoord, "Dit was omdat jy 'n baie slegte mens in jou vorige lewe was en nou moet jy ly."

Mnr. Izawa het gedink, "Indien dit die geval is, sal ek myself moet doodmaak, en dalk sal ek volgende keer in 'n beter vorm terugkom."

Hy het toe op 'n spoorlyn gaan sit en gewag dat 'n trein moet kom om sy lewe te beëindig. Hy het skielik mense 'n ent weg hoor sing. Mnr. Izawa het van die spoorlyn opgestaan en na die plek gegaan waar Christene 'n straatbyeenkoms hou. Daar het hy die Evangelie vir die eerste keer gehoor. Hy het toe geleer van die God wat alle mense liefhet en ook Sy Seun gestuur het om die prys vir hulle sonde te betaal. Dit is hoe Jesus in die hart van hierdie misvormde man kom woon het.

Mnr. Izawa het mettertyd homself leer lees en skryf en was uiteindelik in staat om by 'n Bybelskool in te skryf. Nadat hy graad gekry het, het niemand belang gestel om hom te bevestig nie. "Wie wil 'n natuurfrats met 'n spraakgebrek soos ek as 'n predikant hê?" het hy gedink. Hy het toe uitgegaan en vir die volgende twee jaar op straat gepreek.

'n Uitsonderlike jong meisie by die Bybelskool het vir die hoof gesê, "God het vir my opdrag gegee om met broer Izawa te trou."

Die hoof het geantwoord, "Suster, jy is 'n baie talentvolle meisie. Al die dokters stem saam dat broer Izawa nie langer as 'n paar jaar sal lewe nie. Moet dus nie jou lewe weggooi deur met 'n man te trou wat geen toekoms het nie."

Dit het haar nie verhinder om met hom te trou nie en hulle het vyf kinders gehad. Al vyf was briljant en het Jesus gevolg. Een het 'n professor aan 'n universiteit geword. Twee het predikante geword en twee het die vrouens van predikante geword.

Toe al die kerke gedurende die Tweede Wêreldoorlog gesluit is, het niemand mnr. Izawa, vanweë sy voorkoms, ernstig opgeneem nie. Dus het die polisie hom alleen gelaat en het hy dwarsdeur die hele oorlog gepreek!

Na die oorlog het mnr. Izawa die predikant van ’n groot kerk geword en verskeie boeke geskryf. Hy het ook ’n reisende evangelis geword wat baie mense gehelp het om Christus te vind.

Mnr. Izawa se lewe is ’n voorbeeld van hoe God dinge wat deur mense verag word, gebruik om hulle Sy heerlikheid te toon.

***Wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam*** (1 Korintiërs 1:27).

Ere aan God wat op onbegryplike en wonderbaarlike maniere werk!

# 4

## Die Oes
### Werkwyse & Doel

’n Teks wat vir Neil en Peggy Verwey baie beteken het, was Jeremia 33:3, “***Roep My aan, Ek sal jou antwoord***.” Wanneer hulle moeilike besluite moes neem, het hulle die Here aangeroep en Hy het hulle geantwoord.

Noudat Neil en Peggy nie meer by ons is nie, het ons baie gebid oor die rigting wat die Here vir Japansending beplan. Ons besef dat as ons nie ten volle volgens God se wil werk nie, kan ons ernstige foute maak. God het vir ons gewys dat dit nie saak maak hoe goed of hoe geestelik ’n geleentheid voorkom nie — dit mag dalk nie volgens Sy wil wees nie. Ons word dikwels daaraan herinner dat ons vir Sy leiding moet bid en Sy wil te soek wanneer ons, ons werksaamhede beplan.

Ek sê dikwels aan ons werkers, wanneer hulle wonder of hulle moet voortgaan om by Japansending te werk, “Moenie deur die behoefte gelei word nie. God sal iemand stuur om in die behoefte te voorsien. Die belangrike ding is om die Here se leiding te vra en dit te volg.” ***’n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop*** (Spreuke 16:9).

Ons is verseker dat die Heilige Gees sal voortgaan om ons op die regte pad te lei, terwyl ons aan Hom getrou bly. ***Al die paaie van die Here is goedertierenheid en trou vir die wat sy verbond en sy getuienisse bewaar*** (Psalm 25:10).

Die eerste stap vir enige Christenwerker of -organisasie is om in gebed te vra dat God Sy wil aan hulle sal openbaar. Toe God met Moses en die profete gepraat het, het Hy hulle ’n opdrag gegee. Dus moet ons ook luister na die opdragte wat God wil hê dat ons moet uitvoer.

Terwyl ons dit doen, is dit noodsaaklik dat ons God se Woord ondersoek om te weet wat Sy wil vir ons lewens is.

## JESUS EN DIE OES

In Johannes 4:34-38 praat Jesus van die groot oes. ***Maar Jesus het vir hulle gesê, "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi. Sê julle nie: 'Nog vier maande, dan is die oes daar nie?' Maar ek sê vir julle: Kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes. Nou al ontvang die man wat oes, sy loon en samel hy die oes in vir die ewige lewe. So is die een wat saai, en die een wat oes, saam bly. Hier is die gesegde waar: 'Die een saai, en die ander maai.' Ek het julle gestuur om 'n oes in te samel waaraan julle nie gearbei het nie. Ander het gearbei, en julle pluk die vrug van hulle arbeid."***

Jesus het gesê dat ***die lande ryp is vir die oes!*** Ek glo dat Jesus vir ons vandag ook sou sê dat dit steeds waar is — geleenthede is volop! Die Heilige Gees is voortdurend aan die werk in die harte van diegene rondom ons! Ons mag iemand teëkom wat sopas deur die Heilige Gees oortuig is, omdat hulle skuldig voel oor iets wat hulle gedoen het. 'n Ander persoon staan dalk verwonderd oor die God van die skepping wanneer hulle na 'n indrukwekkende sonsondergang kyk. Nog iemand is dalk deur die Heilige Gees aangeraak terwyl hulle by 'n kerk verbystap en 'n Bybelvers daar lees.

## OM GOD SE WIL TE VERSTAAN

Ons gesindheid moet soos Jesus s'n wees toe Hy in Johannes 4:34 gesê het, ***My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi.*** Om die wil van God uit te voer, behoort die hoofdoel van ons lewens te wees.

Baie mense begeer om te weet wat die wil van God vir hul lewens is. Ons liefdevolle Hemelvader lei ons wanneer ons voor belangrike persoonlike besluite te staan kom, soos opvoeding, die

huwelik en 'n werkplek. Hy openbaar dikwels Sy *spesifieke wil* aan ons deur middel van die Bybel, raad deur wyse Christene en omstandighede in ons lewe. Hy is die een wat deure oopmaak en toemaak. In hierdie geval sal die pad waarlangs God ons lei van een unieke persoon tot 'n ander verskil.

In ander gevalle is God se *algemene wil* vir alle Christene dieselfde. Daar is *vier Bybelverse* wat ons help om dit te verstaan:

**1. Die Groot Opdrag** – In Markus16:15 stel God dit duidelik dat ons as Sy dissipels aangestel is as Sy instrumente. ***"Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom."*** Hy kon gekies het om volmaakte en sondelose wesens soos engele te gebruik, maar in plaas daarvan het Hy verkies om ons wat Hom dikwels teleurstel, te gebruik.

Jy kan wel sê, "Ek is maar net een mens. Watter verskil kan ek maak?" Ons lees in 1 Korintiërs 1:27, ***En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam.*** God kan enigiemand tot 'n doeltreffende instrument bemagtig, ongeag wat ons vermoë of vlak van onderwys is.

Soos een welsprekende predikant gesê het, *"Moses het 'n hakkel-probleem gehad. Gideon was bang. Simson het onsedelik gelewe. Ragab was 'n prostituut. Jeremia en Timoteus was te jonk. Dawid het 'n buite-egtelike verhouding gehad en was 'n moordenaar. Elia wou selfmoord pleeg. Job was bankrot. Petrus het Jesus verloën. Die dissipels het aan die slaap geraak, terwyl hulle moes bid. Saggeus was te kort. Lasarus is dood. Dus geen verskonings meer nie! God kan jou tot jou volle potensiaal gebruik. Buitendien, jy is nie die boodskap nie. Jy is net die boodskapper."*

Ons moenie onderskat wat God deur een ontoereikende persoon kan doen nie. *Vir die wêreld mag jy dalk net een persoon wees; maar vir een persoon kan jy die wêreld wees!* Ons moet daagliks op die uitkyk wees vir wat Hy deur ons lewens wil doen, en ons sal verbaas wees oor wat Hy kan bewerkstellig as ons net eenvoudig gewillig en beskikbaar is!

Dit mag begin deur vir iemand water te vra, soos Jesus 2 000 jaar gelede gedoen het toe Hy die Samaritaanse vrou by die put ontmoet het. Dit kan ook begin tydens ’n besoek aan ’n paar priesters in ’n tempel, of waar gholfballe op ’n gholfbaan geslaan word.

Ferris Liske is ’n afgetrede Baptiste-predikant van die VSA wat saam met Japansending as ’n vrywilliger gewerk het. Hy het dikwels gebid, “God, help my om gewillig te wees, om gewillig te wees,” wanneer hy die nabygeleë tempels besoek om te getuig teenoor die priesters — wat soms vir hom gesê het, “Gaan huis toe!”

Ferris het graag gholf gespeel, dus het ons hom aangemoedig om ’n paar gholfballe op ’n plaaslike gholfbaan te gaan slaan. Hy was eers huiwerig, maar toe het God hom op ’n wonderbaarlike manier voorsien van ’n stel gholfstokke wat iemand weggegooi het!

Terwyl hy die balle die verte inslaan, het hy by mense stilgestaan, met hulle gesels en vir hulle ’n traktaatjie gegee. So het hy ’n geleentheid gehad om ’n uroloog te ontmoet. Ferris het hom gevra wat hy doen om “homself vir die hemel voor te berei.” Die uroloog het gesê dat hy ’n Boeddhis is en nie ’n antwoord op so ’n vraag het nie. Hy was geïnteresseerd en is met ’n traktaatjie daar weg.

God het Ferris gebruik om baie mense te laat nadink oor hul lot en hulle gehelp om die geleentheid te kry om een tree nader te kom om Jesus Christus as hul Redder te leer ken. Ja, dit is God se wil dat ons die saad saai en die Evangelie verkondig waar ons mag gaan — selfs op ’n gholfbaan.

**2. Dit is ’n Proses** – Die tweede Bybelteks wat ons help om God se wil vir Christene te verstaan, is Johannes 4:38. ***“Ek het julle gestuur om ’n oes in te samel waaraan julle nie gearbei het nie. Ander het gearbei, en julle pluk die vrug van hulle arbeid.”***

Ons is geroep om deel te wees van die proses om mense te help om die Here te leer ken. Een persoon mag ’n traktaatjie gee, terwyl ’n ander vriende maak en hulle na ’n kerkdiens uitnooi en nog iemand mag hulle na die Here lei. Dit is dikwels God se wil dat ons *’n oes insamel waaraan ons nie gearbei het nie*.

Die volgende is 'n voorbeeld van 'n sendelingpaar wat gelei was om die Evangelie met die inwoners van 'n klein dorpie, Oya, in die platteland van Japan, te gaan deel. Hulle het 'n saal wat in 'n swak toestand was gehuur en die plek skoongemaak. Hulle het baie van die inwoners besoek en traktaatjies uitgedeel om die evangeliese byeenkoms bekend te maak.

Toe niemand teen 19:30 vir die diens opdaag nie, het hulle begin bid. Teen 20:30 het hul hoop verloor dat daar enigeen sou opdaag. Maar teen 21:00, toe almal se werk klaar was, het die boere met hul families die saal begin volmaak. Toe die uitnodiging om Jesus as Verlosser aan te neem gegee word, het sewentien volwassenes – almal grootouers – vorentoe gekom!

Daar was 'n merkwaardige rede vir die reaksie. *Vyftig jaar* vantevore het 'n sendeling per fiets deur dié dorpie gery. Hy het vir die kinders die storie van Jesus vertel en verder gery. Verskeie kultusgroepe het gekom, maar hulle was nooit aangetrokke tot daardie leringe nie.

Vyftig jaar later, toe hierdie sendelinge die uitnodigings in hul posbusse sit, het die boere dieselfde Goeie Nuus wat hulle as kinders gehoor het herken, en het hulle besluit om die byeenkoms by te woon!

Dit is soms God se wil dat ons moet bou op die werk van ander en *te oes waaraan ons nie gearbei het nie*.

**3. Die Heilige Gees** – Die derde Bybelteks wat ons help om God se wil vir Christene te verstaan, is 1 Korintiërs 2:14. ***Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word.***

Dit is nie ons verantwoordelikheid om mense te red nie. Die Heilige Gees maak dit vir mense moontlik om die Evangelie ten volle te verstaan. Dit is slegs deur die werking van die Heilige Gees dat mense van binne nuutgemaak kan word.

Ons moet geheel en al van die Heilige Gees afhanklik wees wanneer ons na ongeredde mense uitreik. Ons verspil

kosbare tyd en hulpbronne as ons op ons eie probeer uitreik na ongeredde mense. Corrie ten Boom het gesê, *"As ek probeer, misluk ek. As ek vertrou, slaag Hy."*

Ons moet die Heilige Gees vertrou om ons te lei na wie Hy wil hê ons mee moet praat. By Japansending vra ons dikwels die Here. "Lei ons asseblief na die soekendes tussen die massas — diegene wie se harte die Heilige Gees voorberei het."

Ons het gesien hoe die Here traktaatjies as 'n kragtige metode gebruik om ons in verbinding te bring met sulke mense. In Osaka was daar 'n man wat 'n stem in sy kop gehoor het. Hy het dit nogal geniet, omdat dit vir hom grappe vertel het. Later het die stem vir hom begin bevele gegee.

Op 'n dag het die stem vir hom oor en oor gesê, "Maak jouself dood, maak jouself dood!" Hy het toe 'n bottel vol slaappille gedrink. Hy is nog lewend gevind, in 'n psigiatriese saal opgeneem en is met tussenposes vir die volgende twee jaar gehospitaliseer.

'n Paar dae nadat hy ontslaan is, het hy wanhopig deur die strate van Osaka geloop en dink, "Wat gaan tog van 'n arme man soos ek word!" Op daardie oomblik het 'n ouer dame vanuit Suid-Afrika wat Japansending besoek het, 'n traktaatjie in sy hand gesit.

Hy het later 'n lang brief geskryf, waarin hy sy storie aan ons vertel en gevra het dat ons die buitelandse dame wat met 'n kierie loop, moet bedank. Ons het begin korrespondeer en hom later aan 'n kerk bekendgestel, waar hy sy hart aan die Here gegee het!

Dit is 'n ware vreugde en 'n aansporing om in aanraking te kom met diegene wie se harte deur die Heilige Gees voorberei is!

**4. Paulus se Aanpasbare Gesindheid** – Nog 'n Bybelteks wat ons help om God se wil vir Christene te verstaan, is 1 Korintiërs 9:22 waar die Apostel Paulus sê, ***Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red.***

Paulus het geweet hoe belangrik dit is om *aanpasbaar* te wees in sy toewyding om mense te red. Ons moet ook *aanpasbaar* wees in ons benadering van ongeredde mense.

Soms word ons uitgedaag om buitengewoon op te tree. ’n Japannese dame was verward en het geen vrede omtrent die toekoms gehad nie. Sy was op die punt om oorsee te gaan en moes belangrike besluite neem.

Sy het gebel en gevra of Japansending haar van ’n betroubare fortuinverteller kon voorsien. “Ja, ek kan jou oor jou toekoms inlig,” het ons werker geantwoord nadat hy ’n oomblik daaroor nagedink het.

Toe die dame opdaag, het dié werker vir haar die Evangelie verduidelik en wat met diegene wat nie in Jesus Christus glo nie, sal gebeur. Daarna het hy voortgegaan en haar van Openbaring vertel en hoe Christene die toekoms ken.

Die dame het baie aandagtig geluister en toe sy die volgende dag terugkom, het die werker haar gevra of sy gereed is om haar hart aan die Here te gee. “Ek het dit alreeds gedoen,” het sy gesê. “Ek het huis toe gegaan en alles gedoen wat u my vertel het, en my hart voel baie ligter!” Vandag is sy met ’n Christen getroud en gaan voort om die Here te dien!

Dié werker se gewilligheid om *aanpasbaar* te wees toe daar vir ’n fortuinverteller gevra is, het hierdie dame gehelp om die Here te vind! Soms is ons in die versoeking om mense wat fortuinvertellers of hul horoskoop raadpleeg, te minag. Ons behoort eerder in liefde na hierdie mense uit te reik. Die Bybel het baie te sê aan mense wat nie vrede oor die toekoms het nie. Ons behoort net so *aanpasbaar* soos Paulus te wees.

Ons het by Japansending Paulus se *aanpasbare* gesindheid aangegryp. Met veranderende tye, het God ons gelei om verskeie metodes te gebruik om mense te bereik. Soos wat Engels meer gewild geraak het, het ons begin om Engelse klasse te gee. Soos die bevolking begin ouer raak, reik ons na die ouer mense uit. Met tegnologiese ontwikkeling, het ons begin om die Internet

en sosiale media te gebruik. Wanneer natuurrampe gebeur, bied ons ondersteuning aan die slagoffers.

## ’n SKAKEL IN DIE KETTING

Die kern van Japansending se werk is om die saad sonder ophou te saai. ***Saai jou saad in die môre, en laat teen die aand jou hand nie rus nie; want jy weet nooit watter een sal geluk nie, hierdie of daardie, en of altwee saam goed sal wees nie*** (Prediker 11:6).

’n Wyse man het gesê, *“Moenie elke dag beoordeel op grond van die oes wat jy insamel nie, maar wel op grond van die saad wat jy saai.”*

Ons roeping is om van elke geleentheid gebruik te maak om iemand te help om ’n tree nader daaraan te kom, om ’n kind van God te wees.

Billy Graham het gesê, *“It takes many people to reach someone for the Lord. The first one thinks he did nothing and the last one thinks he did everything, but they are both wrong! It is often a process for someone to come to know the Lord.”*

Een persoon kan bemoedigende woorde deel, terwyl ’n ander persoon God se liefde deur ’n goedhartige daad bewys. Dikwels is baie mense se pogings nodig en is dit ’n tree-vir-tree proses wat baie geduld en gebed vereis.

Een van ons werkers was besig om teen die heuwel op na die hoofkwartiere van Japansending te ry. Sy sien toe ’n vrou langs die pad wat strompelend loop en van haar kruideniersware laat val. Sy het stilgehou om haar te help en het haar ook die Fontein van Vreugde- blaadjie met Japansending se inligting daarop gegee.

Hierdie dame het later gebel en gevra of sy en haar buurvrou ’n Bybelstudie kan kom bywoon! Een van ons Japannese medewerkers het toe gereeld Bybelstudie met hulle begin doen. Later het ons hulle na ’n plaaslike kerk verwys en dié dame het haar hart aan die Here gegee!

Wat so merkwaardig was, is dat ons eerste kennismaking met hierdie dame deur 'n eenvoudige daad van welwillendheid was. Die Here het ons gewys hoe belangrik gewilligheid en beskikbaarheid is om daardie belangrike *skakel in die ketting* te wees.

Japansending stuur sendelinge om Engels in verskeie kerke in die Osaka-gebied te onderrig. Baie studente is gretig om in te skakel om Engels te leer en met 'n buitelander vriende te maak.

Mnr. Harada het so 'n Engelse klas bygewoon, omdat hy na die VSA wou gaan om musiek te studeer. 'n Groep Christen musikante het later vanaf die VSA gekom om in dié kerk op te tree. Hulle het hul getuienisse gelewer en mnr. Harada probeer oortuig om ook te glo. Kort daarna het mnr. Harada sy hart aan die Here gegee!

Hy het later in die VSA Christenmusiek studeer. Nadat hy teruggekeer het, het hy die sang in daardie kerk help lei!

Dit het alles gebeur omdat een van ons werkers bereid was om haar land te verlaat en na Japan te kom om Engels in daardie kerk te onderrig! Sy was gewillig om daardie belangrike *skakel in die ketting* te wees.

Ek onthou een geleentheid waar ek geen direkte kontak met 'n persoon gehad het nie, maar tog deel was van haar redding.

Ek het 'n e-pos van 'n man in die VSA ontvang. Hy wou 'n Japannese meisie na 'n goeie kerk in ons omgewing in Japan verwys. Ek was gedurende daardie tyd vir 'n paar maande weg uit Japan om 'n aantal byeenkomste te hou, maar ek het aan hom die nodige inligting van 'n kerk, waar ek gereeld eredienste bywoon, gestuur.

Vier maande later het hierdie meisie haarself by dié kerk aan my voorgestel. Sy het gesê, "Ek wou jou graag self ontmoet om dankie te sê dat jy my gehelp het om by hierdie kerk uit te kom. Nadat ek hier begin kerk bywoon het, het ek die Here gevind. Baie dankie!"

Ek was verbaas. Ek het nie eers nodig gehad om hierdie dame persoonlik te ontmoet om 'n verskil in haar lewe te maak nie!

Die Here het my gewys hoe belangrik dit is om in die klein dingetjies getrou te wees, soos om my e-posse gereeld te lees en te beantwoord. Ek het opnuut besef hoe 'n groot verskil ons kan maak deur 'n klein *skakeltjie in die ketting* te wees.

Soms laat God toe dat ons probleme ervaar, sodat ons in aanraking kan kom met mense wat nodig het om die Evangelie te hoor. Dit is dan wat ons uitgedaag word om nie daaroor te kla nie. Ons moet sensitief wees vir die leiding van die Heilige Gees en Hom vra waarom Hy toelaat dat ons swaarkry.

My skoonma, Earlene, het vir Japansending gewerk totdat sy op die ouderdom van 67 jaar op 28 Januarie 2009 na haar Hemelse woning verhuis het. Haar begrafnis was 'n wonderlike byeenkoms en mev. Imagawa was een van die mense wat 'n herinnering gedeel het. "As dit nie vir Earlene was nie, is dit heel moontlik dat ek nie meer vandag geleef het nie," het sy gesê.

Baie jare gelede is Earlene aangestel om saam met 'n kerk in 'n plattelandse gebied te werk. Haar huis was baie armoedig en het geen bad- of stortgeriewe gehad nie. Meeste van die mense wat onder sulke omstandighede leef, gebruik openbare baddens. Vir Earlene was dit 'n groot verleentheid en sy kon haarself nooit sover kry om daar te bad nie, al was daar aparte baddens vir mans en vrouens.

Sy het gou kennis gemaak met 'n dame in die buurt en gevra of sy haar bad mag gebruik. Vir twee-en-'n-half jaar het Earlene hierdie dame se bad gebruik. Hulle het vriende geword en Earlene het haar van Jesus vertel. Die gevolg was dat mev. Imagawa die Here leer ken het!

Dit is belangrik dat ons sensitief vir die leiding van die Heilige Gees is wanneer ons moeilike omstandighede teëkom. Die Here mag dalk sulke swaarkry in ons lewe toelaat, sodat ons daardie belangrike *skakel in die ketting* kan wees. Hy kan ons mees onwaarskynlike probleme gebruik om iemand te help om Hom te leer ken — selfs die behoefte aan 'n bad!

## TWEEVOUDIGE DOEL

Die slagspreuk van Japansending is ***Geroep om te Dien***. Ons begeerte is om die Japannese mense te dien op watter manier God ons ook al lei — ***sodat sommige gered sal word***.

Die tweevoudige doel van ons bediening is as volg:

1. Eerstens is dit om die *Evangelie aan ongeredde mense te verkondig*. Baie tyd en pogings word aangewend om uit te reik na diegene wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie.

2. Die tweede doel van dié bediening is om *die Japannese kerke te help*. Meeste kerke is klein en benodig Christenwerkers, evangeliese programme, Christelike leesstof en opvoedkundige hulpmiddels om as die liggaam van Christus te groei en na die ongereddes uit te reik.

Meeste van die 7 900 kerke in Japan het ’n bywoningstal van minder as 30 mense en hulle sukkel om te oorleef. Hulle is dikwels omring deur mense wat maatskaplike ondersteuning, berading, gehalte kindersorg, naskoolse programme en bejaardesorg nodig het.

Japan het ’n dringende nood aan kerke wat geestelik-groeiende plekke van hoop is en wat die behoeftes van diegene wat rondom hulle woon, vervul. Japansending verskaf werkers en hulpbronne om dié kerke op te bou en te bemagtig sodat hulle na die ongereddes in hul gemeenskap kan uitreik.

## METODES OM DIE SAAD TE SAAI

Die Here het Japansending gelei om die volgende drie hoofmetodes te gebruik om die ongereddes te bereik en kerke by te staan:

**1. Leesstof** – Japansending druk maandeliks ’n evangeliese blaadjie wat die kerke help om hul gemeenskappe met die Evangelie te bereik. Japannese boeke om Christene sowel as soekendes te help, word ook gepubliseer. Ons is ook daartoe verbind om groot hoeveelhede Bybels in Sjina, Suidoos- Asië en ander dele van die wêreld te versprei.

**2. Evangeliese Programme** – Ongeveer 300 studente hoor die Evangelie elke week wanneer sendelinge die Bybel en Engels onderrig. Siekes en ouer persone word deur die bediening in hospitale en aftreeoorde bereik. Werkers reik ook uit deur kampe, kafees, kore, skole, kinderversorging, kookklasse en om rampondersteuning te lewer.

**3. Media** – Japansending verleen hulp aan kerke deur media-aanbiedinge en die ontwikkeling van webwerwe en sosiale media. Evangeliese en Christelike opvoedkundige video's, klankbybels en DVD's met boodskappe word vervaardig en versprei. Ons bly daartoe verbind om beduidende beleggings in Christelike TV en radio-uitsendings te maak, wat met die Evangelieboodskap die lewens van miljoene mense dwarsoor Japan beïnvloed.

## GEBED IS NOODSAAKLIK

Japansending het 'n groot behoefte aan voorbidders, wat getrou vir ons sal bid, terwyl ons die Evangelie aan verlorenes bring en die kerke ondersteun. ***Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking*** (Jakobus 5:16).

Die volgende is 'n getuienis van hoe God oor die jare die gebede van baie mense vir mnr. Kodama se broer, Toshi, verhoor het — *na vyf-en-vyftig jaar!*

Hiroyuki Kodama het vir baie dekades saam met Japansending as evangelis en skrywer gewerk. Hy het in 1962 die besluit geneem om Jesus as sy Here en Redder aan te neem, terwyl hy as TB-pasiënt in die hospitaal was. Nadat hy uit die hospitaal ontslaan is, het hy die Evangelie met sy familie gedeel. Baie mense het begin bid vir die redding van die Kodama-familie.

Mettertyd het almal Jesus aangeneem, behalwe sy jonger broer, Toshi. Aangesien Toshi baie gehou het van dobbel en drank, het hy nie die Here aangeneem nie, al het mnr. Kodama hoé baie teenoor hom getuig. Uiteindelik het sy skuld by die onwettige geldleners tot 8 miljoen yen (R1,000,000)



Hiroyuki Kodama

opgehoop. Hy is toe geskei en omdat hy nie 'n permanente werk gehad het nie, het die bank die verband op sy huis opgeroep en sit hy op straat. Hy het dikwels by mnr. Kodama geld geleen. Hy het vir Toshi klein bedrae geld gegee omdat hy bang was dat Toshi hom tot misdaad sou wend as hy geen geld het nie.

In 2014 het die dokters ontdek dat Toshi kanker het. Drie jaar later, na 'n hele paar operasies, het die dokters gesê dat hulle niks meer vir hom kon doen nie. Hulle het hom ontslaan, sodat hy tuis versorg kon word. Hy het in 'n rolstoel huis toe gegaan, want hy was so swak dat hy gesukkel het om te loop.

Twee dae later het hy tot sy sinne gekom en opgestaan. Daar was een laaste plek waarnatoe hy moes gaan. Hy het met sy laaste kragte haastig die huis verlaat.

Noudat hy vir seker die dood in die gesig staar, het hy besef dat daar 'n belangrike Waarheid is wat hy tot dusver geïgnoreer het. ***'n Mens is bestem om een maal te sterf, en daarna kom die oordeel*** (Hebreërs 9:27). Toshi het besef dat sy tyd om veroordeel te word naby is en dat hy vir te lank die besluit om Jesus se aanbod van redding en die ewige lewe te aanvaar, uitgestel het.

Hy het 'n plaaslike kerk gevind en daar sy hart aan die Here gegee. 'n Paar uur later het hy teruggekeer na sy huis en sy laaste asem uitgeblaas.

*Vyf-en-vyftig jaar later* het God die gebede van baie mense wat vir die redding van Toshi gebid het, getrou beantwoord!

Mnr. Kodama is nou vertroos deur die versekering dat sy hele familie hul harte aan die wonderlike Redder gegee het en dat hulle in die hemel herenig sal wees. Wat 'n geseënde versekering!

## DIE FONTEIN VAN VREUGDE

Mnr. Kodama skryf gereeld gedeeltes vir die *Fontein van Vreugde* en beïnvloed so die lewens van baie lesers. Die *Fontein van Vreugde* is ’n kleurvolle blaadjie van vier bladsye wat Japansending elke maand publiseer en versprei. Die gereelde inhoud sluit in die Evangelie-boodskap, ’n getuienis van redding en raad ten opsigte van familie-aangeleenthede. Ongeveer 24 000 kopieë van dié blaadjie word gedruk en versprei na ongeveer 1 000 persone, kerke en organisasies in Japan en oorsee.

Een dame het ’n poskaart gestuur waarin sy ons bedank vir die blaadjie wat ons elke maand aan haar stuur. Sy skryf hoe haar moeder deur dié blaadjie bemoedig is. Hulle het dit vir haar voorgelees terwyl sy in die hospitaal bedlêend was. Sy het kort voor haar dood haar hart aan die Here Jesus gegee!

## BEDLÊEND VIR 15 JAAR

Ds. Tamada werk sedert 2009 as skrywer en redakteur van die *Fontein van Vreugde* blaadjie. Hy is deur die hospitaalbediening van Japansending gered. Die volgende is die storie van hoe hy die Here leer ken het.

Koji Tamada is in 1948 gebore en was by geboorte reeds baie siek. Hy was dikwels bleek, het stadig beweeg en het geen energie gehad om soos ander kinders te speel nie.

Die dokters het ontdek dat hy met ’n baie ernstige harttoestand gebore is. Om alles te vererger, het hy masels en kinkhoes opgedoen wat verdere agteruitgang veroorsaak het. Hy het soms blou geword en ook moeilik asemgehaal. Niemand het verwag dat hy baie lank sou leef nie.

Ten spyte van sy swak gesondheid, is hy op die ouderdom van sewe jaar by die skool ingeskryf. Klein Koji was gedurende die winter dikwels vir baie weke afwesig as gevolg van ernstige verkoues en longontsteking. Dit was vir hom ’n groot uitdaging



Ds. Koji Tamada

om by te hou met sy studies, maar die Here het hom met buitengewone wilskrag geseën om voort te gaan.

In sy vroeë tienerjare het hy tuberkulose opgedoen. Hy is toe in ’n kindersaal opgeneem en het die volgende vyftien jaar van sy lewe op sy rug in ’n hospitaalbed deurgebring! Hy was depressief en gevoel asof hy tot ’n lewe van inperking en lyding gedoem is.

Een dag, terwyl hy na die plafon lê en staar en oorweldig is deur neerdrukkende gedagtes aan die dood, is die eentonigheid verbreek toe ’n vreemdeling hom kom besoek. “Ek is mnr. Karasawa van Japansending. Ek wil graag jou vriend wees,” het hy gesê.

Hy kon nie begryp hoekom iemand so ’n beklaenswaardige skepsel soos hy kon uitsoek nie, maar hierdie vriendskap was op die punt om sy lewe te verander. Koji het gevoel dat hy iemand gevind het met wie hy kon praat oor sy voortdurende vrees vir die gode en die erge straf wat hulle hom gegee het! Hy het openlik met die evangelis gepraat oor die donker gedagtes in sy hart, sy vrees vir die dood en die aaklige nagmerries wat hy verduur.

Mnr. Karasawa het hom elke week besoek en het die wonderlike boodskap van hoop en ewige lewe met hom gedeel. Toe hy die ongelooflike verhaal van die opstanding van Jesus Christus hoor, het Koji gewonder, “Hoe kon dit moontlik wees?” Al die gode wat hy ken, lyk asof hulle dood is.

Die dag toe mnr. Karasawa Matteus 10:29-31 lees, was dit vir hom ’n ervaring wat vir hom ’n ander insig gegee het. ***“Is twee mossies nie vir ’n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.”***

Om te dink dat die Almagtige God wat vir die heelal sorg, met Sy oneindige liefde neerbuig om aan hom, wat slegs 'n stofkorreltjie in die hele skepping is, aandag te gee is ongelooflik! Hy het gesukkel om so 'n wonder te begryp!

Hy het gou daarna sy lewe aan God gegee. Op die ouderdom van 22 jaar was Koji steeds 'n hospitaalpasiënt, maar daar was 'n ander uitdrukking op sy gesig. Hy het die vreugde van die Here in sy hart gehad! Hy het geweet dat God vir hom sal sorg, ongeag die omstandighede.

Toe hy sy verkeerde dade en selfsugtigheid voor God bely en om Sy vergifnis gesmeek het, het die Heilige Gees hom herinner aan baie dinge wat hy moes regstel. Lank gelede het Koji seëls van 'n mede-pasiënt gesteel en kon dit nie uit sy gedagte kry nie, totdat hy 'n brief aan die persoon geskryf het om vir sy veragtelike daad verskoning te vra.

Hierdie pasiënt was so beïndruk deur die opregtheid van Koji se brief dat hy hom besoek het. Koji kon toe teenoor hom van sy Redder en God getuig. Koji het voortgegaan om ander mense van die heuglike wonderwerk wat God in sy hart gedoen het, te vertel.

Hy het begin besef dat vir elke probleem wat hy deurmaak, daar 'n oplossing in die Bybel is. Hy het gelees hoe Jesus siekes genees het en gewonder hoekom hy so lank reeds moes ly, selfs nadat hy Jesus gevra het om hom te genees.

Op die ouderdom van 23 jaar het hy begin om op te merk dat God sy gebede vir fisiese genesing beantwoord. Een na die ander het die X-strale die groot vordering in die toestand van sy longe getoon. Na twee jaar het die geneeshere verklaar dat hy vry van tuberkulose was! Hulle kon nou die baie ingewikkelde hartoperasie doen wat Koji dringend nodig gehad het.

In 1971, die nag voor die operasie, het mnr. Karasawa hom besoek en Deuteronomium 33:27 met hom gedeel. "***Die ewige God is 'n skuilplek, sy arms is altyd onder jou.***"

Koji het by die venster opgekyk en gesien hoe helder die sterre vonkel. Terwyl hy daarna kyk, het hy aan Genesis 1:1

gedink, *"Die God wat al daardie sterre geskep het is vir seker in staat om vir my 'n nuwe hart ook te gee!"*

Die operasie was moeilik en het lank geduur. Toe hy begin wakker word, het die verpleegster vinnig die dokter geroep. Koji het steeds suurstof ontvang toe die dokter sy hand neem en vra, "Sien jy jou hand? Dit is nie meer so bleek nie, maar vol kleur. Jou hart pomp nou bloed deur jou hele liggaam!"

Hy het vir die eerste keer in sy lewe normale bloedsirkulasie gehad. Hy was vir 15 jaar nie in staat om te loop of trappe te klim nie. Selfs die ligste luggie het hom laat bewe. Dit het gelyk of daar baie wonderwerke op een slag in sy liggaam plaasgevind. Selfs water het beter as voorheen gesmaak!

"Ons het alles wat ons kon vir jou gedoen. Nou berus alles by jou," het die dokter hom aangemoedig. Koji het met rehabilitasie begin en geleer om reg te loop. Die werkers het vir hom 'n partytjie gehou en almal was bly om die vreugde op sy gesig te sien die dag toe hy die hospitaal verlaat!

"Tot nou toe het jy omdat jy siek was, gesê, 'Ek kan nie dít doen en ek kan nie dát doen nie.' Maar nou mag daardie woorde nooit weer oor jou lippe kom nie!" het een van die dokters vir hom gesê. "Van nou af moet jy altyd sê, 'Ja, ek kan dit doen!'" Hierdie woorde van 'n nie-Christen dokter het 'n geweldige indruk op hom gemaak.

Hy kon heelhartig met die dokter saamstem, want terwyl hy in die hospitaal was, het hy geleer om in die moontlikmakende krag van God te glo. ***Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee*** (Filippense 4:13).

Koji Tamada het later by 'n Bybelskool graad gekry en daarna vir baie jare saam met Japansending as 'n hospitaalevangelis gewerk.

Ons staan steeds verwonderd oor die wonderwerke wat God doen om vir Japansending sulke wonderlike en toegewyde werkers te gee!

# 5

## Ramphulp

Japan is op 11 Maart 2011 getref deur 'n verwoestende, *driedubbele ramp* wat 'n ingrypende verandering vir die hele nasie teweeggebring het. 'n Enorme aardbewing het 'n aantal reusagtige tsoenami's tot gevolg gehad, wat drie kernsmeltings by 'n kernaanleg veroorsaak het.

Die Here het wonderwerke gedoen terwyl die inwoners besig was om van hierdie oorweldigende gebeure te herstel.

'n Groep bouers het na Japan gekom en hul dienste aangebied om 'n kerk te herbou. 'n Japannese skrynwerker het opgemerk dat hierdie vrywillige werkers anders is. Dit het gelyk asof hulle tevrede is om net te sing en gereeld bymekaar te kom om tot hul God te bid. Hierdie skrynwerker, wie se huis ook beskadig is, het besluit om by hulle aan te sluit, want hy was nuuskierig oor hul blymoedige gesindheid.

"Ek sal nooit 'n Christen kan word nie, want ek geniet my *sake* (ryswyn) te veel," het die skrynwerker bely. Die bouers het toe vir hom begin bid. Kort daarna is hy huis toe en het



Tsunamiskade

daarna uitgesien om sy *sake* te drink. Die eerste mondvol wat hy geneem het, was onverklaarbaar bitter! Hy vra toe sy vrou om 'n ander bottel te bring. Hierdie een was ook ondrinkbaar! Baie verward het hy stadigaan begin besef dat hy nie meer langer *sake* kon drink nie.

Vrywillige werkers het in die buurt rondgegaan om Bybels uit te deel. Hierdie man se vrou het ook een ontvang en was besig om dit te lees. Sy het haar man vertel hoe beïndruk sy met die leringe van die Bybel is en dat sy oorweeg om die kerk die volgende Sondag by te woon.

"As jy gaan, sal ek saamgaan," het hy gesê. Die Heilige Gees het in hul harte gewerk en hulle is albei wonderbaarlik gered!

## RAMPONDERSTEUNING

Natuurrampe kom algemeen voor in Japan. Daar is 200 vulkane waarvan 100 aktief is. Daar vind gemiddeld drie aardbewings per dag plaas wat iewers in Japan gevoel kan word. Kragtige tifone tref Japan ook elke jaar gedurende Junie tot Oktober. Stormsterkte winde en stortreëns veroorsaak baie verwoesting, grondverskuiwings en vloede.

Rampondersteuning is 'n gereelde deel van ons bediening. Omdat natuurrampe so gereeld gebeur, het ons gevind dat dit 'n doeltreffende manier is om die slagoffers met die Goeie Nuus te bereik. Hierdie bediening het tot dusver 'n groot invloed op die lewens van baie mense gehad.

Die Here het Japansending gehelp om 'n goeie balans te handhaaf tussen die aanbieding van maatskaplike hulp aan diegene in nood en die verkondiging van die Evangelie. Wanneer ons kos, klere en hulp aanbied, is ons ook bedag daarop om nie na te laat om diegene wat ons help ook van Christus te vertel nie. Dit is belangrik om aan slagoffers fisiese en emosionele hulp te verleen terwyl hulle besig is om hul lewens te herbou. Dit is ook baie belangrik dat ons hulle voorsien van die nodige inligting en geestelike bemoediging as voorbereiding vir die ewigheid.

## GESINDHEID, INLIGTING & BEHOEFTE

'n Wyse sendeling het gesê, "Daar is *drie dinge* waarvoor ons sensitief moet wees wanneer ons die Evangelie verkondig – *gesindheid, inligting en behoefte.*" Bedagsaamheid ten opsigte van hierdie sake kan baie help om mense op alle terreine van die lewe te bereik.

**1. GESINDHEID** – Eerstens is *gesindheid*. Om goeie dade te doen kan 'n groot rol speel om mense se gesindheid te beïnvloed. Dit is een rede hoekom ons kos en klere vir die haweloses bymekaar maak en rampslagoffers ondersteun. Dit is baie makliker om die Goeie Nuus met iemand te deel as ons eers 'n verhouding opgebou het of hul respek verkry het. Goeie dade help ons om 'n verhouding met sulke mense op te bou. Sommiges verwys hierna as *pre-evangelism*.

Dit is God se wil dat ons mense beïnvloed vir Christus deur ons goeie dade. Ons opdrag is, ***Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik*** (Matteus 5:16).

Die Bybel sê dat die ongereddes kennis sal neem van ons goeie werke. Sal hulle ons dan prys? Nee! Die Bybel sê dat hulle ons Vader in die hemel sal verheerlik. Ons goeie werke kan 'n kragtige invloed hê, indien dit op so 'n wyse gedoen word dat God daardeur verheerlik word.

Een van die ergste rampe wat Japan onlangs getref het, was die *driedubbele ramp van 11 Maart 2011*. 'n Kragtige 9.0-aardbewing het reuse tsoenami's veroorsaak, wat aanleiding gegee het tot drie ernstige smeltings by 'n nabygeleë kernaanleg. In sommige gebiede het die tsoenami's die hoogte van 39 meter bereik en so ver as 10 km die binneland inbeweeg! Honderde kilometers van die kuslyn in die noordooste van Japan is verwoes. Ongeveer 19 000 mense is dood en 500 000 is dakloos gelaat. As gevolg van die hoë graad van kernuitstralings, moes dorpe en stede algeheel ontruim word.

Aanvanklik, soos ondersteuners gebid en donasies gestuur

het, was Japansending uitgedaag om mense sodanig te help dat dit ook 'n geestelike impak op hul lewens sou maak. Maar dit was nie die tyd om traktaatjies uit te deel of die Evangelie te verkondig nie. Dit was 'n tyd waar mense komberse en blyplek nodig gehad het. Die modder moes uit hul huise verwyder word en hulle het baie bemoediging nodig gehad. Mense het desperaat probeer om te herstel, terwyl meer as 5 000 naskokke die gebied vir nog 'n jaar getref het. Die grootste van hierdie aardbewings het 'n lesing van 7.9 gehad!

Ons het aan hierdie slagoffers kos en klere, asook emosionele ondersteuning gegee — as 'n eerste stap om 'n vertrouensverhouding te bou. *God het vir ons gewys dat die beste beginsel was om op so 'n manier saam met die plaaslike kerke te werk sodat die inwoners kon ervaar dat hierdie hulp vanuit die kerk in hul gemeenskap kom.* Baie was dankbaar en het kerk vir die eerste keer bygewoon.

In een dorp is die inwoners ingelig dat voorrade elke oggend, behalwe op Sondae uitgedeel sal word, vanweë die kerkdienste. Sommige van die inwoners het in elk geval op Sondag gekom. Hulle het gesê, "Ons het nie vir voorrade gekom nie. Ons het gekom om die diens by te woon." Hierdie skielike openhartigheid het daartoe gelei dat baie mense tot bekering gekom het!

Een kerk in die stad, Kesennuma, het geen bekeerlinge die jaar voor die ramp gehad nie. 18 maande later is daar 15 mense tot hul klein gemeenskap gelowiges bygevoeg!

Die Heilige Gees het hierdie goeie werke wat ons gedoen het gebruik om mense se harte te verander. Ons dade van goedhartigheid het wonderwerke bewerkstellig om mense se *gesindheid* te verander en hulle daardeur te help om God te leer ken! Halleluja!

**2. INLIGTING** – Die tweede saak waaroor ons sensitief moet wees wanneer ons die Evangelie meedeel is *inligting*. Blaadjies, Bybels, CD's met boodskappe en video's is almal kragtige bronne van inligting.



Aardbewingskade in Kumamoto

Nog 'n kragtige 7.0-aardbewing het die stad, Kumamoto, in die suidweste van Japan op 16 April 2016 getref. Dit het 140 naskokke binne twee dae veroorsaak. Vyftig mense is dood, 3 000 is beseer, 44 000 is ontruim en 180 000 huise is beskadig. 26 000 weermagreserwes is ontplooi.

Werkers van Japansending het reggestaan met 'n trok en voorrade. Alex Verwey het 'n aantal spanne na Kumamoto gelei om die kerke en hul gemeenskappe te help met ondersteuning- en herstelpogings.

Een opwindende Japansending-uitreik is die publikasie van die maandelikse Japannese blaadjie, *Fontein van Vreugde*, wat altyd 'n getuienis van redding bevat. Hierdie blaadjies word oral in Japan versprei en maak dit moontlik vir ons werkers om met baie mense kontak te maak wanneer hulle verskeie dele van Japan besoek.

Toe ons werkers net na die aardbewing in Kumamoto aankom, het Alex die geleentheid gehad om 'n ongeredde dame, mev. Yamada, te besoek. Haar Christen-familielede in Hawaii het gereël dat sy die *Fontein van Vreugde* blaadjie elke maand deur die pos ontvang.

Sy het Alex met 'n groot glimlag begroet. Hulle het saam met haar gebid en haar aangemoedig om die plaaslike kerk



Alex & Mev. Yamada

by te woon. "Onmiddellik nadat ons klaar gebid het, het sy gesê, 'Dankie, ek het julle gebed in my hart ontvang'" het Alex ons vertel. Hy kon ervaar dat die Here deur hulle besoek met haar hart gepraat het.

Die Here het hierdie evangeliese blaadjies gebruik as 'n waardevolle bron van *inligting* in mev. Yamada se lewe om haar hart te versag en ons werkers in haar huis te verwelkom, sodat hulle saam met haar kon bid.

Wanneer ons rampondersteuning bied, kry ons soms die geleentheid om ook *inligting* mee te deel, soos 'n blaadjie of 'n Bybelteks. Die Heilige Gees gebruik hierdie dinge op 'n kragtige manier om tot ontvanklike harte te praat.

**3. BEHOEFTE** – Die derde saak waaroor ons sensitief moet wees wanneer ons die Evangelie meedeel, is *behoefte*. Soms bring God soekende mense met ernstige probleme en desperate behoeftes oor ons pad. Ons moet dan baie sensitief wees vir die leiding van die Heilige Gees. Dit is soms baie moeilik om te weet hoe om sulke mense te benader. Dikwels is dit die beste dat ons net na hulle luister en wys dat ons omgee.

Mnr. Aoki was 'n ouer man wat 'n gemeenskapsleier was. Hy het in 'n woonstelkompleks naby die see gewoon. Sy gebou is tydens die 2011 tsoenami's gedeeltelik oorstroom, maar dit het staande gebly omdat dit met beton gebou was.

Die parkeerplek langsaan is gebruik om die liggame van mense wat gesterf het te hou. Wanneer liggame van die tsoenami-slagoffers gevind is, is hulle soontoe geneem en in rye neergelê, sodat vriende en familielede hulle kon kom uitken. Die stad Ishinomaki is kwaai getref en dit het nie lank geneem voordat daardie parkeerplek gevul was nie.

Om die slagoffers uit te ken was 'n lang en grusame proses, want baie was verskriklik misvormd omdat modder, vullis en

seegras hulle oë en monde bedek het. Mnr. Aoki het ’n lap en ’n emmer water geneem en van liggaam tot liggaam geloop en hul gesigte gewas. Om dag vir dag die dood in die gesig te moes staar, het ’n diepgaande invloed op mnr. Aoki gehad. Dit het sy hart gebreek en hy was vir maande in algehele geestelike donkerte.

Sy swaarmoedigheid het begin lig toe hy musiek en gelag hoor wat van ’n nabye park kom. ’n Groep vrywilligers, saam met wie Japansending gewerk het, het vir ’n week lank daar opdrifsels en puin in die park verwyder. Hulle het toe vir die buurt ’n braai gehou. Mnr. Aoki het besluit om soontoe te gaan en het sy verhaal aan hulle vertel. Hy het die deernis in hul harte aangevoel terwyl hulle na hom geluister het.

Die groep vrywilligers het mnr. Aoki uitgenooi na ’n nabygeleë kerk wat hy toe gereeld begin bywoon het. ’n Paar maande later vertel hy dat hy die gesig van Jesus in ’n droom gesien het. “Sy glimlaggende gesig was blink en het gestraal van liefde. Nou verstaan ek hoekom Jesus julle na Ishinomaki gestuur het!”

Sommige van die mense het nie geweet hoe om te reageer nie, omdat meeste Christene nie daarop aanspraak kan maak dat hulle Jesus gesien het nie — selfs nie eers in ’n droom nie! Een van die vrywilligers was baie skerpsinnig en het die Bybel oopgemaak en Handelinge 2:17 gelees: ***Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom.***

Mnr. Aoki se hart is genees en hy het nuwe hoop in Jesus gevind! Hy het die Here Jesus leer ken omdat vrywilligers na hom geluister het en hom kerk toe genooi het. Die Heilige Gees het sy hart verander deur mense wat sensitief was vir sy ernstige *behoefte*.

Die Here kan ons ook gebruik om mede-Christene aan te spoor om nader aan Hom te leef, wanneer ons sensitief is om aan hulle *behoeftes* te voldoen.



Bill Cook

Enkele dae na die driedubbele ramp van Maart 2011, het Japansending vir Bill Cook met ’n trok vol voorrade na die noordooste van Japan gestuur. Hy het ’n Christen dame ontmoet wat baie bekommerd was, omdat die aardbewing veroorsaak het dat ’n klein houtskuur op haar erf teen haar buurman se huis aangeleun het.

God het ’n man met die regte vaardighede en gereedskap vir dié werk gestuur. Bill het ’n katrol en ’n kettingsaag gebruik om die skuur weg te trek van die buurman se huis en dit toe gesloop. Terwyl hy besig was om dit te verwyder, het hy opgemerk dat hierdie dame ’n goedversorgde Boeddhistiese altaar het, wat gebruik is om die voorvadergeeste te aanbid.

Bill sê toe vir haar dat hy met graagte ook die altaar vir haar sal wegsleep. Sy het ’n rukkie daaroor nagedink en toe ingestem dat hy dit kan doen. ’n Paar uur later toe hy daar kom om die Boeddhistiese altaar weg te sleep, begin die dame verskriklik huil.

“Wat in die volgende twintig minute gebeur het, was ’n



Bill Cook met sy katrol

ervaring wat ek vir die eerste keer beleef het," het Bill gesê. "Dit het gelyk asof hierdie suster 'n diepgelowige was, maar die duiwel het 'n wurgende houvas op haar gehad soos ek nog nooit vantevore gesien het nie. Ek het mooigepraat, gewaarsku en gepleit om van die Boeddhistiese altaar ontslae te raak, maar sy het letterlik opgekrul en in trane op die vloer voor my voete gelê en huil, en my gesmeek om simpatie te hê met haar dilemma. Toe ek wegry het ek haar verseker dat ek bly sal wees om terug te kom, indien sy enige hulp nodig het."

"Twee dae later het sy gebel om my te vra om die altaar te verwyder. Ek weet nie wie van ons twee was die gelukkigste nie! Ek het die gedrog op my trok gelaai en dit gaan verbrand!

"Hierdie suster was so gelukkig om vry te wees. Sy was soos iemand wat pas uit die tronk gekom het. Ek het vir haar gesê, 'Jy is een van die mees buitengewone vroue wat ek nog ooit ontmoet het. Wat Jesus vir jou gedoen het, is soos 'n storie wat ek nog nooit gehoor het nie! God het my al die pad vanaf Thailand na jou huis gebring met die regte gereedskap om die werk te doen — en dit is om jou van geestelike gebondenheid te verlos!'"

Die Heilige Gees het Bill op dié merkwaardige manier gebruik om hierdie dame, wat 'n groot *behoefte* gehad het, te help om kragdadige besluite te neem en sodoende God te verheerlik.

## BEMOEDIGENDE VERSLAE

God het baie wonderwerke verrig om die kerke in noordoos-Japan te herstel. Net na die driedubbele ramp in Maart 2011, was ds. Minimishi baie hartseer, want hulle het pas 'n kerkgebou voltooi, waarop hulle 'n groot skuldlas gehad het en dit is die see ingevee! Hy het bedroefd uitgeroep, "O, hoekom het my God die tsoenami's oor ons pad gestuur?"

'n Jaar later het ds. Minimishi gesê, "Ons harte is gevul met lofprysing vir God! Dankie Here vir die tsoenami's wat alles verander het! Voor die tsoenami's het ons slegs twee nuwe lede daardie jaar bygekry. Na die tsoenami's het ons nou al reeds 50

nuwe lede! Wat nog gebeur het, is dat God wonderbaarlik vir ons genoeg geld gestuur het sodat ons al ons skuld kon betaal, sowel as om 'n nuwe kerk te bou op 'n pragtige erf wat die stad aan ons geskenk het. Hierdie keer is dit nie teen die kus nie, maar hoër op!"

Ten spyte van die ramp het God alles ten goede laat meewerk. ***Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is*** (Romeine 8:28).

Die volgende is 'n paar bemoedigende verslae van die kerke in noordoos-Japan, sedert die driedubbele ramp van Maart 2011:

**1. Gesamentlike Pogings** – Die ramp het op so 'n groot skaal gebeur dat die kerke alles moontlik gedoen het om mekaar en hul gemeenskappe te help. Soos gelowiges van verskillende denominasies bymekaargekom het om te bid, is die mure tussen hulle afgebreek. Die kerke het saamgekom om die Evangelie te verkondig en die mense te help om van die verwoesting te herstel. Hierdie eenheid het vandag nog 'n uitwerking.

**2. Veranderde Verhoudings** – Na die ramp was daar so baie werk dat almal moes inspring om te help. Dit het veroorsaak dat die kultuur in die Japannese kerk, waar die predikant vir elke besluit geraadpleeg moes word en daar van hom verwag is om die meeste werk te doen, verander is.

Predikante en gelowiges, wat maar krities oor mekaar was, het begin om hul verskille opsy te skuif en saam te werk. Baie kerke trek vandag nog voordeel uit hierdie gemeenskaplike samewerking wat tussen die predikante en gelowiges tot stand gekom het.

**3. Vriendskappe Ontwikkel** – Die ramp het so wyd verspreid voorgekom dat mense enige hulp wat hulle kon kry aanvaar het. Kerke het 'n baie belangrike rol gespeel om die mense in hul gemeenskappe te help. Die vriendskap wat tussen die kerk en plaaslike gemeenskappe ontwikkel het, gaan voort om 'n invloed ten opsigte van die Evangelie te hê.

’n Sekere sendeling het herhaaldelik na verskillende dorpe gereis om vir hulle kos te neem. Toe die slagoffers hul harte vir hom oopmaak, vra hy of hulle geïnteresseerd is in Bybelstudie. Tussen diegene wat hy gehelp het, het hy 50 belangstellendes gevind en baie Bybelstudiegroepe in daardie omgewing begin!

## GEESTELIKE HERLEWING

(Bronne: bladsy 237)

Ten tye van die driedubbele ramp van Maart 2011 was noordoos-Japan nog redelik onaangeraak deur die Evangelie. Daar was min kerke en daar het meestal tien of minder mense die dienste bygewoon.

Hierdie ramp was ’n *wekroep* vir die kerke. Hulle het begin om hul doel te herevalueer, omdat God dit op hul harte gedruk het om hul verwoeste gemeenskappe te dien. Baie kerke het toe begin saamwerk met die organisasies wat rampondersteuning gebied het. Met hierdie gebeure het die Japannese gemeenskappe die belangrike bydrae van die kerk begin erken.

Vóór die ramp het die Japannese maar min van Christenskap geweet en het heelwaarskynlik nie eers ’n Christen geken nie, maar na die tsoenami’s het baie Christene hulp verleen. Baie mense het vir die eerste keer kennisgemaak met Christene wat God se liefde op ’n praktiese wyse getoon het. So het vriendskappe tussen die slagoffers en die Christene ontwikkel.

Agt jaar na die driedubbele ramp in Maart 2011 stem Christenleiers saam dat daar ’n geestelike herlewing oor die hele noordoos-Japan plaasgevind het. Christelike bediening en kerkstigting het geweldig toegeneem.

In die Iwate-prefektuur was daar voorheen geen sendelinge nie, maar ná die ramp was daar oor die 30! Baie dorpe in hierdie prefektuur het voor die ramp geen kerke gehad nie. Daarna was daar in elke stad en dorp óf ’n kerk, óf een of ander deurlopende uitreikaksie.

Die *Miyagi Mission Network* het berig dat daar voor die ramp 22 kerke was. Na die ramp het die getal kerke en geloofsgemeenskappe tot 60 gestyg. Verslae van net 30 kerke wys dat 178 mense ’n besluit geneem het om die Christengeloof aan te neem en 219 mense het geestelike soekendes geword. Hierdie verstommende toename is baie groter as in die res van Japan!

Die stad Ishinomaki, een van die grootste stede in die streek (inwonertal 150 000), het verskriklike verwoesting ervaar, asook ongeveer 5 000 sterftes. Voor die ramp het dié stad 7 kerke gehad, en in die meeste van daardie kerke het slegs 10 mense gereeld dienste bygewoon. Vandag is daar 13 kerke in Ishinomaki en die bywoning van meeste van hulle het vermeerder; sommige het ’n gemiddeld van oor die 30.

## HOOG BO DIE STERRE

Die volgende is ’n getuienis van ’n predikant wat baie erg geraak is deur die driedubbele ramp in 2011. Sy kerk was een van baie wat Japansending help herbou het.

Toe die kragtige 9.0-aardbewing noordoos-Japan op 11 Maart 2011 om 14:46 tref, het ds. Yukikazu Otomo, predikant van ’n Baptiste Kerk in Sendai, op die tweede verdieping van die kerk op die vloer aan tafel gesit en ’n koppie groentee gedrink.

Wat hy gedurende die eerste vyf minute van die aardbewing ervaar het, moet vertel word. Die bure se honde het begin blaf en tjank toe ’n diep gerommel en gebrul uit die maag van die aarde vanuit ’n diepte van 30 km opkom om alles te verbrysel en te vernietig!

Yukikazu is nog nooit in sy hele lewe so getref deur kommentare en Bybels as toe die boekrak op sy kop omgetuimel het nie! Hy het naelskraap aan ernstige beserings ontkom toe die klein tafeltjie waarby hy gesit het, voor sy oë verpletter is! Oomblikke later het hy gesien dat die plafon intuimel en toe het hy besef dat sy kerkgebou onveilig was. Hy het die trappe afgehardloop terwyl dit onder hom heen en weer wieg.


Ds. Otomo

Hy het sy pad deur die versmorende stof gevoel en oor stukke pleister en boeke wat oral verspreid lê, geklim. Hy het deur die kerk en die versplinterde glasdeure gehaas om uit die gebou te ontsnap! Toe hy uiteindelik buite was, moes hy keer dat hy nie oor al die bourommel val as gevolg van die bewegende pad nie. Die kruis bo aan die kerkgebou het heen en weer geswaai asof dit die mas van 'n skip op 'n rowwe see is!

Sy grootste bekommernis was die bejaardes en die siekes. Tsoenami's met golwe van 10 meter hoog het sy gebied getref. Dit het voertuie, brandende geboue, fabrieke, treine en spoorwegstasies met geweldige krag weggespoel! Hy het God gedank dat hul kerk op hoë grond gebou was, en bure kon die ouer mense en siekes soontoe dra.

Yukikazu se ander bekommernis was oor die dorp, Idohama, waar hy gebore is en grootgeword het. Sy moeder was 87 jaar oud en het op haar eie tussen die honderd families van daardie dorpie gewoon. Die gewone rit van 30 minute per motor het nou vanweë die slegte paaie baie ure geneem en dit het hom tyd gegee om oor die verlede na te dink.

Yukikazu het in sy grootwordjare in die rysvelde gespeel, naaldekokers gevang en kleurvolle skoenlappers gejaag. Elke jaar het hy saam met sy ouers die fees by die plaaslike tempel bygewoon om die afgode te aanbid. Hy was baie nuuskierig oor in die inhoud van die heel binneste deel van die tempel waar kinders nie toegelaat is nie. Hy het op 'n keer deur die bamboesafskorting geloer. Die son het daar ingeskyn en die sonlig het op die hope afgeskeerde menshare geval wat deur die toegewyde aanbidders geskenk is. "Jig, hoe aaklig!" het hy gedink.

'n Baie gedenkwaardige oomblik in sy lewe was die eerste keer wat hy van die Skepper God bewus geword het. Dit was

’n warm somernag terwyl hy nog op hoërskool was. Hy het op sy rug op die koel gras gelê en opgekyk na die sterre. Diep in sy hart het hy ’n gevoel gekry wat hy nie kon verduidelik nie, naamlik dat die ware God nie in die plaaslike tempel leef nie, maar wel hoog daarbo.

***Van die skepping van die wêreld af kan ’n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat ’n mens nie met die oog kan sien nie*** (Romeine 1:20).

Toe Yukikazu skool klaarmaak, het hy by ’n skeepsmaatskappy aangesluit en hom as ’n tekenaar bekwaam. Hy het nooit huis toe gegaan nie, want meer as eenkeer moes hy vir sy lewe hardloop wanneer sy besope vader hom wou aanrand.

’n Medestudent het by hom aangedring om die Shiogama Bybel-Baptiste Kerk in die naburige dorp by te woon. Daar het hy vir die eerste keer gehoor van die God van die skepping wat op sy troon bo die sterre sit. Hy wou meer weet omtrent hierdie Skepper God en het sy eerste Bybel by ’n tweedehandse boekwinkel gekoop.

Gedurende die 10 jaar wat hy vir die skeepsmaatskappy gewerk het, het hy die Bybel geesdriftig bestudeer. Na baie gebed en nadat hy ’n roeping van God ontvang het, het die ouderlinge van die kerk besluit om hom kweekskool toe te stuur om hom vir die bediening te bekwaam. Nadat hy gegradueer het, het hy ingestem om die predikant van die Shiogama Bybel-Baptiste Kerk te word.

Toe Yukikazu uiteindelik in Idohama aankom, het hy die verwoesting aanskou wat die aardbewing en die tsoenami’s agtergelaat het. Hy kon sy oë skaars glo. Weg was die bekoorlike grasdakhuise en skoon strate. Bourommel en vullis het dit onmoontlik gemaak om te sien waar die strate is. Die goedversorgderyslande is vervang deur ’n see van afvalmateriaal.

Yukikazu was verlig toe hy sy moeder vind. Terwyl die naskokke nog voortduur, het hy haar gehelp om die nodigste

bymekaar te maak en haar na ’n ontruimingsentrum geneem.

Hy het ervaar hoe onvoorspelbaar die lewe is en het God gedank vir sy genade — wat hom gesoek en gevind het. Yakikazu het sedert hy 20 jaar gelede gered is, nooit teruggekyk nie! Hy is nou 60 jaar oud en as gevolg van die verskriklike verwoesting wat die aardbewing en die tsoenami’s veroorsaak het, is hy meer as ooit vasberade om op die hoofpaaie van God te stap!

***“Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar my liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, my vredeverbond met jou sal nooit wankel nie, sê die Here, wat jou liefhet”*** (Jesaja 54:10).

Selfs wanneer die berge bewe en die heuwels aan stukke val, sal God se goedheid ons nooit verlaat nie!

Japansending en verskillende groepe vrywilligers het bymekaargekom om ds. Yukikazu Otomo te help om sy erg beskadigde kerk binne drie maande na die ramp plaasgevind het, te herbou. Hierdie kerk het nou ’n toevlugsoord geword waar mismoedige mense hul weg na die voet van die kruis kan vind.

# 6

## Engelse Evangelisasie

’n Doeltreffende manier om die verlorenes in Japan vir Christus te bereik, is deur die onderrig van Engels. In een opname het 40% van die Japannese predikante aangedui dat hul eerste kennisname van die Evangelie deur ’n Engelse klas was! Ons het ervaar hoe hele kerkgemeenskappe gevorm is as gevolg van Engelse evangelisasie.

Studente wat ywerig is om Engels te leer en vriende met ’n buitelander te maak, kom herhaaldelik terug om hul Engels te verbeter. Elke keer wanneer hulle die klas bywoon, hoor hulle die Evangelie, want elke klas word afgesluit met ’n getuienis of ’n kort gesprek oor die Bybel.

Onderwysers is gerespekteerde mense in die Japannese samelewing. Hierdie agting vir Engelse onderwysers maak dit maklik om vriendskappe met die studente te sluit en hul respek te wen. Onderwysers nooi studente dikwels uit na die kerkdiens op ’n Sondag. Vriendskappe wat dus in die klaskamer begin, gaan voort in die kerk soos wat gelowiges met hulle vriende maak.

Die Here het Japansending geseën met ’n talentvolle span Engelse onderwysers wat baie toegewyd is. Hulle reis weekliks na ongeveer twintig verskillende kerke in die Osaka-omgewing om met ongeveer 300 studente te verkeer. Hul pligte behels onderrig, om getuienis te lewer, om die Evangelie mee te deel, sang, berading, verspreiding van leesstof en om vriendskappe te smee.

### VERHALE VAN GOD AAN DIE WERK

Baie studente vind nuwe hoop in die Engelse klasse en word deur die Christengeselskap aangemoedig. Ander het weer die Here as Redder gevind deur gesprekke oor die Bybel. Dit is opwindend om die proses waardeur die Heilige Gees harte verander, te beleef!

Mnr. Terada was moedeloos nadat sy vrou oorlede is. Hy het egter begin moed kry toe hy die Engelse klasse kom bywoon, vriende maak en die Bybel begin lees het. By ons Kersparty het hy vir almal vertel dat hy die hele Bybel binne een jaar deurgelees het. Hy kom nou elke Sondag kerk toe en geniet dit om die Bybel te bespreek. Hy is oor die 80 en is een van ons oudste studente.

’n Ander student het baie vrae oor godsdiens gestel en elke week die Bybel met die predikant bespreek. ’n Paar maande later het hy by ’n boekwinkel ’n baie mooi geïllustreerde Engelse Kinderbybel gekoop. Hy het dit saamgebring klas toe en die onderwyser gevra om hom te help om dit te lees en seker te maak dat hy die regte uitspraak het. Wanneer sy kleinkinders nou kom kuier, lees hy die Kinderbybel aan hulle voor. Ons was verbaas om te hoor hoe God hierdie soekende gebruik om God se Woord met sy kleinkinders te deel!

Yuka het op laerskool by ’n kerk begin Engels leer. Nadat sy ’n paar jaar die Engelse klas bygewoon het, wou sy meer van die Bybel weet. Sy het toe gevra of ons een keer per week saam die Bybel in Engels kon lees. Maande later het sy besluit om die Here as haar Saligmaker te aanvaar. Haar familie was Boeddhiste en was daarteen gekant dat sy die Christelike geloof aangeneem het en Sondae kerk toe gaan. Sy gaan dus nou gedurende die week kerk toe om te bid en die Bybel saam met ander lede van die kerk te bestudeer.

Nonoka het ook op laerskool by ’n kerk die Engelse klas bygewoon. Sy was geïnteresseerd in die Bybel en die kerk het vir haar een gegee. Opgewonde om haar eie Bybel te besit, het sy dit dadelik gretig begin lees. ’n Paar maande later het sy saam met die predikant se vrou gebid en Jesus aangeneem.

God het in die hart van Hisashi gewerk nadat hy sy geliefde hond, Angel, as gevolg van kanker verloor het. Hy het haar vir 13 jaar gehad en was ontroosbaar. Terwyl hy so oor haar treur, het hy die begeerte gekry om tot God te bid vir vrede

en vertroosting. Hy het toe 'n bietjie vroeër as gewoonlik na die Engelse klas gekom om die predikant te vra om vir hom te bid. Terwyl die predikant hom bemoedig, het die Here Hisashi se hart aangeraak en hy het sy hart net daar aan die Here Jesus gegee! Inderdaad, slegs God kan hartseer tot vreugde en beproewing tot oorwinning verander!

Een vrou het ongeveer 20 jaar gelede begin Engels studeer. Sy het haar studies vir twee jaar lank gestaak. Sy het daarna ernstige probleme ondervind waarvoor sy geen oplossing kon vind nie. Die gevolg was dat sy terug kerk toe gegaan het om antwoorde te vind en meer omtrent die Bybel te leer. Sy is nou 'n getroue gelowige in daardie kerk! Dit neem soms jare nadat die eerste saadjies gesaai is voor 'n persoon die Here leer ken.

'n Gewese Engelse student het met ons gedeel hoe baie probleme sy gehad het toe sy geskei is en twee klein kindertjies alleen moes grootmaak. Sy het nie die moed gehad om die kerk by te woon nie, maar het besluit om wel te gaan toe sy hoor dat daar Engelse klasse aangebied word. Daar het sy nuwe vriende gemaak en later ook Jesus Christus as haar Saligmaker aangeneem!

## VAN STUDENT TOT CHRISTELIKE WERKER

"Terwyl ek besig was om my kind te versorg, het ek dikwels verby die kerk geloop en die leesstof en advertensies wat buite opgeplak was, gelees," vertel Yasuko. "Ek het soms sang gehoor wat vreugde in my hart gebring het."

"Ek het vreemd aangetrokke tot die kerk gevoel en besluit om by 'n Engelse klas aan te sluit. Ek het dit besonder geniet en baie vriende gemaak. Die geesdriftige onderwyser het oor interessante onderwerpe gepraat.

"Ek het die leringe van die Bybel leer ken deur die praatjies oor die Bybel aan die einde van elke klas. My hart is geroer deur die boodskappe en die getuienisse van die verskillende sendelinge wat ons klas besoek en onderrig het.

"Ek het maar onlangs tot bekering gekom en het nog baie om te leer, maar ek help nou by die kerk met die Engelse klasse vir die kinders. Ek voel dat God my lei en wys hoe ek my gawes kan gebruik om ander te help om Hom te vind. Ek dank die Here dat Hy my so seën deur hierdie geleentheid om Hom te dien."

God het Yasuko se hart verander — en sy help nou die ander studente in die Engelse klasse om ook die Here te leer ken!

## POLISIEMAN VIND JESUS

"Eendag by die werk het 'n Christenvriend aan my gesê, 'Ek glo in die teenwoordigheid van God.' Daardie woorde het daarna my lewe verander! Ek kon as gevolg van my Boeddhistiese agtergrond nie verstaan wat hy daarmee bedoel nie," het Masahiro, 'n polisieman, meegedeel.

"Ek het my vriend dopgehou en agtergekom dat sy waardes van myne verskil. Hy het sy menings met soveel sekerheid uitgespreek dat ek begin nadink het oor sy geloof.

"Ek was verbaas oor sy opregte lewe en het toe inligting omtrent die Christendom op die Internet gesoek, en met ander Christene in verskeie dele van Japan begin kommunikeer.

"Ek het die behoefte gehad om kerk by te woon om meer uit te vind, maar het nie geweet waar om te begin nie. Ek het toe besluit om na die kerk naby my huis te gaan. Toe ek by die kerk aankom, het ek nie die moed gehad om in te gaan nie en omgedraai. Dit het 'n paar keer gebeur.

"Een Saterdagaand het ek verby die kerk geloop en 'n plakkaat gesien wat Engelse klasse adverteer. Die predikant was voor die kerk besig om plante nat te gooi. Ek wou hom vra oor die Sondagdiens, maar huiwerig kon ek net senuweeagtig sê, 'O, ek sien julle gee Engelse klasse!' Sy vriendelike antwoord en verduideliking het my die moed gegee om die volgende dag se diens by te woon.

"Nadat ek by die Engelse klasse aangesluit het, het ek nog iets ontdek wat ek nie kon verstaan nie. Hoekom sou 'n

onderwyser saam met sy familie, 'n vervullende lewe en werk in sy eie land verlaat, en al die pad na Japan kom om hier in 'n afgeleë plek te werk? Hoekom is hy so toegewyd aan sy God? Dit het my aangespoor om die Bybel meer ywerig te lees om 'n antwoord te vind.

"Teen daardie tyd het ek al die byeenkomste by die kerk bygewoon. God het my hart geroer deur 'n reeks betekenisvolle byeenkomste en ek kon nie ophou huil toe ek my sonde bely het nie.

"Ek het my Internetvriende vertel, 'Jesus het in my hart gekom!' Hulle het almal saam met my gejuig!

"My vader was daarteen gekant dat ek 'n Christen word. Hy was bang dat ek, as die oudste seun, nie meer die Boeddhistiese altaar in stand sal hou om vir ons afgestorwe familielede te sorg nie. Ek bid nou vir die redding van my familielede terwyl ek op die volgende teksvers staatmaak: ***Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin*** (Handelinge 16:31)."

## DIE GOUE REËL

Alex en Eri speel 'n belangrike rol in die werk van Japansending. Die volgende is die merkwaardige getuienis van hoe Eri se begeerte om Engels te leer 'n sleutelrol in haar redding gespeel het.



Alex & Eri Verwey

"Een nag, in my vroeë tienerjare, het ek so wanhopig gevoel dat ek my pols gesny het," vertel Eri. "My vriende het my verwerp; ek het seergemaak en mismoedig gevoel, en begin vra na die sin van die lewe.

"'Wat sal met my gebeur as ek sterf?' het deur my gedagtes geflits toe ek sien hoe die bloed van my hand af drup. Die wete dat ek nie 'n antwoord op daardie vraag gehad het nie,

het my skielik baie bang gemaak vir die dood! Ek het na my moeder uitgeroep vir hulp en sy het met my na die naaste hospitaal gejaag.

"'n Tydjie daarna het ek 'n keerpunt in my lewe ervaar terwyl ek in 'n bus gery het. 'n Vriendelike, Engelssprekende familie het reg agter my gesit. Ek was nuuskierig oor hul kultuur, wou meer van hul lewe weet en gehoop dat hulle met my sou wou praat.

"Ek het 'n stem agter my hoor sê, 'Hi!' Ek het omgedraai en senuweeagtig ook 'Hi!' gesê. Ek was baie verleë toe ek besef dat die vreemde man agter my besig was met 'n selfoonoproep!

"Hy was net so verbaas oor my optrede. Hy het daarna met my begin praat en my uitgenooi na die Engelse klasse by sy kerk.

"Die mense by die kerk was baie vriendelik en het my hartlik verwelkom. Ek het elke week ná die Engelse klas 'n boodskap uit die Bybel gehoor, maar het baie gou besluit dat ek nie met hul leringe saamstem nie. Ek het gedink dat as ek 'n Christen word, ek nie aan die verwagtinge van my familie sal kan voldoen nie en dat mense my snaaks sal aankyk.

"Ek was vasbeslote om nie 'n Christen te word nie en het daarom probeer om deur die Bybelboodskappe te slaap.

"Soos wat my Engels verbeter het, merk ek op dat hierdie Christene iets het wat ek begeer. Dit het gelyk of hulle vrede het en verseker is dat hul God hulle sou help wanneer hulle probleme ervaar.

"Toe hulle meedeel hoe Jesus aan die kruis gesterf het en sy bloed vir my sondes gestort het, het ek dit verstaan; maar ek het gesukkel om in die opstanding te glo.

"Terwyl ek met verskeie probleme sukkel en antwoorde soek, het ek tot die Here Jesus begin bid en ervaar dat my gebede verhoor word!

"Dit het my laat besef dat Jesus leef, en dat die opstanding werklik 'n historiese gebeurtenis was. Ek het toe my sondes bely en Jesus gevra om my Here en Redder te word toe ek 15 jaar oud was.

***As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word*** (Romeine 10:9).

"Ek het baie verander sedert ek 'n Christen geword het. Dit is later aan my bevestig toe my ongeredde jonger suster my 'n brief en 'n geskenk gegee het, al was dit nie eers my verjaarsdag nie! Sy het geskryf: *'Liewe Eri, ek het gedink jy is die persoon wat ek die meeste gehaat het, maar jy het verander en wys nou dat jy regtig vir my omgee. My gevoelens het verander van haat na opregte liefde vir jou!'*

"Ek het nie net God se goue reël my eie gemaak nie, maar het ook my toekoms aan Hom toevertrou!" ***Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen*** (Matteus 7:12).

## DIE GOUE DRAAD VAN GOD SE GENADE



Misa Shepard

Die volgende is die aangrypende getuienis van Misa Shepard, wat sedert Februarie 2014 vir Japansending werk. Sy is 'n goed gekwalifiseerde, toegewyde werker, wat die Here leer ken het deur die Engelse klasse wat in 'n kerk naby haar huis aangebied is.

Misa is in 1973 in 'n tradisionele Japannese familie in die stad Kyoto gebore. Haar ouers het mekaar ontmoet terwyl hulle aan 'n Boeddhistiese universiteit studeer het. Hulle was baie godsdienstig en het Misa as kind geleer om by verskeie tempels te aanbid. Sy het ook kampe bygewoon wat deur die tempel vir kinders gereël is.

Haar pa het lang ure gewerk en was die meeste van die tyd weg van die huis af. Wanneer hy tuis was, het hy feitlik nooit geglimlag of gelag nie en het ook dikwels met haar ma baklei.

Hy was ’n man van min woorde en het nie dikwels sy emosies of liefde teenoor sy familie gewys nie.

Misa het geweet dat hy hard gewerk het om in hul behoeftes te voorsien, maar sy het verwerp en eensaam gevoel. Haar vader het slegs tekens van goedkeuring getoon en haar geprys wanneer sy op skool goed gedoen het. Sy het hard studeer en probeer om ’n goeie dogter te wees, maar sy kon nie aan sy hoë verwagtinge voldoen nie. Haar gebede tot die Boeddhistiese gode om vrede te vind het haar leeg laat voel, en haar na die ware betekenis van die lewe laat soek.

Terwyl sy op hoërskool was, het Misa na ’n Christelike radio-uitsending geluister. Op dié program is daar ’n getuienis uitgesaai van ’n dame wie se las verlig is toe sy haar hart vir die Here Jesus gegee het. Daarna het hulle die welbekende storie, *Voetspore in die Sand* gedeel. Dit is die voorbeeld van hoe Jesus ons dra wanneer ons op ’n laagtepunt van ons lewens is en hoe Hy ons nooit verlaat of versaak nie.

Dit was Misa se eerste kennismaking met die Christendom. Haar nuuskierigheid is aangewakker en sy het besluit om kerk by te woon, maar haar ouers was daarteen gekant. Eendag het sy ’n advertensie van Engelse klasse by ’n nabygeleë kerk ontvang. Haar ouers het baie teësinnig ingestem dat sy mag gaan, maar haar gewaarsku om nie ’n Christen te word nie.

Sy het later gehoor dat die kerk 1 000 blaadjies versprei het. Slegs drie studente het opgedaag en sy was een van die drie!

Misa was sestien jaar oud toe sy vir die eerste keer kerk begin bywoon en die Bybel gelees het. Sy was diep geraak deur die liefde en goedheid van die sendelinge wat met haar in hul gebroke Japannees gepraat het. Sy het gou geleer hoe lief Jesus haar het.

Dit het haar nie lank geneem om Jesus as haar Saligmaker aan te neem nie. Oorweldig deur God se liefde en vrede, kon sy haar vader vergewe en haar gevoelens van bitterheid en minderwaardigheid oorkom. Misa het die ware doel en

betekenis van haar lewe gevind toe sy ontdek dat God 'n plan vir haar lewe het.

Dit was soms vir haar moeilik om die sterk teenkanting van haar familie te hanteer, maar sy het in haar kerk met vreugde gedien en selfs 'n Bybelstudiegroep begin by die universiteit waar sy studeer het.

Gedurende haar derde jaar aan Kobe Stad Universiteit het die Groot Hanshin aardbewing, met 'n sterkte van 7.2, Kobe op 17 Januarie 1995 getref. Meer as 5 200 mense het gesterf, 30 000 is beseer, 300 000 is sonder huise gelaat en 110 000 geboue is beskadig!

Misa en haar familie het in Kyoto gewoon en is nie juis geraak nie, maar vervoer na en van die universiteit in Kobe was onmoontlik. Die Here het haar gelei om as vrywilliger haar hulp aan te bied by 'n Christen hospitaal in Osaka om slagoffers van die aardbewing te help.

Na 'n jaar wat sy as vrywilliger gewerk het, kon sy haar studies hervat en het 'n graad in Internasionale Verhoudings behaal.

Sy is deur 'n maatskappy in Kyoto in diens geneem. Binne 'n maand het sy egter bedank, omdat dit van haar verwag was om na die maatskappy se bedeplek om te sien en die boekhouding op 'n oneerlike manier te doen. Sy het besef dat sy nie getrou aan die Here kon wees as sy voortgaan om by dié maatskappy te werk nie. Haar ongeredde ouers en grootouers was onsimpatiek en woedend oor haar besluit.

Kort daarna het Misa siek geword en sy was vir 'n hele ruk aan haar bed gekluister as gevolg van die oorweldigende druk en angs. Jesus het egter haar volgehoue gebede op 'n wonderbaarlike manier beantwoord. Sy het 'n telefoonoproep ontvang van die Christen hospitaal waar sy vrywillige werk gedoen het. Sy was baie bly toe hulle haar vra om by die Evangeliese Departement aan te sluit en in die versorgingsoord te werk.

Sy was die medewerker van die kapelaan en kon dus die Evangelie met baie mense deel. Na 'n jaar is sy die

verantwoordelikheid van ontvangsdame gegee. Sy het toe vir die volgende 15 jaar daar gewerk.

Die Here het haar gelei om in 2011 met Kevin Shepard te trou. Kevin was ’n toegewyde tentmaker sendeling van die VSA en het dieselfde kerk as Misa bygewoon. Die Here het hulle gelei om voort te gaan om in daardie kerk te dien, terwyl hulle ook teenoor Misa se familie getuig het.

Misa het in Februarie 2014 by Japansending aangesluit en is ’n groot hulp met korrespondensie, die finansies, vertaalwerk en met verskeie uitreikaksies soos die Kinderklub.

“Ek is gered in ’n kerk waar daar baie sendelinge gewerk het,” vertel Misa. “Ek het in Osaka vir ’n Christen hospitaal, wat deur mediese sendelinge gestig is, gewerk. Ek kan dus sê dat ek die vrug is van die liefdevolle en getroue werk van sendelinge. Ek sien die *goue draad van God se genade* dwarsdeur my hele lewe!

“Ek is so dankbaar om saam te werk met sulke wonderlike mense wat so vol is van God se liefde en vreugde!

“Bid asseblief dat my familie ook vir Jesus sal leer ken, dat ek kan voortgaan om te groei en God doeltreffend te dien deur my werk in die kerk en by Japansending.”

## GOD SE LIEFDE IN AKSIE

Die volgende is die getuienis van ’n Engelse student wat gered is en nou help met die Engelse bediening in haar kerk.

Yoriko Tamai is in Desember 1953 in ’n klein dorpie naby Osaka gebore. Sy en haar ouer suster het grootgeword in ’n huis waar Boeddha getrou gedien is. Haar eerste kennismaking met die Christelike geloof was toe sy Sondagskool bygewoon het en ingeskryf was by ’n Christen kleuterskool.

Yoriko vertel, “My storie oor hoe ek God leer ken het deur Engels te leer, het meer as 50 jaar gelede begin toe ek aan die deur van ’n liefdevolle sendelingpaar geklop het.

“Ek het al die pad na die volgende dorp gegaan om by ’n klas in hoërskool Engels aan te sluit aan huis van dié egpaar. Hulle


Yoriko Tamai

het my met liefde in hul huis, wat ook as kerk gedien het, verwelkom. Ek onthou nog steeds hul vriendelike glimlagte. Ek het die Westerse versierings, prente, meubels en selfs die reuk van hul huis bewonder. Dit was gesellig en gerieflik. Ek onthou hoe senuweeagtig ek was toe ek op hul gemaklike rusbank gaan sit het, omdat ek geen Engels kon praat nie.

“Dit het my omtrent 20 minute per fiets tot by hul huis geneem. Ek het egter die Engelse klasse vir drie jaar gereeld bygewoon. Ek het nie hul kerk bygewoon nie, maar wel hul byeenkomste tydens Kersfees en ek het die Bybel begin lees.

“Die tuisgebakte koek en kleinkoekies saam met koffie en tee was heerlik. Ons het ook soms geleer hoe om koek te bak en lekkers te maak. Ek het die tye wat ek in hul huis deurgebring het uitsonderlik geniet.

“Hulle het my aangemoedig om vrylik Engels te praat en nie skaam te wees nie — selfs al maak ek foute. Ek het dit so geniet dat ek besluit het om Engels op universiteit te studeer om Engels so vlot te leer praat dat ek oorsee kon gaan.

“Tot my ontsteltenis het dié egpaar, toe ek 22 jaar oud was, hul dienstydperk as sendelinge voltooi en na die VSA teruggekeer. God was egter nog steeds aan die werk.

“Ek onthou dat ek as universiteitstudent in een van my klasse verwag is om die Bybel te lees. Ek besef nou dat die professor ook ’n Christen moes gewees het en dat God hom op hierdie manier gebruik het om my meer omtrent Hom te leer.

“Ek het later na Osaka getrek en vergeet van my droom om oorsee te gaan. Voordat ek dit kon agterkom, was ek getroud en ’n besige huisvrou, met ’n seun van ses en ’n dogter van drie jaar oud.

“Dit was gedurende hierdie tyd dat die sendingpaar wat ek voorheen geken het aan my vanuit die VSA geskryf het om my van ’n nabygeleë kerk, waar ek Engels kon leer, vertel het.

"Ek het my kinders saamgeneem om die Engelse klas by te woon. Dit was vir my verfrissend om weer Engels te kan praat. Baie onderwysers het deur die jare na hierdie kerk gekom om Engels te onderrig. Een onderwyser wat 'n groot indruk op my gemaak het was Ginnie. Sy was ons Engelse onderwyser vanaf 1986 tot 1991. Gedurende haar laaste jaar het sy uitgevind dat sy kanker het en is in die hospitaal opgeneem.

"Die predikant, lede van die kerk en die Engelse studente het beurte geneem om Ginnie in die hospitaal te besoek. Ek het haar elke Vrydagnamiddag besoek. Dit was gedurende een van hierdie besoeke dat sy met my oor Jesus gepraat het. Ek het haar belowe dat ek sal doen wat ek kan om haar weer in die hemel te sien. Sy is kort daarna oorlede.

"Sedert ek daardie belofte gemaak het, het ek ernstig daaraan begin dink om die Christelike geloof aan te neem. Dit was juis toe dat my buurvrou, wat ook een van my beste vriende was, dieselfde gedagte gehad het. Ons het besluit om albei 'n Bybelstudie by die kerk by te woon. Terwyl ek die Bybel bestudeer, het ek oor my lewe nagedink en begin agterkom dat ek 'n sondaar is en God se vergifnis nodig het. Die predikant het ons albei kort daarna na die Here gelei.

"My suster, niggie en 'n hele paar van my vriende het ook die Christelike geloof aangeneem. My man en twee kinders is oop vir Christenskap, maar het nog nie die Here aangeneem nie. Bid asseblief dat hulle tot 'n diep besef sal kom dat hulle Jesus as Redder nodig het.

"Terwyl ek so nadink oor my verlede, kan ek met sekerheid sê dat toegewyde Engelse onderwysers wat hul lewens opgeoffer het ten bate van die sending in Japan, 'n groot invloed op my lewe gehad het. Deur hulle liefde in aksie te beleef, het my oortuig van die bestaan van God en Sy liefde vir my.

"Japansending het sedert 1997 Engelse onderwysers na ons kerk toe gestuur. Hierdie onderwysers was van die VSA, Kanada, Australië, Suid-Afrika, Noord-Ierland, Indië en die Filippyne.

My vriendskap met hierdie onderwysers is baie besonders. Ek het so baie van die Christelike lewe van hulle geleer.

"'n Gemeenskaplike kenmerk van hulle almal is hul opregte toegewydheid om God se liefde en die Evangelie met die studente te deel.

"Klasse in Engels bied 'n wonderlike geleentheid om studente bewus te maak van die behoefte aan 'n Redder — soos in my geval. Die boodskappe uit die Bybel wat deur hierdie onderwysers gedeel is, is goed ontvang en het die lewens van baie mense geraak."

Yoriko werk tans nou saam met die predikant en Engelse onderwyser om ander te help om ook vir Jesus te leer ken.

## OORGAWE AAN GOD

Die volgende is die opwindende getuienis van 'n jong Kanadese dametjie wat haar lewe aan die Here toegewy het en hoe sy gelei is om as 'n Engelse onderwyser in Japan te dien.


Melanie Peter

Melanie Peter is in 1984 gebore in Vernon, British Columbia — 400 km oos van Vancouver in die pragtige westelike deel van Kanada.

Sy het in 'n Christelike huis grootgeword en vroeg in haar lewe geleer dat Jesus na die wêreld gekom het om ons van ons sondes te red. Sy was betrokke by die kerk en het 'n groot uitgebreide familie van toegewyde Christene se ondersteuning en koestering ervaar. Hulle het haar gehelp om tot die besef te kom van hoe belangrik dit is om God te volg en wat dit beteken om 'n sterk geloof te hê.

"Op hoërskool het baie van my vriende begin drink en partytjies hou," vertel Melanie. "Daar was moeilike besluite wat ek moes neem. Ek het besef dat ek 'n regte keuse moet maak ten opsigte van wie my vriende is en wat belangrik in die lewe

is. Al het ek nie toe ’n persoonlike verhouding met Jesus gehad nie, glo ek dat Hy die getroue gebede van my ouma en my ouers beantwoord het en my beskerm het teen verkeerde keuses.

“Op skool het hulle my ’n *goeie meisie* genoem, maar ek het geweet dat om net goed te wees nie genoeg vir God is nie. Toe ek 15 word, het ek leeg gevoel en nie die vermoë gehad om die regte keuses te maak nie. Ek het kerk toe gegaan en gedoen wat van my verwag word, maar het na meer verlang. Ek het begeer om iets te vind wat aan my lewe ware betekenis en ’n doel sou gee.

“Terwyl ek na antwoorde soek, het ek respek gekry vir die mense rondom my wat met oortuiging kon praat van ’n persoonlike verhouding met Jesus. Daar was mense om my wat God ten volle gedien het en ek wou soos hulle wees, maar ek het ook besef dat ek dit nie in my eie krag kon doen nie. Ek het toe besluit om my sonde te bely en die Here Jesus aan te neem.

“Ek het die Bybel begin lees en baie kosbare waarhede daarin ontdek. Ek het voorheen die Bybel gelees, maar nou was dit asof ek dit vir die eerste keer lees. Die Bybel het vir my so werklik geword en ek het gevind dat ek dit op elke gebied van my lewe kon toepas.

“Na hoërskool het ek aan ’n plaaslike universiteit begin studeer. Dit het my in ’n lewe laat beland wat teen alles was waarin ek geglo het. Daar was baie versoekings en ek het aangetrokke gevoel tot ’n nie-Christen jongman wat aan my aandag gegee het. Hy het my baie spesiaal laat voel. In die begin het ek dit nie besef nie, maar mettertyd het ek gevind dat my diep gevoelens wat ek vir hom ontwikkel het, veroorsaak het dat my oë nie meer op God was nie.

“Ek het probeer om hom saam kerk toe te nooi, maar hy was nie geïnteresseerd nie. Ek het ook gevind dat ons verhouding ’n negatiewe uitwerking het op my verhouding met my familie en intieme Christenvriende. Soos wat ek voortgegaan het om kerk by te woon, het drie van my Christenvriende my gehelp

om te besef dat ek besig is om die verkeerde keuses te maak. Ek het toe besluit om my verhouding met my kêrel te verbreek en Christus eerste in my lewe te plaas.

"Aanvanklik was dit moeilik. Ek het soos Paulus gesukkel met sonde, soos hy gesê het, "***Daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie. Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek***" (Romeine 7:18-19).

"Gelukkig het my ouma, ouers en kerkfamilie vir my gebid en God het my gehelp om hierdie probleme geheel en al op te los.

"Eendag het ek met my niggie gesels en gesê dat dit darem wonderlik sou wees as ek 'n sendeling en terselfdertyd 'n Engelse onderwyser kon wees. Ek het nie geweet of dit moontlik was nie, maar dit het vir my gelyk asof dit die volmaakte werk sou wees as ek my twee passies kon bymekaarbring.

"Ek besef nou dat God my, terwyl ek op universiteit was, al gelei het. Ek het nie geweet wat ek wou studeer nie, maar Hy het my geleenthede gegee om internasionale studente te ontmoet en so in my 'n begeerte geplaas om na Japan toe te gaan. My dosente het my aangemoedig om 'n loopbaan as Engelse onderwyser te volg. Voor ek gegradueer het, het ek aansoek gedoen vir 'n pos as 'n Engelse onderwyser in 'n nie-Christelike skool in Japan, maar God het daardie deur toegemaak. Alhoewel ek teleurgesteld was, was ek nogtans nie sonder hoop nie.

"Eendag het my predikant vir my gevra of ek nog steeds daarin belangstel om Japan toe te gaan. Natuurlik het ek 'ja' gesê en hy het my in aanraking gebring met iemand van my tuisdorp wat vir Japansending gewerk het. Ek het aansoek gedoen en was baie opgewonde toe ek aanvaar is!

"Ek het toe reeds al vir 'n hele paar jaar by McDonald's gewerk. 'n Privaatbelegger het my bestuursvaardighede opgemerk. Hy het my 'n verhoging gegee en my 'n bestuurspos aangebied. Dit was 'n groot versoeking, maar ek het gevoel dat God iets veel beters vir my in gedagte het.

"Nadat ek deur Japansending aanvaar is, het ek baie onsekerhede beleef. Maar my besluit is geneem, want ek was seker dat dit binne God se wil was. God het my deur Sy Woord aangemoedig. "***Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!***" (Jeremia 29:11)

"Op die dag dat ek na Japan vertrek, het 'n sekuriteitsbeampte op die lughawe in Kanada my bagasie deursoek. Sy vind toe 'n pragtige muurplaat wat my ouers vir my gegee het met dié teksvers daarop.

"'Wat is dit?' het die sekuriteitsvrou gevra. Ek het aan haar verduidelik dat dit 'n teks uit die Bybel is. Sy haal toe 'n verflenterde stukkie papier uit haar sak. Sy vertel toe vir my dat iemand dié traktaatjie onder haar motor se ruitveër gesit het en dat sy dit al vir twee jaar gehou het! Dit het die eenvoudige maar duidelike boodskap van redding bevat. Ek het haar bemoedig en net daar aan haar die Evangelie verduidelik. Haar gesig het versag toe sy glimlag.

"Ek was so bemoedig! Ek het die stem van die Heilige Gees gehoorsaam om geduldig te wees en my nie te bekommer of ek betyds vir my vlug sou wees nie. Ek het ervaar dat die Here my reeds, voor ek in Japan aankom, wil leer van die vreugde en beloning as ek op Hom wag.

"My eerste maand in Japan was 'n groot uitdaging. Ek het dit moeilik gevind om te weet wat om te koop, want die meeste kos was vir my vreemd en alles was in Japannees geskryf.

"Ek het besef dat ek my geliefde moeder as vanselfsprekend aanvaar het en nou moes ek leer om alles vir myself te doen. Ek was nie meer omring deur my familie wat my ondersteun het nie. Ek het gevind dat ek aan myself sterf soos wat God vir my 'n groter werklikheid word. Ek het geleer om Hom te vertrou vir raad in plaas van op my familie en vriende."

Twee maande na Melanie se aankoms in September 2009, het die Here Tsuguto na een van die kerke waar sy onderrig

gegee het, gelei. Hy het dit geniet om Engels te leer en sy het hom genooi om saam met haar kerk by te woon. Tsuguto het die tweetalige kerkdiens geniet en was opgewonde dat hy so 'n vriendelike plek gevind het waar hy sy Engels kon oefen.

Hy het gou 'n begeerte ontwikkel om die Woord van God te bestudeer en het die Here op 24 Januarie 2010 as sy Redder aangeneem — slegs vier maande nadat Melanie in Japan aangekom het.

Dit het Tsuguto lank geneem om die Bybel te verstaan en regtig te besef wat dit beteken dat Christus die Meester van sy lewe is, aangesien hy van 'n nie-Christen gemeenskap kom. Hy het in sy verhouding met die Here gegroei, terwyl hy baie ure die Bybel saam met ander Christenvriende bestudeer het.

Melanie en Tsuguto het goeie vriende geword en gereeld dieselfde jeuggroep se byeenkomste bygewoon. Hulle het toe begin om gevoelens vir mekaar te ontwikkel.

Melanie het stadig begin dink dat Tsuguto dalk die persoon is met wie sy eendag sou trou. Sy was egter vasbeslote om die Here in hul verhouding te eer en daarom het hulle saam tyd met hul Christenvriende deurgebring, terwyl hul verhouding gegroei het. Sy het gebid dat God hulle duidelik moet lei en beskerm.

"Sedert my koms na Japan," vertel Melanie, "het die Here my gehelp om te groei vanaf 'n persoon wat die goedkeuring van mense gesoek het, na iemand wat begeer om God te eer."

Sy het van 'n geleentheid vertel toe die Here haar geroep het om Hom onselfsugtig te dien. "Dit was net na die driedubbele ramp van 11 Maart 2011, dat ek dit oorweeg het om as vrywilliger God se liefde met die rampgeteisterde mense van noordoos-Japan te deel.

"'n Paar mense na aan my het probeer om my te ontmoedig om dit te doen deur te sê, 'Daar is bestraling in die gebied en jy is nog jonk genoeg om kinders te kan kry. Jy mag miskien nadelig aangetas word. Laat dit maar oor aan die ouer mense!'

"Ek het ernstig oor die saak gebid en die Here het duidelik vir my gewys dat dit Sy wil vir my was om te gaan. Die Here het my in verskeie opsigte beskerm terwyl ek God se liefde met baie mense gedeel het."

## ONDER GOD SE WAKENDE OOG


Tsuguto Nishioka

Die volgende is oor hoe Tsuguto en Melanie mekaar ontmoet het en hoe hy die Here leer ken het.

Tsuguto Nishioka is in Augustus 1989 in Osaka gebore. Sy vader was 'n sakeman met min kennis van die Christendom.

Die Here het reeds in Tsuguto se moeder se hart gewerk voordat hy gebore is. Sy het kerkdienste bygewoon voordat sy getroud is. Toe sy hom verwag, het sy gebid en God gevra om haar baba te beskerm en hom eendag te gebruik.

Sy het Tsuguto by 'n Christelike kleuterskool ingeskryf waar hy geleer het om voor middagete te bid en Christelike liedjies saam met die ander kinders te sing. Na kleuterskool was Tsuguto nie weer met Christene in aanraking nie totdat hy universiteit toe is.

Dit was gedurende November 2009, terwyl hy 'n tweedejaarstudent was, dat hy die begeerte gehad het om Engels te leer. Sy moeder het voorgestel dat hy 'n kerk soek waar hy Engels kon studeer. Tsuguto het toe 'n plaaslike kerk gevind waar hulle Engels onderrig het. Melanie Peter van Japansending was die onderwyser.

"Toe ek by die kerk aankom, het hulle my verwelkom en die onderwyser het opgeruimd en vriendelik gelyk," vertel Tsuguto. "Ek het baie pret gehad en die klasse gereeld bygewoon."

"Na elke Engelse klas was daar 'n kort Bybelboodskap. Daar was baie nuwe beginsels wat ek nie verstaan het nie, omdat ek nog nooit die Bybel gelees het nie. Ek het toe die Bybel begin lees omdat ek nuuskierig was.

"Ek het begin verstaan wat sonde is en agtergekom dat ek met hoogmoed 'n probleem het. Ek was trots en het myself dikwels met ander mense vergelyk. Met my verstand het ek verstaan dat ek 'n sondaar is, maar my trots het gekeer dat ek dit met my hart aanvaar. Ek het verstaan wat Jesus aan die kruis gedoen het, maar ek het Hom nie as my persoonlike Saligmaker aanvaar nie, omdat ek gevoel het dat ek sonder God suksesvol kon wees.

"Terwyl ek kerk bygewoon het, het ek opgemerk dat die lede vol vreugde was en van nie-Christene verskil. Ek het gesukkel om die betekenis van die boodskappe te verstaan, maar het voortgegaan om kerk by te woon, omdat ek die vriendskappe geniet het asook die geleentheid om my Engels te verbeter.

"Een Sondag na die diens het ek middagete by die kerk geniet en die predikant het my gevra of ek 'n Christen wil word. Ek was huiwerig, maar die Heilige Gees het my aan my verlede herinner.

"My moeder het vir my gebid nog voordat ek gebore is en het my 'n Christelike kleuterskool laat bywoon. Dit was ook deur haar voorstel dat ek hierdie wonderlike kerk, waar ek baie vriende gemaak het, kon vind.

"Toe ek aan hierdie dinge terugdink, het ek baie skaam gevoel, omdat ek so hoogmoedig was dat ek gedink het dat my sukses slegs 'n gevolg van my eie vermoëns en harde werk was. Ek het toe besef dat ek maar altyd onder God se wakende oog was en dat Hy my gelei en my beskerm het.

"Ek het toe vir die eerste keer tot die diepe oortuiging gekom het dat ek 'n sondaar is en God se vergifnis nodig het. Ek het met die predikant hieroor gepraat en hy het saam met my gebid. Ek het my sonde bely en Jesus as my persoonlike Saligmaker op 24 Januarie 2010 aangeneem.

"Terwyl ek gebid het, het trane van blydskap oor my wange geloop, en ek kon voel hoe die swaar las van sonde van my skouers afgelig word."

***Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered*** (Romeine 10:10).

"Voordat ek Jesus aangeneem het, was ek dikwels beangs oor die toekoms en die druk ervaar om te presteer. Nadat ek 'n Christen geword het, het ek vrede en hoop vir die toekoms gehad. Ek kon rus in die wete dat God my sou lei na 'n volmaakte toekoms. Al wat ek moes doen, was om my aan Sy wil oor te gee. Dit was soveel makliker as om alles in my eie krag te probeer doen!

"Met verloop van tyd, het ek probeer om getrou die Bybel te lees en te bestudeer, omdat ek 'n dieper kennis van die wonderlike en opwindende pad saam met my Redder wou hê. Aanvanklik was dit maklik, maar na 'n paar maande het dit moeiliker geword. Ek het gevind dat ek al hoe minder die Bybel gelees het.

"Ek het besef dat dit nie goed was nie; dus het ek my onderneming om die Bybel gereeld te lees hernu. Ek het egter gevind dat dit nie gehelp het nie. Ek het gesukkel om getrou in hierdie saak te wees en het aan my redding begin twyfel.

"Eendag, terwyl ek besig was om te bid en die Bybel te lees, het ek dieselfde teksvers teëgekom wat die predikant gelees het toe ek Jesus aangeneem het.

***Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word*** (Johannes 1:12).

"Ek het opnuut besef dat as ek Jesus as my Redder aangeneem het, die Skrif my verseker dat ek ***'n kind van God*** is en dat ek nie aan Sy belofte moet twyfel nie.

"Dit is wonderlik dat 'n sondaar soos ek die God van die ganse skepping my Vader kan noem! My hart was vol vreugde toe ek besef dat om God se Woord te lees 'n voorreg was en nie 'n plig nie.

"Ek loof die Here dat Hy aanhou om in my hart te werk, en vir Sy genade en goedheid!"

## MELANIE & TSUGUTO IS GETROUD

Nadat Tsuguto sy hart aan die Here gegee het, het sy en Melanie se verhouding oor vyf jaar stadigaan ontwikkel soos hulle in die Here gegroei het.

Hulle is op 2 Mei 2015 in Japan getroud en baie van ons het deelgeneem aan hierdie vreugdevolle viering. Melanie se familie het van Kanada af gekom en Tsuguto se nie-Christen familie en vriende was ook teenwoordig. Dit was 'n gelukkige gebeurtenis vir hulle en 'n unieke geleentheid om hul getuienisse met vriende en familielede te deel.

Ons het God geloof, omdat ons geweet het dat hierdie vreugdevolle huweliksviering die gevolg van die verhoring van vele gebede was.



Tsuguto & Melanie Nishioka

# 7

# Internasionale Christen Skole

Christen onderwys het ’n sleutelrol gespeel om ontelbare Japannese te help om die Here te vind. Dit is waar studente gereeld kennis maak met Christenwerkers wat die saad van God se liefde in hulle harte saai. Baie van dié wat gered is, kan getuig van ’n tyd toe hulle Sondagskool, ’n Christen skool of ’n Engelse klas by ’n kerk bygewoon het.

Japansending is betrokke by die bediening in twee internasionale Christen skole wat die Osaka, Nara en Kyoto gebiede dek. Beide skole het die visie om verlorenes vir Christus te bereik en het hulle daartoe verbind om slegs Christene as onderwysers aan te stel. Hierdie skole het ’n geweldige invloed op die lewens van die studente, ouers en die gemeenskap. Een van die skoolhoofde het gesê, “Wanneer die studente ons skool verlaat, twyfel hulle nie meer aan die bestaan van die Skepper God nie.”

Japansending het gedurende die afgelope jare aan beide skole onderwysers voorsien. Dawid Verwey dien as raadslid van die Kyoto Internasionale Universiteit Akademie wat omtrent 300 studente het. Alex Verwey dien as raadslid van die Kansai Christian School (KCS), met ongeveer 50 leerders.

## KANSAI CHRISTIAN SCHOOL

In 1970 het Japansending, onder leiding van Neil en Peggy, die nood raakgesien vir ’n Christen skool vir die kinders van sendelinge wat probeer uitreik na die miljoene mense in die Osakagebied. Kansai Christian School (KCS) is deur Japansending en vier ander destydse sendingrade gestig. Dawid was een van die eerste leerders en het vanaf graad drie die skool begin bywoon. Dit is waar hy en Sue mekaar later ontmoet het en verliefdes geraak het.

Laura Swallow is 'n voltydse onderwyser aan die KCS en word geborg deur Japansending. "God doen groot dinge deur hierdie bediening," sê Laura. "Hierdie jaar het baie nuwe Japannese families by die skool aangesluit en ons gaan voort om God se liefde met hulle te deel.

"Ek onderrig graad 5 tot 10, met die fokus op die Bybel. Ek lei ook 'n Bybelstudiegroep vir meisies, waar ek 'n boodskap deel en ons vir mekaar bid. Dit is vir my tot seën om aan hierdie meisies leiding te gee van hoe om dieper in die waarhede van die Bybel te delf en hulle te leer om nader aan God te leef."

## SKOOLHOOF VAN KCS

Die Here het vir Dawid en Sue geseën met drie kinders — Jesse, Alex en Chris. Toe hulle skoolgaande ouderdom bereik, was daar 'n behoefte aan 'n skoolhoof by KCS. Dawid het dus by Japansending, en terselfdertyd deeltyds as 'n vrywillige skoolhoof by KCS gewerk. Dit het vir Dawid baie geleenthede gegee om met onderwysers in die omgewing in aanraking te kom.

Een van die hoogtepunte in hul lewe was toe hulle baie opvoedkundiges en al die skoolhoofde van die Japannese skole in die omgewing na KCS kon uitnooi en hul Christelike siening van onderwys en die opvoeding van kinders kon deel. Dit was 'n wonderlike geleentheid om Bybelse beginsels met hulle te deel en teenoor hulle te getuig. Dit het tot gevolg gehad dat die skole se ouer-onderwysersverenigings by verskeie geleenthede Dawid gevra het om hulle oor hierdie onderwerp toe te spreek. Dawid en Sue is bemoedig deur die feit dat hele gesinne die Here aangeneem het terwyl hulle by KCS gewerk het.

Nadat Dawid vir ongeveer 7 jaar as skoolhoof gedien het, stuur die Here vir Tom Poole van die VSA om hom om op te volg. Tom en sy vrou Barbara, is deur Japansending geborg en deur hulle toedoen het baie mense Jesus gevind. Keiko Nelson was een van hierdie ouers.

## ’n GERUSSTELLENDE STEM



Keiko Nelson

Die volgende is hoe KCS ’n belangrike rol gespeel het in die redding van Keiko Nelson en haar familie.

Keiko is gebore in ’n tradisionele Japannese huishouding in die klein dorpie Kikuma op die eiland Shikoku.

Een aand, terwyl die tienjarige Keiko op pad was om iets vir haar ma te gaan doen, het sy ’n vraag in die donkerte uitgeroep. “God, hoekom is ek in so ’n doodongelukkige familie gebore? Wat is die doel van my lewe?” Sy het toe ’n sagte en gerusstellende stem gehoor antwoord, *“Jou toekoms sal goed wees.”* Vir ’n kort oomblik het sy hoop vir die toekoms gehad.

Haar pa het ’n kroeg en braairestaurant besit. Hy was ’n uitstekende sjef voor die Tweede Wêreldoorlog, maar die oorlog het sy gees geblus. By sy terugkeer het die eens intelligente en joviale man glad nie met sy kliënte gepraat nie. “Hy moes sy hart vir geluk gesluit het,” het Keiko gedink.

Gedurende die volgende 10 jaar het Keiko se pa mediese probleme as gevolg van drankmisbruik ontwikkel en is vir tot ses maande per keer gehospitaliseer voor hy oorlede is. Hy was onvriendelik en beledigend teenoor haar moeder toe dit nodig geword het dat sy haar man se restaurant moes bestuur, sodat hulle ’n inkomste kon hê.

Keiko moes toekyk hoe haar moeder sukkel om die besigheid aan die gang te hou sodat hulle die hospitaalrekeninge kon betaal. Haar kinderjare was baie ongelukkig en sy het moedeloos gevoel.

Sy het vroeg in haar lewe besluit dat sy nooit van enigeen afhanklik sal wees of finansieel sal sukkel nie. Daarom wou sy ’n suksesvolle beroepsvrou word.

Keiko het geweet dat sy in die restaurant sou moes werk indien sy nie in ’n staatshoërskool plek kry nie, omdat hulle

nie 'n privaatskool kon bekostig nie. Sy het die moeilike toelatingseksamens deur blote vasberadenheid geslaag.

Sy het uitgeblink in wiskunde, maar het haar studies verwaarloos toe sy met die verkeerde groep kinders by die skool vriende gemaak het — soveel so dat sy amper haar graad gedruip het.

Keiko het toe in 'n tydskrifartikel gelees hoe 'n mens jou lewe kan verander om sukses te verseker. Net daar besluit sy om te verander.

"Dit was moeilik om van die gewoonte van selfbejammering en opstandigheid ontslae te raak, maar ek het besluit om my vriende wat 'n slegte invloed op my gehad het te vermy," het sy meegedeel. "Ek het net eenvoudig geweier om die deur oop te maak toe hulle kom kuier. Die eerste ses maande was baie moeilik, maar ek kon uiteindelik die bose kringloop breek."

Keiko was baie jammer vir haar ma omdat sy diep in die skuld was. Toe sy haar studies voltooi, het sy die taak op haar geneem om die braairestaurant weer suksesvol te maak. Hulle het albei baie hard gewerk en kon die skuld verbasend genoeg binne 5 jaar terugbetaal. Keiko het egter gevoel dat sy 'n slaaf van 'n wrede kringloop was van werk sonder voordele vir die toekoms.

Haar nuwe droom was om aan 'n universiteit in die VSA 'n besigheidsgraad te kry. Sy het begin geld spaar en het elke nag Engels vanaf middernag tot 02:00 bestudeer. Sy is uiteindelik op die ouderdom van 25 jaar aan 'n junior kollege in Kalifornië in die VSA aanvaar.

Na voltooiing van haar studies, het sy in Tokio as 'n oorsese studiekonsultant begin werk. Sy was vasbeslote om suksesvol te wees en het dus ook aan 'n universiteit begin studeer. Al het sy deeltyds gewerk, was sy 'n ererol-student.

Keiko het Henry Nelson ontmoet terwyl sy in Kalifornië studeer het en hulle het vir sewe jaar uitgegaan. Sy was 33 toe sy met Henry getroud is. Kort daarna het hulle na Okayama in Japan verhuis en besluit om 'n huwelikseremonie in 'n Zen tempel te hou. Dit was deels omdat Henry 'n toegewyde student van Boeddhisme was. Dit het toe vir Keiko gepas, want sy het

gevoel asof dit haar rustelose hart help kalmeer.

Hulle seun, Joshua, is toe gebore en Henry het ’n pos as dosent aan die Kindai Universiteit in Nara aanvaar. Die oorsese studiemaatskappy in Tokio het vir Keiko ’n pos in Osaka daar naby aangebied.

Dit het gelyk asof alles voor die wind gaan, tog het Keiko ’n nuwe verlange in haar hart ervaar. Sy het ’n behoefte na liefde, vrede en die waarheid gevoel. “Ek wou my seun grootmaak met ’n soort waarheid wat nie net gegrond is op my eie waardes en ervaring nie,” het sy gedeel. “Selfs al het ek ’n goeie werk, ’n wonderlike huislike lewe en ’n liefdevolle man gehad, het ek steeds na iets meer verlang.

“Op ’n dag het ek uit my sitkamer na die berg Ikoma gekyk en oor my lewe nagedink. Ek is oorweldig met ’n diep begeerte om vrede in my hart en liefde vir my familie te vind. Ek het toe besef dat ek eerder die waarheid moet najaag as ’n suksesvolle loopbaan. Van daardie dag af het ek ervaar dat iets verander het en ek het God begin soek.

“Ek het ’n sagte stem herhaaldelik hoor fluister, ‘Ek het jou lief,’ en God het begin om my van die duisternis wat in my hart was te verlos.” ***En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart*** (Jeremia 29:12).

“Toe ons besluit het om Joshua in graad 1 by KCS in te skryf, het ons ook betrokke geraak by die sendinggemeenskap.”

Tom Poole was destyds die skoolhoof van KCS. Sy vrou, Barbara, het elke week ’n Bybelstudiegroep gelei waar Keiko geleer het dat sy met Jesus, wat vir haar sondes gesterf het omdat Hy haar volmaak liefhet, ’n persoonlike verhouding kon hê. Die Poole-familie het ’n groot invloed op die Nelson-familie gehad. Hulle het dikwels saam geëet, en hulle drie seuns was goeie vriende met Joshua.

Keiko en Barbara het kosbare tye saam deurgebring deur die baie paadjies van die berg Ikoma te stap en dan hul diepste gedagtes met mekaar te deel. “Dit was goue tye vir my,” het Keiko gesê.

"Ek het van God bewus geword deur die sendelinge wat so onselfsugtig dien en vir ander bid. Ek wou ook op hierdie opregte manier bid.

"Henry het begin om kerk by te woon en ek het saam gegaan. My ou selfsugtige manier van leef het my dikwels gepla. Toe het ek 'n sagte stem hoor sê, 'Gee oor.' Geleidelik het God my verander en my hart versag.

"Ek is veral getref deur die verhaal van Die Verlore Seun, wat 'n selfsugtige lewe gelei het en probeer het om sy eie lot te bepaal. Op dieselfde wyse het ek geweet dat God my beskerm en gehelp het deur al my probleme. Ek het my trots en sondes bely en tot God uitgeroep, 'Ek het niks en is niks sonder U!'"

God het Keiko se hart jare tevore aangespreek, toe sy tot Hom geroep het toe sy slegs tien jaar oud was. Sy het God se teenwoordigheid ervaar en tot Hom gebid, maar het eers baie jare later van Jesus te hore gekom!

Keiko het as 'n ouer betrokke geraak by KCS en was later voorsitter van die ouer-onderwysersvereniging en het baie mense aan Jesus bekend gestel.

Henry en hul seun, Joshua, het ook Jesus Christus as hul Verlosser aangeneem. Joshua het sy skooljare by KCS voltooi en daarna Teologie studeer. Hy is nou 'n professor in Bybelkunde by 'n kweekskool.

Keiko getuig, "My hart loop oor van dankbaarheid en vreugde as ek nadink oor wat God vir my familie gedoen het!"

## VAN VREES VERLOS

Nog 'n familie wat deur KCS beïnvloed is was die Imahori-familie. Die volgende vertel hoe God die lewens van Shizu en haar familie aangeraak het terwyl Dawid die skoolhoof was.

Shizu is in 1960 in 'n tradisionele Japannese familie in Osaka gebore. Sy is al op 'n jong ouderdom geleer om haar voorouers te eer deur aanbidding en die brand van wierook by die Boeddha-altaar. Sy is ook geleer om die geeste wat oral rondom hulle woon



Shizu Imahori

te bevredig deur gebed en offerandes by verskillende tempels en bedeplekke.

"As kind, het ek in die nag net vlugtig iets wits voor die venster sien verbygaan," het Shizu gedeel. "Ek was oortuig daarvan dat dit 'n geestelike wese was.

"Gedurende my grootwordjare was ek bang, maar tog ook op 'n vreemde manier aangetrokke tot die geesteswêreld. Toe ek op laerskool was, het ek op 'n skooluitstappie gegaan. Ons het 'n nag in 'n tempel op die berg Koya deurgebring. 'n Paar van my vriende het my vertel dat hulle geeste gesien het in die vorm van vuurballe en ek onthou nog hoe vreesbevange ek was.

"Toe my ouma oorlede is, is ek geleer dat haar gees altyd rondom my sal wees om my te beskerm.

"My geloof in hierdie dinge het verflou toe ek universiteit toe is. Maar toe het ek saam met my vriende 'n nag in 'n tempel in Tsuruga deurgebring. Daardie nag het ek duidelik voetstappe gehoor en gevoel asof koue lug by my kamer instroom. Ek het 'n bose teenwoordigheid wat my dophou ervaar. Desperaat het ek my oë gesluit en Boeddhistiese gebede opgesê. Kort daarna was ek verlig, omdat dit vir my gevoel het asof die bose my verlaat het.

"Nadat ek gegradueer het, het ek werk gekry as 'n Engelse onderwyser en het aangetrokke gevoel tot Seiji Imahori, 'n wetenskaponderwyser. Hy was ook in 'n tradisionele familie gebore en het in Osaka grootgeword. Ons het veel met mekaar in gemeen gehad en is in 1986 getroud. Ons was gelukkig en het twee dogters en 'n seun gehad. Kort na die geboorte van elke kind kon ek terugkeer na my werk, omdat my moeder die kinders versorg het.

"Terwyl ek skoolhou, het ek kennisgemaak met Cally van die VSA, wat as 'n assistent-taalonderwyser vir my klas aangestel

is. Sy was ’n Christen, maar is nie toegelaat om oor God in ons openbare skool te praat nie. Ek kon sien dat sy ’n goeie mens was en haar toe gevra om een dag per week na my huis te kom om my kinders Engels te leer.

“Ek en Cally het goeie vriende geword en ek het eendag vir haar gesê, ‘Ek sien God in jou.’ Sy het geglimlag en my ’n lekker drukkie gegee. Ons vriendskap was my eerste kennismaking met die Christendom.

“Kort voor haar vertrek uit Japan, het sy my aan Ginny voorgestel. Sy het deeltyds by KCS skoolgehou en het een keer per week na my huis gekom as huisonderwyser vir my kinders.

“Gedurende daardie tyd het my oudste dogter, Mari, laerskool begin. Sy het probleme gehad en was nie gelukkig in die plaaslike Japannese skool nie. Ek het dié probleem met Ginny bespreek en sy het ons aangeraai om KCS te probeer.

“Ek was bekommerd of Mari goed sal aanpas by die nuwe skool waar die hele leerplan in Engels aangebied is, maar het besluit om haar eers net vir een week soontoe te stuur. Ek onthou hoe gelukkig Mari was toe sy na die eerste week huis toe gekom het. Dit het my oortuig dat dit die beste skool vir haar was. Dit is hoe Mari graad 1 in 1995 by KCS begin het.

“Mari se skoolhuiswerk was nogal ’n uitdaging, maar ek kon darem die meeste daarvan verstaan, aangesien ek ’n Engelse onderwyser was. Elke week het die skool ’n nuusbrief uitgestuur waarop daar ’n Bybelteks gedruk was. Dit was my eerste kennismaking met die leringe van die Bybel.

“Mettertyd het ons besluit om al drie ons kinders na KCS toe te stuur. Soms moes hulle kort Bybeltekste vir huiswerk leer. Ek het agtergekom dat ek oor die betekenis daarvan begin nadink wanneer ek hulle gehelp het om die tekste te leer. Ek is geraak deur die goeie beginsels in die tekste en het begin glo dat daar waarheid in hierdie woorde was.

“Toe ek die ouer-onderwysersvereniging begin bywoon, het ek opgemerk dat hulle met ’n gebed open. Aanvanklik het ek

dit vreemd gevind, maar het gou aangetrokke gevoel tot hul opregte geloof dat God hul gebede hoor.

"Ek het meer van die Christendom begin leer en het besef dat liefde die belangrikste is. As boeddhis is ek geleer om die geesteswêreld te vrees en het gevoel dat ek die geeste moet bevredig. Ek was bang dat as ek dit nie doen nie, ek moontlik deur die gode gestraf sou word. Die Christenleringe het vir my gelyk asof dit baie meer vry en vol hoop is.

"Baie van die ouers by KCS was sendelinge, dus kon ek vir hulle vrae vra. Ek het stadigaan in Jesus begin glo, maar kon nie myself sover kry om Hom aan te neem nie.

"KCS het toe 'n naweekkamp gereël en die ouers is ook genooi. Ek het met 'n sendingvriend by die kamp gesels en gevra, 'Sal Jesus enige sonde vergewe, al is dit ook hoe erg?' 'Sekerlik,' het hy geantwoord en saam met my gebid.

"Terwyl hy gebid het, het ek my oë gesluit en 'n helder lig gesien. Ek het spontaan hardop gesê, *'Ek glo in U, Jesus, en ontvang U in my hart.'* Ek het my vriend vertel wat ek ervaar het en ons het die Here saam geloof."

***Wie bely dat Jesus die Seun van God is — God bly in hom en hy in God*** (1 Johannes 4:15-16).

"Nadat ek my sonde bely het, het ek 'n oorweldigende gevoel van vrede ervaar en het geweet dat God my verlos het van al die vrese vir die geesteswêreld wat sedert my kinderdae by my gespook het.

"Die Here het my gelei om 'n kerk wat destyds by Japansending gehou is, by te woon. Daar het ek in die Here gegroei en baie van die Bybel geleer. My drie kinders het ook mettertyd Jesus as Redder aangeneem. My man het ook vir 'n rukkie kerk bygewoon, maar het besluit dat die tradisionele Japannese gebruike meer by sy lewenswyse pas. Bid asseblief dat hy bewus sal word van 'n dringende behoefte aan 'n Redder.

"Gedurende 2015 is ek as skoolhoof by 'n openbare laerskool aangestel. Ek kan nie openlik die Bybel met die studente deel nie, maar ek kan bid. Ek het die Here gevra om daardie skool

soos die hemel self te maak. Hy het my gebed beantwoord deur vier Christenwerkers te stuur — ’n veiligheidswag, twee Engelse onderwysers en ’n assistent wat ’n predikantsvrou was! Die gebedstye en gemeenskap is vir my ’n wonderlike bron van bemoediging.

“Bid asseblief vir my, aangesien ek in ’n plek geplaas is waar ek baie mense vir Christus kan beïnvloed. Ek deel dikwels Christelike beginsels met my studente wanneer ek gedurende die weeklikse byeenkomste en gradeplegtighede hulle toespreek.

“Soms vra studente, ouers en onderwysers vrae; dan het ek ’n geleentheid om ’n bietjie omtrent die Bybel met hulle te deel, soos dit in 1 Petrus 3:15 geskryf staan, ***Wees altyd gereed om’n antwoord te gee aan elkeen wat van julle ‘n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.***

“My begeerte is om toegewyd in my werk te wees, terwyl ek met ander verkeer en Christelike beginsels uitleef. Ek hoop om aan die einde van my tyd as skoolhoof, openlik aan ander te kan vertel dat dit alleenlik deur God se hulp is dat ons in staat was om so ’n wonderlike skool te kon hê.

“Ek weet dat ek niks in my eie krag kan doen nie. Bid asseblief dat God my die wysheid en moed sal gee om ’n getroue dienskneg te wees.

## SLOTSOM

Dit is slegs ’n paar van die baie verhale wat getuig van God se getrouheid en ingryping. Sedert die stigting van KCS in 1970 was daar besondere geleenthede om ’n belangrike rol te speel in die bekering van baie mense. Dawid, Sue, Alex en baie ander gegradueerdes het voortgegaan om vir die Here te werk.

KCS het sy 50ste herdenking in 2020 gevier en gaan voort om getrou te wees aan die roeping — om studente op te lei en aan te spoor om Jesus lief te hê.

# 8

# Kreatiewe Bediening

Die tweevoudige doel van die bediening van Japansending is om dié wat verlore is te evangeliseer en die klein kerke in Japan, wat die Bybel onderrig, by te staan. Hierdie hoofstuk gaan oor die verskillende hulpmiddels, programme en bedieninge wat die Here ons in gelei het om te ontwikkel, sodat ons hierdie doelwitte kan bereik.

## AANKNOPINGSPUNT

Jesus het ons geleer om 'n *aanknopingspunt* te hê. Met vissermanne het Hy oor visvang begin praat. Met die Samaritaanse vrou wat na die put van Jakob gegaan het om water te gaan haal, het Hy oor ***Lewende Water*** gepraat. Met dié wat fisiese probleme gehad het, het Jesus begin deur hulle te genees.

Wanneer ons na Japannese mense uitreik, begin ons dikwels met iets waarin hulle werklik belangstel. Dit is die rede waarom sendelinge dikwels musiekonderrig, kookklasse of Engels aanbied. Dit help om bande van respek te smee en geleenthede te skep om God se liefde te toon.

Kersfees is 'n wonderlike *aanknopingspunt*. Japansending werkers raak veral besig gedurende die Kersseisoen wanneer ons gesamentlik aan meer as 100 samekomste, konserte en partytjies deelneem.

Een van ons sendelinge is as 'n gas uitgenooi na 'n geleentheid waar hulle Kersfeeskranse sou maak. Dit is deur een van ons Engelse studente gereël. Hierdie student was nie 'n Christen nie, maar het spontaan gevra dat ons sendeling hulle moet vertel van die betekenis van Kersfees.

## CHRISTELIKE MEDIA

Christelike media is ’n baie doeltreffende *aanknopingspunt*. Japansending maak en versprei Christelike DVD’s, CD’s en ook ander soort media. *Origins* is ’n reeks van 6 video’s wat ’n baie sterk saak stel vir die skepping teenoor evolusie. ’n Man het die volgende aan ons geskryf. *Dankie! Ek glo nou in die wonder van die skepping. Nadat ek na hierdie reeks gekyk het, het ek ’n baie beter begrip van die Skepper God.* Opvoedkundige video’s het al baie mense gehelp in die proses om die Here te leer ken.

’n Ander persoon wie se lewe deur ’n Christelike fliek aangeraak is, is Toshi. Hy het geglo dat hy die antwoord tot die lewe gevind het deur Boeddhisme te beoefen. Toe sy moeder Jesus aangeneem het en hy sien hoe haar lewe verander het, was hy verward maar nog nie gereed om die Christelike geloof te aanvaar nie.

Boeddhisme het sy houvas op Toshi verloor toe hy universiteit toe is. Nadat hy gegradueer het, het hy by verskeie maatskappye vir werk aansoek gedoen. Terwyl hy deur die strate van Osaka stap, het hy ’n vriend raakgeloop. Die vriend het hom uitgenooi na ’n filmvertoning by ’n kerk.

Hy wou nie eintlik gaan nie, maar het nie juis iets anders gehad om te doen nie. Daardie aand het hy ’n Japannese Christelike fliek gesien en is diep daardeur geraak. Terwyl hy na die predikant luister, het hy aan sy moeder gedink wat altyd vir hom gebid het en besluit toe om die Here as Verlosser aan te neem!

Japansending help die kerke in Japan deur media en webinhoud te ontwikkel. Dit is algemeen bekend dat Japan ’n tegnologies-gevorderde land is. Gevolglik dink mense dat die Japannese kerk ook doeltreffend van die media gebruik maak. Ongelukkig sukkel meeste van die kerke om die inhoud van webwerwe en media te onderhou wat nuwelinge kan trek.

Die meeste kerke het op ’n Sondag ’n bywoningstal van minder as 30 mense, waarvan die meeste ouer mense is. Met 70% van die predikante wat aftreeouderdom nader, ontbreek kerke dikwels aan genoeg fondse, talentvolle gemeentelede of die visie wat nodig is om die media te benut om die volgende geslag vir Christus te wen.

Aangesien feitlik die hele nasie aanlyn bereikbaar is, is Japansending daartoe verbind om kerke te help om hoë kwaliteit media-inhoud te ontwikkel, wat vir hulle dit moontlik maak om hul aktiwiteite te bevorder en mense te trek.

Die Here het Japansending geseën met ’n aantal talentvolle werkers wat die kundigheid en ervaring het in die ontwikkeling van media-inhoud. ’n Aantal van ons video’s is op die volgende webwerf beskikbaar: **japanmision.org**

Gedurende April 2016 het Alex ’n span werkers gelei om die slagoffers van die Kumamoto aardbewing te help. Hulle het ’n video gemaak om die ondersteuningspoging vir die slagoffers van die aardbewing en ook kerke wat verwoes is, te bevorder. Dit het gehelp om ’n bewustheid vir gebed, bydraes en vrywilligers te skep. Ons was verbaas om te sien dat meer as 30 000 mense na dié video gekyk het en meer as 3 000 vrywilligers gemobiliseer is!

Daar is baie kerke in Japan wat media-ondersteuning nodig het. Bid asseblief dat God ons sal lei soos ons voortgaan met hierdie bediening, wat die moontlikheid inhou om baie mense na Christus te lei.

## NOAG EN DIE ARK

Die verhaal van Noag en die ark is ook ’n wonderlike *aanknopingspunt*. Die Hollywood film *Noah* is in 2014 vrygestel en het ’n groot impak oor die hele Japan gehad. Christene was ontsteld omdat baie van die feite nie volgens die Bybel was nie. Tog het dit daartoe bygedra dat baie Japannese nuuskierig was om die *ware verhaal* van Noag en die ark te hoor.



Mnr. Yukio Takahara

Mnr. Takahara, een van die werkers van Japansending, het hierdie geleentheid aangegryp en baie tyd bestee om die verhaal van Noag en die ark te bestudeer. Hy het toe verskeie skaalmodelle van die ark, wat volgens die mates en beskrywing in die Bybel was, gebou. Hierdie modelle is meestal van karton gebou. Sommige daarvan is so ontwerp dat dit uitmekaargehaal kon word — een verdieping per keer, volgens hoe mnr. Takahara homself dit voorgestel het hoe die binnekant van die ark gelyk het.

Gewapen met 'n lêer vol inligting en met skaalmodelle, reis mnr. Takahara nou na baie plekke om die ware verhaal van Noag se ark te vertel. Hy is onder andere al genooi na skole, universiteite, museums, tehuise vir bejaardes en baie ander plekke om daaroor te praat.

Die verhaal van die ark word 'n werklikheid soos wat hy verduidelik waar 'n groentetuin moontlik aangelê was. Hy verduidelik, met behulp van 'n klein katrol en tou, hoe water moontlik opgehys is na die verskillende verdiepings van die reusagtige boot.

Mnr. Takahara het wonderlike geleenthede gehad om ook die betekenis van die reënboog en ons verbond met God te verduidelik.

*"Wanneer Ek wolke oor die aarde laat saampak, en die reënboog verskyn in hulle, sal Ek dink aan my verbond met julle en al die wilde diere volgens hulle soorte. Daar sal nooit weer vloedwaters kom wat alle lewende wesens uitroei nie. Die reënboog sal in die wolke wees, en wanneer Ek dit sien, sal Ek dink aan die ewige verbond tussen My en al die lewende wesens op die aarde"* (Genesis 9:14-16).

Die meeste Japannese, wat nog nooit die Bybel gelees het nie, ken die verhaal van die vloed en die ark vanuit boeke, tydskrifte en films. Baie van hulle is dikwels verbaas om te hoor dat hierdie

verhaal in sulke fyn besonderhede in die Bybel beskryf word. Sommige het as gevolg hiervan begin om die Bybel te lees.

Die verhaal van Noag en die ark is opvallend in die Japannese taal. Die skryfwyse vir *skip* is die kombinasie van *drie verskillende karakters*. Die eerste is *boot*. Die tweede is die getal *agt*. Die derde is *mond*. Al drie saam vorm die woord *skip*.

舟 (fune) ＋ 八 (hachi) ＋ 口 (kuchi) ＝ 船 (sen)
**Boot ＋ Agt ＋ Mond ＝ Skip**

Noag se ark was die eerste groot *skip* met *agt* passasiers: Noag, sy vrou, sy drie seuns en hulle vrouens – *agt* mense met *monde* wat gevoed moes word.

Japannese is dikwels stomgeslaan as hulle hierdie verduideliking hoor. Hulle is verbaas oor die geskiedkundige waarde van hulle skryftaal.

’n Belangrike deel van mnr. Takahara se bediening is om mense op hierdie manier te leer. Die Heilige Gees het hierdie begrippe gebruik om die Waarheid aan baie mense te openbaar.



Model van Noag se Ark

## MUSIEK ROER HARTE

Musiek is ook ’n doeltreffende *aanknopingspunt*. Een van die kerke waarmee ons saamwerk, het ’n goeie verhouding met die eienaar van ’n plaaslike restaurant en kroeg. Hierdie nie-Christen eienaar het een van ons sendelinge genooi om musiek te kom maak by van hul lewendige konsertbyeenkomste, waar verskeie musici optree. Hy kry dikwels geleenthede om Christelike musiek te speel en Jesus met die besoekers te deel.

Een van ons ander sendelinge vertel, “In my Engelse klas het my studente gewieg en hande geklap terwyl hulle *‘Go tell it on the mountain, over the hills and everywhere!’* sing. Selfs ek kon nie byhou met hul entoesiasme en ritmiese meelewing nie! Ek was verbaas om uit te vind dat hierdie liewe dames wat so geesdriftig gesing het, nie die woorde of die God van wie hulle gesing het, geken het nie.

Hierdie dames was lede van ’n sekulêre gospelkoor met die naam *Smile*, en hulle het geoefen om in ’n konsert in ’n groot winkelkompleks op te tree. Ek het gebid dat hulle waarlik iets sal vind om oor te glimlag!

“As ’n groep dames lief is vir gospelmusiek en hul uitspraak wil verbeter, help ek hulle met graagte. Ek verduidelik ook die betekenis van die woorde. Ek vind dat die Japannese graag dieselfde geesdrif en opwinding wat hulle in die musiek aanvoel, wil ervaar.”

Een van ons sendelinge het ’n uitsonderlike musiektalent gehad. Sy is gevra om by ’n kerk gospelmusiek te onderrig en as koorleidster op te tree. ’n Hele aantal nie-Christene vanuit die gemeenskap het op die advertensie gereageer. Baie wat gewoonlik nie kerk toe kom nie, het gekom om gospelmusiek te leer en het die Bybelse boodskap na die oefening ook gehoor.

Sommige van die groep het die kerk gereeld begin bywoon en hul geloof bely. Die koor het tydens die dienste op Kersdag en Paasfees opgetree. Hulle is ook uitgenooi om by ’n hele aantal tehuise vir bejaardes op te tree, waar hul musiek harte geroer het en ’n Evangeliese boodskap gebring is.

Musiek is werklik 'n kragtige *aanknopingspunt!* Bid asseblief dat die Here talentvolle musikante sal oprig om ons te help om die Japannese vir Christus te bereik.

Scott Kinoshita is nog 'n begaafde musikant en Engelse onderwyser wat vir sewe jaar saam met Japansending gewerk het. Baie het die Here deur sy sang en prediking gevind. Die volgende vertel van een van Scott se studente, mej. Tani, wie se lewe vir altyd deur musiek verander is.



Mej. Tani

"Toe ek 21 jaar oud was, is my jonger broer, wat altyd fisies so aktief en sterk was, skielik oorlede. Sy dood was vir my 'n groot skok en ek het skielik baie oor die werklikheid van die dood begin dink. Die lewe het skielik so onseker gelyk.

"Drie vrae het my oorweldig. *Wie is ek? Wat is die sin van die lewe? Waarheen gaan ek as ek sterf?* Ek was so selfondersoekend en geboei deur boeke wat oor die ware betekenis van die lewe gehandel het, dat dit gelyk het asof ek in 'n heel ander wêreld as my familie leef. Elke dag het ek wanhopig gesoek vir antwoorde, maar hoe meer ek gelees het, hoe meer was ek oortuig dat die lewe nutteloos is.

"Alles wat ek gedoen het, het vrugteloos gelyk. In die verlede het ek altyd probeer om myself te verbeter, maar nou het ek nie meer die nodigheid daarvoor ingesien nie. Ek het in 'n diep depressie verval en moes vir twee jaar psigiatriese behandeling kry.

"My enigste troos was musiek. Voor my depressie, het ek by 'n Christen-sanggroep aangesluit. Terwyl ons besig was om 'n lied oor Bethlehem te oefen, het 'n onverklaarbare vrede oor my gekom en my liggaam het begin bewe van emosie.

"Die leier van die koor het dikwels die betekenis van die

woorde aan ons verduidelik. Hy het ons ook geleer om Psalms en ander Skrifgedeeltes te sing. Gevolglik het ek die waarheid van die Bybel stadigaan begin insien.

"Ek het 'n konsert bygewoon waar Scott Kinoshita van Japansending opgetree het. Die erns en die opregtheid waarmee hy gesing het, het my diep geraak. Hy het ná die konsert met my gepraat en my na een van sy Engelse klasse uitgenooi. Ek wou my Engels verbeter en het by dié klas aangesluit. Ek het 'n tweetalige Nuwe Testament ontvang en gretiglik die Bybel begin lees. Elke keer as ek iets nie verstaan het nie, kon ek vir Scott vra en hy het geduldig my vrae beantwoord. Hy het my dikwels aangemoedig om te glo en my sondes voor God te bely.

"Een aand na 'n besige dag was ek baie moeg, maar het soos gewoonlik my Bybel gelees. Ek is getref deur die kragtige woorde, ***In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God*** (Johannes 1:1).

"Hierdie woorde het my aan die hart gegryp en ek het trane in my oë gekry. Toe ek mnr. Kinoshita weer sien, het ek hom gevra om saam met my te bid sodat ek Jesus as my Redder kan aanvaar. Ek sal daardie dag solank as wat ek lewe nooit vergeet nie! Ek kon toe vanuit die diepte van my hart sing:

***Oh happy day, oh happy day***
***When Jesus washed my sins away***
***He taught me how to watch and pray***
***And live rejoicing every day!***

"Ek is nou betrokke daarby om ander te help om die ware betekenis van die lewe te vind deur die Engelse klasse wat Japansending by ons kerk aanbied."

## HOSPITAALEVANGELISASIE

Hospitaalevangelisasie is 'n belangrike *aanknopingspunt* met siekes. Voor mense in die hospitaal opgeneem word, het hulle dikwels min tyd vir God. Wanneer hulle skielik tot stilstand gedwing word, moet ons daar wees. Ons moenie net simpatiek

wees nie, maar ook die boodskap van Christus aan hulle bring.

Een pasiënt het aan ons geskryf met ’n ongewone versoek, “Kan u asseblief vir my ’n katalogus van u kruise stuur?” Sommige sou so ’n brief opsy geskuif het, maar die dame wat ons korrespondensie hanteer het ware geestelike insig gehad. Sy het ’n geestelike nood in hierdie wanhopige vraag opgemerk. Hierdie man het nie die vermoë gehad om te kon vra, “Vertel my asseblief van die ware en lewende God wat Sy Seun gestuur het om vir my sondes te sterf.” Sy het dus biddend aan hom ’n brief geskryf en die Evangelie op so ’n manier verduidelik sodat hy dit kon verstaan.

Diegene wat Christus nie ken nie, is uiters eensaam en wanhopig wanneer die dood naby is. Boeddhistiese priesters besoek nie dikwels siekes nie, omdat hulle net as nuttig vir begrafnisse en die lewe na die dood beskou word. Wanneer pasiënte ’n Boeddhistiese priester in die hospitaal sien, is hulle reaksie dikwels, “Wat maak jy hier? Jy is te vroeg!”

Sue Verwey het ’n geleentheid gehad om te getuig teenoor ’n mediese dokter wat vir agt jaar Boeddhisme bestudeer het. “Ek het agtergekom dat ek ná al daardie jare geen woorde van hoop vir die sterwendes het nie,” het hy bely, terwyl hy die Christelike leesstof wat Sue vir hom gegee het bestudeer. “Dit is hoekom ek soms my Christenvriend vra om woorde van hoop en bemoediging met my terminaal siek pasiënte te deel,” het hy gesê.

Boeddhistiese priesters het nie ’n boodskap van hoop vir die siekes nie, maar dit is nie so met Christene nie! Die Here het vir ons gewys hoe belangrik dit is om die beste te maak van sulke geleenthede om die Evangelie aan siekes en sterwendes te bring.

## UITREIK NA BEJAARDES

Die uitreik na bejaardes is ook ’n belangrike *aanknopingspunt*. Die 125 miljoen mense in Japan het unieke uitdagings, want diegene 65 jaar of ouer, is meer as 25% van die hele bevolking.

Ongeveer 30 000 Japannese sterf elke jaar ’n *eensame dood*.

Dit word bereken op *drie persone per uur wat alleen sterf!* Hierdie getal sal beslis styg, aangesien daar aanduidings is dat 40% van die bevolking teen 2050, 65 jaar of ouer sal wees.

Al hoe meer mense sterf alleen sonder dat ander dit weet. Dit is so algemeen dat dit selfs 'n spesiale naam het, *kodokushi*, wat *eensame dood* beteken. Skoonmakers, bekend as Eensame-doodspanne, maak huise skoon waar die afgestorwenes soms vir maande gelê het. Die polisie verwyder die lyke, terwyl die skoonmaakpersoneel die huise vol vullis en insekte moet opruim.

"Deesdae kuier mense in die plaaslike gemeenskappe nie soveel met mekaar nie, dus word afgestorwenes heel dikwels eers baie later deur hul bure ontdek, en teen daardie tyd is die liggaam reeds besig om te ontbind," verduidelik die bestuurder van 'n skoonmaakmaatskappy.

Ongeveer 6 miljoen Japannese bejaardes woon alleen. Die helfte van hulle sukkel finansieel. Baie het kontak met hulle uitgebreide familie verloor, wat hul gevoel van eensaamheid en afgesonderdheid vererger. *Kodokushi* tref gewoonlik die mense met swak familiebande en wat niemand het om vir hulp te vra nie.

"Baie van die redes waarom familiebande so verbrokkel het, is gesetel in die verlede," verduidelik dr. Kudoh. "Toe Japan se ekonomie gebloei het gedurende die 1960's en '70's, was daar 'n arbeidstekort. Mense is dus na verskeie plekke verplaas om by siviele ingenieursprojekte te werk. Sedert die 1990's het al hoe minder werksgeleenthede finansiële probleme veroorsaak en dié wat verplaas is sonder hul families het mettertyd kontak met hulle verloor. Dit het hulle alleen gelaat om die ouderdom in die gesig te staar."

Baie van die ouer mense het hulpeloos en behoeftig geword. Sommige wend hul tot misdaad om sodoende versorging in die tronk te bekom, in plaas daarvan om op straat te lewe.

Japansending het die boodskap van hoop met ontelbare

bejaardes deur die jare gedeel. Traktaatjies word uitgedeel wanneer ons werkers hulle in hospitale, tehuise en ook in hul eie huise besoek. Engelse klasse en verskeie uitreike gee bejaardes 'n geleentheid om sosiaal te verkeer en vriendskappe aan te knoop wanneer hulle die liefde van God ervaar.

Daar is *vier* groot aftreeoorde binne loopafstand van Japansending, waar ons spesiale byeenkomste hou en vriende maak met die inwoners. Een van hierdie aftreeoorde het ons genooi om Engels en kunsvaardighede vir die inwoners te leer. Ons het ingestem met die voorwaarde dat ons God se Woord met hulle kan deel. Party van die inwoners het in die Christelike geloof belanggestel en het begin om 'n nabye kerk by te woon.

Die Here het ons na een van ons bure, mnr. Hano, wat in sy 80's was, gelei. Hy het ons vertel dat hy kanker het en die dokters het gesê dat hy slegs 'n paar maande het om te leef. Hy het sy huissleutels vir ons gegee en gevra dat ons die gemeenskapsdienste in kennis sal stel wanneer sy koerante begin ophoop, aangesien hy alleen woon en besig is om vir sy laaste dae voor te berei. Ons het God se liefde en bemoedigende Skrifgedeeltes met hom gedeel.

***"Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red"*** (Jesaja 46:4). Bid dat God harte sal oop maak terwyl ons die boodskap van hoop en God se liefde met die bejaardes deel.



Sunette Hugo saam met die bejaardes

## UITREIK NA DIE SJINESE IN JAPAN

Nog ’n betekenisvolle *aanknopingspunt* is om uit te reik na Sjinese studente en toeriste wat Japan besoek.

Volgens die Japanse Nasionale Toerismeorganisasie besoek ongeveer *8 miljoen* Sjinese jaarliks Japan. Statistiek dui aan dat ongeveer 740 000 Sjinese in Japan woon.

Dit is ’n gulde geleentheid om letterlik miljoene Sjinese jaarliks te bereik wanneer hulle Japan besoek. Ons kan nou in Japan die Woord van God aan hulle voorsien, met die hoop dat hulle die Bybels saam sal neem wanneer hulle na Sjina terugkeer.

Een dag het ’n Sjinese man ’n Bybel by Japansending kom vra. Hy het ons besonderhede op die Internet gevind. Sy vrou het hom daardie oggend uitgestuur met die woorde, “Moenie sonder ’n Bybel terugkom nie!” Sy het Christene onder haar familielede gehad, maar hy het nog in sy hart gewroeg met Boeddhisme. Hy was ’n seismoloog van Beijing en die regering het hom Japan toe gestuur om die voorspelling van aardbewings te bestudeer.

Ons het hom en sy familie aan ’n goeie kerk voorgestel. Hulle het die dienste gereeld bygewoon en kort daarna hul harte aan die Here gegee. Hulle het verskeie ander Sjinese na dieselfde kerk verwys en hulle is ook gered.

Die Here het ons ook gelei om in vennootskap met ’n Sjinese kerk te werk. Japansending besit ’n sentraalgeleë vierverdiepinggebou in Osaka. Hierdie gebou word as ’n media-uitreik sentrum en vir die evangelisering van die gemeenskap gebruik.

’n Sjinese kerk vergader op Sondae in dié gebou en baie Sjinese studente en toeriste besoek dit dikwels. Dit is nog ’n geleentheid om die saad te saai en God se Woord te versprei!

## KINDERKLUB

Die Kinderklub bediening is ’n baie vrugbare *aanknopingspunt*.

Een van die opwindende dinge waarvan ons kan getuig, is hoe God ons daaglikse behoeftes gebruik om geleenthede

te skep om te getuig. Soos ons met ons gereelde aktiwiteite voortgegaan het, het die Here mense oor ons pad gebring wie se harte gereed was om die Evangelie te hoor.

Dit was op hierdie wyse dat Kinderklub gestig is. Toe ons kleinseun, Will, gereed was om kleuterskool by te woon, het die Here ’n deur oop gemaak na ’n nuwe bediening. Will het onmiddellik aandag getrek as gevolg van sy buitelandse voorkoms en baie van die ouers het ons gevra om vir hulle kinders Engels te leer.

Die gevolg was die Kinderklub wat in September 2016 begin is. Ons is baie opgewonde oor hierdie bediening, omdat dit ons in staat stel om baie families wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie, te bereik.

Werkers van Japansending gesels met die kinders in Engels, terwyl hulle Christelike liedjies en Bybelstories vir hulle leer. Die ouers bly dikwels en neem ook deel. Ons doel is om geleenthede te skep waar kinders en hul ouers die liefde van God kan belewe en Jesus kan vind, terwyl hulle ’n dieper verhouding met ons werkers ontwikkel.

Daar is met baie mense kontak gemaak deur die Kinderklub. Die vrou van ’n Boeddhistiese priester het by ons Engelse klas vir volwassenes aangesluit, terwyl haar seun Kinderklub bygewoon het. Haar man het ’n maand later by die Engelse klas aangesluit. Alhoewel hy ’n priester was, was hy gretig om van die Christelike geloof te leer.

Ons het ervaar hoe die Here wonderwerke gedoen het, sodat ons in aanraking kon kom met dié wat Hy wou hê, by die Kinderklub moet aansluit.

Dawid en Sue het tydens hul besoek aan die VSA by ’n kerk in Santa Barbara (Kalifornië) opgetree en daar het hulle ’n video oor die Kinderklubbediening vertoon. Na die diens het hulle die Moriyama-familie ontmoet. Dawid en Sue was verbaas toe die moeder, Megumi, hulle vertel dat sy ’n moeder en kind in die Kinderklubvideo herken het en dat hulle goeie vriende is!

Hierdie ongeredde familie met twee klein kindertjies het vanaf ons omgewing in Japan die VSA besoek!

Die tydsberekening was wonderbaarlik, omdat dit die laaste Sondag was wat die familie in Santa Barbara sou wees voor hul terugkeer na Japan. 'n Paar weke later het ons gehoor dat een van hulle kinders by Kinderklub aangesluit het. Ons het God geloof vir die manier waarop Hy dit vir ons moontlik gemaak het om met hierdie familie kontak te maak, selfs terwyl ons in 'n ander land was!

Gedurende 2017 het die Kinderklubbediening so vinnig gegroei dat ons die getal nuwe lede by Kinderklub moes beperk. Ons het begin bid vir 'n veilige speelruimte, omdat die enigste beskikbare speelplek slegs 'n klein plekkie net buite ons hoofgebou was.

Die Here het ons gebede beantwoord toe ons met mnr. Kaisaka, 'n afgetrede buurman, gaan praat het. Hy is die eienaar van 'n groot tuin aan die onderkant van ons eiendom. Hy wou hê dat hierdie grond deur die gemeenskap benut moes word. Hy het selfs 'n paar skoppelmaaie, glyplanke en ander speeltoerusting vir die kinders verskaf. Ons en die Kinderklubfamilies het later



Japansending en die tuin daar onder

’n braai gehou ter ere van mnr. Kaisaka om hom te bedank vir sy vrygewigheid.

Ons verhouding met mnr. Kaisaka het reeds in 1995 begin, toe hy sy dogter wat in die kleuterskool was na Japansending gestuur het om Engels te leer. Hy het Neil en Peggy goed geken en dadelik van Alex gehou, wat op daardie tydstip ’n tiener was. Soos wat Alex nou gereeld in aanraking met mnr. Kaisaka kom, groei hul vriendskap.

Ons het gesien hoe die Here oor baie jare in die Kaisaka-familie se harte werk. Die dogter wat aanvanklik vir Engelse klasse gekom het, het nou self drie kinders wat sy na Kinderklub toe stuur. Nou luister hulle aandagtig na die Bybelstories. Dit is opwindend om te sien hoe die Here in die harte van drie geslagte van hierdie familie werk!

Een vyfjarige seuntjie by Kinderklub was soos ’n spons wanneer ons die kinders geleer het om te bid en God te dank vir die eetgoed. Hy het kort daarna op sy eie by sy huis voor maaltye begin bid, terwyl sy ouers verbaas toekyk.

Eendag het ’n seun na Alex se vrou, Eri, wat by Kinderklub onderrig gee, gekom en gevra, “Jy het ons verlede week geleer dat God die wêreld geskep het. Hoekom het Hy besluit om alles te skep?” Eri was verras deur die diepgaande vraag en hoe baie aandag hy gegee het. “Omdat dit God gelukkig gemaak het om ’n skepping te besit wat Hy kon liefhê,” het sy geantwoord.

By ’n ander geleentheid was Eri besig om voor te berei vir Kinderklub, toe sy per ongeluk ’n klein spieëltjie omstamp en dit gebreek het. Sy het beplan om dit op te ruim, maar het daarvan vergeet totdat een van die kinders vir haar daarop gewys het. Sy het dit vinnig skoongemaak voordat sy die Bybelles sou gee. Op daardie oomblik het sy skuldig gevoel en die Here het haar gewys om dit met die kinders te deel.

“Ek het iets anders vir vandag se les beplan, maar ek wil julle vertel van hierdie spieël.” Sy het verduidelik dat sy dit vroeër per

ongeluk gebreek het, maar in plaas daarvan dat sy dit erken het, het sy beplan om dit weg te gooi, met die hoop dat niemand dit sou opmerk nie. "En dit was verkeerd van my!" het sy gesê.

Die groep kinders het doodstil geword toe hulle dit hoor. "Dit was nie my spieël nie. Al het niemand anders daarvan geweet nie, het God geweet dat ek meer bekommerd was om myself goed te laat lyk, as om verskoning te vra, omdat ek iets wat nie aan my behoort het nie, gebreek het." Sy het verskoning aan die spanlede in die vertrek gevra en dit was vir elkeen 'n waardevolle les.

Dieselfde aand toe die klas verby was, het een seun per ongeluk een van die Kersfeesliggies wat buitekant gehang het gebreek. Toe die seun een van die sendelinge sien, bely hy dat hy die liggie gebreek het. Die sendeling het hom verseker hy is vergewe en dat God gelukkig was dat hy besluit het om te kom sê wat hy gedoen het.

Dit is bemoedigend om te sien hoe die kinders geestelike lesse leer en geloof in 'n liefdevolle Skepper God aanvaar, deur 'n opregte verhouding met die onderwysers.

Ons is opgewonde om te sien hoe God Kinderklub gebruik om die liefde van God na die ouers oor te dra. Een van die sendelinge in die omgewing, wat ons dikwels met Kinderklub gehelp het, en haar man, het besluit om twee Japannese babas met Downsindroom aan te neem.

Die ongeredde moeders was diep geraak toe hulle hoor dat hierdie sendingpaar doelbewus hierdie babas met 'n ernstige gebrek aangeneem het, omdat sulke weeskinders baie meer sorg nodig het en dikwels verwaarloos word.

Party van die moeders het gewonder wat die rede was dat dié egpaar hulself verbind tot 'n lewenslange opoffering om hierdie gestremde babas groot te maak in 'n land wat nie hul eie is nie.

Dit was 'n wonderlike geleentheid om God se liefde te deel en te verduidelik dat elke kind kosbaar is in God se oë. Die Heilige Gees het sulke voorbeelde van 'n Christelike lewenswyse gebruik om tot die harte van die ouers te spreek. As

gevolg daarvan stel party van die ouers belang om Christelike waardes in hul lewens in te sluit.

Dit is 'n stadige proses om die ouers te help om die waarhede in die Bybel te verstaan, maar hulle maak tog stap vir stap vordering. Ons kon 'n hele paar families na verskeie plaaslike kerke verwys. Dit is bemoedigend om te sien hoe hulle vriende maak met ander Christene soos wat hulle gereeld kerk bywoon.

Ons loof God vir die manier waarop Hy die weg voorberei het toe ons hierdie opwindende bediening in geloof begin het. ***"Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie"*** (Deuteronomium 31:8).

## KAFEEBEDIENING

Die Kafeebediening is nog 'n doeltreffende *aanknopingspunt*. Japansending het CAYA Kafee in Maart 2018 geopen in 'n oordekte tuinstoep in mnr. Kaisaka se tuin wat hy aan ons beskikbaar gestel het. Die tuin is omring deur pragtige kersiebloeiselbome.

Meeste Saterdae is daar tot 40 besoekers vanuit die omgewing wat by ons aansluit vir pret en 'n geselsie oor 'n koppie koffie. Besoekers kan hul keuse maak uit 'n verskeidenheid geroosterde koffiebone wat die werkers maal en na smaak brou.

Die doel van CAYA Kafee is om 'n plek te skep waar werkers by die gemeenskap betrokke kan raak en God se liefde kan deel. CAYA is 'n afkorting van *Come As You Are*. In die Japannese gemeenskap is daar min plekke waar mense aanvaar word nes hulle is. Maar dit is wat die genade van God vir ons doen. Ons word aanvaar nes ons is.

Soos dit bekend raak, ry sommige mense tot 30 minute om hul families na CAYA Kafee te bring. Wanneer die ongereddes vertrek, het ons hulle soms hoor sê, "Dit was heerlik om hier te wees. Dit het vir ons gevoel asof ons 'n buitelandse kultuur vir 'n kort rukkie ervaar het." Baie kom later tot die besef dat daar

iets anders omtrent hierdie plek is, omdat hulle die liefde en vreugde van die Here hier ervaar.

Een familie het van CAYA Kafee gehoor deur hul kinders wat dieselfde kleuterskool bywoon as Alex en Eri se kinders. Hulle het die kafee besoek en ook ’n paar spesiale geleenthede soos ons Engelse kamp, bygewoon. Toe hulle toon dat hulle geïnteresseerd is in die Christelike geloof, het ons hulle voorgestel aan ’n plaaslike kerk, wat hulle nou gereeld bywoon.

## VENNOOTSKAP MET KERKE

Japansending stig nie kerke nie. Ons gebruik verskeie metodes om die verlorenes te bereik en verwys hulle dan na plaaslike kerke.

Ds. Yoshida is die predikant van so ’n kerk en kom dikwels na CAYA Kafee toe. “As kind het my moeder my gedwing om ’n kerk by te woon wat baie wetties was,” het hy meegedeel. “Dit het veroorsaak dat ek geglo het dat om ’n Christen te wees beteken om ’n stel reëls te gehoorsaam. Dit is een rede waarom ek ’n roeping het om families met kinders in ons kerk te verwelkom en maniere te vind om God se liefde met hulle te deel. Een keer per maand hou ons ’n spesiale diens vir kinders, waaraan die ouers deelneem waar ons kunshandwerk doen, Bybelstories vertel, liedjies sing en met die kinders speel.”

Japansending het ds. Yoshida bekendgestel aan baie van die soekendes wat bereik is deur die Engelse klasse, Kinderklub, Engelse kamp en die CAYA Kafee-bediening. Party van hulle woon sy kerk gereeld by.

Ds. Yoshida gebruik soms graffiti-kuns om die boodskap van God se liefde oor te dra. Ons het hom uitgenooi om by ons Engelse kamp op te tree. Daar het hy ’n reuse wit seildoek tussen twee bome gespan en die ouers en die kinders genooi om op die seildoek met kleurvolle waterverf te verf. Daarna het hy baie kunstig kleurvolle Christelike boodskappe daarop geteken. Nadat hy sy getuienis gelewer het, het hy die hele



Yasutaka Yoshida & Alex

kleurvolle seildoek in stukke opgesny, sodat hulle dit huis toe kon neem. Dit was vir die kinders sowel as hulle ouers 'n wonderlike ervaring!

## GRAFFITI KUNSTENAAR VIR JESUS

Die volgende is die merkwaardige getuienis van ds. Yoshida en hoe die Here die hart van hierdie graffiti kunstenaar verander het sodat hy 'n predikant kon word.

Yasutaka Yoshida is in Desember 1985 gebore en het in Osaka grootgeword. Hy was die oudste van vier seuns.

"Ek onthou hoe ek gedurende my vroeë laerskooljare in my bed gelê en huil het," vertel Yasutaka. "Ons het in 'n armoedige woonstel gewoon en my ouers het alewig gestry omdat hulle besig was om te skei.

"Daar was een stil nag wat ek in my bed gelê het en gehoor het hoe my ma en pa baklei. Ek kan dit steeds onthou.

"Solank as wat ek kan onthou, het my moeder ons Sondae kerk toe geneem. Ons het 'n kerk bygewoon wat baie wetties was. Ons is geleer dat ons nie op Sondae mag TV kyk, aan sport mag deelneem of na McDonald's mag gaan nie. Dit het my baie afgesit.

"Judo het vir my baie belangrik geword en ek het uitstekend in my gewigsgroep gevaar. Ek het dikwels in Osaka tweede gekom en het twee keer tot die finaal deurgedring.

"Toe ek 'n senior in hoërskool word, was ek verward oor my toekoms. Ek kon tydens my kollegejare óf voortgaan met judo, óf 'n deeltydse werk kry. My familie was arm en ek het geweet dat as ek kollege toe gaan, my moeder vir my sou moes betaal. Ek wou nie langer kerk toe gaan of volgens haar verwagtinge leef nie. Daarom het ek die huis verlaat en by die Japannese Selfverdedigingsmag aangesluit.

"Toe ek jonger was, het ek gebid dat my vader sou terugkeer huis toe, maar hy het nie. Dit het veroorsaak dat ek aan die bestaan van God begin twyfel het. Ek het begin voel dat daar geen rede is om in iets te glo wat so onbetroubaar en onseker was nie. Ek het dus uiteindelik 'n ateïs geword.

"Ek het begin om na verskillende soorte musiek te luister en so het die Selfverdedigingsmag en musiek my lewe geword. Ek het ook begin om allerhande soorte tydskrifte te lees en foto's gesien van partytjies in ander lande. Dit het na baie pret gelyk en daar was ook foto's van mense wat iets gerook het, maar dit was nie sigarette nie. Dit was dagga en is voorgehou as *'n toegangskaartjie na 'n wonderlike lewe!* Ander boodskappe het aangedui, *Lewe elke dag asof dit 'n partytjie is!*

Party van my ouer kollegas in die Selfverdedigingsmag het ook van musiek gehou. Eendag het ons oor verdowingsmiddels gepraat. Een van die manne het gesê dat hy daarvan het en so het ek die rook van dagga uitgetoets. Ek het onmiddellik verslaaf geraak.

"Drank het my siek laat voel, dus het ek liewers dagga gerook. Ek het die telefoonnommer van 'n verskaffer gekry en ons het dit soms deur die Internet bestel. Ek het gevoel asof ek in 'n droom lewe, net soos dit in al daardie tydskrifte beskryf is. My ouer kollegas en ek het hoog geraak van die dwelms en het dan op die hoofweg gaan jaag.

"Een somervakansie het 'n kollega gebel en gesê, 'Yoshida, die bevelvoerder wil met jou praat. Ek weet dat jy met vakansie is, maar hy wil hê jy moet terugkom.'

"Toe ek by die militêre kamp aankom, het ek die bevelvoerder gaan spreek. 'Luister, Yoshida, ek gaan jou 'n baie belangrike vraag vra,' het hy gesê. 'Dwelmmiddels? Het jy ooit dagga gerook?'

"'Ja,' het ek geantwoord en die bevelvoerder het op my gegil en gesê, 'Gaan nou dadelik! Die dwelmbeampte is hier.' Nadat hy sy ondersoek afgehandel het, is ek afgedank.

"Ek was 19 jaar oud toe ek in 'n baie klein sel in Osaka Gevangenis toegesluit is. Ek was diep hartseer toe my ma my besoek en ek die teleurstelling en trane in haar oë sien.

"Na drie maande se eensame opsluiting is ek vrygelaat. Ek was vasbeslote om op te hou om dagga te rook en my lewe reg te kry. Ek wou nie weer my hartseer moeder teleurstel nie. Ek het daarom alles probeer om 'n skoon begin te maak.

"Ek het my moeder gedurende die Nuwejaarsvakansie gaan besoek en sy het my kerk toe geneem. Dit is waar ek Junko – die meisie met wie ek later sou trou – vir die eerste keer ontmoet het.

"Eendag het ek tydens 'n treinreis in 'n boek gesit en teken. 'n Graffiti kunstenaar het met my aan die gesels geraak. Hy het my sy notaboek gewys en ek was regtig beïndruk. Ons het tekenvriende geword en hy het my sommige van sy graffiti gewys. Hy het spuitverf en viltpenne gebruik om graffiti op mure van baie dele van die stad te teken. Dit was baie kragtig. Hy het selfs op die kant van 'n trein geteken. Ek het gewonder hoe hy dit reggekry het!

"Ek het besluit om dit ook te probeer en die wêreld het my verfdoek geword. 'Wie weet, dalk kan ek daarmee geld verdien en selfs beroemd word.' het ek gedink. Ek het van teken op papier na teken op die stadsmure oorgeslaan.

"Net soos toe ek judo beoefen het, was ek baie kompeterend en het dit gehaat om te verloor, dus het ek probeer om met dit wat ek doen, die beste te wees. Ek het probeer om plekke te vind om op te teken waar dit sigbaar sou wees vir baie mense. Ek het ook in my eie besondere styl geteken, sodat mense my werk sou herken.

“Ek wou ’n plek hê waar ek tuis hoort, omdat ek nie ’n pa gehad het nie en my ma baie besig was. Ek het leeg gevoel en wou hê dat mense my moet respekteer. Hoe meer ek geteken het, hoe meer het mense gehou van wat ek doen. Wanneer ek op mure geteken het, het meisies geskree, ‘Wow, dit lyk cool!’

“Natuurlik was dit ’n oortreding en ek kon gearresteer word as ek graffiti gedurende die dag teken. Daarom het ek snags saam met ’n persoon wat vir die polisie kon uitkyk, uitgegaan. Voor ek my kon kry, het ek bedags geslaap en die hele nag wakker gebly.

“Daar was niks lekkerder as om saam met my vriende te jol nie; maar wanneer ek alleen was, het ek leeg gevoel. Die leegheid binne-in my het al hoe dieper geword en ek het amper mal geraak om dit te probeer vul. Dit het my daartoe gedryf om volmaakte graffiti te teken.

“Die belofte wat ek aan myself gemaak het om nie meer my moeder teleur te stel nie, het minder belangrik geword. Ek het met ’n persoon kennisgemaak wat bereid was om my van gratis dagga te voorsien. Ek het dit soms verkoop om ’n bietjie geld te kry en gedink dat ek uiteindelik lekker leef.

“Ek het dikwels van deeltydse werk verwissel. Die beste pret wat ek gehad het, was toe ek pasta afgelewer het. Gewapen met spuitverf en permanente viltpenne het ek op ’n motorfiets oral in die stad gery, bestellings afgelewer en graffiti op pad geteken.

“Ek het vriende gemaak met selfs dapperder graffiti kunstenaars. Ons het mekaar uitgedaag om op plekke te teken waar daar sekuriteitskameras was en ons het in die nuus verskyn! Die Osaka-polisie het verwoed na ons gesoek, maar ons het daarin geslaag om hulle te ontwyk. Toe die nuusmedia berigte geskryf het oor hoe die stad deur graffiti ontsier word, het ons trots gevoel, omdat mense ons werk raakgesien het.

“Ons het gereeld elke nag bymekaargekom om te teken. Een nag het ons besluit om op ’n advertensiebord op die dak van ’n woonstelkompleks te teken. Dit was ’n plek wat vanaf die

platform van die treinstasie sigbaar was. Ons het van gebou tot gebou gespring om by daardie dak uit te kom. As iemand sou val, sou dit vir seker sy dood beteken het, maar ons was vasberade om in daardie hoogs sigbare plek te gaan teken.

"Al vier van ons het begin teken sonder dat iemand waghou en die sterk reuk van die spuitverf het gou die lug gevul. Skielik het ons stemme onder ons gehoor. 'n Paar mense het by 'n kroeg uitgekom en gesê, 'Haai, hulle teken iets! Dis graffiti! Roep die polisie!'

"Ons het oorgespring na die volgende gebou se dak en by die brandtrap afgehardloop. Ek het vir 'n lang tyd onder 'n kar weggekruip. Nadat die polisie weg is, het ek my vriende geroep en uitgevind dat een van hulle gevang is.

"Na 'n paar dae is my vriende een vir een gearresteer. Een oggend het die polisie my wakker gemaak terwyl hulle my deur oopdwing en skree, 'Jy is Yasutaka Yoshida, nie waar nie? Ons het 'n lasbrief vir jou arres!' Ek het probeer om my uit die situasie uit te lieg, maar hulle het my gedwing om saam met hulle te gaan.

"My nuwe blyplek was 'n klein tronksel met 'n oop toilet. Vir die eerste drie dae in die tronk is ek nie toegelaat om enige iemand te sien nie, maar ek kon goed ontvang wat mense vir my stuur. Ek is tronk toe net nadat hulle my wakker gemaak het en ek was dus steeds in my pajamas en dit was koud.

"Die eerste ding wat my moeder vir my gestuur het, selfs voor my klere, was 'n Bybel! 'Hoekom sou sy vir my 'n Bybel stuur?' het ek gedink. 'Sy kon ten minste eers vir my klere gestuur het! Asof ek dit gaan lees!' het ek gedink terwyl ek die Bybel dwarsoor die sel gegooi het.

"My moeder het my kort daarna in die tronk besoek en vir my geld en klere gebring. Sy het ook vir Junko, die Christenmeisie van haar kerk wat ek voorheen ontmoet het, saamgebring. Hulle het my aangemoedig om die Bybel te lees en Junko het later vir my 'n paar bemoedigende briewe geskryf.

"Ek het nie 'n foon gehad nie en kon nie my vriende sien of buitetoe gaan nie. Na twee maande het ek so verveeld en gefrustreerd geraak dat ek besluit het om die Bybel oop te maak.

"Die Here het met my hart gepraat toe ek Romeine 6:23 lees. ***Die loon wat die sonde gee, is die dood.*** Ek het geweet dat ek hel toe sou gaan as ek doodgaan en het ook geweet dat ek my sondes moes bely.

"Ek is soms toegelaat om na die ontspanningskamer te gaan, waar daar 'n klein venstertjie was wat die sonlig ingelaat het. In daardie kamer is ons toegelaat om twee sigarette per dag te rook. Eendag het ek gekyk hoe die sigaretrook by die klein venstertjie uit dwarrel.

"Die rookwolke en stofdeeltjies was duidelik sigbaar in die helder sonlig. 'Hierdie kamer is so vuil!' het ek gedink. Net toe het dit gevoel asof God my eintlik wys hoe vuil my eie hart is. Alhoewel daar ander mense was, was dit vir my asof ek alleen op 'n groot verhoog staan. Die sonlig het op my geskyn — dié man wat so 'n selfsugtige lewe gely het!

"Dit was asof alles wat ek tot nou toe gedoen het in 'n film na my teruggespeel word. Al wat ek toe sien was ontelbare stofkorrels en sonde. Ek het van aangesig tot aangesig gestaan voor my sonde. Ek het na asem gesnak en gemompel, 'God, as U daar is, red my, asseblief!'

"Ek het toe die woorde onthou wat my moeder vir my as kind gesê het, 'Yasu, lees asseblief die Bybel. Alles wat daarin geskryf is, is die waarheid!' Ek het na my tronksel teruggegaan, die Bybel opgetel en die hele boek gelees in my soektog na antwoorde.

"Ek is getref deur die woorde, ***As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered*** (Romeine 10:9-11).

"Ek het besef dat ek die woorde hardop moes sê, dus het ek gesê, 'Nou goed, ek sal dit sê! Jesus, ek is jammer. Vergewe my

asseblief vir alles wat ek gedoen het. Ek glo in Jesus Christus.' Die Here het my gehelp om my sonde te erken en ek het hom gevra om my te vergewe.

"Ek het toe 'n onbeskryflike gevoel van vrede en vreugde ervaar. Vir die eerste keer het ek geen skuldgevoel gehad nie en van daardie nag af kon ek uiteindelik lekker slaap.

"Ek het 'n sterk begeerte ontwikkel om ander van Jesus te vertel. Dit is toe dat 'n ou hawelose man aangewys is om my sel te deel. Hy is tronk toe omdat hy aanhoudend kos gesteel het. Ek het die oomblik wat hy my sel binnegekom het agtergekom dat hy vreeslik stink. Ek het nog nooit iets so aaklig geruik nie, maar ek het dit vir eers uitgehou.

"Toe ek Jesus in my hart ontvang, het ek besluit om gaaf teenoor almal te wees, maar ek kon die slegte reuk nie uithou nie en het dit gou vir hom gesê, 'Haai, ouman, moenie na hierdie kant van die sel op my *tatami* (strooi mat) kom nie! Bly op jou *tatami*. Hier is die skeidslyn tussen die matte! Jy beter mooi luister! Ons is albei sondaars hier, maar ek is alreeds gered en jy is nie. Jy moet eers in Jesus glo! Alles wat in die Bybel geskryf is, is waar! Niemand wat sondig kan hemel toe gaan nie. Daarom het Christus, wat ook God is, ons plek ingeneem en aan die kruis gesterf. Laat ons saam hemel toe gaan!'

"Ek het nie myself toegelaat om oor die streep te gaan wat ek getrek het nie, maar ek het die Bybel uitgehaal en met hom gepraat asof ek baie beter as hy was.

"Die ouman het slegs in stilte na die muur gestaar.

"Ek het besluit dat dit nie my fout was dat hy so sleg ruik nie en het probeer om 'n bietjie te slaap. Terwyl ek daar lê en dink, het ek die woorde onthou wat ek in die Bybel gelees het, ***Julle moet mekaar liefhê***.

"'Het ek ooit die mense liefgehad wat gesê het hulle hou van my?' het ek gewonder. 'Het ek hulle nie net tot my eie voordeel gebruik nie? Ek het altyd iets in ruil verwag. Dus was dit nie ware liefde nie, was dit? Ek kan nie eers gaaf wees teenoor

hierdie ouman nie, net omdat hy sleg ruik.' Ek het besef dat ek geen liefde in my het nie!

"Toe ek my oë toemaak, het 'n stem saggies in my hart gepraat, ***'Hoekom het jy daardie streep getrek en die ou man aan die anderkant gehou? Ek het oor die streep getree en jou liefgehad.'***

"'Hoekom?' het dit in my hart weerklink. Ek het toe besef dat al was Jesus God, het Hy gekom en op die aarde gewoon. Hy het daardie ontsaglike kloof oorgesteek wat vir ons onmoontlik is om te doen. Hy het nie net Sy hand uitgesteek nie. Hy is aan die kruis vasgespyker en het Sy lewe opgeoffer vir iemand met 'n verskriklike selfsugtige hart soos ek, maar dit het nie net in die dood geëindig nie. Hy het opgestaan uit die dood!

"Ek het uiteindelik verstaan en God gedank dat Hy dit vir my duidelik gemaak het, dat Jesus gekom het om iemand met so 'n vuil hart soos ek te red — vuiler as die ou man met wie ek die sel gedeel het. Daarna het ek my sel gedeel met dwelmverslaafdes, swartmarkhandelaars en 'n man wat iemand met sy kar doodgery het.

"Ek het gedink dat hierdie mense regtig sleg is, maar ek het tot die besef gekom dat in God se oë ek nie anders was nie. Dit was 'n hartsaak. Ek het nog nooit iemand doodgemaak nie, maar ek het 'n klomp mense gehaat.

"Ek het onthou hoe ek as kind gebede soos 'n rympie opgesê het en gedink het dat dit is hoe 'n mens bid, maar God het my geleer dat gebed 'n gesprek is. My trane het begin vloei terwyl ek gebid het en tot die besef gekom het van die diepte van God se liefde. Ek is gevul met vreugde en het bo verwagting tevrede met my omstandighede geword.

"Ek is in September 2007 vrygelaat, nadat ek agt maande tronkstraf uitgedien het. Ek het toe begin om my moeder se kerk by te woon en vriende gemaak met Junko, die Christenmeisie wat vir my gebid en bemoedigende briewe geskryf het terwyl ek in die tronk was. Ons is twee jaar later getroud.

"Ek het werk by 'n tehuis vir bejaardes gekry en terwyl ek

hulle versorg, het ek begin dink, *'Wat gaan met hierdie mense gebeur as hulle sterf? Waarheen sal hulle gaan?'* Ek het besef dat daar geen hoop vir hierdie mense sou wees nie, tensy ek 'n persoon word wat die Evangelie vir hulle in eenvoudig woorde kon verduidelik.

"Kort hierna het die Here my gelei om 'n Bybelskool vir drie jaar by te woon. Nadat ek gegradueer het, het die Here vir my 'n deur geopen om 'n predikant by 'n kerk te word. God het ook wonderlike geleenthede vir my geskep om my tekentalent te gebruik om jongmense vir Christus te bereik. Ek teken nou Christelike graffiti op reuse seildoeke terwyl ek my getuienis lewer.

"Voorheen het ek geleef volgens wat ek gedink het goed was. Nou wil ek hê dat God my gebruik volgens sy plan."

***"Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra"*** (Johannes 15:16).

"Ek loof God vir die diepte van sy liefde. Hy het geduldig volgehou om my te vind — 'n man diepbesoedeld deur sonde. Hy het my verander van 'n gevangene in sonde tot 'n dissipel van Jesus Christus!"




Yasutaka met sy graffiti

# 9

# Bybelverspreiding

Die statistieke en wonderlike getuienisse in hierdie hoofstuk is saamgestel uit eerstehandse verslae van betroubare bronne. Party name is verander en besonderhede is weggelaat om die identiteit van dié wat steeds hul lewens waag, te beskerm. (Bronne: bladsy 237)

Daar is vele getuienisse van persone wat opgewonde was om hul eerste Bybel te ontvang. 'n 23-jarige jongman in Sjina was reeds vir 8 jaar 'n Christen, maar het nie 'n Bybel besit nie. Die kerk het soms Bybels ontvang, maar daar was nooit genoeg nie. Na 8 jaar het hy uiteindelik sy eie Bybel ontvang en sy hart was vol vreugde.

Tien studente by 'n Bybelskool in Sjina het nie Bybels gehad nie. Hulle het ernstig daarvoor gebid en was opgewonde toe die Bybels hulle 6 maande later bereik.

Wanneer Bybels voorsien word, skep dit onvermydelik 'n nood vir nog Bybels. Dit gebeur gereeld dat een Bybel binne 'n paar maande tot verskeie bekerings lei soos dit gedeel word. Daar was 'n geval in die vroeë 1990's waar een Bybel in Sjina gelei het tot 10 000 bekerings binne drie jaar nadat dit in daardie omgewing aangekom het!

## BURGUNDY BYBELS

Japansending werk al vir baie dekades saam met die New Life Ministries in Japan. Hierdie verbintenis gee ons die geleentheid om Bybels te versprei wat baie goedkoop gedruk word. New Life Ministries het 'n drukpers van uitstaande gehalte aangekoop met die spesifieke doel om Sjinese Bybels te druk.

Hierdie *Mitsubishi web offset press* druk ’n volledige Bybel van 1 000 bladsye binne 2.2 sekondes. Dit beteken 27 Bybels per minuut! Hierdie drukpers word soms 24 uur per dag gebruik. Die koste om een volledige Sjinese Bybel met die *burgundy* omslag te druk is ongeveer R30.

Een van ons Bybelkoeriers het met ’n predikant in die plattelandse deel van Sjina kennisgemaak. Hierdie predikant was ’n uitsonderlike persoon met ’n uitgebreide bediening. Dit was sy begeerte om ’n Bybel aan nuwe bekeerlinge te gee, maar hulle het gewoonlik ’n groot tekort ervaar.

Toe ons Bybelkoerier hom vra waarvandaan hy hul Bybels kry, het hy geantwoord dat hy ’n paar kontakpersone het wat dit vir hom stuur. Hierdie persone ontvang dit weer van iemand anders, dus weet hy regtig nie waarvandaan die Bybels kom nie.

Nadat hulle ’n rukkie gesels het, het die Bybelkoerier twee tasse vol Bybels aan hom oorhandig. Toe hy die eerste tas oopmaak en die *burgundy* omslae sien, roep hy uit, “Dit is dieselfde Bybels wat ons nou al vir baie jare ontvang! Waar het julle dit gekry?” Die Bybelkoerier het hom toe vertel dat die Bybels in Japan gedruk word. Iemand het geld geskenk vir die druk daarvan, en ander het dit oor die grens geneem.

Die predikant se gesig het soos die son gestraal en daar was trane in sy oë toe hy sê, “O, om te dink dat ons broers en susters het wat ons nie eers ken nie, wat bydraes gee en werk om ons van Bybels te voorsien!” Hy het dadelik begin om God te prys en te dank vir al die Bybels wat hulle oor die jare ontvang het.

Ons loof die Heer vir die hulpbronne wat Hy voorsien om dit vir ons moontlik te maak om in hierdie groot behoefte te voorsien. Die vele gereelde finansiële bydraes help ons om hierdie kosbare geskenk aan ongelooflik baie mense, wat nie ’n Bybel op hul eie in die hande kan kry nie, te gee. Bid asseblief vir wysheid en veiligheid van dié wat betrokke is by die druk, vervoer en verspreiding van hierdie Bybels.

## SJINA

Die bevolking van Sjina is meer as 1.4 biljoen. Sjina se ekonomiese groei is merkwaardig. Die hoofstede het oor die afgelope 30 jaar 'n gedaanteverwisseling ondergaan met die vermeerdering van toringgeboue en neonligte. Miljoene mense is uit armoede verlos en het tot die middelklas toegetree. Aan baie van hulle is daar spesiale vryhede en voorregte toegeken in ruil vir hul toegewydheid aan die Kommunistiese Party. Nogtans is daar steeds miljoene mense wat in armoede leef. Hulle is meestal ingeperk tot die landelike gebiede.

Ons ontvang gereeld verslae van Sjina dat letterlik miljoene Christene nie 'n Bybel besit nie. Die moontlikheid vir die meerderheid van hulle om 'n Bybel te kry, is uiters skraal, tensy ander mense dit vir hulle gee.

'n Kerkstigter in die noordweste van Sjina het die volgende brief aan ons geskryf om ons te dank:

*Ek werk nou al vir ongeveer tien jaar in hierdie omgewing. Ek het Bybelskoolopleiding by een van die huiskerke ontvang en hulle het my ongeveer tien jaar gelede gestuur om kerke in hierdie gebied te stig.*

*As 'n predikant behoort ek my eie Bybel te hê, maar elke keer as ek een kry en bewus word daarvan dat iemand anders ook graag een wil hê, gee ek dit weg. Ek leen dikwels 'n Bybel van ander mense en wens ek kon een van my eie hê.*

*Ek het onlangs 200 Bybels vir my gebied ontvang en binne twee dae is almal uitgegee. Hierdie keer was dit moontlik om een vir myself te hou. Daar is geen manier waarop ons in hierdie omgewing Bybels kan kry nie, dus was dit waarlik 'n antwoord op gebed! Dankie vir julle kosbare geskenk!*

'n Dankbare gelowige het die volgende brief geskryf om ons te dank:

*Dankie dat julle vir my 'n Bybel gegee het! Ek woon in 'n klein dorpie in die noordelike deel van Sjina. Gedurende die winters is dit baie koud hier. Ek het die Christelike geloof aangeneem gedurende my vroeë tienerjare.*

*'n Klasmaat van my wat 'n Christen was, het begin om die Evangelie met my te deel. Ek het daarna begin om 'n huiskerk saam met hom by te woon. Drie maande later het ek my hart aan Jesus gegee. Ons kerk het nooit genoeg Bybels nie. Partykeer het die predikant Bybels gekry en dit dan uitgedeel.*

*Ek wou altyd my eie Bybel gehad het, maar kon nêrens een koop nie. Daarom het ek baie lank gewag voor die predikant vir my een kon gee.*

*Vyf maande gelede het die predikant na die Sondagdiens vir my 'n klein pakkie gegee.*

*Hy het gesê, "Dit is 'n geskenk van God.*

*Ek het vir hom gevra wat dit was.*

*"Ek weet dat jy al so lank wag om dit te besit," het hy gesê. "Dankie vir jou geduld. Hierdie boek is vir jou.*

*Toe die predikant "hierdie boek" sê, het ek geweet dat dit 'n Bybel is! My hart was vol vreugde en daar was trane in my oë. Ek het die predikant se hand gegryp en hom gevra om vir my te bid — dat ek wysheid mag hê om die Bybel reg te verstaan wanneer ek dit lees. Vandag, vyf maande later, het ek die Bybel al twee keer deurgelees. Dankie!*

Verskeie van die geheime hoofverskaffers van Bybels aan die huiskerknetwerk in Sjina het verslag gedoen dat hulle met hulle beste pogings saam minder as die helfte van die Bybels kon verskaf as wat die aanvraag van die Sjinese kerke was. Hulle kon soms slegs 10% van die nood verlig.

Paul Hathaway, 'n Christen skrywer en 'n kenner van die Sjinese kerke, het die volgende gedurende 2018 geskryf:

*Daar is nou 'n groter nood aan Bybels as ooit tevore in ons geskiedenis. Die groot vervolging van Christene deur die regering wat doelgerig toeslaan op elke aspek van die lewens van Christene, het dit moeilik gemaak vir hulle om toegang tot die Bybel te kry.*

*Ons was bewus van twaalf of meer sendingorganisasies wat baie jare gelede begin help het met die voorsiening van Bybels*

*aan Sjina se huiskerke. Ons het opgelet hoe die organisasies een-vir-een hierdie noodsaaklike bediening beëindig het. Sommige is gedreig en uit die land verban. Ander is op een of ander manier te na gekom en gedwing om hul bedrywighede te sluit.*

*Alle Bybels wat nie onder die beheer van die regeringsgekeurde kerk gedruk is nie, word as onwettig bestempel. Diegene wat betrokke is by die druk en die verspreiding hiervan, loop die risiko om tronkstraf sonder 'n verhoor te kry.*

*Ten spyte van die ekonomiese opbloei in verskillende dele van Sjina, bly mense in die plattelandse plaasgemeenskappe steeds uiters arm. Hulle toestand is vererger deur die stygende lewenskoste. Miljoene Christene wat huiskerke bywoon kan nie Bybels bekostig nie, al sou hulle toegang daartoe gehad het. Hierdie omstandighede het veroorsaak dat miljoene gelowiges ontneem word van God se Woord.*

Tot dusver was dit nie gevaarlik vir buitelandse toeriste om Bybels in Sjina in te neem nie. Buitelandse handel is vir Sjina uiters belangrik, daarom wil hulle nie enige internasionale insidente veroorsaak nie. Indien 'n toeris betrap word dat hy Bybels Sjina inneem, konfiskeer die doeanebeamptes beleefd die Bybels en reik 'n kwitansie daarvoor uit. Twee ure voor hulle vertrek uit Sjina moet hulle na die plek, waar die Bybels toegesluit is, gaan om die Bybels weer te kry om dit dan huis toe te neem.

Al is dit nie gevaarlik vir buitelanders om Bybels in Sjina in te neem nie, kan die uitdeel daarvan aan plaaslike mense groot gevaar inhou. Groot voorsorg moet getref word met die oordrag van Bybels aan die mense van Sjina as gevolg van die wakende oog van die regering.

## STRENG OWERHEIDSBEHEER

Die Sjinese regering oefen streng beheer uit oor die druk en verspreiding van Bybels. Dele van die Bybel word streng afgekeur en is ook nie op die Internet beskikbaar nie.

Die verbod op aanlynverkope van Bybels word deesdae baie strenger toegepas en dit is ook onwettig om Bybels in boekwinkels te verkoop. Die eienaar van 'n boekwinkel is gevonnis tot ses jaar tronkstraf vir die verkoop van Bybels en Christelike boeke wat wettig gedruk is vir die lede van die geregistreerde kerk. Hierdie manier van streng toepassing van die wet het gelei tot 'n toename in die aanvraag na Bybels wat buite Sjina gedruk word.

Die Sjinese regering laat slegs 'n beperkte hoeveelheid Christene toe om in geregistreerde kerke te aanbid. Dit is 'n poging om skerp beheer uit te oefen en tog aan die internasionale gemeenskap te bewys dat Sjina verdraagsaam is teenoor godsdiens.

Gedurende die afgelope jare het die regering nog strenger beheer toegepas omdat hulle bevrees is dat godsdiens sal keer dat die Kommunistiese Party floreer. Slegs een drukkery in die hele Sjina word toegelaat om wettige Sjinese Bybels te druk en te versprei. Die regering beheer die aantal wat gedruk mag word en gedurende die afgelope jare het hierdie aantal met ongeveer 30% afgeneem. Hierdie wettige Bybels is slegs bedoel vir die lede van die geregistreerde kerk en kan nie maklik deur ander bekom word nie. Dit kan baie gevaarlik wees om meer as 'n paar kopieë te koop.

Een gelowige het na Nanjing gereis, omdat hy gehoor het dat hy daar 1 000 *wettige* Bybels vir Christene in sy gebied kon aankoop. Hy het dit gekoop en huis toe gekeer. Die polisie het hom gevolg, geboei, aan 'n plafon opgehang en ondervra. Hulle het hom gedwing om te sê waar die Christene woon en wie hulle leiers is. Die hewige stryd van miljoene gelowiges wat God se Woord begeer is baie erg!

Die Sjinese regering het die afgelope jare al hoe meer bewus geraak van die bedreiging van die Christendom. 'n Aantal welbekende predikante is gearresteer en welbekende kerke is gesluit of afgebreek. Die regering het uiterste

maatreëls ingestel om die verspreiding van die Christendom te onderdruk. Alle Kersfees- en Paasfees dienste word verbied asook die uitstal van enigiets wat te doen het met die vier van Kersfees, insluitend kersliggies en kersbome in winkels.

## VERSLAE VANUIT SJINA

Verslae van Christene in Sjina bevestig die volgende:

1. Vervolging gaan voort en is nie iets van die verlede nie.
2. Sjina beleef steeds 'n magtige herlewing.
3. Daar is steeds 'n oorweldigende nood aan Bybels.

Die wettig geregistreerde kerke in Sjina is onder streng beheer en van diegene wat sulke kerke bywoon, word bewys van identiteit vereis. Videokameras met gesigherkenningstegnologie is ook bokant kerkingange en agter kansels aangebring.

Die meerderheid van gelowiges vergader onwettig in die ondergrondse kerk, omdat hulle deur erge vervolging bedreig word. Indien hulle uitgevang word, word geboue dikwels deur stootskrapers platgestoot en word kerkgangers gemartel om sodoende inligting omtrent die ondergrondse netwerk en die name van ander gelowiges te bekom.

Baie Christene het al polisieklopjagte, ondervraging en gevangenskap ervaar. Die polisie het by twee kerke die Kersdiens beëindig. Die beamptes het by die een gemeente 150 mense en by 'n ander 80 mense ondervra en is gewaarsku om nie hulle *onwettige* kerkaktiwiteite voort te sit nie.

By 'n ander geleentheid het 50 polisiemanne by 'n opleidingsentrum ('n geheime Bybelskool) opgedaag. Die 45 ouderlinge wat daar was om opleiding te kry, is vir 3 ure ondervra. Al hul Bybels is gekonfiskeer en die skool is onwettig verklaar. Gelukkig het een van die broers iemand met 'n hoë rang in die polisiemag geken en hierdie kontakpersoon het blykbaar gekeer dat enigeen tronk toe is.

## BEPERKINGS IN SJINA

Vervolging, beperkings en beheer het geweldig in Sjina toegeneem. In geregistreerde kerke word jeugaksies en Sondagskoolklasse verbied en alle byeenkomste buite geregistreerde kerkgeboue word verbied.

Kruise is afgebreek en baie ongeregistreerde kerkgeboue is gesloop. Die owerhede het Christelike kentekens in die geregistreerde kerke met foto's van die President en die Sjinese vlag vervang. Daar is selfs sprake van 'n nuwe Bybelvertaling wat in ooreenstemming met die kommunistiese- en Sjinese beleid sal wees.

Arrestasies van leiers, wat daarna streef om eerder God as mense te gehoorsaam, het toegeneem en ons kontakte in Sjina sê dat hulle baie meer waaksaam moet wees. In baie gevalle is die Sjinese gewaarsku dat hulle in hegtenis geneem sal word indien hulle met buitelanders in aanraking kom.

Strenger beheer het gelei tot teistering en vervolging. Sedert 2018 is daar 'n lys van nege reëls wat streng afgedwing word in die geregistreerde kerke:

1. Geen persoon onder die ouderdom van 18 jaar mag 'n kerk bywoon nie.
2. Lede van die Kommunistiese Party word nie toegelaat om kerk by te woon nie, behalwe as hulle aangewys is om daar te werk.
3. Niemand word toegelaat om enige oorsese spreker sonder toestemming te huisves nie.
4. Niemand word toegelaat om enige vergadering of byeenkoms te reël of daaraan deel te neem indien dit nie goedgekeur is nie.
5. Niemand word toegelaat om enige godsdienstige aktiwiteit in enige plek wat nie goedgekeur is nie, te reël of by te woon.
6. Niemand word toegelaat om enige godsdienstige aktiwiteit te reël of by te woon buite geregistreerde kerkgeboue nie.
7. Niemand word toegelaat om onwettige godsdienstige boeke, tydskrifte of voorwerpe te besit nie.

8. Niemand word toegelaat om onwettige godsdienstige skryfwerk of prente op die Internet te plaas nie.
9. Niemand word toegelaat om godsdienstige tekens op straat of langs die paaie te plaas nie.

## GEARRESTEER EN TRONKSTRAF

Een Sjinese Christen is vier keer gevang vir sy evangeliese bedrywighede. Die predikant van die kerk waarvan hy 'n lidmaat was, is tronkstraf opgelê omdat hy Bybels gedruk het. Dié predikant het gesien hoe buitelanders Bybels na Sjina bring en het gedink, "Hoekom druk ons dit nie self nie?" Hy het die nodige fondse bymekaar gekry en begin om Bybels te druk. Toe hy ontdek is, is hy gearresteer en tot drie jaar tronkstraf gevonnis. Sommige van diegene wat hom gehelp het, is geslaan en het ook tronkstraf gekry.

In 'n ander provinsie is 'n Christen gearresteer en het twee jaar tronkstraf gekry omdat hy drie bokse Bybels ontvang het. Na sy vrylating is hy gereeld gedreig en geteister deur die polisie wat sy bewegings dopgehou het.

By een geleentheid toe hy deur die polisie ondervra is, het hy gesê, "Julle kan my dreig so baie soos julle wil. Ja, julle kan my selfs doodmaak, maar ek sal nooit ophou om die Evangelie van Jesus Christus te verkondig nie. Julle sal nooit vir my of enige ander persoon kan dwing om stil te bly nie, selfs al stuur julle my weer tronk toe!"

Dit is die soort waagmoed wat die Sjinese herlewing kenmerk. Natuurlik is ons Sjinese broers en susters nie supermense nie. Hulle ervaar nes ons angs en benoudheid.

Nieteenstaande menslike beperkings en baie moeilike omstandighede, vrees hulle nie om die Goeie Nuus te verkondig nie. Nuwe kerke word steeds op die platteland, in die stede en die hoofstede gestig.

***U beskerm dié wat U Naam liefhet, en hulle juig oor U*** (Psalm 5:12).

## KERKSTIGTING IN SJINA

Ten spyte van die streng beheer en dreigende vervolging, groei die aantal gelowiges teen ’n buitengewone spoed. Berigte bevestig dat die herlewing versprei vanaf die platteland na die groter stede, waar baie studente, akademici en professionele persone ook Christus as hul Verlosser aanneem.

’n Sjinese evangelis vertel van 1 500 gretige jong gelowiges wat Bybelopleiding oor ’n tydperk van 3 jaar ontvang het. Elke student is aangemoedig om 3 nuwe kerke gedurende sy studietydperk te stig. Hulle sou slegs hul diploma ontvang wanneer hulle daarin geslaag het.

Die nuwe kerke is geleer om vir hulself verantwoordelikheid te neem, asook om nog een kerk in hul omgewing te stig. “Natuurlik is dit nie net ’n kwessie van die koop van grond en dan kerke met kruise daarop te bou nie,” vertel die evangelis. “Dit sou onmoontlik wees. In plaas daarvan moet iemand sy huis vir dienste beskikbaar stel of hulle moet ’n woonstel huur. Op hierdie manier word die Evangelie verder verkondig en nuwe dissipels word voortdurend vir God se Koninkryk gewen.”

Een kontakpersoon het 12 geheime Bybelskole in verskillende provinsies begin. Jongmense ontvang opleiding en verkondig die Evangelie deur die hele Sjina en selfs verder. Hulle het al ’n aantal sendelinge na geslote Islamitiese lande gestuur en baie meer berei voor om te gaan.

## KERKGROEI IN SJINA

’n Sjinese evangelis skryf: *Dit het 1 800 jaar geneem voor die Evangelie Sjina bereik het. Baie sendelinge het dikwels swaar gekry en die saad met trane gesaai. Hulle het nie veel vrug gesien nie — nie tot op hierdie tydstip nie.*

*Nadat die Kommuniste aan bewind gekom het, het hulle hul daarop toegelê om godsdiens uit te roei. Gedurende die Kulturele Rewolusie is kerke afgebrand, predikante is in die tronk gegooi,*

*Bybels is vernietig en byeenkomste is verbied. Dit alles het nie kerkgroei belemmer nie. Dit is eerder aangespoor! Herlewing het deur die hele land versprei.*

*Vandag het Sjina 160 miljoen volgelinge van Jesus Christus en daardie getal groei met een miljoen per maand.*

Eintlik is die presiese getalle nie bekend nie, maar wat ons wel weet is dat menigtes elke dag Jesus Christus aanneem. Meer as 70% van alle Christene in Sjina behoort aan die ongeregistreerde kerk wat in die geheim vergader.

Dit is nie die gevolg van groot byeenkomste of beroemde evangeliste nie. Dit is slegs ’n geval van gelowiges wat hul geloof deel en só mense vir Christus wen, deur die werking van die Heilige Gees.

“Hierdie groot herlewing het tot gevolg dat daar nou miljoene Christene sonder die Woord van God is,” sê ’n Bybelkoerier. “Ek het baie van hulle ontmoet en hul ernstige versoek vir meer Bybels gehoor. Ek het die trane van vreugde aanskou wanneer hulle hul eie Bybel ontvang en ek het ook die teleurstelling gesien as daar nie meer Bybels beskikbaar is nie.”

## VERSLAG DEUR ’N BYBELKOERIER

’n Bybelkoerier vertel dat ten spyte van strenger beperkings, dit vir hom moontlik was om in aanraking te kom met gelowiges in ’n afgeleë gebied en die kosbare Woord van God sonder enige probleme af te lewer. ’n Groot groep het hom gehelp om die Bybels na Sjina te vervoer.

“Dit was vir ons ’n vreugdevolle ervaring om Bybels aan gretige ontvangers te voorsien,” het hy gesê, “maar ons was teleurgesteld toe ons ontdek het dat ons vergeet het van ’n paar honderd Bybels in een van die tasse. Ons kon die kerkleiers aan wie ons sopas Bybels oorhandig het op geen manier weer kontak nie.

“Ons het gebid en God gevra om hulp en leiding. Die blote gedagte dat ons met die Bybels moet terugkeer wat so noodsaaklik was, was pynlik. Die volgende dag toe ons ons reisagent ontmoet, het ons gehoor dat hy Bybels vir sy moeder nodig het.

“Sy het baie ure per trein vanaf haar dorpie gereis met die hoop om broodnodige Bybels vir haar kerk te vind. Sy het geen idee gehad hoe sy die Bybels in die hande sou kon kry nie.

“Daardie aand het ons al die oorblywende Bybels aan haar oorhandig. Sy het met die breedste glimlag wat jy jou kan indink oor en oor gesê, ‘Dankie, dankie!’ Dit was ’n vreugde om te ervaar hoe die Here ons na dié vrou gelei het en ons fout gebruik het sodat hierdie dorpskerkie se nood vervul kon word.

“God het ons daaraan herinner dat daar by Hom geen foute is nie!” ***’n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop*** (Spreuke 16:9).

## HART VOL WOEDE

Die volgende is die getuienis van Chen, ’n jong predikant wat verantwoordelik is vir sewe kerke in een van Sjina se grootste stede.

Chen is die lewende bevestiging van die krag van die Woord van God. Hy het op die platteland van Sjina grootgeword en sy familie was baie arm. Sy pa moes ver weggaan vir werk, dus het Chen, sy broer en hul jonger suster hom slegs ’n paar keer per jaar gesien. Toe Chen se moeder sterf was hy 8 jaar oud en die drie kinders moes alleen woon en die meeste van die tyd maar vir mekaar sorg.

Na die dood van sy moeder het Chen baie verbitterd geraak en is gevul met woede. Op straat is hy gespot en wreed mishandel. Na graad 7 het Chen skool verlaat en op straat geleef. Hy het ’n boelie geword en was in baie gevegte betrokke.

Sy ouer broer het voortgegaan met skoolopleiding. Op universiteit het iemand vir hom ’n Nuwe Testament gegee en

God het dit jare later gebruik om Chen se lewe te verander. Sy broer het sy studies in die VSA voortgesit en daar het iemand vir hom nog 'n Nuwe Testament gegee. Hy het gedink dat dit ook sy jonger broer sou help, dus het hy hom aangemoedig om die een te soek wat hy jare vantevore ontvang het.

Chen het dit in 'n boks gekry waarin ou skoolboeke gebêre is, en gedink dat dit seker nie sleg sou wees om die boek waaroor sy broer so baie praat te lees nie. Hy het dit begin lees, maar dit nie juis verstaan nie. Een nag, toe sy woede en bitterheid die oorhand kry, het hy weer in 'n straatgeveg beland. Hy het toe skielik iets onthou wat hy in die Nuwe Testament gelees het. Dit het gevoel asof 'n stem met hom praat en vir hom sê, "***Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie; Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie***" (Matteus 7:1, 3).

Daar was toe daardie nag geen bakleiery nie. Inteendeel, Chen het teruggegaan na die vuil plek waar hy gewoon het en die Nuwe Testament met hernieude gretigheid begin lees. Die woede en bitterheid het hom verlaat en vrede het sy hart gevul. Hy het gelees van Jesus wat aan die kruis gesterf het en het Hom as sy Verlosser aangeneem. Chen is wedergebore!

Dié wat hom geken het, het gou die verandering in sy lewe opgemerk. Hy het hulle vertel van sy nuwe geloof en hulle het ook in Jesus begin glo. Hulle het begin vergader om uit die Nuwe Testament te lees en saam te bid. Hulle het toe ander gelowiges ontmoet en agtergekom dat dieselfde besig was om oor die hele Sjina te gebeur.

Chen het al duisende mense na die Here gelei. Die sewe kerke waar hy nou sy bediening het, het elkeen ongeveer 100 lidmate. Baie mense met wie hy die Goeie Nuus gedeel het, het ook tot geloof in Jesus gekom. Hulle het dit met ander gedeel, wat dit toe met nog meer mense gedeel het — alles as gevolg van een enkele Nuwe Testament wat jare tevore aan sy broer gegee is! Die Woord van God is inderdaad kragtig!

## DIE KRAG VAN EEN BYBEL

’n Sjinese man het vertel hoe hy ’n boek van ’n vreemdeling ontvang het. Hy het hierdie boek begin lees en het dit moeilik gevind om te verstaan, maar toe hy omtrent twee derdes deur die boek is, het dit baie interessant geword. Die hoofkarakter in daardie deel van die boek was verstommend en het sy aandag gevange gehou. Sy naam was *Jesus*.

Hy het die vier Evangelies ’n paar keer gelees, omdat dit vir hom so interessant was. Daarna het hy Handelinge gelees. Dié man het nog nooit vantevore van Jesus gehoor nie. Hy het nie gelowiges geken nie, en het nog nooit ’n Christelike lied of preek gehoor nie. Tog het die Woord van God sy hart aangeraak!

Nadat hy vir ’n paar weke lank die Nuwe Testament gelees het, het hy ’n baie eenvoudige gebed tot Jesus gebid en is met ’n oorweldigende gevoel van vrede en vreugde vervul. Hy het gesê dat hy gevoel het asof *Jesus letterlik in sy hart ingetrek het*.

Hierdie man was ’n regter in ’n hoë posisie in ’n streekhof en het baie invloed in sy gemeenskap gehad. Die vreugde en vrede wat hy ervaar het, was so wonderlik dat hy nie kon stilbly nie. Hy het die Evangelie met sy medewerkers en vriende gedeel. Hy het selfs die beskuldigdes in sy hof van sy ervaring met Jesus vertel en dele uit die Bybel vir hulle gelees.

Dit was nie lank voordat hy gearresteer is en vir ’n paar dae skerp ondervra is. Hulle het gesê dat hy nie in sy hofsaal oor God mag praat nie en dat dit verbode is om sy godsdienstige ervarings met ander te deel. Sy ondervraers het hom herhaaldelik gedreig en probeer oortuig om afstand te doen van sy geloof, maar hy het geweier.

Na aanhouding van vier weke, is hy vrygelaat en sy posisie as regter is van hom weggeneem en het hy sy werk verloor.

Vandag is dié regter ’n privaatprokureur en ’n lid van ’n huiskerk in Beijing. Hy is ’n ywerige volgeling van Jesus, wat dikwels die Evangelie met baie mense deel.

Een Bybel van ’n vreemdeling kan baie harte verander en hulle sodoende vir die Koninkryk van God bereik!

## BENDELEIER

’n Groep gelowiges was besig om die Evangelie in ’n gebied van die Jiangsu-provinsie te verkondig. Hulle was moedige dienaars en mense het begin om Jesus aan te neem.

Daar was egter een persoon wat nie daarmee gelukkig was nie. Hy was die bendeleier in die dorp. Een aand, toe die evangeliste met straatbediening besig was, het die bendeleier en sy manne in hulle kar opgedaag. Hy het sy vuurwapen teen die kop van een van die evangeliste gehou en gesê, “As julle nie hiermee ophou nie gaan ons julle almal doodmaak!”

Die evangeliste was beangs en het gewonder wat hulle moes doen. Na ’n bespreking en baie gebed het hulle besluit om voort te gaan met die bediening. Alhoewel hulle vreesbevange was, het hulle op God vertrou om hulle te beskerm.

Teen die einde van die week het hulle in ’n huis bymekaar gekom om die nuwe gelowiges te onderrig. Hulle het hulle uitgedaag om die volgende dag weer terug te kom en ook ’n vriend saam te bring. Sommige van hulle het toe so gemaak en daardie aand het heelwat mense Jesus aangeneem. Een van hulle was ’n dame, wat toe niemand anders was as die vrou van die bendeleier nie!

Die evangeliste was baie bekommerd toe hulle dit hoor. Hulle het meer as ooit tevore vir beskerming gebid. Dae het verby gegaan, maar niks het gebeur nie. Tot een nag — was daar ’n klop aan die deur van die huis waar die evangeliste gebly het. Toe hulle die deur oopmaak het die bendeleier daar gestaan.

“Wat het julle met my vrou gedoen?” het hy gevra. Die evangeliste was nie seker wat hy daarmee bedoel het nie. “Sy het heeltemal verander!” het hy voortgegaan. “Sy het altyd gegil en geskree op my en het die lewe vir my moeilik gemaak. Nou is sy wonderlik, liefdevol en vriendelik, en sy praat altyd van ’n man met die naam Jesus. Vertel my tog meer van Hom.”

Die evangeliste was geskok! Hulle het dreigemente en geweld verwag, maar beslis nie dit nie! Hulle het hom binnegenooi en

begin om hom van Jesus te vertel. Die bendeleier het verskeie aande teruggekom om meer te hoor en na ’n paar weke het hy die Here Jesus as sy Verlosser aangeneem.

Dit het ’n hele paar jaar gelede gebeur. Vandag is die eertyds bendeleier ’n evangelis en ’n predikant! Hy het reeds 160 kerke gestig en sy vrou, seuns en skoondogters is almal aktief betrokke by die prediking van die Evangelie en kerkstigting.

’n Bybelkoerier het een van hierdie kerke besoek. Die kerk was op die platteland en meer as 200 mense het dit bygewoon. Hy het Bybels saamgebring, maar het gesien dat elke gelowige ’n *burgundy* Bybel besit wat deur New Life Ministries gedruk is!

“Dit werk!” het die Bybelkoerier later verslag gedoen. “Julle verspreidingsplan werk!” Hy was so opgewonde dat die Bybels deur verskillende verspreidingskanale na die gelowiges in Sjina versprei is — selfs na hierdie kerk in dié afgeleë gebied. Die Bybels wat hy gebring het, is toe na ’n ander plek geneem waar daar ’n tekort was.

## SUSTER CHANG PREEK IN DIE TRONK

Toe God met suster Chang, ’n huiskerkleier in Henan, praat, het Hy aan haar gesê om iets te doen wat nie werklik sin maak nie. Hy het haar opdrag gegee om die Evangelie op die plaaslike polisiestasie se trappe te gaan verkondig.

So ’n optrede was verseker ’n uitnodiging tot ernstige straf, maar hoe meer suster Chang daaroor gebid het, hoe duideliker het die stem van God binne-in haar gesê dat sy dit moet doen. Oplaas het sy God gehoorsaam.

Sy het op die boonste trappie van die polisiestasie gestaan en dapper die Evangelie aan verbaasde toeskouers verkondig. Binne minute het ’n klomp polisiemanne haar na binne gesleep en haar streng ondervra. Vir die mens was haar gehoorsaamheid ’n dom optrede, maar God se weë is nie ons weë nie en Sy gedagtes is nie ons gedagtes nie (Jesaja 55:8-9).

Suster Chang is sonder ’n verhoor gevonnis en na die plaaslike vrouetronk gestuur, waar sy tussen duisende geestelik-verlore siele geplaas is. Sy het dapper en liefdevol die Evangelie aan haar medegevangenes verkondig en so het die lig van die Evangelie soos ’n veldbrand versprei! Binne slegs drie maande het 800 vrouens in Jesus geglo! Die atmosfeer in die tronk het geheel en al verander en nuwe klanke van lof en aanbidding is deur die tronkgange gehoor.

Die superintendent was uiters beïndruk met die verandering wat plaasgevind het en hy kon dit naspoor tot by die prediking van Suster Chang. Hy het haar na sy kantoor laat kom en gesê, “Jy het my werk makliker gemaak! Daar is nou geen bakleiery tussen die gevangenes nie en die vroue het saggeaard en gehoorsaam geword. Ons benodig meer mense soos jy om hier te werk. Van vandag af sal ons vir jou 3 000 Yuan per maand betaal.” Hy het voortgegaan, “Ons sal ook vir jou ’n kar met ’n drywer voorsien en sal vir jou gerieflike blyplek reël.”

Suster Chang het oor die aanbod nagedink en toe geantwoord, “Ek het twintig jaar gelede ’n volgeling van Jesus Christus geword en Hy het getrou vir my gesorg. Ek glo nie dat jou aanbod van ’n kar, ’n drywer en ’n salaris is wat Jesus vir my lewe wil hê nie, en ek behoort aan Hom. Al wat ek wil doen, is om mense van my God te vertel.”

Ten spyte van die feit dat sy hierdie aanbod afgewys het, het die superintendent haar tronkstraf opgehef en kon sy met haar bediening voortgaan.

God doen werklik wonderbaarlike dinge in Sjina!

## SIRIË

Soos wat Japansending saam met verskeie organisasies en Bybelkoeriers werk, het ons uitgevind dat daar ook ’n groot behoefte in die Midde-Ooste is. Sirië is ’n nasie waar meer as 5 miljoen mense gedwing is om uit die land te vlug. Meeste van hulle leef nou in onmenslike omstandighede in

oorvol vlugtelingkampe. Dit kan voorwaar gesê word dat hierdie menigte met geen hoop vir die toekoms leef nie. Dié omstandighede is uiters tragies.

Japansending is betrokke by projekte om Bybels aan die Siriese vlugtelinge in Jordanië te verskaf. Een predikant in Jordanië het vertel hoe God ’n deur wyd oopgemaak het vir die Evangelie in die Midde-Ooste. Tien jaar gelede sou dit ondenkbaar gewees het.

Een dag het ’n Moslemvrou, geklee in ’n burka, by die deur van sy kerk in Amman binnegekom. Dit was baie ongewoon. ’n Moslemvrou betree doodeenvoudig nooit ’n Christen kerk nie, veral nie op haar eie nie. Sy het vinnig gesê, “Asseblief, moenie kyk na die manier waarop ek aangetrek is nie.”

Sy het toe voortgegaan om te vertel hoe sy ’n man in ’n droom gesien het. Hy was in wit geklee en het haar duidelik opdrag gegee om na hierdie straat en hierdie bepaalde gebou te gaan en sy sal daar hulp kry. Sy en haar familie was Siriese vlugtelinge.

Hierdie gebeurtenis was die begin van ’n uitreikpoging vanaf daardie kerk na die vlugtelinge van Sirië en Irak. Ongeveer 800 families met 5 000 lede ontvang maandeliks hulp. Aangesien die kerk die liefde van Christus met hul optrede bewys het, het die vlugtelinge hul harte oopgemaak en baie het Jesus Christus as hul Verlosser aangeneem.

Die vlugtelinge het van oorlog en afgryslike gruweldade gevlug, en lewensgevaar deurgemaak in ’n poging om veiligheid te vind. Hulle het nie net hul families, hul vaderland en alles wat vir hulle dierbaar was agtergelaat nie, maar grootliks ook hul godsdiens. Daarom is baie van hulle se harte oop vir die Evangelie.

Die voorsiening van Bybels gee lig, lewe en ewige hoop aan duisende mense wat in wanhopigheid en donkerte leef.

# 10

## Bybelkoeriers

Die statistieke en opwindende getuienisse in hierdie hoofstuk is saamgestel uit die eerstehandse verslae van betroubare bronne. Party name is verander en besonderhede is weggelaat om die identiteit van dié wat steeds hul lewens waag, te beskerm. (Bronne: bladsy 237)

In sekere lande is dit onwettig om ’n Bybel te besit, maar daar is Bybelkoeriers wat bereid is om hulle lewens te waag om Bybels te neem na diegene wat dit nie het nie.

’n Predikant in ’n afgeleë gebied in Suidoos-Asië het die volgende geskryf nadat hy Bybels van ’n koerier ontvang het:

*Daar het ’n merkwaardige verandering in my kerk gekom as gevolg van die Bybels wat jy vir ons gebring het. Daar is nou 105 families met ’n lidmaatgetal van 657.*

*Voordat ons die Bybels van jou ontvang het, het ons slegs een Bybel vir die hele gemeente gehad. Die lidmate kon nooit self die Bybel lees of selfs hanteer nie, uit vrees dat dit beskadig kon word.*

*Toe ons kerk 120 gratis Bybels in Maart 2015 van julle ontvang het, het my lidmate tot die Here uitgeroep en sy Naam geloof! Nou lees hulle die Bybel, leer tekste en lees die bypassende deel in die blaadjie tydens elke diens.*

*Voordat ons die Bybels ontvang het, het slegs 80 mense ons Sondagoggenddienste bygewoon. Nou het ons ’n groot probleem, omdat daar nie genoeg sitplekke in ons kerk is nie!*

Gedurende 2013 het ons die volgende verslag ontvang van ’n koerier wat pas teruggekeer het van ’n reis waartydens hy 1 000 Bybels in die noorde van Mianmar, naby die grens van Indië, afgelewer het.

"Hierdie mense het nog nooit vantevore 'n Bybel gehad nie! Daar is 'n geweldige tekort aan Bybels in hierdie gebied, maar in 'n ander deel van Mianmar is daar nog 'n groter behoefte aan Bybels. Voordat ons Bybels na hierdie gebied gebring het, het die predikante nie eers een gehad nie!

"Ek het die plaaslike gelowiges gevra hoe die predikante dan kon preek. Die antwoord was dat hulle 'n Christelike blaadjie wat een keer per maand gedruk is, gebruik het. Dit het soms 'n Bybelse lering bevat, maar was meestal vol getuienisse. Soms het 'n onderwyser met Bybelopleiding die gebied besoek om 'n seminaar vir die predikante te hou. Hulle kon dié boodskappe dan weer aan die gemeentes oordra."

Daar word gedurig nuwe gebiede in Suid-Oos Asië ontdek met nood aan Bybels, net sodra dit voorkom asof die nood bevredig is. Gedurende 2018, het Bybelkoeriers 'n groot behoefte onder die Khiamniungan volk ontdek. Dit is 'n stam wat ongeveer uit 700 000 mense bestaan, wat meestal naby die grens van Mianmar en Indië woon. Baie bely dat hul Christene is, maar hul behoefte aan Bybels is skrikwekkend.

"97% van die kerke in die omgewing besit nie eers een Bybel nie!" het een van die koeriers meegedeel. "In een kerk bid hulle alreeds vir 52 jaar vir Bybels! Die Christene wat Bybels ontvang het, het die Here geloof en getuig dat dit een van die wonderlikste dae in die geskiedenis van die Khiamniungan volk is."

"Alhoewel ek sedert 1996 'n predikant is, het ek nog nooit my eie Bybel besit nie," vertel 'n predikant. "Vir 23 jaar het ek ernstig gebid om my eie Bybel te kan hê en vandag het God my gebede verhoor. Dit is soos 'n droom!"

"Ek het die afgelope 13 jaar vir 'n Bybel gebid," deel 'n ander predikant. "Nou, op hierdie dag is God se kosbare Woord in my hand geplaas. Wat 'n wonderlike seëning!"

Daar is ongelukkig nog baie sulke liewe mense wat in Suidoos-Asië woon — broers en susters wat begeer om hul eie Bybel te besit. Baie woon in gebiede waar dit onwettig is om 'n Bybel te hê, of om in 'n huis te vergader met die doel om 'n Christelike diens te hou. Baie lande in Suidoos-Asië is toeganklik vir handel, maar hulle beoefen nog steeds hul outokratiese wyse van regering. Baie streng beperkings op godsdiensvryheid word toegepas en vervolging van Christene gebeur dikwels.

Die volgende brief is van 'n man in Mianmar ontvang. Hy het 'n Bybel gekry nadat hy jare lank daarvoor gewag het.

*My naam is Saw. Ek is in 1934 gebore. Ek is nou 82 jaar oud en is 'n lid van die Karen-stam. Ek het in 'n Boeddhistiese familie grootgeword.*

*As gevolg van die oorlog tussen my mense en die Birmaanse leër was my familie gedwing om gedurende my kinderdae van plek tot plek te trek. Toe ek 12 jaar oud was, is my ouers deur die weermag vermoor en my lewe is verwoes. Die grond is skielik onder my voete uitgeruk en my bestaan het geen rede meer gehad nie.*

*Toe my gemoed op sy laagste was, is ek genooi om by 'n predikant en sy familie van die Karen-stam te bly. Ek sal altyd in die skuld wees by hulle vir hul goedheid.*

*In 1952, toe ek 18 was, het ek Jesus Christus as Heer en Verlosser aangeneem. God het my geheel en al verander en vir die eerste keer het ek die vrede en vreugde van die Heilige Gees in my hart ervaar.*

*Ek het gereeld kerk bygewoon en was 'n aktiewe gelowige, maar ons gemeente het geen Bybels gehad nie. Slegs die predikant het een besit. Ek self het nog nooit aan 'n Bybel geraak nie, omdat ek gedink het dat dit so skaars en kosbaar was dat slegs die predikant van 'n kerk die reg het om dit te hanteer.*

*Sedert 1952 het ek dikwels gedroom om my eie Bybel te besit, sodat ek God se Woord kon bestudeer en dit navolg. Na 64 jaar het God my gebede beantwoord deur julle liefdesbediening! Ek wou daarvoor betaal, maar daar is vir my gesê dat dit 'n geskenk is!*

Dit was so 'n vreugde om hierdie man te help om sy eie kosbare Woord van God te besit! Sonder God se Woord is dit maklik vir gelowiges om af te dwaal. Valse leringe kan toeneem waar daar 'n gebrek aan Bybels is.

## POSBODE VIR GOD

Bill Cook was die afgelope 20 jaar 'n Bybelkoerier in Suidoos-Asië. Hy het in 1982 by Japansending aangesluit en was betrokke by verskillende afdelings van die bediening.

Hy is besonders aangespoor deur verslae uit Sjina. Hy het agtergekom dat, alhoewel Sjina die land was met die grootste tekort aan Bybels, dat Bybelverspreiding in Viëtnam 'n gevaarliker uitdaging was.

Daar was 'n gebied in Viëtnam waar 5 kerke een Bybel gedeel het! Hulle het 'n kerkdiens op een dorp gehou, waarna iemand per fiets die Bybel na die volgende dorp geneem het, sodat hulle hul diens kon hou. Op hierdie manier het hulle een Bybel gedeel.

Met die wete van hierdie onsettende groot behoefte, het Bill in 1998 'n eenrigtingkaartjie na Viëtnam gekoop om Bybels aan hierdie Christene te help versprei. Daarna het God die deur vir Bill geopen om sy bediening in Thailand te vestig. Daarvandaan was dit vir hom moontlik om Bybels na Viëtnam, Kambodja, Laos en Mianmar te neem. Hy het oor die jare baie groepe op gevaarlike sendings gelei om talle rugsakke vol Bybels af te lewer.

"In baie dele van Suidoos-Asië het gelowiges geen toegang tot God se Woord nie, tensy iemand bereid is om Bybels oor rowwe paaie na hulle te neem," vertel Bill. "Dit is 'n baie groot voorreg om God se posbode oor die jare te wees."

Toe hy na Laos gereis het, het hy kennis gemaak met 'n invloedryke predikant. Hierdie predikant het vertel dat daar elke maand van 10 tot 15 kerke tot stand kom! Elke kerk het ongeveer 50 lidmate. Hulle het 'n behoefte gehad aan 'n groot

hoeveelheid Lao Bybels. Die predikant het gesê dat in meeste plekke een Bybel gedeel moet word tussen 10 gelowiges.

"Ons kan getuig dat die lewende kerk in hierdie lande teen 'n verrassende tempo vermeerder!" het Bill ons ingelig. "In hierdie deel van die wêreld het ons gevind dat daar *vier skakels* is in God se lewensketting om derduisende mense te red. Die *eerste skakel* is die geldelike donasies van mense om die werk vir God te help finansier. Die *tweede skakel* is die druk van Bybels. Die *derde skakel* is die aksieplan vir diegene wat die Bybels vervoer na plekke waar daar 'n skaarste is. Die *vierde skakel* is die groep plaaslike gelowiges wat die Boodskap verkondig en die Woord versprei."

## BOODSKAP AAN BYBELKOERIERS

'n Paar jaar gelede het Bill 'n groot span wat vanaf die VSA gekom het om Bybels na Viëtnam en Laos te bring, toegespreek. Hy het sy boodskap begin met, "Ek wil met julle praat oor die *drie gawes* waarna God soek. Die eerste gawe is *beskikbaarheid*, die tweede is *betroubaarheid* en die derde is *opoffering*.

"Die eerste een is vanselfsprekend. Dit is noodsaaklik dat 'n persoon *beskikbaar* moet wees. Ongelukkig is daar maar min mense wat hieraan voldoen. Die meeste van ons is so besig met ons eie werksaamhede, dat ons nie gehoor gee aan enigiets wat buite ons eie belangstelling is nie. Maar as die wil van God 'n hoër prioriteit is as ons eie belange, maak dit 'n persoon *beskikbaar* sodat God hom of haar kan gebruik.

"Die tweede is *betroubaarheid*. Paulus het dit opgesom in die volgende woorde, ***Van 'n bestuurder word veral vereis dat hy betroubaar moet wees*** (1 Korintiërs 4:2). Dit is net 'n gek wat sal staatmaak op 'n man wat nie getrou is in die uitvoering van 'n belangrike taak nie. God het *betroubare* diensknegte nodig wat Hy kan vertrou om sy werk te doen.

"Die derde gawe is *offervaardigheid*. Dit word nie hoog geag nie, maar ons bereik 'n tydperk in sending waar opoffering

’n basiese vereiste sal wees vir enigeen wat op die voorgrond betrokke wil wees by die bevordering van God se Koninkryk. Indien ’n persoon nie gekenmerk word deur *offervaardigheid* nie, beteken dit dat hy nie beskikbaar is vir ’n sending wat dalk sy lewe kan kos nie.

“Jesus het met sy lewe betaal om ons te red en Hy het sy dissipels opdrag gegee om Hom na te volg. Vir hulle wat dié woorde by Jesus gehoor het, het die boodskap slegs een betekenis gehad. As ’n mens *sy kruis opneem*, is daar geen rede om oor veiligheid bekommerd te wees nie. Sy toekoms is verseker. Wat daarop volg kan net sowel die dood beteken — nie bevryding nie. God soek mense wat bereid is om *opofferbaar* te wees!

“Ek was een oggend in ’n restaurant in Laos, toe ’n man na my toe kom, my hand skud en sê, ‘Ek het gehoor dat jou naam Broer Andrew is [die Hollander wat die groep, *God se Smokkelaars*, gestig het] en dat jy die dapperste man in Laos is.’

“‘Ek is jammer meneer, maar jy het die verkeerde inligting,’ het ek geantwoord. ‘Ek is nie ’n groot sendingleier nie, maar net ’n eenvoudige donkie. Ek is ook nie die dapperste man in Laos nie. Ek is slegs een van die mees opofferbare kalkoene op God se lys.’ Die feit dat God my geroep het om *offervaardig* te wees, het dit vir my moontlik gemaak om dinge te doen wat andersins onmoontlik gelyk het.”

## OFFERVAARDIGHEID

Die volgende is ’n getuienis van hoe Bill Evangeliese traktaatjies met ’n span na Laos geneem het, en is ’n bewys van wat hy bedoel het toe hy gesê het dat hy geroep is om *offervaardig* te wees.

“Gedurende 1998 het ’n paar manne wat in Laos gewerk het die plan gekry om die Evangelie blitsig in Laos te versprei deur 800 000 traktaatjies binne slegs drie ure uit te deel. Hulle het die traktaatjies laat druk en het gehoop om 200 werkers te stuur om dit uit te deel. Hulle het my gevra om die koördineerder vir die

hoofgebied te wees. Ek het geweet dat dit ’n selfmoordsending was, maar het ingestem.

“Toe ek uit Japan vertrek, het ek aan my vriende gesê dat daar ’n groot moontlikheid is dat ek nie sou terugkom nie, en indien dit sou gebeur, kan hulle my besittings kry. Laos was toe bekend as die vierde mees gevaarlike nasie ter wêreld wat Christenskap betref.

“Toe ek in Thailand aankom, het hulle my vertel dat hul plan uitgelek het en dat hulle oorgegaan het na plan B. Dit het bepaal dat ek ’n groep na die klein dorpie Salavan neem en 40 000 traktaatjies daar sal uitdeel. Die doel was om die aandag van die polisie daarnatoe te trek, sodat ander groepe die volgende dag na die dorpe verder noord kon gaan.

“My groep, bestaande uit myself, twee meisies en ’n seun, het Laos binnegegaan met 100 kg traktaatjies in ons rugsakke. Ons het laatmiddag veilig in Salavan aangekom. Ek het toe ’n motorfiets gehuur en in die dorp rondgery om die uitleg te leer ken. Daarna kon ons ’n plan uitwerk om ons traktaatjies te versprei.

“Om in Laos openlik traktaatjies uit te deel was ’n uitnodiging om gearresteer te word. Die enigste manier om die traktaatjies te versprei, was om dit in ’n boks te sit met ’n kombers daaroor, of dit in ’n boek weg te steek, waar dit dan later gevind kon word. Dit sou die beste wees dat ons reeds uit die dorp is teen die tyd dat iemand dit vind.

“Salavan was nie ’n gewone dorp nie. Daar was nie ’n sakedeel waar markte en busse sentraal geleë was nie. Dit was ’n plattelandse dorp en dit het gelyk of alles wydverspreid was. Daar was slegs een gastehuis en buitelanders was uiters skaars.

“Nadat ek vir omtrent ’n uur in die dorp rondgery het, het ek na die gastehuis teruggekeer om die res van die span in te lig. Ek het verduidelik dat ons ’n onmoontlike taak het. Na ’n bespreking het ons besluit om teen 06:00 uit te gaan en te probeer om die traktaatjies uit te plaas en nog betyds te wees

om die bus teen 10:00 te haal. Daar was slegs twee busse wat uit die dorp vertrek het — een om 06:00 en die ander een om 10:00.

“Ons het almal teen 06:00 uitgegaan en deur die verlate strate in die dorp geloop. Ons het ’n uur later na die gastehuis teruggekeer. Ek kon nie eers een traktaatjie plaas nie! Ek het nie eers 10 sekondes gehad nie sonder dat daar nuuskierige oë op my gerig was. Phil het dieselfde probleem gehad, en die meisies het vreesbevange teruggekeer en gesê, ‘Ons is uitgevang!’ Hulle het ’n traktaatjie onder ’n klip geplaas en ’n kind het dit opgetel en rondgehardloop en dit vir almal gewys.

“Ons het bewys dat hierdie sendingtaak onmoontlik was. Slegs drie keuses het oorgebly. Die eerste was om al die traktaatjies na Thailand toe terug te neem. Die tweede was om alles op die vuilgoedhoop te gooi en te hoop dat niemand dit sal vind voordat ons uit die land uit is nie. Die derde was om drie van ons uit die land te kry en die vierde een agter te laat om die opdrag uit te voer.

“Ons het almal saamgestem dat die derde plan die beste sou wees. Ek het hulle dus na die bushalte geneem sodat hulle die 10:00 bus kon haal. Ek sê toe vir hulle, ‘Wanneer julle terug is in Chiang Mai, bel asseblief Japan en vertel hulle wat met my gebeur het. Kanselleer asseblief ook my vliegkaartjie vanaf Bangkok.’

“Toe daardie bus vertrek, het ek die mees verlate gevoel in my lewe gekry. Dit het gevoel asof ek op die oppervlak van die maan staan en sien hoe die ruimteskip terug vertrek aarde toe en my gestrand agterlaat! Maar toe vul ’n wonderlike vrede my hart. Vir die eerste keer het ek nie nodig gehad om my te bekommer om gevang te word nie. Ek het dié besluit alreeds geneem en al wat nou voorgelê het, was om soveel as moontlik te doen voordat ek gearresteer word.

“Ek het weer ’n motorfiets gehuur en deur die dorp gery en al die traktaatjies uitgedeel. Dit was die maklikste ding wat ek nog ooit gedoen het! Dit was asof ek dit vir ’n stofsuier voer.

Soos ek verby ry, het mense staan en baklei om een in die hande te kry. Ek het dit selfs aan die polisie uitgedeel! Ek het heen en weer na die gastehuis gery om nog traktaatjies te gaan haal. Teen 15:00 was my rugsak leeg nadat ek die 100 kg traktaatjies uitgedeel het sonder om gearresteer te word!

"Ek was so opgewonde dat ek skaars kon slaap. Ek het teen 04:00 opgestaan en was op die punt om die gastehuis teen 05:00 te verlaat, toe ek deur een van die werknemers voorgekeer is en gevra is dat ek moet uitteken! Phil het vir ons almal ingeteken toe ons drie dae vantevore aangekom het, dus het hulle nie geweet wie ek was nie. Soos 'n dwaas het ek die verkeerde naam geteken en my paspoortnommer verander. Hy het toe geëis om my paspoort te sien en was agterdogtig toe hy die verskil sien.

"Verskeie polisiemanne in gewone drag daag toe op en het my vir 3 ure onder huisarres in die gastehuis gehou en daarna begin om my te ondervra. Jesus het ons geleer dat die Heilige Gees onder sulke omstandighede namens ons praat." *"Wanneer hulle julle uitlewer, moet julle julle nie bekommer oor hoe of wat julle moet sê nie, want op daardie oomblik sal God aan julle gee wat julle moet sê"* (Matteus 10:19-20).

"Die leier van die ondervraers het begin om op my te skree, 'Jy is 'n Christen!' Ek het terug geskreeu, 'Natuurlik is ek 'n Christen. Hoekom word jy nie ook 'n Christen nie? Jesus sal jou seën en die ewige lewe gee!'

"Wat daarna gebeur het, was verstommend. Hy was skielik sprakeloos en het soos 'n afgeblaasde ballon gelyk. Daar was omtrent 8 geheime polisiemanne om my te ondervra, maar almal van hulle het sigbaar bedreig gevoel. Geeneen wou met my praat nie. Al wat hulle aanhoudend herhaal het, was, 'Het jy nog enige boekies (traktaatjies)?' Ek het gesê, 'Jammer, ek het niks meer oor nie, maar ek kan nog kry.'

"Na 15 minute het hulle my paspoort teruggegee en gesê, 'Dit sal al wees.' Ek het met almal handgeskud en belowe om

weer terug te kom. Ek het my leë rugsak oor my skouer gehaak en na die bushalte gestap om die 10:00 bus te haal.

"Ek het na Thailand teruggekeer en die manne wat my op die sending gestuur het ingelig. Hulle was verbaas en het gesê dat só iets nog nooit vantevore gedoen is nie. 'n Paar dae later was ek veilig terug in Japan.

"Ek het daarna twee keer na Salavan teruggekeer en het vriende gemaak met die direkteur van die geheime polisie. Jare later het ek 'n dame van Salavan in Thailand ontmoet. Sy het my vertel dat daar nou vier kerke en omtrent 1 000 Christene in daardie dorpie is! Die kerk werk ondergronds en openlike evangelisasie is steeds onwettig. Maar ek was baie opgewonde daaroor dat God se Koninkryk na daardie deel van Laos ook uitgebrei het."

## BYBELAKSIEPLAN-WONDERWERKE

"Gedurende 1998, toe ek vir die eerste keer in Suidoos-Asië begin werk het, was ek baie geïnteresseerd in Laos," vertel Bill. "Mense het my meegedeel dat dit onwettig was vir buitelanders om 'n bus te neem na die dorp Phonsavan en die enigste manier om daar te kom was per vliegtuig. Ek het nie geld gehad vir 'n vliegkaartjie nie, dus het ek eenvoudig na die bushalte in Vientiane gegaan en 'n kaartjie na Phonsavan gekoop."

"Deur 'n ongelukkige voorval, toe ek my rugsak met al my besitting verloor het en toe weer op wonderbaarlike wyse gevind het, het die Here my na 'n man met die naam Sang gelei. Hy is die eienaar van die reisagentskap en ons het goeie vriende geword. Hy het my na sy dorpie geneem, waar die grootste Hmong gemeenskap in Laos was. Soos ons rondstap, het ek opgekyk en was verbaas om 'n bamboeskruis op 'n gebou te sien.

"'Is dit 'n kerk?' het ek gevra.

"'Ja.' Ongelooflik! Ek het voor 'n Hmong kerk in noordelike Laos gestaan.

"'n Groot groep mense het gou nuuskierig vergader om die buitelander te sien. Ek kon uiteindelik 'n man uitken wat gelyk het asof hy die leier is. Ek was nuuskierig om te weet wat hulle glo, maar kommunikasie was moeilik, dus het ek gevra of hulle vir my 'n lied sal sing. My hart het verteder toe hulle begin sing, ***Come, Thou Fount of Every Blessing***. Halleluja! Ek het hulle gevind. Hulle was my mense!

"Ek het vir die predikant gevra of hulle Bybels het. Hy het geantwoord dat hulle 4 het. 'Hoe het julle dit in die hande gekry?'

"'n Buitelander het dit vier jaar gelede hiernatoe gebring,' het hy vertel. Dit was moontlik die enigste Hmong Bybels in daardie deel van Laos.

"'Sal jy graag nog Bybels wil hê?' het ek gevra.

"'Ja, verseker!' het hy geantwoord.

"'Het jy 'n bestuurderslisensie?' het ek vir Sang gevra.

"'Nee,' het hy geantwoord.

"'Wat kos 'n bestuurderslisensie?' het ek gevra.

"'$100,' het hy gesê.

"Voor ek Japan verlaat het, het Neil Verwey vir my $100 gegee. Ek het die geld uit my beursie gehaal en dit vir Sang gegee. Ek het vir hom gesê, 'Jy gaan 'n lid van hierdie kerk word. Kry 'n bestuurderslisensie en ry met ons deur die hele noordelike Laos sodat ons Bybels kan uitdeel.'

"Dit was die wonderwerk van 'n leeftyd! God het Sang voorsien om my te help om die broodnodige Bybels uit te deel. Dit was een van die grootste deurbrake in die Bybelaksieplan waarvan ek ooit deel was.

"Ek het 'n week later na Thailand teruggekeer en dié storie aan die Christene vertel van hoe die Here die pad oopgemaak het na noordelike Laos. Hulle was stomgeslaan en gesê, 'Ons het vir jare gebid dat die Here vir ons op een of ander manier moet voorsien om Bybels na daardie gebied te neem.' Dit was die doeltreffendste roete vir die volgende paar jaar vir die voorsiening van God se Woord aan duisende Christene."

"Drie maande nadat God hierdie roete na die noorde van Laos vir ons op so 'n wonderbaarlike wyse voorsien het, het ons 'n groep studente van 'n Bybelskool in die VSA gehad wat ons kom help het om Bybels te vervoer," vertel Bill.

"Daar is sekere riglyne wat ons altyd volg wanneer ons Bybels smokkel. Indien hierdie riglyne nie gevolg word nie, kan dit tot groot gevaar en erge probleme lei. Ongelukkig was dit nie vir my moontlik om met Sang in aanraking te kom nie. Hy was ons sleutelkontak in Phonsovan om die Bybels te oorhandig. Gevolglik sou ons onder gewone omstandighede nie 'n groep toelaat om te gaan nie. Maar hierdie studente moes kort hierna vertrek en dus het ons besluit om dit te waag en op die Here te vertrou om vir ons te voorsien.

"Die reis het volgens plan verloop. Dit was 'n gevaarlike driedaagse rit per bus en bakkie. Die pad was so sleg, dat toe ons die laaste 30 km bereik, die bestuurders geweier het om verder te ry. Vir 200 meter was die modder so diep dat dit onmoontlik was vir motors om daardeur te ry. Terwyl ons besig was om te bespreek wat ons te doen staan, het daar 'n groot platbakstaalvragmotor verbygekom. Ons het met die bestuurder onderhandel om ons span van 10 mense en ons swaar rugsakke agterop saam te neem.

"Ons het laatnamiddag in Phonsavan aangekom. Ons moes toe eers vir Sang soek. Die bestuurder van die reisagentskap waarvan Sang die eienaar was, het vir ons gesê dat hy saam met sy familie na die berge gegaan het om rys te plant en sal eers oor drie weke terugkom. Ons het nie geweet wat om te doen nie. Ons het toe maar gemaak asof ons toeriste is en 'n gids gehuur om ons die volgende dag rond te neem.

"Terwyl ons rondloop, het ons angstig gebid en na 'n oplossing gesoek. Uiteindelik het ek gesê, 'Ons sal dit maar moet waag.' Ek het toe iets gedoen wat absoluut verbode was en die gids presies vertel wie ons is en wat ons doel was. Ek het hom gevra om ons na die kerk toe te neem, sodat ons die Bybels kon oorhandig.

"Gelukkig was hy 'n goedhartige man. Hy was nie 'n Christen nie, maar het ons nie aan die polisie gerapporteer nie. Hy het ons na die dorpie geneem, maar dit was te gevaarlik vir hom om ons tot by die kerk te bring. Hy het ons egter na 'n Christen wat hy geken het, geneem.

"Toe ons die Christen vra om ons te help, het hy onmiddellik geweier. Ons het toe gevra of ons die Bybels by sy huis kon laat. Weer het ons 'n 'nee' gekry. Ons volgende vraag was of hy die predikant vir ons kon roep. Weer 'n 'nee'. Na 'n uur se tevergeefse pleit en smeek, het ons besluit om maar te vertrek, en ek het hom gevra of ons 'n gebed kon doen.

"Nadat ek gebid het, het die man se gesindheid skielik verander. Sy vrou sou binne die volgende twee weke geboorte skenk aan hul baba en hy was gretig om God se seën vir sy familie te kry. Ek kan nie onthou wat ek gebid het nie, maar net nadat ek klaar was, was dit asof hy 'n openbaring van God gekry het en was baie gretig om ons te help. 'Kom eet asseblief môreoggend ontbyt by ons,' het hy genooi.

"Terwyl ons die volgende oggend besig was om by hulle ontbyt te eet, het Sang ingestap!

"Hierdie man het dwarsdeur die nag berge toe gery om Sang vir ons te gaan haal!

"Sang het gesê dat hy ons met sy bakkie by die lughawe sou besorg en die Bybels dan na sy kerk toe sal neem. Die Here het vir ons wonderlik voorsien en die Bybels is veilig afgelewer!"

## IN GOD SE DIENS GEVANGE GENEEM

"Ek is vier keer gearresteer en elke keer was dit tot wonderlike seën," vertel Bill. "Die eerste keer is ek in Salavan gevang. Die tweede keer was dit in 'n klein dorpie met die naam Monte, in die verre noordwestelike deel van Viëtnam — en was dít 'n ondervinding!

"Hulle het ons in 'n afgeleë weermagpos bo-op 'n berg aangehou. Hulle het ons paspoorte weggeneem. As gevolg

daarvan kon ons oral rondloop, omdat daar geen manier was waarop ons kon ontsnap nie. Die soldate het alles omtrent ons geweet, dus het ons niks gehad om weg te steek nie.

"Een van die soldate het 'n kitaar gehad. Die eerste aand het ons 'n wonderlike lofprysingstyd gehad en die Viëtnamese soldate het dit baie geniet!

"Die derde keer is ek in Kambodja gearresteer. Ons spanleier het so 'n hopelose plan voorgestel dat ek amper nie saamgegaan het nie. Toe ons die Bybels in Kambodja inneem het dit presies gebeur soos ek gedink het en ons het in die polisiestasie beland.

"Die hoof van die polisie het aan die Khmer Rouge (Die Kommunistiese Party) behoort en was een van die onmenslikste persone wat ek nog ooit ontmoet het. Maar die man wat ons by die grens gevang het, was so hoflik. Hy het verskoning gevra en gesê, 'As julle nie so opsigtelik was nie, sou ek julle deurgelaat het.'

"Ek het toe vir hom gesê, 'Al probleem wat jy het, is dat jy 'n goeie polisieman is en doen wat jy moet doen.' Hy het my gesoebat om saam met hom na sy huis te gaan, omdat hy graag wou hê dat sy familie my moet ontmoet. Ek kon later tydens 'n ander reis vir hulle 'n Bybel neem. Met elke arrestasie, het ek ervaar dat God aan die werk is en dat ek dinge gesê het wat my totaal verbaas het.

"Die merkwaardigste arrestasiestorie wat ek nog ooit gehoor het, was die een van Rita.

"Sy het 'n groot groep na die binneland van Sjina geneem. Die inneem van die Bybels en die oordrag het glad verloop. Op pad terug was die bus waarin hulle gereis het in 'n ernstige ongeluk met 'n vragmotor. Sommige van die spanlede moes na die hospitaal geneem word. Rita het die res van die groep by 'n hotel besorg.

"Gedurende die nag het die polisie na hul kamer gekom en gevra, 'Wie is jul toerleier?' Hulle het Rita en nog vier dames na 'n vertrek in die kelderverdieping van die hotel geneem om te ondervra. 'Wat doen julle in Sjina?'

"'O, ons is maar net toeriste wat rondreis en aandenkings koop,' het die dames geantwoord.

"Aanvanklik was die polisie streng, maar hoflik. Toe skielik het hul gesindheid verander. Hulle het hul vuiste op die tafel geslaan en geskree, 'Wat doen julle in Sjina? Julle tasse is leeg! Sê vir ons wat julle na Sjina toe gebring het!'

"Op daardie oomblik het nie een van die dames geweet wat om te sê nie. Rita begin toe vlot Sjinees praat. Terwyl sy praat, het die atmosfeer in die vertrek verander en die polisie het ook begin ontspan en geglimlag. Hulle het opgestaan, hul hande in hul sakke gesteek en 1 000 Yuan (omtrent R2 000) vir haar gegee en gesê, 'Dankie dat julle Sjina toe gekom het.'

"Terug by die hotel was die dames baie beïndruk en het vir Rita gevra, 'Wat op aarde het jy gesê?'

"'Ek weet glad nie!' het sy geantwoord. 'Ek kan nie Sjinees praat nie. Dit was slegs die Heilige Gees!'

"Ek weet ook nie wat Rita gesê het nie," sê Bill, "maar dit was heel moontlik dat hulle kos vir die honger kinders in Sjina gebring het. Dit was natuurlik die waarheid, maar die soort voedsel wat hulle ingeneem het, was beslis nie dieselfde as wat die meeste mense daagliks eet nie."

## BUITENGEWONE METODES

"Ek het baie Bybels saam met Rita se man, Jake, dwarsoor Suidoos-Asië afgelewer," vertel Bill. "Toe Jake eenkeer in Noord-Viëtnam was, het hy vriende gemaak met 'n man wat vlot Engels kon praat. Jake het innig vir die redding van hierdie man gebid. Hy het my 'n paar keer van dié man vertel.

"Ons het eendag met 'n Jeep deur Noord-Viëtnam gereis en in 'n klein dorpie in die berge stilgehou en uitgeklim om rond te kyk. Nuuskierige kinders het aangehardloop gekom en ons toegestroom.

Ons was nog besig om te stap, toe Jake skielik net eenvoudig by 'n huis instap asof hy die eienaar was. Ek was verstom, maar

het saam ingestap. En so het die 30 kinders ook gedoen! Jake het gesê, 'Neem die kinders hier uit.'

"Ek het dus gemaak asof ek 'n monster is en het hulle oral deur die dorpie rondgejaag. Die mammas het uit hul huise gekom en gelag vir die buitelander wat sulke snaakse geluide maak en hul kinders rondjaag.

"Toe Jake alleen was, het hy by die slaapkamer ingegaan en 'n Bybel onder die kussing neergesit.

"Toe ons weer in die Jeep klim, het Jake vir my gesê, 'Die man van wie ek jou vertel het — dit was sy huis.'

"Dit was een van die mees buitengewone Bybelaflewerings waarvan ek ooit deel was."

"Die grootste Bybelsmokkelaar wat ek ooit ontmoet het," sê Bill, "was Bob Sawyer. Hy het vir 9 jaar vanuit Hongkong gewerk. Ek het niemand anders geken wat so straatslim en dapper was nie.

"Hy het my vertel van 'n keer toe hy in Tibet besig was om traktaatjies in 'n mark uit te deel. Toe die mense in die mark dit sien, het hulle hom stormgeloop om traktaatjies te kry. Daar was so 'n groot skare dat hy bang was dat hy vertrap sou word. In 'n poging om homself te red en van die mense ontslae te raak, het hy al die traktaatjies wat hy gehad het in die lug gegooi.

"'n Polisieman het die lawaai gehoor en opgedaag. Aangesien Bob die enigste buitelander in die mark was, het dit hom nie lank geneem om te besef wie die oorsaak van die ongewone gebeure was nie.

"Hy het gevra om sy paspoort te sien. Dit het gou duidelik geword dat die polisieman nie kon uitwerk wat aan die gang was nie en hy kon ook nie 'n woord verstaan wat Bob sê nie.

"Terwyl die polisieman daar met sy paspoort staan, het Bob hom gevra, 'Is ek onder arres?' Die polisieman het daar met 'n verwarde uitdrukking op sy gesig gestaan. Bob het toe die paspoort uit sy hand gegryp en weggestap.

"Hy het geweet dat dit nie lank sou neem nie voordat die oorblufte polisieman tot sy sinne kom. Toe hy om die hoek is, het hy begin hardloop met 'n paar polisiemanne kort op sy hakke. Terwyl hy deur die mark hardloop, het Bob 'n lae tafel met 'n kombers daaroor opgemerk. Daar het 'n ou Tibettaanse man gesit en pyp rook. Sonder om homself voor te stel het Bob onder die tafel ingeduik. Die ou man het nie 'n spier verroer nie. Sekondes later het die polisiemanne verby gehardloop. Die ou man het uitdrukkingloos daar gesit asof niks gebeur het nie.

"Die polisie het geweet dat hulle hom in die mark vasgekeer het, maar kon hom nêrens vind nie. Bob het elke nou en dan onder die tafel uitgeloer en gesien dat die polisie verbyhardloop. Na 'n halfuur het die polisie opgegee en Bob het onder die tafel uitgekruip.

"Hy het die bus gehaal na die gastehuis waar hy en sy vriend gebly het, wat ongeveer 20 km daarvandaan was. Sy vriend het gevra, 'Het jy vanoggend enige probleme in die mark ondervind? Ek was omtrent 08:00 besig om te bid en het 'n swart wolk oor jou sien hang. Ek het toe 'n sterk begeerte gevoel om vir die volgende halfuur vir jou te bid.'

"'Ja,' het Bob gesê, 'dit was die tyd toe ek onder die tafel was!'"

# 11

## Sendingvennote

Die Here het Japansending gelei om saam met toegewyde Christenwerkers wat reeds merkwaardige bedienings het, te werk. Hierdie hoofstuk vertel in besonderheid omtrent die werk en getuienisse van vier sulke werkers.

Die Here het hulle op buitengewone maniere gebruik terwyl ons hul aktiwiteite ondersteun het.

Soos die bekende Hellen Keller gesê het, *Alone we can do so little, but together we can do so much!*

### BILL COOK – EVANGELIS EN BYBELKOERIER

Bill Cook het in 1982 vanaf die VSA by Japansending aangesluit as 'n voltydse sendeling.



Bill Cook

Voordat die Here hom as 'n koerier van Bybels na Suidoos-Asië geroep het, was hy betrokke by verskeie afdelings van ons bediening in Japan, soos by evangelisasie, berading, kerkstigting en die bou van kerke.

Kort nadat hy by Japansending aangesluit het, het hy 'n oond gaan koop. Die bestuurder van die winkel het gou met hom vriende gemaak. Sy was beïndruk daarmee dat Bill 'n voormalige vegvlieënier in die lugmag van die VSA was en het hom toe voorgestel aan baie van haar vriende. "Die foon het daagliks gelui met oproepe van haar vriende," het Bill vertel.

Dit is hoe Bill vir Yasuhiko (Yasu) Hirota ontmoet het.

Vliegtuie was sy groot belangstelling en gevolglik is hy na die VSA vir sy lisensie as vleënier vir ligte vliegtuie. Toe hy hoor dat daar ’n voormalige VSA-lugmagvlieënier in die omgewing woon, was hy gretig om hom te gaan ontmoet en oor vliegtuie te gesels.

Yasu was die oudste seun van ’n welgestelde direkteur van ’n maatskappy. Hy was ’n bedorwe kind wat geen tekort aan geld gehad het nie.

Sy vader het voor die Tweede Wêreldoorlog as ’n tiener vanaf Taiwan na Japan gekom. Na die oorlog het sy pa begin om speelgoed van gebruikte Coke-blikkies te maak. Hy het hierdie onderneming opgebou tot ’n groot maatskappy wat elektroniese komponente vir Sharp Electronics Corporation ontwikkel het.

Yasu het Bill gereeld besoek om oor die vliegkuns te praat en Bill het hom kerk toe genooi. Om tyd saam met Yasu deur te bring was baie uitputtend, want hy was ’n naguil. Elke Sondagaand na kerk het hy by Bill gaan kuier en ure lank gesels.

Een aand na kerk is Bill sonder Yasu haastig huis toe. Hy het al die ligte afgeskakel en bed toe gegaan. Omtrent ’n halfuur later was daar ’n klop aan sy deur. Bill was alreeds in sy nagklere, maar het tog die deur oopgemaak. Yasu het gesê dat hy wil inkom, maar Bill het gesê, “Jammer, ek is al in die bed.” Yasu het diep teleurgesteld na hom gekyk.

Die volgende week het hy nie kerk toe gekom nie en Bill het baie skuldig gevoel. Hy het berou gehad en gebid, “Here, ek gee nie om as ek die hele nag moet wakker bly nie. Stuur hom asseblief terug.” Die Here het daardie gebed verhoor en Yasu was die volgende week terug en hulle het soos gewoonlik feitlik die hele nag deur gesit en gesels.

Yasu se belangstelling was vliegtuie, maar Bill s’n was om hom na Christus te lei. Terwyl hulle gesels, het Yasu laat blyk dat hy belangstel in verskillende godsdienstige gelowe en hy het spoedig in die Christendom geïnteresseerd geraak. Na ’n paar maande het hy sy hart vir die Here Jesus gegee.

Dit was gedurende hierdie tyd dat Yasu ’n vriendin, Miyuki,

na Bill se huis gebring het. Sy was ook ’n vriendin van die winkelbestuurder by wie Bill sy oond gekoop het. Sy was op soek na ’n betroubare fortuinverteller. Die bestuurder het voorheen ’n baie slegte ondervinding met ’n fortuinverteller gehad en vir Miyuki genoem dat Bill Cook die beste fortuinverteller is wat sy ken.

Toe Miyuki by hom kom, het Bill haar gevra, “Wat is jou behoefte?”

“Ek soek iemand om my raad te gee oor watter koers ek moet inslaan in my lewe,” het sy geantwoord.

“Jy het na die regte plek gekom,” het Bill gesê. “Ek ken die beste Een om vir jou leiding te gee!” Hy het toe aan haar verduidelik wat sonde en oordeel is en van die redding wat Jesus vir die mens bewerk het deur sy bloed aan die kruis te stort.

Sy was op pad New York toe om vir ses maande ’n Japannese restaurant te gaan bestuur. Daarom het hy vir haar gesê om elke dag voor sy vertrek na hom toe te kom. Bill het beplan om Miyuki die volgende dag na die Here toe te lei.

Toe hy haar vra het of sy gereed is om die Here aan te neem, het sy geantwoord, “Ek dink ek het alreeds.”

“Wanneer?”

“Ek het verlede nag alles gedoen wat jy gesê het,” sê Miyuki.

“Het enigiets verander?” het Bill gevra.

“Ek weet nie, maar my hart voel baie ligter,” het sy geantwoord. Terwyl hy met haar praat, het hy besef dat sy werklik Jesus aangeneem het. Kort daarna het Miyuki na New York vertrek.

Yasu was aangetrokke tot haar en het aan haar geskryf. Hy het dikwels vir werk na die VSA gereis. Nadat hy een van sy werksbesoeke afgehandel het, het hy oorweeg of hy moet terugkeer na Japan of Miyuki moet besoek. Sy hart het gewen en hy het sy vlug na Japan gekanselleer, sodat hy haar vir ’n paar dae kon sien.

Die vliegkaartjie wat hy gekanselleer het, was vir die berugte


Yasuhiko & Miyuki Hirota

Koreaanse vlug wat langs die kus van Japan op 1 September 1983 deur Rusland afgeskiet is. Al die passasiers het gesterf! Yasu het ’n week later veilig teruggekeer na Japan met ’n hernieude dankbaarheid vir God se getrouheid en beskerming.

Nadat Miyuki haar kontrak in New York voltooi het, het sy teruggekeer na Japan en uiteindelik met Yasu getrou. Sy pa het hom gewaarsku, “As jy met daardie meisie trou, gaan jy niks van my erf nie!”

Sy vader was ’n vreesaanjaende man wat almal, selfs vir Miyuki, bang gemaak het. Hy wou nie hê dat sy seun met so ’n gewone meisie trou nie, maar Miyuki was vasbeslote om Jesus te eer en te gehoorsaam deur ’n goeie vrou vir haar man te wees.

Kort nadat hulle getroud is, is Yasu se moeder met kanker gediagnoseer en hulle was bevoorreg om haar op haar sterfbed na die Here toe te lei. Sy het ’n duidelike en vreugdevolle getuienis gehad van hoe die Here haar gered het en nuwe hoop gegee het.

Miyuki se moeder het dikwels soggens vroeg berg op gegaan om die gode te aanbid. Toe Yasu se moeder sterf, moes Miyuki se moeder ’n lang afstand reis om die begrafnis by te woon. Dit was die eerste keer dat sy haar dogter weer gesien het sedert haar troue.

Na die begrafnis was Miyuki verbaas om uit te vind dat haar moeder die Here Jesus aangeneem het. Miyuki het dikwels aan haar moeder geskryf en dit was deur hierdie briewe dat sy genoeg oor Jesus aan haar oorgedra het om haar te help om Hom in haar hart toe te laat. Haar ma was nog nooit in ’n kerk nie en het ook nog nie ’n ander Christen ontmoet nie, maar sy het haar lewe vir Jesus gegee, opgehou om afgode te aanbid en

gereeld die Bybel gelees!

Een van hul grootste oorwinnings was toe Yasu se befoeterde pa sy hart aan die Here oorgegee het. Hy was ’n gedugte sakeman, maar jare later het die omstandighede verander toe Yasu en Miyuki hom moes versorg toe sy gesondheid agteruitgegaan het. Waar hy aanvanklik erg hardkoppig en baie gekant was teen die Evangelie, moes hy nou soos ’n klein lammetjie gelei word deur sy skoondogter wat hom baie goed versorg het.

Yasu se pa is naderhand gehospitaliseer en hy het besef hy was sterwend. Eendag het een van die verpleegsters vir Miyuki gevra, “Is jou skoonpa betrokke by enige godsdiens?” Toe Miyuki vra hoekom, het die verpleegster geantwoord, “Jou pa weier om enige kos te eet as hy nie eers tot Jesus gebid het nie.” Dit was die eerste aanduiding dat sy hart verander het.

Kort daarna het van die familie gehoor dat hy sterwend is en hulle het vanaf Taiwan ’n paar afgode gebring. Hy het dit uitgegooi en gesê dat hy alleenlik Jesus sal aanbid.

Dit was ’n besondere gebeurtenis toe hulle hom ter ruste kon lê met die wete dat hulle beide Yasu se vader en moeder veilig afgesien het hemel toe!

Yasu en Miyuki is tans in hulle sewentigs. Miyuki bewys dieselfde liefdevolle versorging teenoor Yasu as teenoor sy vader, en Yasu is ’n liefdevolle en getroue voorsiener. Tesame het hulle die genade van God bevestig, deurdat hulle baie moeilikhede oorkom het.

***Maar ons dank aan God dat Hy ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus!*** (1 Korintiërs 15:57)

Bill woon nou in Chang Mai, Thailand, en God gebruik hom nog steeds op treffende maniere om mense te bereik deur sy betrokkenheid by Bybelverspreiding, prediking en by weeskinders met wie hy werk.

Die volgende is die getuienis van hoe Bill Singha, die hoof

van 'n kleuterskool in sy woonbuurt, na die Here gelei het.

"Toe die tyd ryp was vir Singha om Christus as Saligmaker aan te neem het hy my verras met 'n probleem," sê Bill.

"Indien ek 'n Christen word, sal dit die einde van ons skool beteken!" het hy gesê.

"Al die skole in Thailand het 'n groot afgodsbeeld op die skoolgrond waar Boeddhistiese meditasies en aanbidding elke oggend plaasvind. Hy het geweet dat as hy 'n Christen word, sal hy hiermee moet ophou.

"Wie gaan jou skool toemaak?" het Bill gevra.

"Die regering van Thailand," het Singha gesê.

"Wanneer die Departement van Opvoeding 'n permit uitreik, moet hulle 'n kontrak teken waarin hulle belowe dat hulle die skool volgens Boeddhistiese tradisie sal bestuur. Indien hulle afstand doen van Boeddhisme, sal hulle hul registrasie as 'n wettige kleuterskool verloor.

"Ons het vir die volgende 30 minute 'n baie interessante gesprek gehad. 'Ek weet regtig nie wat om te sê nie, maar God is groter as die Thai-regering,' het ek gesê. 'As jy Jesus volg, is ek seker dat Hy jou met hierdie probleem sal help.'

"Daardie aand het die skoolhoof sy hart aan die Here gegee.

"Voor ons huis toe is, het Singha die moontlikheid bespreek om die skool te sluit en van vooraf te begin met 'n onafhanklike Christen skool."

Die Here het sy gebed beantwoord en nou, jare later, gaan dit uitstekend met hierdie kleuterskool. Die Here het ook 'n weg oopgemaak om die kinders vir Hom te bereik, soos Bill die skool weekliks besoek om die kinders Engels te leer en vir hulle Bybelstories te vertel.

Maar Jesus het gesê, ***"Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle"*** (Matteus 19:14).

Bill het baie mense leer ken gedurende die jare wat hy

in Suidoos-Asië gewerk het. In 1998 het die Here op ’n wonderbaarlike wyse dit vir Bill bewerk om Sang te ontmoet terwyl hy deur Laos gereis het. Sang het ’n sleutelkontak geword om Bill te help om ontelbaar baie Bybels op vele plekke in Laos af te lewer. Sang se skoonvader was generaal Tran Dam.

“Een van die wonderlikste verhale oor bekering wat ek ooit gehoor het, was dié van die generaal,” vertel Bill. “Gedurende 2005 het ek aan huis van generaal Tran Dam in Saigon, Viëtnam, gebly.

“Dit was al klaar ongewoon, omdat dit onwettig was vir buitelanders om by inheemse Viëtnamese mense te bly. Die polisie het hom egter nie gepla nie en hy het gesê dat ek sy huis as my eie moet beskou terwyl ek in Viëtnam is. Hy was ’n MIG-straalvegterloods en ons het baie stories oor vlieg uitgeruil.

“Hy was die bevelvoerende generaal van die Noord-Viëtnamese leër toe die aanval op Saigon plaasgevind het en die Russiese T-54 tenk deur die hek van die presidensiële paleis gebars het. Die Viëtnamese oorlog is so in 1975 beëindig.

“Die generaal het my vertel van ’n helikoptervlieënier van die VSA wat ’n slegte ervaring gehad het gedurende die oorlog. Hy wou nooit weer na Viëtnam terugkeer nie, maar toe is hy gered en het gehoor van die koerierbediening om Bybels in Viëtnam in te neem. Hy is toe Viëtnam toe saam met ’n span Bybelkoeriers en daar het hy ’n roerende diens bygewoon waar hulle ’n voetwasseremonie gehad het. Hierdie Noord-Viëtnamese generaal het neergekniel en die Amerikaanse vlieënier se voete gewas, wat toe weer sy Noord-Viëtnamese broer se voete gewas het.

“Terwyl ek by hom bly, het die generaal ook vertel van die merkwaardige wyse waarop hy die Here gevind het. Op Kersdag 2001 is generaal Tran Dam in ’n hospitaal aan kanker dood as ’n ongelowige. Hy het die ewigheid ingegaan, maar teruggekeer uit die dood as ’n wedergebore Christen!

“Ek is op daardie tydstip geswartlys in Viëtnam en kon nie

met hom in aanraking kom om oor sy ongelooflike ervaring te praat nie. Vier jaar later is ek weer in Viëtnam toegelaat en toe het ek 'n week by hom gebly.

"Die generaal het 'n baie unieke getuienis en ek was baie geïnteresseerd om 'n biografie van sy lewe te skryf. Ek het sy toestemming gevra en hy het ingestem, 'Ja, ek het teenoor almal wat ek ken getuig en gee nie om wat mense sal sê nie.' Dit was merkwaardig, omdat die roem van die meeste Viëtnamese amptenare afgehang het van hul toegewydheid aan hul trotse Boeddhistiese agtergrond.

"Terwyl ek by hom gekuier het, wou ek meer weet oor hoe hy die Here leer ken het. Hy het my vertel hoe sy vrou in die mark deur 'n ander dame na God gelei is. Hy was woedend toe sy vrou nie meer wierook wou offer of voor hul Boeddha-altaar wou aanbid nie, maar hy het haar toegelaat om te bly.

"'n Jaar later het hy uitgevind dat hy kanker het. Hy was in en uit die hospitaal om behandeling te ontvang en dit was duidelik dat hy teen Desember 2001 na aan sy einde was.

"Op 17 Desember het 'n Viëtnamese predikant hom in die hospitaal besoek. Die generaal het bitter min van die Christendom geweet, maar het wel geweet dat Kersfees Jesus se verjaardag is en dat dit wêreldwyd die mees gevierde godsdienstige dag is. Hy het gehoor dat Jesus mense gesond gemaak het, en het die predikant opdrag gegee om presies te bid soos hy hom voorsê. Die predikant het pligsgetrou gebid, 'Here, as U waarlik God is, wil hierdie generaal graag hê dat U hom op Kersdag genees. As U hom nie genees nie, dan sê hy dat hy sal weet dat U nie waarlik God is nie.'

"Hy het later probeer om nog 'n operasie op Kersdag te reël om sy lewe te red, maar hulle het hom ingelig dat dit 'n vakansiedag is en dat daar geen chirurge beskikbaar sal wees nie.

"Op daardie Kersoggend het 'n Viëtnamese predikant

hom om 07:45 besoek. Teen 08:00 het 'n verpleegster haar rondtes gedoen en hom dood aangetref. Sy het toe gedink dat die predikant hom moontlik doodgemaak het. Hulle het toe 'n lasbrief uitgereik dat die predikant gearresteer moet word, maar kon hom nêrens vind nie. Die hospitaalpersoneel was baie paniekerig. Hulle het 'n generaal van Viëtnam laat sterf sonder dat hulle alles in hul vermoë gedoen het om hom te red! Om die hospitaal se naam te red roep hulle toe maar die hulp in van 'n onervare dokter om te doen wat hy kon om die generaal te laat herleef.

"Ek het die generaal gevra wat gebeur het toe hy gesterf het. Hy het my vertel dat toe sy siel sy liggaam verlaat, dit vir hom gevoel het asof hy in 'n leë ruimte was. Hy het in die verte 'n lig gesien en daarheen begin beweeg. Toe het hy 'n stem hoor sê, 'Maak jou oë oop en neem jou lewe terug.' Hy het probeer, maar kon dit nie doen nie. Hy het aanbeweeg en die Stem vir 'n tweede keer gehoor. Hy het weer probeer, maar dit was tevergeefs. Vir 'n derde keer het hy die Stem hoor praat, terwyl hy voortbeweeg het na die lig toe, 'Maak jou oë oop en neem jou lewe terug!' Hy het dit toe gedoen en die eerste stem wat hy gehoor praat het, het gesê, 'Dit is verby.'

"Twee ure het verby gegaan. Dit was toe 10:00. Die dokter het gedoen wat hy kon en het vir die verpleegster gesê, 'Dit is verby.'

"Net toe het die generaal sy oë oopgemaak en gesê, 'Ek wil huis toe gaan.'

"Die dokter was uiters verbaas om te hoor hoe hierdie dooie man met hom praat. 'Nee, jy kan nie!' het hy geantwoord.

"Die generaal het volgehou, 'Ek wil huis toe gaan!' Dus het hulle hom in 'n ambulans gelaai en huis toe geneem.

"Twee weke later het hy volkome herstel en het met sy motorfiets in Saigon rondgery. Hy het 'n baie uitgesproke Christen geword en honderd-en-twintig briewe aan baie van die topmanne in die regering van Viëtnam geskryf.

"Terwyl ek in Januarie 2005 vir 'n week by hom gebly het,

het hy my vertel dat die president van Viëtnam hom drie weke vantevore op Kersdag gebel het om hom te vra of hy die kerkdiens geniet het.

"Die generaal wou 'n kerk in sy huis begin, en ek het die voorreg gehad om die eerste te wees om in daardie kerk te preek.

"Hy het baie mense geïnspireer deur sy ongelooflike getuienis voor hy 'n paar jaar later oorlede is."

Na Bill Cook se 80ste verjaardag het hy die volgende meegedeel, "Ek het 'n goeie lewe gehad. Jesus het vir my 'n lewe gegee wat heeltemal verskil het van dié van die gemiddelde persoon. Ek het alles gedoen van die vlieg van supersoniese straalvliegtuie tot 'n professionele boomkapper. Ek het dosyne huise en kerke gebou en ander geleer om houtwerk te doen. Ek was die hoof van 'n Japannese taalskool, predikant by twee kerke, klasgegee by verskeie Bybelskole en Engels geleer vir van klein kindertjies tot polisie-offisiere.

"Ek het die Here in Oos-Asië vir meer as ses dekades gedien en was in byna elke land, van Siberië tot in Nepal. Dit was vir my 'n groot voorreg om die ondergrondse Christene in Suidoos-Asië vir die afgelope twintig jaar te help. Goeie genugtig! Wat meer kan ek vra? Dankie, dankie, Jesus!"

## HORACE EN KEIKO WYATT

### SENDELINGE IN PAKISTAN EN INDIË

Japansending het die bediening van Horace en Keiko Wyatt vir baie dekades finansieel ondersteun.

Terwyl Keiko gedurende die 1970's vir Japansending gewerk het, is sy duidelik gelei om die armes te bedien. Daarom het sy besluit om by 'n kweekskool in te skryf. 'n Maand voordat sy sou graad kry, het 'n span Christenwerkers op pad na die VSA vanaf Pakistan, Japan besoek. Hulle het van Keiko se roeping gehoor en ingestem om Keiko te help om as 'n sendeling na Pakistan te gaan.



Horace & Keiko Wyatt

Nadat sy verdere opleiding ontvang het, het sy in 1988 na Pakistan gegaan. Sy het die Urdutaal aangeleer terwyl sy klas gegee het in blommerangskikking by die Japannese Konsulaat. Sy het 'n goeie verhouding met baie van die Baloch mense opgebou en het ook begin om Engelse klasse te gee. As 'n enkellopende dame het sy vele probleme ondervind in hierdie Islamitiese land, maar sy kon vir baie mense van Christus vertel en saam met hulle bid.

Dit was in Karache waar Keiko met Horace en sy medewerkers kennisgemaak het. Hulle het ook na die Baloch mense uitgereik. Horace was 'n toegewyde Christenwerker van die VSA, met opleiding in kardiovaskulêre fisiologie. Hy het vir die eerste keer in 1984 na Pakistan gegaan en het as 'n professor van Fisiologie by 'n mediese kollege in Karachi werk gekry. Drie jaar nadat hulle ontmoet het, het God Horace en Keiko gelei om in Februarie 1992 te trou. Hulle het toe hul werk na Quetta verskuif vir die volgende 19 jaar, waar hulle baie mense na Jesus gelei het.

In 2010, toe dit meer gevaarlik raak om in Pakistan te werk, het die Here vir Horace en Keiko gelei om na Delhi in Indië te verskuif. Hulle het 'n deurlopendheid in hul bediening ervaar toe die Here die deur vir hulle oopgemaak het om onder die Afghaanse vlugtelinge te werk, net soos hulle in Pakistan gedoen het.

Hierdie Afghaanse vlugtelinge was baie ontvanklik vir die Evangelie. Horace het die gelowiges uit die Bybel geleer, terwyl Keiko die vrouens leer lees en skryf het. Meeste van die vrouens was ongeletterd, omdat die Moslems daar die

opvoeding van vrouens verbied het. "Dit was opwindend om te sien hoe vroue vir die eerste keer in hulle lewe die Bybel lees!" het Keiko gedeel. Hulle was ook betrokke by werk in 'n weeshuis en tussen die armes in die agterbuurtes van Delhi.

Aangesien Keiko en Horace in 'n deel van die wêreld werk waar dit *onwettig* is vir buitelanders om evangelisasiewerk te doen, vind hulle kreatiewe maniere om na mense uit te reik. Horace se mediese agtergrond het dit vir hulle moontlik gemaak om kursusse in Voorkoming van Kroniese Siektes te bied aan diegene wat aan diabetes en hartsiektes ly, terwyl hulle dan ook die liefde van God deel. Bid asseblief dat God hierdie onderneming sal seën en hulle help om baie mense na God te lei!

Die volgende is die bemoedigende getuienis van hoe Keiko die Here gevind het en saam met Hom op hierdie buitengewone reis begin stap het.

Keiko het in Osaka grootgeword in 'n familie met vier dogters. Sy onthou hoe hulle gereeld gestry het en hoe haar pa met haar geraas het omdat sy so koppig was. Sy het probeer om te verander, maar kon dit nie regkry nie, ongeag hoe hard sy probeer het. Hierdie ervaring het haar gefrustreerd en leeg laat voel. Sy het besef dat daar meer in die lewe moet wees.

Sy het nooit regtig oor God gedink nie, maar sy het onthou dat sy op hoërskool 'n Gideonsbybel ontvang het. Sy het dit nie gelees nie, maar dit gehou, omdat sy graag boeke versamel het.

Soos sy ouer geword en verder studeer het, het sy 'n sterk begeerte ontwikkel om haarself te verbeter. Sy het probeer, maar gevind dat sy dit nie op haar eie kon regkry nie. Sy het verskeie tempels besoek en geïnteresseerd geraak in die leringe van 'n vooraanstaande Boeddhistiese monnik, *Shinran*, wat gedurende die twaalfde eeu gelewe het.

'n Japannese vriend het haar vertel dat hy God gevind het

en nou 'n Christen is. Keiko het besluit dat dit vir hóm goed mag wees, maar dat dit nie vir haar sou pas nie. Indien sy enigiets sou oorweeg, sou dit nie 'n buitelandse geloof wees nie, maar eerder Boeddhisme.

Kort daarna, terwyl Keiko die Japannese kuns van blommerangskikking bestudeer, het haar onderwyser haar aangespoor om oorsee te gaan en aan verskeie uitstallings deel te neem. Gevolglik het sy 'n jaar in Londen gewoon om Japannese blommerangskikking te demonstreer en om haar kuns te verbeter.

Haar vriend, wat God aangeneem het, het vir haar 'n Japannese Bybel gestuur. Sy was egter glad nie geïnteresseerd nie. Sy het dit nie gelees nie en dit later weggegee.

Hierdie vriend het aan haar geskryf en Bybeltekste aangehaal. Keiko was baie beïndruk en was veral geraak deur die woorde van Matteus 6:25-34. ***"Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? . . . . Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad"*** (Matteus 6:31, 33-34).

Dit was gedurende hierdie tyd dat sy 'n familie ontmoet het wat haar hele uitkyk op die lewe verander het. Dit was 'n 'toevallige' ontmoeting in 'n straat in Londen waar sy vir rigtingaanwysings gevra het.

Hulle het begin gesels en voor die einde van die gesprek is sy na hul huis genooi vir 'n ete. Dit was die eerste van vele aangename kuiers, al kon hulle skaars kommunikeer sonder 'n woordeboek!

Die atmosfeer in hul huis was vir haar moeilik om te beskryf, maar dit het haar 'n gevoel van vrede gegee. Sy het tuis gevoel by hulle, ten spyte van hul verskille. Sy was beïndruk deur die liefde en eenheid van hierdie Godgesentreerde gesin en het gewonder watter God hulle aanbid.

Tot nou toe het sy geen begrip van net een God gehad nie;



Keiko Wyatt

slegs van verskillende geeste. Hierdie familie se welwillendheid teenoor haar as 'n vreemdeling het haar baie beïndruk. Sy was nuuskierig oor die Christen geloof en het saam met hulle kerk toe gegaan.

Toe Keiko na Japan terugkeer, het haar vriend wat vir haar die Bybel gestuur het, haar vertel van 'n kerk in haar tuisdorp. Sy het begin om hierdie kerk by te woon en is bemoedig deur die boodskappe.

Aanvanklik was Keiko nie bewus daarvan dat sy haar lewe aan God moet oorgee nie, want sy het gedink dat dit slegs swakkelinge was wat waarlik afhanklik van godsdiens is. Soos sy meer geleer het, het sy besef dat slegs Jesus vergifnis van sonde kan gee, asook die versekering van 'n ewige lewe. Sy het die leerstellings van Boeddhisme ondersoek en nie soortgelyke versekerings gevind nie.

Vanweë haar groeiende belangstelling het sy 'n groot Bybel gekoop. Soos sy dit gelees het, het sy vir die eerste keer ontdek dat elke mens, as gevolg van sonde, die Verlosser nodig het. ***Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie*** (Romeine 3:23). Die werklikheid dat haar sonde ook deel was van die rede vir Jesus Christus se kruisiging het haar op die ou end tot ware bekering gelei. Haar oë het vol trane geword terwyl sy gebid het en Jesus Christus in 1975 aangeneem het.

Sy is oorweldig deur 'n gevoel van vrede toe sy besef dat sy nie meer op haar eie krag hoef staat te maak om 'n goeie mens te wees nie! Sy het nie meer angs oor die toekoms gehad nie. Sy was verseker dat die Heilige Gees haar sal lei en sal help om 'n goeie lewe te leef.

Gedurende dié tyd het Keiko nog steeds op Saterdae na die

tempel gegaan vir opleiding in blommerangskikking. Sondae het sy kerk toe gegaan. God het haar duidelik gewys dat sy moet kies tussen die tempel en die kerk. Kort daarna het sy haar loopbaan in blommerangskikking gestaak en saam met die kerk begin werk.

Sy het gou 'n belangstelling in sendingwerk ontwikkel en in die kantoor van Japansending begin werk. Sy het vele briewe geskryf aan diegene wat geestelike hulp gesoek het. Sy was bly oor die baie geleenthede wat sy gekry het om vir ander te vertel hoe haar lewe vir ewig verander is toe sy gedurende haar verblyf in Londen 'n toevallige ontmoeting gehad het. Wie het kon raai waartoe 'n ontmoeting met 'n vreemdeling in Londen om rigtingaanwysings te vra, kon lei!

Mag die Here ons help om meer bewus te wees van die behoeftes van mense rondom ons.

## DR. KIICHI ARIGA – EVANGELIS

Japansending het vir baie jare die werk van dr. Kiichi Ariga finansieel ondersteun. Die volgende is die merkwaardige getuienis van hoe hy God gevind het, en hoe hy geroep is om as 'n kragtige evangelis ontelbare lewens vir Christus te beïnvloed.



Dr. Kiichi Ariga

Dr. Kiichi Agira is in Junie 1933 gebore. Sy ouers was diep godsdienstig. "As 'n klein babatjie het my ouers my na die Shinto-bedeplek geneem en my toegewy," vertel Kiichi. "Hulle het 'n *omamori* (gelukbringer) by die tempel gekoop, en dit aan my gordel vasgemaak.

"Soos ek ouer geword het, het ek met die gelukbringer onder my kopkussing geslaap en geglo dat dit my sal help om beter op skool te doen. Die *omamori*, wat my ouers

jaarliks by die tempel gekoop het, was veronderstel om my teen diefstal, vuur en siekte te beskerm. Ek is geleer dat die gode my sal beskerm, selfs al sou 'n aardbewing veroorsaak dat al my vriende sterf.

"Bygelowe het my lewe beheer en ek het nooit gehoor van die ware God of die kruis van Golgota nie. Ek is geleer om elke oggend 'n kers aan te steek en rys en *misosop* aan die gode te offer. Ek het ook dieselfde by die Boeddha-altaar in ons huis gedoen om my voorvadergeeste te aanbid.

"Toe ek twaalf jaar oud was, het my ouers my aangemoedig om my geld te spaar om 'n fiets te kan koop. Wanneer niemand kon sien nie, het ek van my spaargeld geneem om lekkers en speelgoed te koop en om te gaan fliek. Eendag het my moeder uitgevind dat die geld wat ek gespaar het amper op was en sy het my daaroor gekonfronteer. Sy het my geglo toe ek vir haar gejok het en 'n stout seun in die buurt van diefstal beskuldig het. Sy vertel toe ander mense van dié seun en sy wandade.

"My gewete het my gepla en ek wou nie die wraak van die gode op my hê, omdat ek vir my ma gejok het nie. Daarom het ek 05:00 opgestaan om die werf van die Shinto-bedeplek te vee. Daardeur het ek gedink dat ek die guns van die gode sou wen. Toe ek klaar was, het ek aanbiddend laag gebuig en om die aandag van die gode te kry, my hande geklap. Ek het egter geen vrede in my hart gevoel nie. *Die gode was doodstil.*

"Eendag het 'n klasmaat en ek na 'n Japannese stoeigeveg gaan kyk. Kort nadat ons teruggekeer het huis toe, het hierdie dertienjarige vriend skielik siek geword en 'n baie hoë koors gehad. Hy is die volgende dag oorlede! Ek was baie hartseer omdat hy my beste vriend was.

"By sy begrafnis het ek hom in die kis sien lê, geklee in 'n wit kimono. In sy regterhand was 'n lang stok om hom te help op sy lang reis na die Boeddhistiese hemel.

"Ek het gewonder, 'Waarheen het hy gegaan? Hemel of

hel toe?' Toe het ek gedink, 'Waar sou ek heengaan indien ek skielik doodgaan?'

"Ek het gevoel dat ek seker hel toe sou gaan as gevolg van my sondige, leuenagtige hart en is oorweldig deur donkerte en angs.

"Ek het na baie bedeplekke gereis, gemediteer en na die lesings van die priesters geluister. 'n Shinto priester het selfs 'n besondere seën oor my uitgespreek deur 'n staf met baie wit wolagtige tossels oor my te waai om my te reinig, maar ek het steeds geen vrede gehad nie en *die gode het steeds stilgebly*.

"Baie mense het gedink dat ek baie godsdienstig was. Die skoolhoof het selfs vir my 'n spesiale sertifikaat gegee vir my getroue werk by die tempel. In werklikheid het ek probeer om die gode tevrede te stel en sondevergifnis deur my goeie dade te kry.

"Na twee jaar van meditasie, het ek na die priesters gegaan en gevra dat hulle vir my erkenning gee vir my toewyding. Tot my verbasing het hulle geantwoord, 'Jammer, maar jy sal alleenlik die uitkoms weet nadat jy gesterf het.'

"Ek kon dit nie glo nie! Ek wou nie sterf soos my vriend, nie-wetende waarheen ek sou gaan nie.

"Ek het depressief geraak en gevoel dat die enigste oplossing vir my was om selfmoord te pleeg. Ek het 'n afskeidsbrief aan my ouers geskryf, hulle gevra om my te vergewe en toe na 'n treinspoor daar naby gegaan.

"Ek het myself voor 'n aankomende trein gewerp, maar tot my uiterste verbasing het dit bo-oor my gegaan en ek het nie eers seergekry nie! Ek het tussen twee spore geval en die trein het my nie eers geraak nie. Ek het bitter mismoedig huis toe gegaan en aanvaar dat nie eers die god van die dood van my gehou het nie!

"Ek het op Oujaarsaand na die Shinto-bedeplek gegaan met die hoop dat die eerste gebed wat na middernag gebid word, beantwoord sal word.

"Ek het deur die donker eensame straat geloop toe iemand

my op die skouer tik. Ek was verbaas om een van my klasmaats te sien. 'Waarheen gaan jy?' het hy gevra.

"'Na die bedeplek toe,' het ek geantwoord.

"'Kom saam met my kerk toe,' het hy gesê.

"'Nee, ek wil nie na 'n Christen kerk toe gaan nie!' het ek geantwoord.

"Hy het daarop aangedring terwyl hy my arm agter my rug draai. Hy was die leier van ons debatspan en was ook goed in judo. Dus het ek teësinnig ingestem.

"Hy het my na 'n byeenkoms geneem in die huis van 'n arm kleremaker, mnr. Nakamura, wat die waarnemende predikant was. Hy het vertel hoe hy gedurende die Tweede Wêreldoorlog gely het en hoe 'n Amerikaanse bomwerper 'n bom op sy huis laat val het. Sy vrou, sy enigste seun en twee van sy drie dogters is dood. Hy het gesê dat sy lewe daarna nie die moeite werd sou gewees het as God hom nie gedra het nie.

"Dit was my eerste keer in 'n kerk. Dit was 'n Oujaarsaand gebedsbyeenkoms en die Christene het hardop begin gebid.

"Skielik, tot my verbasing, het iemand vir my persoonlik op my naam gebid. Daarna het ander ook vir my begin bid, totdat die hele kerk vir my redding gebid het!

"Vir die eerste keer het ek die liefde wat Jesus vir my op Golgota bewys het, en die dringendheid om my sonde te bely, verstaan. My oë was vol trane en mnr. Nakamura het my aangemoedig om my sonde te bely en só het ek Jesus as my Verlosser aangeneem. Toe het hy Matteus 9:2 aangehaal. ***"Vriend, wees gerus; jou sondes word vergewe."*** Ek is toe deur die Heilige Gees wedergebore en het 'n nuwe skepsel in Jesus Christus geword!

"Ek het nooit daardie nag by die Shinto-bedeplek uitgekom nie. Ek het nie nodig gehad om te gaan nie, omdat ek die ware en lewende God ontmoet het. Ek het gebid en Hy het my gebed beantwoord! *God was nie stil nie!* My hart was uiteindelik met die vrede, waarna ek so lank gesoek het, vervul.

"Toe ek by die huis kom, het ek my ouers om verskoning

gevra vir my sonde en ongehoorsaamheid. Ek het ook aan my moeder bely dat ek jammer is dat ek vir haar gejok het oor my fietsgeld.

"My ouers was geskok en het geweier om te aanvaar dat ek Jesus as Verlosser aangeneem het. Vir die volgende sewe jaar, wanneer ek op Woensdagaande en Sondagaande ná die kerkbyeenkomste tuiskom, was al die deure gesluit!

"Ek het geklop en 'n stem aan die binnekant het gevra, 'Wie is jy?'

"'Julle seun, Kiichi,' was my antwoord.

"Daarna het een van my ouers gesê, 'Sedert jy 'n Christen geword het, is jy nie meer my seun nie! As jy ophou kerk toe gaan en afsien van jou geloof in Jesus, sal ek jou binnelaat.'

"'Jesus Christus het vir my gesterf, dus sal ek ook vir Hom sterf,' het ek geantwoord.

"Toe sê die stem, 'Bly buite!'

"Ek het vyf hase gehad en dikwels buite in die hok saam met hulle geslaap.

"'n Paar maande later is ek gevra om 'n Sondagskool-onderwyser te word. Na kerk het ek na dieselfde bedeplek gegaan waar ek voorheen die werf gevee het om gedurende die namiddag 'n Sondagskoolklas vir omtrent dertig kinders te hou.

"My liefde vir Jesus was so groot dat ek dit aan ander mense moes vertel. Een van dié wat die Here leer ken het, was die seun vir wie ek valslik beskuldig het van die diefstal van my fietsgeld. Ek het hom om verskoning gevra en hy het Jesus as sy Verlosser aangeneem.

"Toe ek vir my vriende by die skool van die Here vertel, het baie van hulle my geterg en my *Kirisuto* (Christus) genoem. Hulle het vir my gelag wanneer ek voor middagete gebid het en my Bybel by die skool gelees het, maar hulle kon my nie stilkry nie.

"Dit is toe dat 'n sendeling na my dorp toe gekom het en

’n Engelse Bybelstudieklas by sy huis begin het. Ek het gou Engels leer praat en sy tolk geword. Sewentig van my klasmaats het ook na sy huis gegaan. Baie het begin om Engels te leer en het later die Here aangeneem. Drie van hierdie sewentig studente het voltydse werkers vir die Here geword.

“Kort hierna is ek aangespoor deur ’n Sweedse sendeling in Sjina wat Japan besoek het. Die soldate het haar gedurende die oorlog tussen Sjina en Japan gevangegeneem en haar beskuldig van spioenasie vir die Sjinese. Hulle het haar gedwing om afstand te doen van haar geloof, omdat sy hulle vertel het dat Jesus die ware God is en nie hul keiser wat maar ’n mens was nie. Hulle het die verskriklikste wrede metodes gebruik om haar te martel, maar sy het getrou aan Jesus gebly.

“Haar getuienis is later deur ’n groot Engelse koerant in Japan gepubliseer. ’n Soldaat wat gehelp het om haar te martel het dié artikel gelees en het ’n brief aan haar geskryf. Ek het saam met haar na sy huis gegaan en gesien hoe hy op sy knieë vir haar om vergifnis smeek.

“Sy het die weg van saligheid aan hom verduidelik en saam met hierdie gewese vyand gebid. Slegs die liefde van Christus kon sulke liefde na vore bring. Jesus het gesê, ***Julle moet julle vyande liefhê*** (Matteus 5:44), en dit was presies wat sy gedoen het. Ek was diep geroer en het toe ernstig begin dink om my lewe aan voltydse bediening te wy.

“Eendag, terwyl ek bid en vas, het die Here vir my ’n droomgesig gegee. Dit was van Christus wat vir Petrus drie keer gevra het of hy Hom liefhet. Uit die diepte van my hart en met trane het ek uitgeroep, ‘Ja, Here, ek het U bo alles lief!’

“Openbaring 2:10 het toe by my opgekom, ***“Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.”*** Dit het my oortuig dat God my tot voltydse bediening roep.

“Ek het pas my toelatingseksamen tot die hoogaangeskrewe Universiteit van Tokio geslaag. Die Here het my toe gelei om eerder Bybelskool by te woon. My ouers was baie kwaad oor

my besluit. Hulle het gevra, 'Gaan jy 'n godsdienstige bedelaar word? As jy in die toekoms geld nodig het, moenie by ons kom smeek om hulp nie. Ons sal jou niks gee nie!'

"Ek het 'n gedeelte van die geld wat ek vir universiteit gespaar het gebruik om Bybelskool toe te gaan.

"Toe het 'n familiekrisis opgeduik. My ouer suster wat swanger was, moes 'n operasie ondergaan en haar baba is tydens die operasie dood. My suster en ouers het nie genoeg geld gehad om vir hierdie operasie te betaal nie, dus het ek die res van my universiteitsgeld aan hulle gestuur. Dit het my sonder geld vir die Bybelskool gelaat. Nadat ek dit met die hoof van die Bybelskool bespreek het en na baie gebed, het die Here wonderbaarlik die R600 per maand voorsien, wat ek nodig gehad het om my vierjaarlange studie aan die Bybelskool te kon voltooi.

"Nadat ek gegradueer het, het God my gelei om 'n kerk te stig in die dorp Otawara, waar daar geen kerk was nie. Ons het 'n weeklange evangeliese veldtog begin, plakkate opgeplak en van huis tot huis traktaatjies uitgedeel en mense uitgenooi na 'n reeks dienste. 45 mense het daardie jaar besluit om Christus te volg.

"Die Here het 'n jong mamma met twee kinders na ons gebring. Haar man was vir 4 jaar in die hospitaal met TB. Sy het hom baie goed opgepas totdat hy gesond was. Toe hy herstel, het hy van haar geskei en met 'n mooi verpleegster van die hospitaal getrou. Hy het ook hul twee kinders met hom saamgeneem. Sy was so neerslagtig dat sy gif gedrink het, maar sy het dit opgebring. Sy het probeer om haarself in die rivier te verdrink, maar is gered. Sy het teruggekeer na haar huis en die vensters toegemaak. Sy het vir dae in die donker gehuil en geskreeu. Die bure het haar *die mal vrou in die duiwel se spookhuis* genoem.

"Te midde van haar moedeloosheid, het sy my stem gehoor toe ek in die straat gestaan het en die evangeliese dienste aangekondig het. Sy het dit bygewoon — met ongewaste

deurmekaar hare en in ’n vuil kimono. Sy het soos ’n versteurde persoon gelyk. Toe die uitnodiging om Jesus aan te neem gegee word, het sy en nog vyf ander mense na vore gekom. Ek het gelei gevoel om my hand op haar voorkop te plaas en vir haar te bid, ‘In die Naam van Jesus, duiwel, verlaat hierdie vrou!’ Sy het uitgeput op die vloer neergeval. Die gemeente het besef dat iets buitegewoons plaasgevind het. Toe ek sê, ‘Jou sonde is vergewe!’ het sy met ’n stralende gesig en vreugde in haar hart van die vloer af opgestaan.

“Die Christenvroue het haar geneem en skoongemaak en haar hare gekam. Sy het toe vir Jesus begin werk deur ses van haar kultiese vriende kerk toe te bring. Net soos in die geval van Maria Magdalena is die duiwels uitgedryf en het sy Jesus liefgehad. Sy het begin om TB-pasiënte in die hospitaal te besoek en twee van hulle het besluit om die Here te volg. Haar ervaring het ons gewys dat die duiwel ’n wrede baas is, maar Jesus is die gewer van vrede, vreugde en geluk.

“Na 7 jaar het my moeder ’n Christen geword en na nog 7 jaar my vader. My broer, my skoonsuster, 2 susters en 2 swaers – het almal tot bekering gekom. Vandag is 55 van my familielede Christene! Prys die Here!”

Die Here het later vir dr. Ariga geroep om verder te studeer en hy het ’n voltydse evangelis geword. Hy reis nou rond en verkondig dat die oplossing vir Japan se baie probleme is:
1) Berou, 2) Versoening, 3) Herlewing.

Een van sy bedieninge is versoening. Na die Tweede Wêreldoorlog het baie mense in verskeie lande waaronder Sjina, Suid-Korea, die VSA, Kanada, Australië en Engeland verbitterd gevoel jeens die Japannese. Wanneer dr. Ariga hierdie lande besoek, begin hy dikwels deur op sy hande en knieë neer te buig terwyl hy op die verhoog is en sê, “Ek wil uit die diepte van my hart om verskoning vra vir wat die Japannese mense gedoen het. Vergewe ons asseblief vir wat ons aan julle gedoen het!”

Baie mense is tot trane beweeg deur sy opregte verskoning

en begin dan bid vir die redding van siele in Japan, terwyl hul harte ook daardeur heelgemaak is.

Dr. Kiichi Ariga is al vir baie jare 'n goeie vriend van Japansending. Hy tree op by van ons evangeliese byeenkomste en ons ondersteun sy bediening al vir meer as 50 jaar.

Bid asseblief dat die Here dr. Agira sal seën en versterk. Hy is steeds gesond en het 'n besige program van byeenkomste en geleenthede om praatjies te lewer op die ouderdom van 86 jaar!



Dr. Kiichi Ariga

# 12

## Uitreik na Noord-Korea

Die statistiek en hartverskeurende getuienisse in hierdie hoofstuk is saamgestel vanuit eerstehandse verslae van betroubare bronne wat kennis hiervan dra, asook van diegene wat uit Noord-Korea ontsnap het. Sommige name is verander en besonderhede is weggelaat om die mense wat nog voortgaan om hul lewens te waag, te beskerm. (Bronne: bladsy 237)

Daar woon meer as 25 miljoen mense in Noord-Korea, wat vir drie geslagte deur die Kimdinastie regeer word. Die land se eerste leier, Kim Il-sung het in 1948 in die Noorde aan bewind gekom. Dit was teen die einde van die Japannese heerskappy dat die landstreek in 1945 verdeel is. Hy het die Koreaanse Oorlog in 1950 begin in ’n poging om die Koreaanse Skiereiland weer te verenig.

Gedurende die 1980’s het Kim ’n kultus gestig, met die naam *Juche*, wat die kommunistiese ideale gekombineer het met ’n heftige vasberadenheid om ’n onafhanklike en selfvoorsienende land te vorm. Hierdie oortuiging is die kern van die meeste besluitnemings wat aan sy twee opvolgers, sy oorlede seun Kim Jong-il en sy kleinseun Kim Jong-un, die huidige regeerder, oorgedra is.

Hierdie kultus wat die Kimfamilie kenmerk, is volgehou deur skares van mense te dwing om aan gereelde demonstrasies van geesdriftige lofprysing en toewyding deel te neem. Bewusmaking begin reeds in die kleuterskool. ’n Groot gedeelte van die leerplan vir alle studente, selfs dié op universiteit, word gewy aan die bestudering van die geskiedenis van die Kimfamilie.

Die staatsmedia verskaf ook ’n voortdurende stroom van mites oor die Kimfamilie. Miljoene werksure wat tot die

voordeel van ekonomiese vooruitgang kon wees, word misbruik om die Kimfamilie op te hemel.

Daar bestaan in werklikheid geen godsdiensvryheid in Noord-Korea nie, al is dit in die grondwet ingesluit. Daar is geen amptelike statistieke van die godsdienste van Noord-Korea nie. Noord-Korea is amptelik ’n ateïstiese staat. Volgens geskiedkundige studies is Noord-Koreane meestal nie gelowig nie. Hul hoofgodsdienste is Koreaanse sjamanisme en Cheondisme. Daar is ook klein gemeenskappe van Boeddhiste en Christene.

Georganiseerde godsdiens word as ’n bedreiging deur die regering beskou. Kerke wat godsdiensvryheid voorstel word slegs vir die skyn gebou om buitelandse toeriste te beïndruk.

Honderdduisende Boeddhiste en Christene is al vervolg of van ontslae geraak. Mense wat uitgevang word omdat hulle hul godsdiens in die geheim beoefen, word wreed gestraf.

## SAMELEWING IN NOORD-KOREA

Dit is vir die helfte van die 25 miljoen mense ’n stryd om kos in die hande te kry en in hul noodsaaklike behoeftes te voorsien. Miljoene ondervoede kinders, swanger vroue en moeders wat borsvoed, ly as gevolg van hierdie tekorte. Dit het tot gevolg gehad dat ’n hele geslag Noord-Koreane blootgestel is aan belemmerde groei en ’n hoë vatbaarheid vir gesondheidsprobleme.

Arrestasies sonder rede, gebrek aan geregtelike prosesse en openbare teregstellings is volop. Die doodstraf kan opgelê word vir die verspreiding van pornografie, die kyk van Suid-Koreaanse flieks, vir uitgesproke Christene of die besit van ’n Bybel. Alle persone in gemeenskappe, insluitend kinders, word gedwing om teregstellings by te woon. Die doel hiervan is om vrees by die mense in te boesem.

Kritiek op die regering of die leiers, indien dit rapporteer word, is genoeg om die oortreders en hul familie uit die samelewing te laat verdwyn en in ’n politieke gevangeniskamp te laat beland.

In Noord-Korea, indien 'n familielid vir 'n oortreding skuldig bevind word, word drie geslagte van sy familie dikwels ook gestraf. Die doel is om die hele familie-eenheid te verwyder en sodoende te voorkom dat enige familielid wat gekant is teen die regering na vore sal kom. Hierdeur word martelare wat hulself wil opoffer vir 'n politieke saak, maar nie hulle hele familie wil betrek nie, afgeskrik.

Daar is ongeveer 200 000 Noord-Koreane wat in politieke gevangeniskampe bly. Baie van die gevangenes is nie aan enige oortreding skuldig nie, maar is familie van iemand wat verdink word van 'n oortreding. Heel dikwels het hulle geen idee van watter oortreding hulle beskuldig word nie. Die kinders wat in hierdie kampe gebore word, word as gevangenes groot, omdat hul *bloedlyn skuldig is*.

Dwangarbeid, wrede loesings, verkragtings en die dood is 'n alledaagse verskynsel. Die regering ontken dat sulke kampe bestaan, maar die getuienis van oorlewendes en satellietfoto's is deur voormalige wagte bevestig. Diegene wat ontrou is, word gevange gehou in kampe onder die grusaamste toestande. 40% van die gevangenes sterf in hierdie kampe as gevolg van ondervoeding.

Dit is onwettig om Noord-Korea sonder staatstoestemming te verlaat, maar elke jaar waag duisende Noord-Koreane hul lewens om, weens ekonomiese ontberinge en die gebrek aan vryheid, na Sjina te ontsnap. As hulle betrap word dat hulle vlug, of in Sjina gevang en teruggestuur word, is hulle blootgestel aan verskriklike strawwe soos wrede loesings, dwangarbeid, gedwonge aborsies, marteling en opsluiting in gevangeniskampe. Hulle wat daarvan verdink word dat hulle in aanraking was met Suid-Koreane of Christene, terwyl hulle in Sjina was, word op die vreeslikste maniere gestraf.

Noord-Koreaanse vlugtelinge in Sjina lewe in haglike omstandighede. Baie het nie kontakte of geld om uit Sjina te kom nie. Hul onwettige verblyf stel hulle bloot aan oneerlike

werkgewers wat hulle misbruik, omdat hulle nie hul klag na die owerheid kan neem nie.

Baie Noord-Koreaanse vroue wat na Sjina ontsnap, word slagoffers van sekshandelaars. Sjina se tekort aan hubare vroue veroorsaak 'n aanvraag na Noord-Koreaanse vroue, wat dan in gevaar verkeer om gedwing te word om in bordele, aanlynsekskletskamers te werk of om as trouvroue verkoop te word. Noord-Koreaanse vroue word in Sjina verkoop vir so min as 'n paar honderd dollars.

Omkopery en die willekeurige uitoefening van die wet gebeur alledaags. Wagte, soldate en diegene met politieke mag ervaar dikwels 'n tekort aan voedsame kos, geskikte mediese behandeling en die nodige bronne om in hul daaglikse behoeftes te voorsien. Dit veroorsaak dat baie van hulle op omkopery staatmaak om in hul armsalige bestaan te voorsien.

Die Noord-Koreaanse regering maak aanspraak daarop dat hulle algemene gesondheidsorg aan sy mense voorsien. In werklikheid is gesondheidsdienste en medikasie slegs vir die bevoorregtes beskikbaar. Gewone inwoners word daarom geteister deur maklik voorkombare of geneesbare siektes wat verband hou met armoede, soos byvoorbeeld tuberkulose en katarakte.

Die meeste mense kry slegs vir 'n paar uur per dag elektrisiteit en het geen kragvoorsiening gedurende die nag nie.

Regeringstoestemming word vereis om 'n rekenaar te besit en die Internet word streng beheer. 'n Regeringsbeheerde radio word aan alle sakeondernemings en huishoudings gegee, en kan alleenlik sagter gestel, maar nie afgesit word nie.

Dit is onwettig om jeans te dra. In die stede word vroue nie toegelaat om langbroeke te dra of met fietse te ry nie. Vroue se rompe moet die knieë bedek.

Slegs 28 haarstyle word toegelaat — mans kan een van 10 haarstyle kies, terwyl vroue 18 keuses het.

Werkers geniet feitlik geen vrye tyd nie. Hulle werk ses dae per week en op die sewende dag doen hulle 'vrywillige werk' wat aan hulle toegewys word.

## DIE SONGBUN POLITIEKE STELSEL

Die Noord-Koreaanse regering het 'n ontsaglike klomp tyd en bronne belê om die *songbun* stelsel te vorm. Dit ken aan elke inwoner 'n puntevlak vir politieke lojaliteit toe. Dit word bereken op elkeen se familiegeskiedenis. 'n Familie se spesifieke songbun-vlak (daar is 51 vlakke) bepaal dan die familielede se lewensgeleenthede soos waar hulle kan woon, hul werk, opvoedkundige geleenthede, toegang tot mediese sorg en kosvoorrade, asook hoe die misdaadregsisteem hulle behandel. Indien enige politieke oortreding van 'n familielid gemerk word, word hulle *songbun* verlaag.

Die *songbun* stelsel verdeel ook die mense in drie verskillende klasse afhangende van die vlak van lojaliteit wat hulle deur die geslagte heen aan die Kimregering betoon het.

- **Lojale Klas** – Dit is die bevoorregte klas. Dit word verdien deur ywerige en onwrikbare lojaliteit.
- **Besluitelose Klas** – Dié klas bestaan meestal uit plattelanders en boere op die platteland.
- **Vyandige Klas** – Dié klas bestaan uit diegene wat dopgehou word of wat familielede het wat van ontrouheid verdink word.

Een manier om 'n bestaan te maak en 'n persoon se *songbun* vlak te verbeter, is dat sterkgeboude gesinslede instem om oorsee gestuur te word om daar te gaan werk. Hierdie werkers word na verskillende dele van Sjina, Kambodja, Laos, die Oekraïne, en baie ander lande gestuur waar hulle gekontrakteer word vir 'n verskeidenheid van werk.

Daar word van hulle verwag om vir 'n klein salaris lang ure te werk sonder om 'n dag af te kry. Die meeste van die geld wat verdien word, word direk na die Noord-Koreaanse regering

gestuur, waarvan 'n klein deeltjie aan die gesinne wat in Noord-Korea agterbly, betaal word.

Ernstige beserings of die dood van sulke werkers wat dikwels in treurige en onveilige omstandighede werk, kom algemeen voor. Wanneer 'n werker sterf, betaal die Noord-Koreaanse regering 'n klein bedraggie geld aan die familie om hulle simpatie te betoon. Hierdie stelsel van kontrakwerkers stel die Noord-Koreaanse regering in staat om groot bedrae in buitelandse geldeenhede te ontvang van die ongeveer 100 000 werkers wat oorsee gestuur word om daar te werk.

Japansending is betrokke by die finansiële ondersteuning van die werk van sendelinge wat na Rusland, die Oekraïne en ander lande reis om in aanraking te kom met die Noord-Koreaanse oorlopers en werkers wat daarheen gestuur is. Dit is 'n besondere geleentheid om die Evangelie aan hierdie mense te verkondig. Christenwerkers voorsien hulle dikwels van kos, klere en medisyne, terwyl hulle die liefde van God en die boodskap van hoop met hulle deel.

## CHRISTENDOM IN NOORD-KOREA

Sedert die begin van 1900 tot die Koreaanse Oorlog in 1950, was Noord-Korea 'n Christenland, en die hoofstad, Pjongyang, is beskou as die *Jerusalem van die Ooste*. Omstandighede het versleg toe kommunistiese ideale geheel en al aangeneem is en die Kimfamilie aan bewind gekom het.

Ten spyte van pogings om Christenskap uit te roei, dui verslae aan dat die kerk in Noord-Korea besig is om te groei. Party berigte dui aan dat daar omtrent 500 000 Christene is, wat 2% van die bevolking beloop. Ander verslae verskaf hoër getalle. Dit is baie moeilik om te weet hoeveel Christene in hierdie baie geheime en erg verdrukte samelewing woon.

Baie mense beskou Noord-Korea as die mees verdrukte land ter wêreld vir Christene, wat beskou word as imperialiste wat leerstellings bevorder om die regering omver te werp.

Diegene wat gevang word omdat hulle hul geloof uitleef, word gearresteer, in die tronk gegooi, gemartel en soms doodgemaak.

’n Gewilde spreekwoord in die Noord-Koreaanse kultuur is, *Die mure het oë en die velde het ore.* Christene doen alles in hul vermoë om hul geloof geheim te hou. Hulle is baie versigtig teenoor familielede, vriende en die bure wat hulle moontlik gaan verkla, aangesien van alle landgenote verwag word om mekaar dop te hou. Christenouers weerhou hulle daarvan om hul kinders aan Christenskap bekend te stel totdat hulle ouer is, om die gesin op dié manier te beskerm.

Dit is bekend dat ouers wat dapper genoeg is om hul geloof met hul kinders of uitgebreide familie te deel, in donker kamers in hul huise vergader, waar hulle hul gebede en liedere net fluister. Uitgeskeurde Bybelbladsye word dikwels gebruik sodat dit nie herken kan word nie.

Noord-Koreane word soms toestemming gegee om Sjina te besoek, waar party toegang kry tot *onwettige* Bybels en Christelike leesstof, wat hulle dan terugsmokkel.

## BEDIENINGS GELEENTHEDE

Alhoewel die werk van Japansending hoofsaaklik toegespits is op Japan, het die Here ons gelei om ook in die haglike behoeftes van die Noord-Koreane te voorsien. Japansending borg gereeld Christenwerkers wat by die volgende evangeliebedienings betrokke is:

**1. Manna-projek** – Ballonne word gereeld snags opgestuur met mediese voorraad, CD’s, USB’s en traktaatjies wat dele van die Bybel bevat. Verskeie gebiede word geteiken deur die windrigting te bepaal. Klein gaatjies word in die ballonne gemaak, sodat hulle stadig afblaas wanneer hulle in die donker die grens oorsteek. Op hierdie manier is baie mense bereik met die Woord van God.

**2. Noord-Koreaanse Reddingsending** – Vlugtelinge wat die grens van Noord-Korea na Sjina oorsteek, vrees gedurig dat hulle



Ballonne opgestuur na Noord Korea

gevang en teruggestuur sal word. Reddingswerkers bied onmiddellike bystand aan sulke vlugtelinge.

**3. Hervestigingshulp** – Emosionele en geestelike bystand word verleen aan Noord-Koreaanse vlugtelinge wat in Suid-Korea aankom. Hulle word gehelp om aan te pas by die lewe deur berading, toevlugsoorde en Bybelstudies. Baie het die Here al gevind deur hierdie bediening.

**4. Weeshuis** – Hulle help om in die dringende behoeftes te voorsien van die Sjinees-Koreaanse weeskinders wat in Sjina gebore is en weggegooi is, of hul moeders verloor het deurdat hulle gedeporteer of doodgemaak is.

Kinders wat tussen Noord-Koreaanse vlugtelingmoeders en Sjinese vaders gebore word, kan probleme ondervind om hul huishoudelike registrasiedokumente te kry, as gevolg van hul moeders se onwettige status. Dit veroorsaak dat die kinders ongeregistreerd is en ontneem word van basiese regte, soos opvoeding en mediese sorg. Sulke kinders word in weeshuise geplaas en in die hoofstroomgemeenskap opgeneem. Hulle word ook die geleentheid gegee om regte te verkry deur Sjinese burgers te word. Bid dat hierdie kinders getroos sal wees deur die Groot Herder.

**5. Handelsendingwerk** – Geestelike en finansiële ondersteuning word voorsien aan die predikante van die ondergrondse kerk in Noord-Korea. Noodsaaklike voorrade en toerusting word voorsien vir die stigting van mikrosakeondernemings,

byvoorbeeld om 'n pottebakkery op die been te bring. Hulle maak en verkoop dan borde, bekers, bakke, potte en blompotte. Dit help hulle om met die plaaslike gemeenskap in aanraking te kom en hulle ongemerk aan die Evangelie bloot te stel.

**6. Hulpbediening ten opsigte van voorrade** – Noord-Koreaanse Christene wat skuilings in Sjina besoek, vervoer dikwels voedsel, klere, mediese voorrade en media-apparate wat die Woord van God bevat, na Noord-Korea. Bid asseblief vir die beskerming van hierdie werkers, wie se lewens dikwels in groot gevaar is.

## NOORD-KOREAANSE VLUGTELINGE

Bill Cook, 'n medewerker van Japansending in Thailand, vertel hoe hy en sy vriende in staat is om Bybels aan Noord-Koreaanse vlugtelinge te voorsien. "Party van die vlugtelinge is Christene en waardeer werklik die Bybels. Die Noord-Koreane wat die grens na Sjina oorsteek, betaal dikwels mensehandelaars om hulle na Thailand deur Laos in te smokkel. As hulle in Laos gevang word, kan hulle na Noord-Korea teruggestuur word. Maar as hulle eers in Thailand is, kan hulle na die polisie gaan en hulself as vlugtelinge verklaar.

"Die Thaise polisie is gereed om hulle te ontvang. Omtrent 20 vlugtelinge kom weekliks op dié manier daar aan. Die polisie hou hulle in 'n aanhoudingsentrum, waar hulle vir tot 'n week kan bly, voordat hulle aan die Suid-Koreaanse ambassade oorhandig word. Daarvandaan word hulle na Suid-Korea vervoer."

Sulke vlugtelinge ondervind dit dikwels moeilik om by die lewe in Suid-Korea aan te pas.

## WARE VRYHEID

Werkers van Japansending was met 'n hele paar Noord-Koreaanse vlugtelinge in aanraking. Die volgende is die merkwaardige getuienis van hoe Chun sy weg na Suid-Korea gevind het en sy stryd toe hy die Here aangeneem het.

"Ek kan nie onthou dat my ouers of ander mense, met wie ek tydens my grootwordjare in Noord-Korea in aanraking was, ooit gesê het dat hulle my liefhet nie," vertel Chun. "Ek is oor en oor vertel dat die Kimfamilie, wat ons regeerders was, my liefhet.

"My vroegste kinderherinneringe is dat ek voortdurend honger was. Kos was baie skaars en die lyding was ondraaglik. Dit het my fisies en emosioneel erg aangetas. Namate ek ouer geword het, onthou ek tye wat ek alles sou gee vir net een bord kos.

"My pa het vir die regering gewerk en toe ek 9 jaar oud was, het die beamptes hom weggeneem en ek het hom nooit weer gesien nie. As gevolg daarvan is ons familie verag en vermy. Ek is gereeld geterg en geboelie.

"Terwyl ek ouer geword het, moes ons streng reëls gehoorsaam. Ons is geleer om die Kimfamilie te eerbiedig en daar is van ons verwag om onwrikbare lojaliteit te betoon. Dit het vir my gevoel asof my hart leeg was en dat my siel tot op die randjie van die dood gedryf is. Dit is waarom ek besluit het om uit my land te vlug.

"In 2008 het ek my vrou, my moeder, broers en susters, familie en vriende agtergelaat, omdat ek geweet het dat dit 'n baie gevaarlike reis sou wees. Dit het behels dat ek deur die Tumenrivier moes waag om Sjina te bereik. Ek het geweet dat vanaf die oomblik dat ek my voet in die water sou sit, die Noord-Koreaanse soldate my as 'n verraaier en 'n misdadiger sou beskou.

"Indien ek in Sjina gevang word, kon ek na Noord-Korea teruggestuur word. Dan sou nie net ek gestraf word nie, maar ook my familie sou onuithoudbare marteling beleef en selfs teregstelling.

"Nadat ek die grens na Sjina oorgesteek het, het ek my aan 'n agent verkoop wat my verseker het dat hy my kon help om na Suid-Korea te gaan. Ek het hard gewerk, en toe my skuld aan my agent afbetaal was, het hy my heenreis na Suid-Korea gereël.

"'n Gids het my op 'n lang ompad geneem. Ons het heelpad geloop sodat ons nie gevang sou word nie en het elke dag lewensgevaarlike omstandighede ervaar.

"Ek het 'n maand later uiteindelik in Suid-Korea aangekom. Daar het ek vir die eerste keer ware liefde, waardigheid en vryheid ervaar. Die Suid-Koreaanse regering het my van 'n woonplek en geld voorsien, sodat ek 'n nuwe lewe kon begin. Ek is oorweldig deur die oorvloed kos en die vermoë om vrylik keuses te kan maak.

"In Suid-Korea het niemand my dopgehou nie en ek het baie tyd alleen deurgebring. Ek het gesukkel om aan al die vryhede gewoond te raak. In Noord-Korea is ek gedwing om lang ure te werk en was gedurig onder bewaking. Regeringsbeamptes het gereeld ons werk kom ondersoek. As ek hulle nie gehoorsaam nie, sou ek beslis erge straf verduur of dit kon selfs my lewe kos.

"Alhoewel die Suid-Koreaanse samelewing een van vryheid was, het ek onrustig gevoel. Ek was nog steeds gebreinspoel deur die diktatorskap waaronder ek gebore is. Ek was verward en emosioneel gespanne. Ek het my familie gemis en eensaam gevoel.

"Soos wat ek aan my familie en vriende gedink het wat onder die wrede beheer gely het, was dit vir my moeilik om nie kwaad te word nie. Ek het ontsettend skuldig en hartseer gevoel omdat ek ontsnap het en hulle agtergelaat het. Ek het nagmerries begin kry en my eetlus verloor.

"Alhoewel Suid-Korea my welkom laat voel het, het my hart nie vry gevoel nie. Ek het ellendig en emosioneel gebroke gevoel. Die pyn was so erg dat dit vir my gevoel het asof my hart besig was om dood te gaan. Ek was radeloos en het behoefte gehad aan iets om my siel te laat herleef.

"In 'n poging om my geestelike honger te stil, het ek besluit om 'n Christelike kamp by te woon. Daar het ek ontdek dat daar 'n ander soort vryheid is as dit wat ek gesoek het toe ek uit Noord-Korea gevlug het. Dit was die vryheid en troos wat

slegs verkry kan word deur die Hemelse Vader te ken, soos dit in Matteus 5:4 geskryf is, ***"Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word."***

"Op die derde dag het die predikant oor vergifnis gepraat. Ek het nog nooit in my lewe gehuil of om hulp geroep nie; maar daardie dag, vir die heel eerste keer, het ek in 'n harde stem tot God uitgeroep. 'O, God, my pa is na 'n gevangeniskamp gestuur toe ek 9 jaar oud was. My broers, susters en ek is as gevolg daarvan verstoot, geboelie en ons het baie gely. Ek moes my vrou los en hulle het my suster, my neefs en niggies na 'n gevangeniskamp gestuur. Here, hoe kan U vir my sê om hierdie mense te vergewe?' het ek uitgeroep, terwyl ek ineenkrimp van sielesmart, 'Vader God, verduidelik dit asseblief vir my!'

"By daardie kamp het ek vir die eerste keer sedert ek 9 jaar oud was, gehuil. Nadat ek sonder ophou gehuil het, was daar uiteindelik vrede in my hart. Op daardie dag het ek vir die eerste keer in my lewe ware vrede gevind deur die werking van die Heilige Gees.

"God het toe met my gepraat deur die volgende Bybelverse, ***Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God*** (Romeine 12:19). ***"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word"*** (Matteus 6:33).

"Ek het besluit om alles aan God oor te gee en Jesus Christus as my Verlosser en die Heer van my lewe te aanvaar. Ek het uiteindelik ware vryheid, vreugde en vervulling gevind. Ek het besef dat om werklik vry te wees was om God se geskenk van die ewige lewe te ontvang, om 'n inwoner van die hemel te word en in Sy teenwoordigheid te lewe. Ek het nooit weer na daardie dag nagmerries gehad nie.

"Ek het besef dat Christenskap nie 'n godsdiens is nie, maar die Waarheid self. Jesus Christus het alles vir my geword." ***"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak"*** (Johannes 8:32).

Chun is later wonderbaarlik met sy vrou herenig en dien nou die Here deur ander vlugtelinge te help om troos in Hom te vind.

## HOOP OP DIE HEERLIKHEID WAT KOM

Die volgende is Min se hartverskeurende storie van hoe God haar verlos het van haar wanhopige en beroerde omstandighede.

Min het in Noord-Korea grootgeword. Sy is getroud en het 2 kinders. Gedurende 2004 was daar 'n verskriklike hongersnood en omstandighede in Noord-Korea het onuitstaanbaar geword. Sy het besluit om die swaarbewaakte Sjinese grens by die Tumenrivier oor te steek, sodat sy kon gaan werk soek om haar familie te onderhou.

"Ek het by 'n maatskappy in Sjina uitgekom wat bande gehad het met Suid-Korea en wat vir my werk gegee het," het sy vertel. "Ek het gewerk terwyl ek honger gely het en die dae getel totdat ek weer met my kinders herenig sou word.

"Gedurende 2008, terwyl ek in Sjina gewerk het, het 'n ouer Koreaanse vrou die Evangelie met my gedeel. Ek het 'n Koreaanse kerk begin bywoon, maar was so erg gebreinspoel om ons diktator te aanbid, dat dit vir my onmoontlik was om die Bybel te verstaan.

"Een dag, terwyl ek 'n gesang sing, het ek onbedaarlik begin huil toe ek dink aan my vyf- en driejaaroue dogtertjies wat ek in Noord-Korea agtergelaat het. Daardie dag is my hart met die Heilige Gees vervul en geloof het in my begin brand, terwyl ek na die preek geluister het. Ek het die Here gevra om in my hart in te kom en my sonde te vergewe. Ek het ook gebid en my familie in Noord-Korea aan Hom toevertrou.

"Toe ek moedeloos was en niemand gehad het op wie ek kon vertrou nie, het die diakens van daardie kerk my met die liefde van God oorlaai. Ek sal altyd dankbaar wees teenoor hulle!


"Gedurende 2009 het die Sjinese veiligheidsmagte onverwags 'n klopjag uitgevoer op die maatskappy waar ek gewerk het,

en ek is gevange geneem. Ek is gewelddadig na Noord-Korea gerepatrieer en tot 4 jaar gevangenisstraf gevonnis.

"My verskriklike lyding in die tronk kan nie in woorde beskryf word nie. Daar was tye dat ek by God gekla het, 'Here, ek het my geliefde familie verlaat en my lewe gewaag om geld te verdien om aan my verhongerde familie te stuur. Nou laat U my, na daardie hartverskeurende ervaringe, nog deur hierdie verskriklike straf gaan!'

"Tog was God met my te midde van my swaarkry. Hy het my gehelp om lofliedere tot Hom te sing toe ek besef het Hy is die heeltyd by my teenwoordig. Die enigste troos in die tronk was die lofliedere en die gebede wat ek geleer het in my kerk in Sjina.

"Noord-Koreaanse tronke is onbeskryflik grusaam. Snags moes 50 tot 60 mense op die vloer in een klein sel, wat verskriklik sleg geruik het van die stank van die toilet, slaap.



Gevangeniskamp in Noord-Korea

"Die kos wat ons gekry het, sou selfs diere nie wou eet nie. Die honger het ons genoop om bietjies oorskietkool of graan op pad werk toe op te tel.

"Die wagte het ons gedwing om onder haglike toestande gedurende die dag te werk en snags moes ons lesings bywoon om ons te breinspoel.

"Ek het verswak as gevolg van gewigsverlies en gevoel asof ek op die rand van 'n senuwee-ineenstorting was. Ek was vol hartseer en angs en het begin hoop verloor. Ek het so siek

geword dat ek mediese verlof gekry het van die dwangarbeid op die landerye.

"Toe ek na my sel gegaan het om te rus, het ek opgemerk dat daar iemand onder 'n verflenterde kombers lê en effens op en af beweeg. Daar was 'n hele paar siek mense in die sel. Nie een van hulle, behalwe ek, het geweet wat die persoon onder die kombers doen nie. Ek was seker dat sy besig was om te bid.

"Ek het met skok besef dat daar iemand anders in die tronk was wat in God geglo het. Haar liggaam was potblou soos die wagte haar geslaan het. Tog het sy aangehou om tot God te bid. Ek het gevoel dat sy in gevaar verkeer, maar was bang dat iemand sou agterkom dat ek 'n Christen is en het nie daardie dag met haar gepraat nie.

"'n Paar dae later, op Nuwejaarsdag 2011, het ek gemerk dat sy weer onder haar kombers bid. Ek het na haar toe gegaan en saggies gesê, 'Ek bid in die Naam van Jesus.' Sy was verbaas oor wat ek gesê het en ons het saggies begin gesels.

"Haar naam was Kim en sy was 'n Noord-Koreaanse evangelis wat in Sjina die Here aangeneem het. Terwyl sy daar met Bybelstudie besig was, is sy deur die Sjinese veiligheidsmagte gevang. Sy is toe gedwing om na Noord-Korea terug te keer en het vyf jaar tronkstraf gekry omdat sy na Sjina oorgeloop het.

"Nadat ons vir 'n kort rukkie gesels het, het ons hande gehou, saam gehuil en die Here gedank dat Hy ons laat ontmoet het, sodat ons mekaar kon bemoedig te midde van hierdie verskriklike donkerte.

"Kim was baie swak toe ek haar ontmoet het. Alhoewel sy nie kon werk nie, het die wagte haar dikwels geskop en geslaan, omdat sy nie in staat was om regop te loop nie. Al wat sy kon doen, was om tot God uit te roep. Sy het my gevra om saam met haar te bid, terwyl sy gesê het dat as ons sonder ophou bid, God ons sal help om die bose te oorwin.

"Dit het my geloof versterk om te sien dat, ten spyte van die verskriklike lyding wat Kim moes deurmaak, niks haar van die

vreugde in haar hart kon beroof nie. Te midde van haar pyn en lyding het sy nie een keer gekla nie, maar dit alles deur gebed verduur. Kim het voortgegaan om vir Christus te getuig in daardie gevaarlike en bose omstandighede waar niemand vertrou kon word nie.

"Die skokkendste ding wat ek in die tronk gesien het, was toe Kim terugkom in die sel, nadat sy gemartel is omdat sy haar geloof met iemand gedeel het, en toe sonder vrees weer voortgegaan het om God se liefde met 'n ander gevangene te deel!

"Dit het gelyk asof net 'n paar gevangenes die Here aangeneem het, maar sy het steeds getrou die Evangelie verkondig. Ander gevangenes het net koud na haar gestaar en slegte gerugte oor haar versprei.

"Ek het opgemerk hoe gevaarlik dit vir Kim geword het, en daarom het ek met haar in die geheim gepraat, 'Kim, dinge lyk nou regtig sleg. Ek wil hê jy moet vir 'n tydjie ophou om van Jesus te getuig. As jy dit nie doen nie, gaan hulle jou doodmaak. Laat ons net ons vonnis uitdien en hierdie plek verlaat en dan saam na Sjina vlug.'

"'Ek het nog steeds werk om te doen in hierdie plek waarheen God my gestuur het,' was Kim se antwoord. 'As ons nie ontmoedig word nie en uithou tot die einde, sal ons Here Jesus ons sekerlik beskerm en red.' Sy het my hande geneem en 'n lofsang begin sing, ***"Do not fear, be strong and courageous. Do not be discouraged and do not despair. The Lord is near."***

"Teen die einde is Kim daarvan beskuldig dat sy 'n Christen spioen is en is gestuur na 'n kamp vir politieke gevangenes, waarvan gesê word dat min mense ooit lewendig daar uitkom.

"Deur al my lyding, en deur die seën daarvan om Kim te kon ken, het my geloof gegroei en was ek in staat om te verstaan wat Paulus bedoel het toe hy gesê het, ***Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie*** (Romeine 8:18). Ek het geleer om my hoop te plaas op die heerlikheid wat kom."

Deur God se genade is Min se vonnis verkort na twee jaar. Na haar ontslag het sy weereens oor die Tumenrivier na Sjina gevlug. Van daar af het sy uiteindelik deur Thailand na Suid-Korea gevlug. Sy het haar man, twee dogters en haar moeder in Noord-Korea agtergelaat. Sy was nog nie weer in aanraking met hulle nie en hulle is almal ongered. Bid asseblief vir hul redding.

Min woon nou in Suid-Korea en is betrokke by bedieninge wat die Evangelie na Noord-Korea versprei. Bid asseblief vir Min en die Christenwerkers wat deur verskeie aksieplanne na die geestelik-behoeftiges in Noord-Korea uitreik.

## VERHANDEL IN SJINA

Kan is gebore in ’n arm gesin in die platteland van Noord-Korea. Sy was die vierde dogter van 6 kinders. “Toe ek 18 jaar oud was, is my ma en my ouer suster dood, omdat hulle nie genoeg kos gekry het nie en siek geword het,” vertel Kan. “Ongeag hoe hard ons gewerk het, kon ons nie vanuit die ellende van armoede ontsnap nie.

“Ek het toe by ’n vriend gehoor dat daar ’n geleentheid vir werk in Sjina was, dus het ek gedurende die bitter koue winter van 2003 die Tumenrivier oorgesteek na Sjina. Ek het beplan om genoeg geld te verdien om my gesin vir een maand te help en dan terug te keer huis toe.

“Ek was onbewus daarvan dat hierdie werksmoontlikheid al die tyd die verhandeling van vroue was. Ek is gevolglik aan ’n Chinese gesin wat ’n vrou nodig gehad het verkoop.

“Hierdie gesin was so bang dat ek sou ontsnap dat hulle my selfs na die toilet gevolg het! Ek het die meeste van my dae omgehuil, omdat ek kwaad en ontsteld was dat ek nie kon ontsnap en geld verdien om my pa, broers en susters wat op my staatmaak, te onderhou nie.

“Eendag het die gesin bymekaargekom en my klere uitgetrek om te sien of ek normaal was en kinders sal kan hê. Ek is toe ingelig dat ek die vrou van die seun in die gesin sal wees.

"Ek het so vernederd en ontmoedig gevoel dat ek alle hoop verloor het en depressief geword het. Ek het drie keer probeer om selfmoord te pleeg, maar het elke keer misluk. Ek is nie eers toegelaat om te sterf nie, dus het ek gevoel dat al wat oorbly was om my maar aan die ondraaglike omstandighede te onderwerp. Ek is gedwing om op die lande te werk en die plaasdiere te versorg.

"Gedurende 2005, omtrent 2 jaar nadat ek my huis verlaat het, het ek aan 'n babadogtertjie geboorte geskenk. Terwyl ek na my baba omsien, is ek 'n bietjie vryheid toegelaat om die huis te verlaat en inkopies te doen.

"'n Buurvrou het my genooi om 'n nabygeleë kerk by te woon. Ek was nie 'n Christen nie, maar die lidmate en ouderlinge van die kerk was baie goedhartig en het verskeie goedjies vir my baba gegee, selfs 'n stootwaentjie. Ek was baie dankbaar vir die liefde wat hulle teenoor my bewys het en dit het my nuuskierig gemaak oor hulle God.

"Ek was vir baie jare 'n afgodedienaar, en miskien was dit die invloed van die bose geeste wat veroorsaak het dat wanneer ek die kerkgebou binnegaan, ek vreeslike hoofpyn gekry en siek gevoel het.

"Eendag terwyl die ouderlinge gebid het, het God my wonderbaarlik genees. Die erge pyn en naarheid het verdwyn en ek het gereinig gevoel van die duiwel se invloed. Ek het toe begin om gereeld kerk toe te gaan, maar kon nog steeds nie ten volle begryp dat Jesus, wat hier op aarde geloop het, die Seun van God is nie.

"Kort daarna het ek gehoor dat die polisie na ons omgewing gekom het om Noord-Koreane wat uit hul land gevlug het, te soek en te arresteer. Ek en 'n ander Noord-Koreaanse vrou het saam gebid dat ons nie ontdek sou word nie. Ons was baie verlig toe ons later hoor dat die polisie weg is.

"God het hierdie vreesaanjaende ondervinding gebruik om vir my te wys dat Hy my gebede sal beantwoord en na my sal

omsien, mits ek Hom vertrou. Dit was toe dat ek besluit het om Jesus as my Verlosser aan te neem.

"Kort daarna het ek 'n pynlike beproewing deurgegaan. My eenjarige dogtertjie het siek geword met longontsteking en die dokter het gesê sy mag dalk nog net 15 dae leef! Ek was so gebroke dat ek na die kerk toe gegaan het. Ek het my dogtertjie voor in die kerk aan die voet van die kruis neergelê, terwyl ek in trane uitgebars het en tot God uitgeroep het.

"'Here, waarom hou U aan om sulke hartseer dinge met my te laat gebeur? Hoekom het U my hierdie klein dogtertjie gegee, net om haar weer weg te neem? Ek wou haar in die eerste plek nie gehad het nie en nou breek dit my hart om van haar afskeid te neem!'

"Ek het toe opgekyk en kon my oë nie glo nie. My dogtertjie, wat amper leweloos daar gelê het, het 'Mamma' uitgeroep en begin rondloop!

"Ek was so verbaas dat ek haar weer dokter toe geneem het. Die dokter kon geen fout met haar vind nie! Ek het hom vertel wat gebeur het. Hy het toe ook begin om kerk toe gaan en het Jesus as sy Verlosser aangeneem!

"My dogtertjie was gesond en het rondgehardloop asof sy nooit siek was nie. Ek was so dankbaar teenoor die Here dat ek haar *Haun* genoem het, wat beteken *genade van God*.

"Ek was bekommerd dat ek een of ander tyd deur die polisie ontdek sou word en dat hulle my sou arresteer en aan die Noord-Koreaanse polisie sou oorhandig. Ek het geweet dat ek dan van my dogtertjie geskei sou word, dus het ek uiteindelik 'n manier gevind om van die gesin wat my gekoop het, te ontsnap.

"Ek het met my dogter na 'n dorp in Sjina, wat na aan die grens van Noord-Korea was, gereis. Daar het ek werk as 'n reisgids gekry. Om Haun alleen te versorg, was moeilik, maar God het my deur die moeilike tye gedra en ons beskerm en geseën.

"'n Rukkie daarna het ek 'n dokter besoek wat bevind het dat ek baarmoederkanker het. Ek het geweet dat ek dringend

mediese sorg nodig het, sodat ek nie sterf en my hulpelose dogtertjie agterlaat om na haarself om te sien nie.

“Ek het gehoor dat die beste behandeling in Suid-Korea beskikbaar is. Ek het klein Haun by ’n weeshuis agtergelaat en vir haar gesê dat ek na ’n week sou terugkeer. Ek het toe in 2007 die lang reis na Suid-Korea aangepak.

“Drie dae later is ek op die Mongoolse grens gevang. Die Sjinese owerheid het my aangehou en na Noord-Korea teruggestuur, waar ek vir drie maande in ’n aanhoudingsentrum ondervra en erg gemartel is. Ek het vandag steeds die letsels van die afgryslike mishandeling wat ek toe moes verduur.

“Ek is toe in polisiebewaring geplaas waar ek verkrag is. Vroue is dikwels die slagoffers van sulke mishandeling, omdat hulle beskou word as verraaiers en van min waarde vir die samelewing.

“Ek het as gevolg hiervan swanger geraak en is gedwing om ’n ondraaglik pynlike aborsie sonder narkose te ondergaan.

“Ek het nog geweldig pyn gehad, toe ek oorgeplaas is na ’n gevangeniskamp waar dit bitterlik koud was. Ek is tot drie jaar gevangenisskap gevonnis en het baie dae gevoel ek kon skaars loop en wou liewer doodgaan. Ek het talle om my sien doodgaan van hongersnood en siektes. Hulle liggame is weggegooi asof dit vullis is.

“Al wat ek kon doen was om op God te vertrou om my deur elke dag, wat soos die hel gevoel het, te help. Ek het die Here aangeroep wanneer ek sien hoe ander deur die wagte geslaan word of doodgaan van honger. Ek het God gevra om my te help gedurende daardie dae wat my oë gevul was met trane wanneer ek hartseer en pyn ervaar het.

“My hemelse Vader het my getroos en versterk gedurende hierdie moeilike tye. Ek het min kennis van die Bybel gehad, maar God het my op wonderbaarlike wyse getroos toe ek die volgende woorde onthou het. ***Geen versoeking wat meer is as wat ’n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die***

***versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan*** (1 Korintiërs 10:13).

“Terwyl ek dié woorde oordink, is ek bemoedig om voort te gaan, selfs al kon ek nie onthou waar ek hierdie woorde gehoor het nie.

“Ek kon teenoor agt van my medegevangenes getuig van God se genade. Ons het dikwels bymekaargekom om te bid wanneer dinge ondraaglik geword het.

“Drie jaar later is ek vrygelaat uit die gevangeniskamp en met my gesin in Noord-Korea herenig, waar ek hulle toe ook van Jesus kon vertel.

“Ses maande later, gedurende 2011, het ek weer die gevaarlike reis na Sjina onderneem en in die middel van die nag die Tumenrivier oorgesteek om na my dogter te gaan soek. God het my elke tree van die reis beskerm en ek het veilig aangekom.

“Ek kon uiteindelik ’n Bybel in die hande kry en het na daardie woorde gesoek wat in my gedagtes opgekom het terwyl ek in die tronk was. Ek was oorstelp van vreugde toe ek die woorde in *1 Korintiërs 10:13* vind en was verbaas om te sien dat dit regtig ’n teks in die Bybel is!

“Ek het na ’n hospitaal in Sjina gegaan waar ek twee keer deur verskillende dokters ondersoek is. Hulle kon geen teken van kanker vind nie en ek het geweet dat God my genees het!

“Ek het my dogter, Haun, by die weeshuis gelos toe sy net twee jaar oud was, en vir haar gesê dat ek net vir ’n week weg sou wees. Vyf jaar later toe ek uiteindelik in staat was om by haar uit te kom, was sy alreeds sewe jaar oud. Die gevoel van vreugde en verligting wat my oorweldig het toe ek haar uiteindelik kon omhels, was onbeskryflik!

“’n Jaar later, nadat ek genoeg geld verdien het om ’n agent te betaal, het ’n gids ons gehelp om na Thailand te ontsnap. Van daar het ons na Suid-Korea gegaan waar ek werk gekry het en hard probeer het om in die gemeenskap aan te pas.

"Hierdie nuwe lewenstyl het veroorsaak dat ek minder afhanklik geword het van God. Dit het gevoel asof Hy verder van ons af was soos wat my liefde vir Hom afgeneem het.

"Twee jaar later het God 'n groep Noord-Koreaanse vlugtelinge gebruik om my hart aan te raak. Die liefde en gemeenskap wat ek ondervind het terwyl ek by hulle was, het my gehelp om my liefde vir die Here te hernu en my te laat verstaan dat dit nodig is dat ek ten volle van Hom afhanklik moet wees.

"Die lering in die Bybel waarmee ek die meeste gesukkel het, was vergifnis. Die Bybel leer ons om ons vyande te vergewe, maar ek het my heftig daarteen verset.

"Ek het gewonder hoe dit moontlik is om daardie mense te vergewe wat my gevange gehou het, laat honger ly het en my so wreed mishandel het. Ek het 'n erge woede en haat ervaar wanneer ek aan hierdie dinge gedink het.

"Ek het uiteindelik besef dat ek alleenlik vry sou kon wees as ek die besluit neem om te vergewe. Dit was 'n stryd, maar ek het elke persoon vergewe soos wat ek elke ondervinding wat ek deurgemaak het in herinnering geroep het.

"Ek het die wrede man wat my geslaan het, terwyl hy my ondervra het, vergewe. Ek het die wag vergewe wat my geslaan het tot die bloed loop toe ek uit hongerte twee rooi rissies gesteel het. Ek het ook die man vergewe wat my wreedaardig verkrag het.

"Ek was in staat om hierdie mense te vergewe nadat God duidelik vir my gewys het dat Jesus nie net vir hulle sondes gesterf het nie, maar dat Hy ook gekom het sodat my sondes vergewe kon word. Hy was onskuldig, maar het gewilliglik sy lewe gegee, is mishandel en het sy bloed gestort, sodat 'n sondaar soos ek vergewe kon word.

"Wie was ek om vir God te sê dat ek nie ander mense se sondes kon vergewe nie? Ek het al my wrewel en bitterheid by die voet van die kruis geplaas en is verlos van my woede en haat.

"My lewe het verander en nou lewe ek en my 13-jarige dogter elke dag in ware vryheid en vreugde, deur die genade wat God alleen kan gee.

"My hart gaan uit in gebed na die 25 miljoen mense in Noord-Korea. Ek het 'n sterk begeerte om hulle te help om die Here Jesus te leer ken soos ek Hom ken. God het baie vlugtelinge soos ek in Suid-Korea geplaas en het ons geroep om die evangelie en die Woord van God na die mense in die noorde te bring."

## VAN KAPER TOT EVANGELIS

Yun is bedrieg deur 'n agent met 'n aanbod van eerlike indiensneming. Nadat sy vanaf Noord-Korea in Sjina aangekom het, is sy aan 'n Sjinese familie verkoop. Sy kon nie hulle taal verstaan nie en is gedwing om met 'n man wat sy nie geken het nie te trou. Daar is van haar verwag om die huishouding waar te neem en baie ander werk te doen.

Haar enigste gedagte was om na 'n land wat vlugtelinge aanvaar, te ontvlug. As sy uitgevang sou word, was sy bang dat die familie haar verskriklik sou slaan. Sy het dus geweet dat sy so ver as moontlik van hulle af moet wegkom.

Yun het besef dat sy Sjinees moet leer praat, sodat sy kon ontvlug. Sy het die taal heel vinnig aangeleer, omdat sy dit dikwels gehoor het, maar sy het gemaak asof sy dit nie verstaan nie. Sy wou nie hê dat die familie moes agterkom dat sy in staat was om te ontsnap nie.

Eendag, terwyl sy haar ontsnapping beplan, het Yun in 'n straat gestap en mense hoor sing. Sy het nooit sulke vredevolle musiek in Noord-Korea gehoor nie. Die woorde van aanmoediging in hierdie gesang het so tot haar hart gespreek, dat sy gereeld kerk begin bywoon het. So het sy Jesus leer ken en Hom as haar Here en Verlosser aangeneem.

Tot dusver het haar lewe gevoel asof sy in 'n baie donker kamer toegesluit was, totdat Jesus die gordyne oopgetrek het en

die lig ingelaat het. Mettertyd het God vir haar liefde gegee vir haar man wat sy tevore verag het.

Tot nou toe het Yun Sjinees aangeleer om te kan ontsnap, maar die Here het haar taalvermoë gebruik om haar te help om liefde aan haar man te bewys. Sy het hom van die Bybel vertel en het ernstig begin bid dat hy God sou vind.

Yun, wat deur ’n agent aan hierdie familie verkoop is, het ’n liefdevolle vrou geword. Hierdie wonderbaarlike ommekeer kon slegs die Heilige Gees teweegbring. Toe haar man die wonderwerk beleef van hoe God haar gevoelens van bitterheid vervang het met opregte liefde vir sy familie, het hy ook die Here as Verlosser aanvaar.

Hy het om vergifnis gevra en ware berou getoon oor die manier waarop hulle Yun behandel het. Hy het kort daarna begin om die Evangelie te deel met diegene wat ook uit Noord-Korea ontsnap het en in soortgelyke omstandighede was.

Later het hy na Noord-Korea oorgegaan om die Evangelie te verkondig, alhoewel hy geweet het dat dit sy lewe kon kos!

***Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: "Jou God is Koning!"*** (Jesaja 52:7)

# 13

## Word Ons Vennoot

Hierdie boek beskryf die verskillende maniere wat Japansending gebruik om die Evangelie te verkondig tydens die geleenthede wat ons teëkom.

Jy mag vra, "Hoe kan ek help of deel wees van hierdie taak?"

***Onthou asseblief die geweldige nood.*** Die vervolging wat die Christene in Sjina, Noord-Korea, Suidoos-Asië en in die Moslemlande ervaar, is ondenkbaar.

Ongelooflik baie mense wag steeds vir iemand om 'n Bybel in hul hande te plaas, omdat Bybels nie beskikbaar of bekostigbaar is nie.

Die meeste van die 125 miljoen mense in Japan het nog nooit die Evangelie gehoor nie, en daar is 'n groot tekort aan Christenwerkers.

Hier volg 4 maniere waarop jy saam met ons in vennootskap kan werk in hierdie lewensbelangrike sending.

### GEBED

Word ons vennoot deur jou gebede. Japansending het voorbidders nodig wat getrou kan intree, terwyl ons die verlorenes evangeliseer en die kerk ondersteun. ***Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking*** (Jakobus 5:16).

Bid vir die vervolgde Christene van Sjina, Noord-Korea en ander dele van die wêreld.

Bid dat die Heilige Gees diegene na wie ons uitreik, sal oortuig en lei tot ware kennis van Jesus Christus.

Jesus het gesê, ***"Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes"*** (Matteus 9:37-38). Bid dat die Here werkers sal stuur om die oes in te bring.

Bid asseblief vir die werkers van die oes vir die volgende:

- **Heiligheid en Geesvervulling**
- **Wysheid en Insig**
- **Geduld en Buigsaamheid**
- **Vrugbaarheid en Sukses**
- **Beskerming en Veiligheid**
- **Liefde en Diensbaarheid**
- **Dissipline en Toewyding**
- **Vrymoedigheid en Durf**
- **Gesondheid en Krag**
- **Familie en Geliefdes**

## FINANSIËLE BYDRAES

Word ons vennoot deur middel van jou gereelde finansiële bydraes. Die werk van Japansending word moontlik gemaak deur die getroue bydraes van baie mense wat opoffer vir die werk van God.

Jy kan help om 'n verskil te maak deur verskeie evangeliese projekte asook die werk van Christenwerkers geldelik te ondersteun. Donasies maak dit vir ons moontlik om evangeliese leesstof te druk en sodoende die kosbare Woord van God aan baie mense te voorsien.

Bykomende fondse help ons om groter trefkrag op die volgende te hê:

- **Bybels & Leesstof, Publikasies & Verspreiding** – in Japan, Sjina, Noord-Korea, Suidoos-Asië en ander lande
- **Evangeliese Aktiwiteite** – Sjinese studente en toeriste, kampe, kafees, kinderbediening en besondere byeenkomste
- **Christenwerkers** – befondsing vir sendelinge, skrywers, evangeliste en beraders
- **Engelse Evangelisasie** – Hulpverlening aan klein kerke om na die gemeenskappe in hul omgewing uit te reik deur die onderrig van Engels en evangelisasie
- **Mediabediening** – Hulpverlening aan klein kerke om te skakel deur media-ontwikkeling en webwerf ontwerp

Japansending is ’n ***geloofsending***, en maak nie ’n direkte oproep vir fondse nie. Soos God ons in ons bediening lei, vertrou ons op Hom om in die harte van Sy kinders te werk, en hulle aan te spoor om tot Sy werk by te dra — volgens Sy volmaakte tydsberekening. Ons loof God vir die mense wat Hy geroep het om op hierdie wyse saam met ons te staan!

## WORD DEEL VAN ONS SPAN

Word ons vennoot deur die behoefte van toegewyde Christenwerkers bekend te maak.

***Maar hoe kan ’n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En HOE KAN JY VAN HOM HOOR SONDER IEMAND WAT PREEK? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring”*** (Romeine 10:14-15).

Die Japannese het duisende Christenwerkers nodig wat met hulle vriende kan maak en die liefde van Jesus met hulle kan deel. Dit kan dalk die enigste geleentheid vir mense wees om aan God se Woord blootgestel te word deur die getuienis van ons lewens. Mense vanuit alle beroepe, soos kunstenaars, atlete, taalkundiges, verpleegsters, kinderoppassers, onderwysers, professors, dansers, musici, storievertellers en poppekasspelers is almal nodig om die Woord van God uit te leef terwyl hulle saam met die verlorenes verkeer.

Ons bly in verwondering oor die manier waarop die Here verskillende mense gebruik om ons te help om die Evangelie te verkondig. Eenkeer het die Here dit op die hart van ’n Suid-Afrikaanse fietsryspan gelê om ons hier in Japan te besoek. Hulle oogmerk was om deur Japan te ry, traktaatjies uit te deel en vir die mense van Japan te bid. Japansending was hul basis en ons het hulle van traktaatjies voorsien. Word dus ons vennoot deur só ’n Christenwerker te wees.

Jy mag dalk sê, “Ek is net een persoon. Watter verskil kan ek maak?” Moet nooit God se krag om deur een persoon te

werk, onderskat nie. God is magtig om jou ’n baie doeltreffende instrument te maak, indien jy jouself net beskikbaar stel.

**Twyfel jy of jy in Japan sal kan werk?** – Hoekom besoek jy nie Japan en werk vrywillig as ’n korttermynwerker nie? Daar is baie geleenthede vir Engelse onderwysers, kinderversorgers, asook diegene wat met instandhouding en allerhande praktiese werk kan help.

Japansending kan gekwalifiseerde en toegewyde Christene help om werk te kry en in Japan tuis te voel. Kontak ons by: **jm@japanmission.org**

## MAAK VAN ONS HULPBRONNE GEBRUIK

Word ons vennoot deur van ons hulpbronne gebruik te maak om die Japannese met wie jy en jou vriende in aanraking kom, te bereik. Japansending is bereid om hulpbronne beskikbaar te stel aan diegene wat die Evangelie wil verkondig. Daar is verskeie maniere waarop ons jou met hierdie taak kan help:

**1. Is jy in staat om met Japannese wat in jou omgewing woon kontak te maak?** Japannese toeriste en sakemanne reis die wêreld vol. Vind uit of daar enige Japannese in jou omgewing woon. Ons kan vir jou traktaatjies en Christelike leesstof stuur om jou te help om die Evangelie met hulle te deel.

**2. Stel jy belang om ’n Japannese persoon te huisves?** Japannese is lief vir reis en is dikwels bereid om by mense te bly wat hulle bekend sal stel aan die plaaslike kultuur.

**3. Het jy ’n Japannese vriend wat teruggaan Japan toe?** Ons kan help deur hulle na ’n goeie plaaslike kerk te verwys.

**4. Beplan jy ’n kort besoek aan Japan?** Ons kan traktaatjies stuur na enige deel in Japan, waar jy ook al besoek aflê, sodat jy kan deel wees van die aksie om die Evangelie te verkondig.

**5. Het jy ’n vriend of vriendin in Japan?** Ons kan reël om aan hulle Christelike leesstof te stuur en ook help om hulle in aanraking te bring met Christene in hul omgewing.

Waardevolle hulpbronne soos getuienisse, traktaatjies en video’s is op ons webwerf beskikbaar by: **japanmission.org**

# BRONNE

Statistieke van Church Information Service, Japan (CIS) – Hoofstuk 1
Aanhaling: "We must adjust to changing times" – deur Jimmy Carter – Hoofstuk 1
Onder water altaar deur Japan Probe – Hoofstuk 3
Statistieke van *Yomiuri News* – Hoofstuk 3
Statistieke van *Asahi News* – Hoofstuk 3
Statistieke van *Mainichi News* – Hoofstuk 3
Statistieke van Church Information Service, Japan (CIS) – Hoofstuk 3
Bydraer: Bill Cook – Die Getroue Oorblyfsel – Hoofstuk 3
Statistieke van: *Multiplying Churches in Japanese Soil* John Wm. Mehn – Hoofstuk 5
Bydraer: Roald Lidal van New Life Ministries – Getuienisse & Stories – Hoofstuk 9
Bydraer: Roald Lidal van New Life Ministries – Getuienisse & Stories – Hoofstuk 10
Statistieke & Inligting vanaf die Internet – Hoofstuk 12

# KONTAKINLIGTING IN JAPAN

Japan Mission
7-40 Monzen Cho, Ikoma Nara 630-0266
Tel: +81 (0)743-73-1754
Faks: +81 (0)743-73-1681
E-pos: jm@japanmission.org
Webwerf: japanmission.org

## ANDER LANDE

SOUTH AFRICA
Japan Mission / Japansending
Posbus 30106, Wonderboompoort 0033
Tel: 012-377-1533
E-pos: sa@japanmission.org

CANADA
Japan Mission
12613 Kinloch Drive, Coldstream BC V1B 1C1
Tel: 250-260-5967
E-pos: can@japanmission.org

UNITED KINGDOM & IRELAND
Japan Mission
11 Biggleswade Dr, Runcorn, Halton, Cheshire WA7 1FY
Tel: 0790-597-0524
E-pos: uk@japanmission.org

AUSTRALIA
Japan Mission
23 Carbine Court, Drouin VIC 3818
Tel: 03-5625-4703
E-pos: aus@japanmission.org

UNITED STATES
Japan Mission
4706 NE Ainsworth Street, Portland OR 97218
Tel: 503-249-8174
E-pos: usa@japanmission.org